

DIE MEDEWERKWOORD IN AFRIKAANS

Frederik Willem Jacobus Broodryk

B.A., H.O.D., Hons. (Cum laude)

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Pot-
chefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. H.G.W. du Plessis

POTCHEFSTROOM 1992

6.9.9.1.9.1.1

OPSOMMING

Die onderskeid tussen die sg. hoof- en medewerkwoorde in Afrikaans word nie op dieselfde manier deur alle taalkundiges gemaak nie. Die gevolgtrekkings waartoe somtyds geraak word, neem menigmaal nie die aard en wese van die funksionele verskille van die onderskeidings wat getref word in ag nie.

Die hoofdoel van hierdie ondersoek is die verkenning van so veel moontlik inligting aangaande hierdie verskynsel - hetsy diachronies of sinchronies van aard - gemeet aan bestaande linguistiese realiteite: ten eerste van die algemeen aanvaarde taalkundige universalie, daarna t.o.v. die verskynsel soos wat dit in die onderskeie Germaanse dogter-tale gerealiseer het, en laastens soos wat dit inderdaad in Gebruiks-afrikaans tot uitdrukking kom.

Die kompilasie van die breë agtergrondsuniversalie is 'n poging om die hele aspek rondom die aard en wese van hierdie verskynsel weer in perspektief te plaas; dit geld t.o.v. die breë taalbeskouing, die woordbegrip, en in besonder die werkwoordbeskouing. Die herwaardering van die tersaaklike agtergrondgegewens, sowel as die bestudering van enkele gewilde definisie-formulerings, gesien in die lig van enkele uitsprake, behoort opnuut belangstelling te prikkel vir 'n herwaardering van hierdie hele verskynsel.

Uit die gegewe inligting aangaande die hele hiërargiese struktuur, lyk dit asof die model soos wat dit tans bestaan, op verskeie waninterpretasies (as diachronies oorgeërfde reste) berus. Die linguistiese onderskeid wat getref word, is of word dan daarvolgens bepaal.

Ten slotte is aangedui waarom daar tans misverstand heers rondom die betekenis en toepassing van hierdie unieke verskynsel. Voorts is ook probeer om die historiese konteks waarin die verskynsel gelees behoort te word, weer in perspektief te plaas.

ZUSAMMENFASSUNG

Das Hilfsverb im Afrikaansen

Nicht alle Sprachwissenschaftler definieren die afrikaansen sog. Vollverben und Hilfsverben auf die gleiche Weise. Manche Schlußfolgerungen, die gezogen werden, beachten oft nicht die Art und Weise der funktionellen Differenzierungen in den Definitionen.

Das Hauptziel dieser Untersuchung ist, so viel Information wie möglich über dieses Phänomen zu sammeln, zu erforschen - diachronisch und synchronisch - und an den Realitäten zu messen: den linguistischen Universalien, sodann der Realisation des Phänomens in den verschiedenen germanischen Einzelsprachen, und schließlich seinem Vorkommen im normalen Afrikaans.

Die Zusammenstellung der breiten Hintergrundsuniversalien ist ein Versuch, den gesamten Umkreis dieser Erscheinung ins Blickfeld zu rücken: die sprachwissenschaftliche Sicht im allgemeinen, den Wortbegriff und insbesondere die Verbdefinition. Die Neubewertung relevanter Gegebenheiten und die Untersuchung einiger verbreiteter Formulierungen sollten Interesse an einer Neubewertung des gesamten Phänomens wecken.

Aus der über die gesamte hierarchische Struktur gegebenen Information scheint sich zu ergeben, daß das gegenwärtig akzeptierte Modell auf verschiedenen fehlerhaften Interpretationen beruht, die auf diachronische Methoden zurückgehen. Die linguistische Definition wurde dann dementsprechend formuliert.

Am Schluß wird angedeutet, warum der Mensch heute in bezug auf diese einmalige Erscheinung leicht Mißverständnissen erliegt. Ausserdem wird versucht, den historischen Kontext des Phänomens wieder ins Blickfeld zu rücken.

ABSTRACT

The auxiliary verb in Afrikaans

The distinction between the so-called main and auxiliary verbs in Afrikaans is not drawn in the same manner by all linguists. The conclusions reached often do not take into account the nature and character of the functional differences between the distinctions.

The main aim of this study was to gather as much information as possible with regard to this phenomenon - both diachronic and synchronic in character - and to evaluate this in the light of a set of existing linguistic realities: firstly, against generally-accepted linguistic universals; secondly, the manifestation of the phenomenon in various Germanic daughter languages; and, thirdly, the realization of it in the everyday use of Afrikaans.

The compilation of the broad background of universals is an attempt to situate the complex nature of this phenomenon against a broader linguistic perspective with reference to general views about language, the notion of word, and particularly views about the verb. The interplay between the background material and the close scrutiny of individual pronouncements and findings ought to stimulate a fresh interest and prompt the revaluation of the entire phenomenon.

It appears from existing information as if the present model dealing with the distinctions between main and auxiliary verbs is based on several erroneous interpretations which, in turn, are based on inherited diachronic remnants. The resultant distinctions are thus determined by this faulty model.

The argument is concluded by indicating why - in modern times - these misconceptions regarding the application and meaning of the phenomenon have arisen. The conclusions reached are then again briefly placed in a historic perspective.

VOORWOORD

Hierdie verhandeling poog glad nie om 'n grammatika van die medewerkwoord in Afrikaans te wees nie. Dit is eerder 'n voorlopige verkenning van relevante aspekte wat daarmee verband hou. 'n Gebrek aan tyd het voorkom dat die geheel afgerond kon word tot dit wat aanvanklik beoog is.

Dit is nie nodig om die aard en omstandighede waaronder hierdie verhandeling geskryf is, verder toe te lig nie. Die mens wat hom aan die wil van die Here onderwerp, het daarvoor geen beheer nie.

Ek wou aanvanklik nie vir God in hierdie akademiese ondersoek enige plek inruim nie. Hy het my egter duidelik tot die besef gebring dat ek my, ook in my onderhawige studie, my ten volle aan sy wil moet onderwerp, en getrou te bly aan een waarheid waaraan niémand kan ontsnap nie, nl. "... omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie (1 Romeine 1:21)". My aanvanklike poging het Hom nie welgeval nie; die gevolg was dat ek weer oor moes begin.

Ek dank God Almagtig dat Hy my gelei het. Hy het my die regte pad uitgewys, omdat Hy my die grootsheid van sy skepping wou uitwys, al is dit deur slegs een enkele aspek. Dit het baie tyd in beslag geneem, maar ook daarin wou Hy aan my toon dat Hy nog aan ons op hierdie oomblik genade betoon, en dat Hy nog deel van ons lewe wil wees. Ook dit gaan nie onbepaald voortduur nie. 1 Petr. 4:7 lui: *Die einde van alles is naby*. In Openbaring 22:20 staan daar: *"Ja, Ek kom gou!"*

Die sentrale tema (of kerngedagte, sonder om die wetenskaplike aard van so 'n verhandeling enigsins aan te tas) kan as volg saamgevat word:

- God is die oorsprong of bron van die woord wat hier ondersoek word;
- Die woord, as instrument, beskik oor buitengewone krag; en
- Die werking, of betekenis, van die woord (die geestelike aspek daarvan) word nie deur almal ten volle verstaan nie.

Hierdie tema word na die medewerkwoord deurgetrek.

Met die lees van hierdie verhandeling is die inwerking van die Heilige Gees baie belangrik, anders sal 'n mens nie in die volle vreugde van sommige van hierdie bevindinge kan deel nie.

Die mens moet net ontvanklik wees vir die stem van die Here, en hom bereidwillig verklaar sodat wanneer hy dit hoor, hy dit kan gehoor-saam.

Verder wil ek dan ook graag my dank uitspreek teenoor die volgende persone:

- Prof. H.G.W. du Plessis, my studieleier, vir die onderskragende rol wat hy gespeel het;
- Dr. H.P. Buchholz en mnr. A.M. de Lange vir hul hulp met die taalkundige versorging van die Duitse en Engelse opsommings;
- Dr. M. Resnick vir die Jiddisje vertaling;
- Prof. F.J. Labuschagne vir sy bereidwilligheid tydens 'n gesprek om enkele aspekte op te klaar;
- Mev. A.M. Steyn vir haar waardevolle bydrae in die deurlees van hierdie verhandeling;
- Mevv. Jeanette Pretorius en Gertie van Rensburg vir hul bereidwilligheid om my in tye van nood met tikwerk uit te help;
- My ouers, vir die vertrouwe wat hulle in my gestel het, asook hul liefde waarsonder ek hierdie verhandeling nie sou kon voltooi nie;
- Almal wat belangstelling getoon het.

Geldelike bystand gelever deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAW

	Bladsy
DIE WOORD	xix
BYLAE 1	xxi
ENDNOTE	xxii
HOOFSTUK 1	1
1 Inleiding	1
1.1 Vooraf	1
1.1.1 Die doel van hierdie studie	1
1.1.2 Die aard en wese van taal	7
1.2 'n Herwaardering van die woordbegrip	11
1.2.1 Die woord	12
1.2.1.1 'n Bybelse perspektief	12
1.2.1.1.1 Inleiding	12
1.2.1.1.2 Die dieper betekenis	14
1.2.1.2 'n "Moderne" historiese verloop	18
1.2.2 Verskeie definisies	20
1.2.3 Verskillende opvattinge oor die woord	25
1.2.4 Die Afrikaanse woord	30
1.2.5 Oor betekenis	31
1.2.5.1 Die semantiese aspek	31
1.2.5.2 Die woord en betekenis	33
1.2.6 Praktiese indeling	35
1.2.6.1 Die paradigma	35
1.2.6.2 Die klas	37
1.2.6.3 Oor vorm... en funksie	41
1.2.6.3.1 Oor vorm... ..	41
1.2.6.3.2 ... en funksie	43

1.2.6.4 Die groep	44
1.2.6.5 Die woordsoort	46
1.2.6.6 Oor volgorde	48
1.2.6.7 Die sin	48
1.2.6.8 'n Geskikte grammatika	51
1.2.6.9 Samevatting	53
ENDNOTE	57
HOOFSTUK 2	72
2 DIE WERKWOORD	72
2.1 Inleiding	72
2.2 Verskeie definisies	74
2.2.1 Die werkwoord	74
2.2.2 Die medewerkwoord	78
2.3 Werkwoordbeskouing	78
2.4 Die grammatikale klas "werkwoord"	81
2.4.1 Die sintaksis en morfologie van die werkwoord	82
2.4.1.1 Vormkategorieë by die predikaat	83
2.4.1.2 Betekeniskategorieë by die predikaat	83
2.4.1.2.1 Tyd	84
2.4.1.2.1.1 Tydsaanduiding in die grammatika	84
2.4.1.2.1.2 Tyd as relatiewe begrip	85
2.4.1.2.2 Aspek	86
2.4.1.2.3 Modaliteit	87
2.4.2 Die soorte werkwoorde	87
2.4.2.1 Die hoofwerkwoord	88
2.4.2.2 Die medewerkwoord	88
2.4.3 Hoofwerkwoordvorme	88

2.4.3.1 Die infinitief	89
2.4.3.2 Die deelwoord	90
2.5 Subklassifikasie	92
2.5.1 Die subkategorie "medewerkwoord"	93
2.5.2 Medewerkwoordindeling	94
2.5.2.1 Die medewerkwoord van aspek	94
2.5.2.2 Die medewerkwoord van reksie	95
2.5.2.3 Die modale medewerkwoord	95
2.6 Taalverwerwing	96
2.6.1 Inleiding	96
2.6.2 Doeltreffende taalvermoëverwerwing	101
2.6.3 Werkwoordverwerwing	102
2.6.4 Gevolgtrekking	107
2.7 Semantiese aspek	107
2.8 Vormlike kenmerke	114
2.8.1 Algemene kenmerke	114
2.8.1.1 Reksie	115
2.8.1.2 Subjek	115
2.8.1.3 Objek	116
2.8.2 Ander relevante aspekte	117
2.8.2.1 Oorganklikheid en onorganklikheid	118
2.8.2.2 Neutrale werkwoorde	119
2.8.2.3 Die kopula	119
2.8.2.4 Die lydende en bedrywende vorm	120
2.8.2.5 Die imperatief	121
2.8.2.6 Die hendiadis	121
2.9 Woordorde	122
2.10 'n Logiese basis	123

ENDNOTE	126
HOOFSTUK 3	133
3 DIE MEDEWERKWOORD	133
3.1 Inleiding	133
3.2 Unieke probleme	134
3.3 'n Moontlike Latynse model vir Germaans	139
3.3.1 Inleiding	139
3.3.2 Die strategie en chronologie van ontwikkelinge	139
3.4 Medewerkwoordvorming	140
3.4.1 Die selfstandige werkwoord	140
3.4.2 Die predikatiewe konstruksie	141
3.4.3 Omskrywingsvorme	142
3.4.4 Agglutinasie	142
3.5 Die probleem rondom definisie-formulering ..	143
3.6 Die HULP-kontrowerse	146
3.6.1 Inleiding	146
3.6.2 Die hulpmomenthoofstroom	148
3.6.2.1 Algemene oorwegings	149
3.6.2.2 Verdere aspekte	150
3.6.2.3 Die paradigma	151
3.6.2.4 Tyd (of tempus)	152
3.6.2.5 Negering	152
3.6.2.6 Passivisasie	153
3.6.2.7 Konstituering	153
3.6.2.8 Modifiseerders en hofies	153

3.6.2.9 Gevolgtrekking	153
3.6.3 Die hoofwerkwoord-hoofstroom	154
3.6.3.1 Beperkende faktore	154
3.6.3.2 Die hulpmoment binne die outonome sintaksis	156
3.6.3.3 Voorgestelde analise	156
3.6.3.4 Slotsom	157
ENDNOTE	159
HOOFSTUK 4	163
4 'n DEFINISIE	163
4.1 'n Teoretiese raamwerk	163
4.1.1 Inleiding	163
4.1.2 Ekwivalensie	164
4.1.3 'n Universele grammatika	166
4.1.4 Algemene problematiek	168
4.1.5 Die HULP-kontroverse	168
4.2 'n Definisie en sy instansiërings	169
4.2.1 Inleiding	169
4.2.2 Definiëring	171
4.2.2.1 Die medewerkwoord	171
4.3 Ekwivalensie	176
4.3.1 Inleiding	176
4.3.2 Nondefinieerbare eienskappe	176
4.3.2.1 Verbindingsmoontlikhede	177
4.3.2.2 Beperkinge en moontlikhede	177
4.3.2.3 Die volslae eienskappe	178
4.3.3 Die ekwivalensie-klas	178
4.3.4 Verdere moontlike vrae	179
4.3.5 Gevolgtrekking	180

4.4 Verdere ondersoek	181
4.4.1 Diagramme en stellings	181
4.4.2 Slotsom	182
4.5 Finale opmerkings	182
ENDNOTE	184
HOOFSTUK 5	186
5 DIE GERMAANSE TAALFAMILIE	186
5.1 Inleiding	186
5.2 Teoretiese begronding	188
5.2.1 Die histories-geografiese taalmodel	188
5.2.2 Die ontstaan van verskeidenhede	188
5.2.3 Taalkundige gemeenskaplikhede	189
5.2.4 Praktiese implikasies	190
5.3 Metodiese grondslag	190
5.3.1 Rangskikkingsmodel	190
5.3.2 Ontsluitingsmetode	191
5.4 Problematiek rondom 'n stamtaal	191
5.4.1 Algemeen	191
5.4.2 'n Moontlike oervorm	192
5.5 Oergermaans	193
5.5.1 Inleiding	193
5.5.2 Historiese gegewe	194
5.5.2.1 Die groot trek	194
5.5.2.2 Barbare	195
5.5.2.3 Die "Indogermene", 'n volk wat uit die dui-	

ternis tree	195
5.5.2.4 'n Naam	196
5.5.2.5 Oor hul herkoms	196
5.5.2.6 Hul taal	197
5.6 Germaanse indeling	197
5.6.1 Algemeen	197
5.6.2 Indelingsvoorstelle	198
5.7 Ontwikkelinge	198
5.7.1 Fonologie	198
5.7.2 Morfologie	199
5.7.3 Woordeskat	199
5.8 Die Indo-Germaanse werkwoord	200
5.8.1 Die Sanskrit-werkwoord	200
5.8.2 'n Germaanse oorsig	201
5.8.3 Die "Germaanse hulpmoment"	202
5.8.3.1 Inleiding	202
5.8.3.1.1 Die Oos-Germaanse taalfamilie	203
5.8.3.1.1.1 Inleiding	203
5.8.3.1.1.2 Historiese gegewens	203
5.8.3.1.1.3 Die Gotiese werkwoord	203
5.8.3.1.1.3.1 Algemeen	204
5.8.3.1.1.3.2 Die sterk werkwoord	204
5.8.3.1.1.3.3 Die swak werkwoord	205
5.8.3.1.1.3.4 Verdere indelings	205
5.8.3.1.1.3.5 Onafhanklike vorme	206
5.8.3.1.2 Noord-Germaanse taalfamilie	206
5.8.3.1.2.1 Inleiding	206
5.8.3.1.2.2 Historiese gegewens	206
5.8.3.1.2.3 Die Skandinawiese werkwoord	207
5.8.3.1.2.3.1 Algemeen	207
5.8.3.1.2.3.2 Tempus of tyd	208

5.8.3.1.2.3.3 Modus	209
5.8.3.1.2.3.4 Diatese	209
5.8.3.1.2.3.5 Woordorde	209
5.8.3.1.3 Wes-Germaanse taalfamilie	209
5.8.3.1.3.1 Inleiding	210
5.8.3.1.3.2 Nederlands	211
5.8.3.1.3.2.1 Inleiding	211
5.8.3.1.3.2.2 Middelnederlands	212
5.8.3.1.3.2.2.1 Inleiding	212
5.8.3.1.3.2.2.2 Die werkwoordstuk	212
5.8.3.1.3.2.2.2.1 Die hoofwerkwoord	212
5.8.3.1.3.2.2.2.2 Die medewerkwoord	213
5.8.3.1.3.2.2.2.2.1 Die skakelwerkwoord	213
5.8.3.1.3.2.2.2.2.2 Die modale hulpwerkwoord	213
5.8.3.1.3.2.2.2.2.3 Die hulpwerkwoord van aspek	213
5.8.3.1.3.2.2.2.2.4 Ander aspekte	213
5.8.3.1.3.2.3 Sewentiende-eeuse Nederlands	214
5.8.3.1.3.2.3.1 Inleiding	214
5.8.3.1.3.2.3.2 Die werkwoord	215
5.8.3.1.3.2.3.2.1 Indeling	215
5.8.3.1.3.2.3.2.1.1 "Groepen van een werkwoord"	215
5.8.3.1.3.2.3.2.1.2 Die hulpwerkwoord	216
5.8.3.1.3.3 Duits	218
5.8.3.1.3.3.1 Inleiding	218
5.8.3.1.3.3.2 Die werkwoord	219
5.8.3.1.3.4 Engels	219
5.8.3.1.3.5 Jiddisj	220
5.9 Slotsom	221
BYLAE 2	222
ENDNOTE	227

HOOFSTUK 6	231
6 DIE MEDEWERKWOORD IN AFRIKAANS	231
6.1 Inleiding	231
6.2 Die ontstaansgeskiedenis van "Afrikaans" ...	232
6.2.1 Historiese oorsig	232
6.2.2 Die situasie vandag	237
6.3 Die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel ..	238
6.3.1 'n Historiese perspektief	238
6.3.1.1 Inleiding	238
6.3.1.2 Vormlike kenmerke	240
6.3.1.2.1 Getal en persoon	240
6.3.1.2.2 Die infinitief	242
6.3.1.2.3 Die voltooide deelwoord	243
6.3.1.2.4 Die verdringing van imperfektumvorme	244
6.3.1.3 Historiese ontwikkeling van die medewerkwoord	245
6.3.1.3.1 Inleiding	246
6.3.1.3.2 Die modale hulpwerkwoord	246
6.3.1.3.2.1 Inleiding	246
6.3.1.3.4 Diachroniese betekenisverskuiwing	249
6.3.1.3.4.1 Kan	249
6.3.1.3.4.2 Mag	250
6.3.1.3.4.3 Moet	250
6.3.1.3.4.4 Moet en sal	250
6.3.1.3.4.5 Sal en wil	251
6.3.2 'n Logiese basis	251
6.3.2.1 Algemeen	251
6.3.2.2 'n Afrikaanse basis	253
6.3.2.2.1 Die sintaktiese komponent	253
6.3.2.2.2 Die generatiewe semantiek	256
6.3.2.2.3 Die generatiewe fonologie	257

6.3.3 'n Unieke werkwoordelike verskynsel	258
6.3.3.1 Grammatikale tydsuitdrukking	260
6.3.3.2 Die hele problematiek	260
6.3.3.3 Studies tot dusver	261
6.3.3.3.1 Die ban van Latyn	261
6.3.3.3.2 Tyd, tempus, aktionsart en deiksis	262
6.3.3.3.2.1 Tyd en deiksis	262
6.3.3.3.2.2 Tempus	264
6.3.3.3.2.3 Aktionsart en aspek	264
6.3.3.3.3 Grammatikabeskouings, beskrywende studies en verwysings	265
6.3.3.3.4 Voorskrywende bronne	267
6.3.4 Die Afrikaanse werkwoord	269
6.4.1 Inleiding	269
6.4.1.1 Werkwoordelike optrede	270
6.4.1.1.1 Werkwoordpredikate en ongemerkte werkwoord- operateurs	270
6.4.1.1.2 Gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone	271
6.4.1.1.3 Werkwoordfleksie	271
6.4.1.1.3.1 Inleiding	271
6.4.1.1.3.2 Die infinitief	272
6.4.1.1.3.3 Die voltooide deelwoord	273
6.4.1.1.3.4 "GE-" by die "voltooide deelwoord"	273
6.4.2 Die hoofwerkwoord	275
6.4.3 Die medewerkwoord	276
6.4.3.1 Die skakelwerkwoorde	276
6.4.3.1.1 Die indirekte skakelwerkwoorde	277
6.4.3.1.1.1 Die indirekte skakelwerkwoorde en neweskikking	278
6.4.3.1.2 Die direkte skakelwerkwoorde	278
6.4.3.2 Die samesmelting van skakelwerkwoorde met hoofwerkwoorde	280
6.4.3.3 Die hulpwerkwoorde	282
6.4.3.3.1 Die modale hulpwerkwoorde	283

6.4.3.3.2 Die gebruike van die modale hulpwerkwoorde ..	285
6.4.3.3.2.1 Epistemiese en deontiese modale hulpwerkwoorde	286
6.4.3.3.2.2 Gebruike van die deontiese modale hulpwerk- woorde	288
6.4.3.3.2.2.1 Bevele of versoeke	288
6.4.3.3.2.2.2 Toekomsverwysing	289
6.4.3.3.2.2.3 Gewoonte	289
6.4.3.3.2.2.4 Begeerte	289
6.4.3.3.2.2.5 Toestemming	289
6.4.3.3.3 Die hulpwerkwoord van tyd	290
6.4.3.4 Omskrywingswerkwoorde	290
6.4.3.4.1 As hoofwerkwoorde	290
6.4.3.4.2 As hulpwerkwoorde	291
6.4.3.4.3 Dubbelsinnige plasing	291
6.4.3.5 Sinsvereniging en die ontstaan van medewerk- woorde	292
6.4.3.5.1 Sinsvereniging	292
6.4.3.5.2 Afgradering van die matrikswerkwoord en die opgradering van die bysinswerkwoord	292
6.4.3.6 Medewerkwoorde en ander operateurs	294
6.4.3.7 Tyd en tempus	296
6.4.3.7.1 Werkwoordelike tydsverwysing	297
6.4.3.7.1.1 Toekomsverwysing	297
6.4.3.7.1.2 Tempus	297
6.4.3.7.1.2.1 Die presens	298
6.4.3.7.1.2.2 Die preteritum	299
6.4.3.8 Die onderskeid tussen die hoof- en medewerk- woorde	300
6.4.3.8.1 Die hiërargie van medewerkwoorde	300
6.4.3.8.2 Klassifikasie van medewerkwoorde	302
6.4.3.8.2.1 Skakelwerkwoorde	302
6.4.3.8.2.2 Hulpwerkwoorde	303
6.4.3.9 Gebruiksafrikaans	303
6.4.4 Indeling per se	304

6.5 Samevatting	304
BYLAE 3	307
ENDNOTE	313
HOOFSTUK 7	317
7 SLOTSOM	317
7.1 Inleiding	317
7.2 Ons lewens- en wêreldbeskouing	318
7.3 Moontlike modelinbedding of unieke modelin- kleding	320
7.4 'n Taalbenadering	320
7.5 Die Woord	322
7.6 Die medewerkwoord of hulpmoment	325
7.7 'n Skepper en sy skepping	326
ENDNOTE	330
BIBLIOGRAFIE	331

DIE WOORD

Oorspronklike Griekse teks: Hebreërs 4:12:

ζων γαρ ο λογος του θεου, και ενεργης, και τομωτερος υπερ πασαν μαχαιραν διτομον, και
(is) For the word of God, and working, and sharper than every sword two-mouthed, and
living

διικνου-μενος αχρι μερισμου ψυχης τε και πνευματος...
piercing as far as(the)division of soul both and spirit

Afrikaans:

*Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring
deur selfs tot die skeiding van siel en gees...*

Nederlands:

*Want het woord Gods is levend en krachtig en scherper dan enig tweesnijdend zwaard en het dringt
door, zó diep, dat het vaneenscheidt ziel en geest...*

Fries:

*Want it wurd fan God is libben en krêftich en skerper as hokker twasniedich swurd. It giet troch
alles hinne oant it siele en geast...*

Duits:

*Denn das Wort Gottes ist lebendig und wirksam und scharfer als jedes zweischneidige Schwert, und es
dringt durch, bis es Seele und Geist... scheidet...*

Engels:

*The word of God is alive and active, sharper than any double-edged sword. It cuts all the way
through, to where soul and spirit meet...*

Jiddisj¹:

*Vail (Vyl) dos Wort fon Got iz lebendig un kreftig un sharfer fon ein tsveishneidign Shverd. Es
dergreicht biz tsum Obtheilung fon der Ze'ele un dem Geist...*

Vergelyk bylae 1 op die volgende bladsy.

Sweeds:

*Ty Guds ord är levande och kraftigt och skarpare än något tveeggat svärd, och tränger igenom, så att
det åtskiljer själ och ande...*

Deens:

*Thi Guds ord er levende og virkende og skarpere end noget tveægget sværd og trænger så dybt ind, at
det sønderdeiler sjæl og ånd...*

Noors:

*For Guðs orð er levende og virkekræftig og skarpere enn noe tveegget sverd. Det trenger igjennom
til det kløver sjel og ånd...*

Färoërs:

*Ti at Guðs orð er livandi og máttmikið og hvassari enn nakað tveiggjað svørð, og fer inn igjøgnum,
til tað skilir sál og anda...*

Yslands:

Því að orð Guðs er lifandi og kraftugt og beittara hverju tvíeggjuðu sverði, og smýgur inn í instu fylgsni sálar og anda...

Goties²

...

BYLAE 1(1)

Jiddisj

חיל

דאס ווארט פאן נאטט איז לעבעדיג און קרעפטיג און שארפער
פאן אירן צווייטדיגען שווערד: עס דערנערקט ביי צום אגד
טהיילונג פאן דער וועלט און דעם נייסט.

ENDNOTE

1. Dit is 'n letterlike vertaling of uitspraakweergawe van die oorspronklike teks. Moderne Hebreeus lui: "For the word of God *is* quick, and powerful, and sharper than any twoedged sword, piercing even to the dividing asunder of soul and spirit..."
2. Streitberg (1919), Van der Merwe (1965) en Wright (1981) sluit geen vertaling van hierdie gedeelte in nie. Dié gedeelte is dus óf nie vertaal nie óf het verlore gegaan.

HOOFSTUK 1

1 INLEIDING

1.1 Vooraf

1.1.1 Die doel van hierdie studie

Het die mens sy lewensdoel en lewensopdrag vergeet?

Dit is glad nie weg te redeneer nie dat die mens (en hierby is die taalkundige inbegrepe) hom in 'n lewensarena bevind, met 'n Godgegewe opdrag, nl. om die aarde te bewoon en te bewerk. Dit is om hierdie rede dat hy dan ook op eie vakgebied deelneem aan die soektog na die waarheid, daardie lewenslange reis wat ook van hom 'n ontdekker en wegbereider maak; 'n dryfveer wat hom noop om na die oorsprong van alle kennis te soek.

Dit is om hierdie rede, nl. om al die reeds verworwe inligting vir homself en ander meer toeganklik te maak en om dit beter te kan verstaan, dat die mens alle inligting in 'n skema orden. Daarvoor gebruik hy gewoonlik die metodes wat kenmerkend is van die vir hom reeds gevestigde en bekende Westerse filosofiese tradisie¹, nl. om te analiseer en te sintetiseer², totdat hy sy finale oogmerk bereik het.

Dit is Stoker (1948:61) wat daarop wys dat dit nie net die natuurwetenskappe met hul empiries-induktiewe metode is wat ontdek nie, maar dat elke wetenskap wat die naam van wetenskap werd is, openbaar en ontdek.

Ook die taalkundige rig hom daarom op 'n doelwit wat hy nastreef, en dit is die taal self - of aspekte daarvan - wat hy bestudeer of ondersoek. Die resultaat van sy (soos enige ander) ondersoek moet uiteindelik deel vorm van die breë spektrum van bestaande kennis ('n soort gemeenskaplike bron). Elke geslag bou m.a.w. voort op dié kennis wat reeds bestaan.

Dit is belangrik dat ons van die begin af sal besef dat die taal (met alle verwante aspekte daarby inbegrepe) wat ons gebruik, "leef", omdat die mens leef. Dieselfde geld t.o.v. die woord, daar die mens dit gebruik en omdat God dit toelaat. Taal self is iets wat uitstyg bo die mens se beperkte en beperkende pogings om die geheime daarvan te ont- rafeel, en is in der waarheid verhef bo die menslike begrip daarvan (hfst. 7 wy meer hieroor uit). Ook met die lees van hierdie ondersoek na die aard en wese van 'n enkele aspek daarvan - omgeef van verskeie verwante aspekte - moet hierdie wete nooit uit die oog verloor word nie.

Daarom moet ook hierdie poging help om die plesier en genot van die bestudering van die taalkunde³ oor so 'n wyd moontlike spektrum aan te wakker, omdat dit 'n integrerende deel uitmaak van elke mens se daag- likse bestaan, maar ook omdat dit uit liefde is vir dié taal wat elke individu na aan die hart lê. Die bloot kliniese bestudering van taal as sodanig, soos bv. deur die klassieke TGG, ens. sal veroorsaak dat hierdie (of so 'n) wetenskap 'n vroeë dood sterf. Gelukkig het hier- die besef vroegtydig tot sommige akademici deurgedring, nl. dat taal 'n geïntegreerde en komplekse samestelling is van sy verskillende deeldisiplines⁴, en dat dit uiteindelik nie in afsondering beskou behoort te word nie. Dit is daarom dat hierdie ondersoek omslagtig mag lyk; teen die laaste hoofstuk behoort al die stukkies egter in die legkaart in te pas, en behoort dit as 'n geheel beskou te word.

Elkeen van ons - veral die taalondersoeker - behoort die volgende uit- spraak deeglik te ondersoek en deel van ons eie te maak.

Miskien moet ons 'n bietjie wegkom van die Amerikaanse "hard facts" en weer so na taal kyk dat ons nog altyd met verwondering sal kan staan voor die feit dat ons in taal 'n kommunikasiesis- teem het wat ons in staat stel om bo die menslike beperkinge van tyd en ruimte uitstyg om met die snelheid van gedagte dwarsoor die wêreld te beweeg wanneer ons praat.⁵

Alhoewel die ondersoek van die werkwoord, en meer spesifiek oor die rol wat die hoofwerkwoord en die medewerkwoord binne dié raamwerk speel, sommige wenkbroue (veral buite die taalkundige vakrigting) sal

laat lig - soos inderdaad oor sekere aspekte van taal wat in die verlede ondersoek is - behoort dit geen probleme te skep of vrae te laat ontstaan oor die geldigheid of wenslikheid van so 'n ondersoek nie, veral gesien in die lig van voorgaande uitsprake.

Hier, net soos by enige ander bestudering van die aard en wese van die betrokke studieobjek, geld die volgende reël:

*wenig ist viel, und viel ist wenig*⁶,

want in die kleine word die grote gereflekteer, en omgekeerd. Elke poging wat ons aanwend ter verklaring of opheldering bring ons nader aan ons einddoel soos dit aan ons opgedra is, nl. die soeke na algehele kennis en die beheersing en toepassing daarvan, maar gesien in die regte perspektief. Tyd is egter in hierdie opsig ons almal - en veral die individu in sy alleenpoging⁷ - se vyand.

Dit is vanselfsprekend dat 'n groot komplekse geheel soos taal nie meteens ondersoek kan word nie, maar vanuit verskillende hoeke ondersoek word omdat ons slegs een faset op 'n slag sinvol kan bekyk. Die geheel mag dus nooit vergeet word nie, en die onderlinge verbande moet ook behou word.⁸

'n Samevatting van die uitsprake oor, en die onderskeid tussen die hoof- en medewerkwoorde wat in die verlede gemaak is, is nodig, omdat daar in Afrikaans nog relatief min op hierdie gebied gedoen is. Alhoewel daar wel oor hierdie onderwerp geskryf is, en veral sekere aspekte daarvan ondersoek is, is min inligting oor die geheel as sodanig beskikbaar. Veel literatuur oor hierdie kwessie(s) bestaan byvoorbeeld in Engels, Nederlands en Duits. 'n Ondersoek van die hele kwessie, en dan veral soos dit in sommige van hierdie Germaanse tale, maar ook ander tale of dialekte binne die Germaanse verband voorkom, kan lei tot 'n sinvolle studie van die hoof- en medewerkwoordverskynsel in Afrikaans. Daarom behels dié ondersoek o.a. 'n deeglike oorsig oor die navorsing wat in dié verband ten opsigte van Afrikaans gedoen is. Veel meer as 'n verkenning kan dit nie wees nie.

Die hoofogmerk is voorts om tot 'n gevolgtrekking te kom: enersyds oor die vasstelling van die funksie en struktuur van die hoof- en medewerkwoord as uitvloeisel en/of oorgeërfde res binne die Germaanse verband, d.w.s. hoe hierdie verskynsel in die onderskeie Germaanse dogtertale (of "Einzelsprachen") gerealiseer het, maar andersyds soos wat dit inderdaad in Gebruiksafrikaans (of slegs enkele aspekte daarvan) tot uitdrukking kom, alhoewel nie veel aandag aan elke aspek daarvan gewy kan word nie.

Alhoewel nie die hoofogmerk van hierdie ondersoek nie, is daar seker diegene wat 'n eie grammatika oor die medewerkwoordverskynsel in gedagte het. Dalk is ons hierna 'n stappie nader, hoe gering ook al. Belangrike aanvoerwerk moet egter eers gedoen word voordat tot so 'n groot en gewigtige stap oorgegaan kan word.

Verskeie opvattinge van die verlede oor die ontstaans- en groeiproses van Afrikaans, en veral "saakbeskadiging" (van die wese of syn daarvan) deur verskeie instansies, individue, ens. ten opsigte van disinformasie, verdraaiing van inligting vir eie gewin en wanvoorstelle oor die historiese gebeure en die verloop van taalontwikkeling noop ons om voortdurend die inligting tot ons beskikking in retrospeksie te neem en dit van alle onwaarhede te suiwer. Die "waarheid" (d.w.s. gesuiwer van alle onwaarhede) mag dalk by iemand 'n hernieuwe belangstelling vir sy eie moedertaal wek, asook 'n styging in aansien en die gepaardgaande verlange na identiteit wat sal toeneem sodat almal uiteindelik sekerheid mag hê oor die verlede, hede én dit wat die toekoms mag inhou.

'n Geheelbeeld van die verloop van die taalgeskiedenis het nodig geword, bv. dit wat ten grondslag lê aan die veranderinge van die struktuur en funksie van die kerngrammatika en grondwoordskat van die taal, 'n proses wat etlike dekades geduur het. Veral die taalkundige het dan die taak om die taal, en dit wat daarmee gepaardgaan, van al die taalromantiek wat daaromheen geweef is te suiwer sodat die realiteit voorop sal staan en die taal weer in aansien kan styg.

Volgens oorlewering was daar verskeie hoogtepunte in die ontstaan van Afrikaans as selfstandige taal sedert volksplanting. Daar is egter ook verskeie relevante gebeurtenisse wat ongemerk verbygegaan het, of in die vergetelheid verdwyn het. Hierdie gebeurtenisse is gewoonlik verdring deur gebeurtenisse wat groter aansien gehad het - deur hul uiterlike en opsigtelike vertoon - maar dalk van groter of kardinaler belang was tydens die groeiproses van hierdie nuwe taal. Taalkundige navorsing het gesentreer rondom die "skouspelagtige", omdat die ander "gebeure" óf gering geskat is, óf dat dit volgens die "kenners" van geen historiese waarde sou wees nie. Dit is dalk juis hiërdie aspekte wat die taal so indringend beïnvloed het.

Van hierdie aspekte kan onder andere die volgende ingesluit word: die invloed van die verskeie Germaanse tale op "Afrikaans" via die verskeie immigrante wat sedert volksplanting na die Kaap geïmmigreer het; die geolinguistiese samestelling: 'n groter geografiese geheel is geïnkorporeer in 'n geografiese klein, of oordrag het plaasgevind van 'n makro- na 'n mikrokosmos (so bv. is verskeie taalkenmerke van 'n verskeidenheid tale oorgeërf); die invloed van veral die kinder- en slawetaal aan die Kaap daarop; die "Afrikaanse" spellingtradisie wat mettertyd ontstaan het; die ooreenkomste met Nederduits, ens. Al hierdie aspekte het 'n rol gespeel in die ontwikkelingsgang van Afrikaans - 'n legio van moontlikhede wat moeilik bewys kan word, maar telkens opduik in sekere taalverklarings en te bespeur is in verskeie taalverskynsels. Die wens van elkeen is seker om deur die geskikte ondersoekmateriaal ter beskikking te sif sodat 'n aanvaarbare gevolgtrekking gemaak kan word wat die ware historiese verloop van die ontwikkeling van Afrikaans weerspieël.

Alhoewel 'n ondersoek soos hierdie hoofsaaklik om 'n sinchroniese studiebenadering behoort te draai, moet dit egter uit die aard van die saak ook swaar leun op die diachroniese en ander aspekte wat van belang mag wees vir so 'n studie. Voorts kan ook geen rigiede, of ander vasstelbare grense gevind word wat enige poging sal verhoed om ook van die ander deeldisiplines⁹ te betrek nie. Nie as ons tot 'n totaalbeeld van die geheel wil geraak nie. So is daar baie oorvleueling

tussen die morfologie, sintaksis en semantiek, en geen duidelike grens tussen die morfologie (die struktuur van die woord) en sintaksis (die struktuur van die sin) nie.¹⁰

Al wat hier van belang is, is dat dié ondersoek niks meer sou wou gee as die uiteindelik wetenskaplike uiteensetting van 'n linguisties-gefundeerde onderskeid, deur middel van strukturele taalondersoek, tussen die hoof- en medewerkwoord in Afrikaans nie.

Woorde én sinne is deel van groter kontekste, en daarom win hulle eers hul werklike of wesenlike betekenis, afgesien van hulle potensiële betekenis, as ons weet wie met wie praat, wanneer, waar en hoekom (die terrein van die taalgebruikskunde).¹¹ Die hele taalproses is dus 'n totale eenheidsbeleding wat nooit afsonderlik kan geskied nie: "dat dit in die wese, aard, vorm en verspreidheid van taal lê, as 'n dinamies-historiese klankverskynsel, as indiuiduele dinkmiddel, as sosiale gebruiksmiddel, e.s.m. dat 'n groot verskeidenheid beroepspersone en vakwetenskaplikes, soos filosowe, teoloë, pedagoë, pedoloë, sosioloë, antropoloë, etnoloë, argeoloë en selfs soöloë voor probleme wat die taal toevallig, geneties, wesenlik, struktureel of funksioneel raak, te staan kom"¹², en dat "... the next few years are likely to be marked by inter-disciplinary co-operation"¹³ om aspekte wat dringende oplossings verg, op te los.

Alhoewel alle wetenskaplikes die taak onderneem om die probleme wat voor hande lê verklarend op te los, en talle verklarings, hipoteses en teorieë tot gevolg het, moet die taalkundige vir homself die mees wetenskaplike uit hierdie menigte kies.¹⁴ Die probleem is volgens Victor Pearce (1987:132) geleë in die feit dat dit die mens se subjektiewe gewoonte is om alles in 'n teorie te wil inkleë.

Om tot 'n eie, korrekte, logies en empiries gefundeerde gevolgtrekking van 'n vakgebied te kom, is 'n distilleerproses nodig om al die waarheids- en bruikbaarheidsmomente te ekstraheer, sodat dit meer lig kan werp op die objek van bestudering, nl. die ondersoekveld self. Elke

ondersoeker soek resultate en 'n beloning op dit wat hy in die betrokke ondersoek belê het.

Voordat ons by die studieobjek van hierdie ondersoek kan uitkom, moet 'n verskeidenheid linguistiese eenhede eers ondersoek word as verkenning van die breë taalkundige universalia. Dit is enkele grondbegrippe van die Moderne Taalkunde, soos bv. betekenis, funksie, morfeem, sin, vorm, woord, woordgroep, ens.¹⁵ wat ook vir hierdie ondersoek van kardinale belang is. Dit is sodat die regte aanknopingspunt gevind kan word vir hierdie ondersoek.

Aan die einde van hierdie ondersoek behoort hoofstuk ses as die kern of werklike ondersoekterrein te geld waaraan al die ander hoofstukke of oorsigte gemeet behoort te word, omdat dié hfst. spesifiek gaan oor die Afrikaanse medewerkwoord as sodanig, die onderskeid wat tans in Afrikaans geld, asook die gewildste indelings wat gevolg word. Die volgende hoofstukke bied almal raamwerke waaraan die studieobjek gemeet behoort te word.

Die volgende oorsig behoort ook te dien om 'n brug te bou tussen die onderskeie hoofstukke. Die eerste hoofstuk dien as vertrekpunt binne die breë taalperspektief. Die daaropvolgende hoofstuk probeer om die medewerkwoord as verskynsel binne die perspektief van die werkwoord (as groter paradigma) te plaas. Hoofstukke drie en vier bied 'n breë teoretiese raamwerk van die medewerkwoord (of hulpmoment) self, waarbinne hoofstuk ses (die Afrikaanse medewerkwoord) gelees moet word. Hoofstuk vyf gaan van die standpunt uit om enkele Germaanse verskynsels (met die diachroniese aspek as vertrekpunt) uit te lig, as poging om enkele van die Afrikaanse verskynsels daarin te herken. Die laaste hoofstuk is bloot ingevoeg om ons weer tot nadenke op te roep.

1.1.2 Die aard en wese van taal

As die mens geweet het wat taal¹⁶ is, of as hy konkrete bewyse gehad het van die bestaan en ontstaan daarvan, sou hy (die leek sowel as die vakkundige) alreeds baie geweet het.

Labuschagne (1969:15) kan as een van die baanbrekers in die Afrikaanse taal beskou word wat hierdie probleem probeer oplos het. Volgens hom is die oorsprong en ontstaan van taal, en gepaardgaande daarmee die "woord", alleen te vind en te verklaar uit die wese van die mens as taalwese self. Taal as sodanig word dus slegs by die mens aangetref.

Natuurlike taal moet gevolglik beskou word as 'n funksionele gegewe¹⁷, iets wat elkeen van ons ken: dit is daardie taalvermoë wat deur die gemiddelde mens as vanselfsprekend¹⁸ aanvaar word, as synde iets waaroor elke moedertaalspreker beskik.¹⁹ Dat hierdie "taal" wel oor 'n universele karakter beskik, is nie weg te redeneer nie.

Oor die oorsprong en wese van taal is al baie kopgekrap. Tog kan ons gaan kyk na dit wat Labuschagne daaroor te sê het, nl. dat taal "... daardie personistiese, personisties-enige woordstelsel (is) waarin en waardeur die logosse, elk afsonderlik en soortlik onderskei en in hul linguaal-funksionele samehang as stelsel, linguale gestalte gegee, gekonkretiseer, manipuleerbaar gemaak en georden word in woorde, frases, sinne²⁰, wat die mens, as personistiese wese, dan bewerktuig om daarmee sy vergeesteliking en selfverwesenliking te bewerkstellig: indiwidueel, sosiaal, kultureel en geestelik".²¹

Slegs die mens kan dus deur middel van sy woordmakings- en taalvormingsvermoë²² vorm en uiting gee aan die ontsluiting van sy geesteswêreld, of die diepste dieptes van sy gees²³ vir homself of vir ander toeganklik maak.²⁴ Dit is die uitvloeisel van die hoë vlak van intelligensie waaroor die mens beskik: die produk van 'n geneties-geprogrammeerde aktiwiteit waaroor slegs hy beskik.²⁵

Die wetenskap (diegene wat objektiwiteit nastreef en weer eerbiedwaardigheid en sin aan hulle vakgebied wil verleen) begin om verskeie bevindinge van die verlede die een na die ander te weerlê en te verwerp, bv. dat die aarde en alles daarop glad nie so oud is as wat beweer word nie, ens. Baie van die vroeëre bevindinge is op uiters onwetenskaplike maniere vasgestel, en tog het 'n liggelowige wêreld dit geglo en verder versprei. So was daar diegene wat wou bewys dat die dier

ook oor 'n soortgelyke taalvermoë (feitlik net soos dié van die mens; vgl. maar die bevindinge t.o.v. die dolfyn en sjimpansee) beskik. Die tyd loop egter vir hulle uit.

Gitt (1990:7) merk t.o.v. die dier die volgende op:

Tiere verfügen über recht wirkungsvolle Kommunikationssysteme, um sich untereinander zu verständigen. Sie können sich aber nicht in menschlicher Sprache mit uns unterhalten... Wenn Tiere jedoch über sich selbst berichten könnten und mit unserem wissenschaftlichen Kenntnisstand über ihre Art zu leben, ihre speziellen Baukonstruktionen und über zahlreiche Details ihres individuellen Konstruktionsplanes erzählen würden...

De Klerk (1971:67) sluit hierby aan. Hy wys daarop dat sommige geleerdes na die kommunikasiestelsel van diere gekyk het om te probeer vasstel of hulle primitiewe "taal" nie miskien lig kan werp op die geaardheid en werking van taal by die mens nie. Die mens kon egter niks by hulle wys word nie omdat kreatiwiteit by hulle ontbreek. Die fundamentele verskille tussen die twee kommunikasiestelsels maak dit juis gevaarlik om die bevindinge wat van belang is by die dier van toepassing te maak op die taal van die mens. Dit is weer eens 'n bewys dat die mens beheer oor die skepping begin verloor, of dat hy dit al verloor het. Hy kan nie eers beheer utoefen oor sy eie onmiddellike omgewing nie. Tog streef hy altyd na die onbereikbare - of is dit maar net 'n dekmantel?

Die mens is 'n unieke wese. Hy beskik oor 'n breinsentrum wat in verbinding is met die hele liggaam d.m.v. 'n hoogs ingewikkelde en tegnies geraffineerde netwerk van sintuie, ens. Die kompleksiteit daarvan gaan alle verstand te bowe, en rus hom toe om sy omgewing te beheers; dit is 'n hoogs gespesialiseerde proses waaroor ons slegs kan spekulêr. Van Zyl (1960:46) dui op die verskillende lae van bewussyn wat moontlik by die mens voorkom, nl. eerstens dié van gewaarwordings en waarnemings in verband met konkrete voorwerpe, 'n tweede waar 'n sekere mate van assosiasie, groepering en skematiese ordening plaasvind, en laastens na waar die setel van abstrakte denke (die hoogste laag) geleë is.

Bewys (ibidem:45) kan aangevoer word dat die mens in sy verstandelike en geestelike ontwikkeling voortdurend in beweging is op die pad van die konkrete na die abstrakte toe - byna sy hele bewaringsproses is op hierdie pad ingestel - maar dat daar gedurig 'n wisselwerking tussen die konkrete en die abstrakte is. Dit geskied deur middel van gesproke (klanksimbole) en geskrewe (skryfsimbole) taal, 'n abstrakte proses waardeur die mens poog om verskeie begrippe, ens. sy eie te maak.

Die taal as geheel²⁶ is die mens se instrumentstelsel wat hom toerus d.m.v. die klankmateriaal en ander middele, elk met 'n spesifieke linguistiese funksie, vir sy lewenstaak. Hierdie stelsel is dan ook by uitstek geskik vir kommunikasie, dit wil sê dat die spreker en hoorder d.m.v. 'n vooraf vasgestelde patroon van oordrag, of volgens ooreenkoms, bv. d.m.v. klanke, sekere kennis deel.

Taal se funksie is dan "om taal te wees", (die) lewensnoodsaaklike werktuig van die mens. Dit moet linguaal-funksioneel²⁷ wees om daardie unieke eienskappe²⁸ waaroor die mens se taal beskik, te kan uitdra.

Labuschagne (1957:83) plaas die mens in 'n lewensuniversum, of 'n kosmiese omgewing. Die mens skakel daarby in, deur sy sintuie, om indrukke, gewaarwordinge, waarneminge, voorstellinge en verbeeldinge (d.m.v. sekere neurale en serebrale sintuigsentra) te verwerk tot "vergeestelike vorm" om vir die menslike gees waardeerbaar, begrypbaar, kenbaar, besitbaar en hanteerbaar te wees. Dit is dus 'n totale eenheidsbeleving.

In sy eie woorde beskryf hy hierdie "vergeestenis", as logos²⁹, as sintuiglik-bewussynlik nog ontoeganklik en onkenbaar, en moet dit omgeskep word in 'n konkrete, fisiese, sintuiglik-ervaarbare en -beleefbare, hanteerbare en bewaarbare gestalte, m.a.w. in 'n vorm. Dit is die bestaansbestemdheid van die logos self. Deur daaraan te voldoen, word die mens se geesteswêreld ontsluit. Hierdie vormgewing, vergestaltung en konkretisering vind sy uiteindelijke vorm in woordskepping, woordmaking (net soos die taalvormingsproses) en die

verskyning van die taal self as sosiale produk. Die proses geskied reëlmatig, wetmatig, ordelik, stelselmatig en patroonmatig.

Slegs die mens beskik oor dié taalvermoë en het die wesenstoerusting daarvoor. Hy bevind hom op so 'n besondere plek in die kosmos, met 'n taak en bestemdheid in tyd en ruimte, en is dit juis daarom dat hy met taal toegerus is sodat hy homself kan handhaaf.

Tog moet 'n mens nie uit die oog verloor nie dat die gebruik van taal, soos hierbo beskryf, slegs 'n spesiale geval van denke is, en dat die aanleer van taal slegs 'n spesiale geval van die verwerwing van 'n vaardigheid is.³⁰ Taalhandelinge moet dus geen logiese voorrang bo ander soorte handelinge geniet nie. Taal kan ook nie altyd met denke geïdentifiseer word nie, en is dit ook nie 'n uitsluitlik linguistiese aktiwiteit nie.

Taal beskik oor eenhede waarin 'n bepaalde betekenis en 'n bepaalde klankvorm op konstante wyse verbind: die vermoë van die taalgebruiker om nuwe sinne te kan maak en te verstaan.³¹ Hierdie eenhede verbind met mekaar om verskillende sintaktiese gehele te vorm, onderworpe aan hul sintaktiese en semantiese kenmerke. En alhoewel saamgestel uit verskillende gehele, bly taalgebruik een groot komplekse geheel, wat die volle omvang van die totale doen en denke van die mens dra.³²

Daarom kan ons ook sê dat taal nie 'n statiese gegewe is nie, maar na aanleiding van sy voortdurende vormontwikkeling (van 'n betrokke taal) 'n gegewe is wat gedurig in beweging is.³³

Dit is die taalkundige se primêre, fundamentele taak en onvervreembare alleenreg om die oorsprong, wese en funksie van taal op sigself te ondersoek³⁴ en daaroor uitspraak te lewer (alhoewel ander insette verwelkom word). Ander terreine word aan ander kenners, elk 'n kenner op sy eie vakgebied, oorgelaat. Nie almal is egter bewus van hierdie gewigte taak wat op hulle skouers rus nie.

1.2 'n Herwaardering van die woordbegrip

1.2.1 Die woord³⁵

1.2.1.1 'n Bybelse perspektief

Miskien het dit tyd geword dat die mens oor die algemeen (maar veral die taalkundige, as wetenskaplike) ook vanuit 'n Bybelse perspektief na die dinge om hom sal kyk. 'n Groot leemte by verskeie taalbenaderings tot dusver is dalk die gebrek aan (ware) insig en wysheid aangaande persepsies wat daar bestaan oor die mens as taalwese. Van hierdie tekortkominge kan dalk slegs vanuit 'n Bybelse perspektief verhelder en opgeklaar word.

1.2.1.1.1 Inleiding

Waarom die Bybel? Enige model, teorie, hipotese, ens. moet binne een of ander geestelike raamwerk (vgl. hfst. 7, p. 317) geplaas word, sodat kredietwaardigheid daaraan verleen kan word. Gitt (1992) deel bv. mee dat so 'n perspektief baie beloftes inhou, juis daar die Bybel, as woord van God, in vele opsigte die kosbaarste boek is wat bestaan. Dit bevat slegs die waarheid, en hoef nooit gekorrigeer te word nie. Die mens kan met verskeie modelle, ens. vorendag kom, maar behoort dit egter eers aan die Bybel se maatstaf te gaan toets. Dan dring die besef tot die mens deur dat hy (en sy "skepping") nie aan dieselfde standaard kan voldoen nie. Deur eeue heen is al bewys dat die Bybel antwoorde op al die mens se lewensvrae het.

In 2 Timoteus 3:16 lees ons dat die hele Skrif deur God geïnspireer (letterlik vertaal beteken dit "deur God uitgeasem") is.

Volgens die woord van God is dit net 'n gek of dwaas wat sal ontken dat daar 'n argitek agter alles in die vir ons bekende wêreld is. Dit is hulle wat volgens König (1985:42) 'n oorhoofse plan (God se Raadsplan) raaksien, of dalk in die bestaan daarvan glo, maar nie wil aanvaar dat daar 'n beplanner daaragter is (of kan wees) nie:

Man erforscht die Natur und bestaunt den großartigen Plan, der ihr zugrunde liegt. Aber Gott, den Schöpfer und Planer, ihn leugnet man - oder klammert ihn zumindest aus. Dies ist ein Stein, der Unzähligen den Denkapparat kaputtmacht.

Dieselfde geld ook t.o.v. baie ander lewensaspekte; daaronder tel ook die woord en taal. Dit is op sigself dié mediums waarmee die mens oor die algemeen in geestelike verbinding is met sy omgewing, maar veral met sy medemens in die besonder.

Die woord van die Here - die Godgegewe woord in die Bybel - is in geen onduidelike taal gestel nie. Tog kry 'n mens die indruk dat die mens werklik probleme ondervind met die interpretasie daarvan, hetsy dit letterlik of figuurlik van aard is. Dieselfde gevolgtrekking kan ook gemaak word wanneer 'n mens na die sg. "moderne" interpretasie van die woord (dan oor die algemeen beskou) gaan kyk. Dit is asof daar met verloop van tyd 'n afplatting of vervaging van die woordbetekenis ingetree het, en is dit asof die mens ook nie meer tyd het vir die dieperliggende dinge van die lewe (dit wat werklik saakmaak) nie, iets wat in baie studies of ondersoeke te bespeur is.

Die Bybel bied ons waarskynlik die vroegste oorgelewerde verwysing na dit wat as "taal" en die "woord" beskou kan word. Alhoewel die ontstaan van taal op 'n indirekte manier daarin beskryf word, moet die taalkundige nie daardeur afgeskrik word nie. Buiten die skeppingsverhaal bestaan daar geen konkrete oorgelewerde bewys wat die ontstaan van taal voldoende beskryf nie. So 'n algemene (en veral die boek Genesis³⁶ in die besonder) beskrywing van die ontstaan van die hele skepping, kan in die Bybel gevind word. Dit is dus ook die vroegste oorgelewerde geskrif wat daarna verwys. Die enigste manier waarop die mistiek wat daarmee verweef is, opgehef kan word, is om vas te stel wat God daardeur vir ons wil sê.

In die Evangelie volgens Johannes³⁷ lees ons omtrent die woord(e): "*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.*" Die Engels lui: "*Before the world was created,*

the Word already existed; he was with God, and he was the same as God."³⁸

"*Im Anfang war der Logos (das Wort), und der Logos war bei Gott, und Gott [von Art] war der Logos...*"³⁹ bring hierdie verwysingsraamwerke nader aan mekaar.

'n Ander vertaling⁴⁰ lui: "*Die Woord*⁴¹ *was van altyd*⁴² *af daar.*"

In al hierdie gedeeltes is daar dus, as alle onderlinge verskille tussen die verskillende vertalings opgehef is, sprake van:

- i) Die Goddelike Woord;
- ii) die Vleesgeworde Woord; en
- iii) die gesproke "woord" as 'n gawe van God aan die mens.⁴³

Alhoewel 'n studie van die metafoor en die allegorie ons hier geweldig baie kan help (volgens Odendal (1984:695) gaan dit oor 'n beeld wat in die plek van die eintlike voorstelling geplaas word, of die sinnebeeldige voorstelling van 'n abstrakte begrip (ibidem:42), soos vroeër algemeen gebruik is), bly die hoofsaak hier dat die "woord" dit verteenwoordig wat van die begin af in God se woord aangaande God self gesê is of gesê word.

1.2.1.1.2 Die dieper betekenis

As 'n mens die Bybel bestudeer, staan 'n mens half verslae of verbluf voor die oneindige diepte daarvan, waarvan die fyn nuanses 'n mens se verstand te bowe gaan. Dit is dan wanneer 'n mens tot die besef kom dat geen persoon die Bybel kan of mag ignoreer in sy wetenskapsbeoefening nie. Ook nie die taalkundige nie. Alhoewel dit geensins voorgee om 'n wetenskaplike handboek te wees nie, is dit die naaste wat die mens dalk ooit aan volmaaktheid daarvan op aarde sal vind. Die Bybel soos ons dit ken, nl. die Ou én Nuwe Testament, sluit o.a. die terminologie in wat ook die grondslag van die taalkundige studieterrein vorm.

Volgens Coenen (1971:1407) dui die "woord" in die Bybel formeel én figuurlik gesproke op taal (γλῶσσα [*glossa*], wat eerder tong beteken). Akoesties word dit as klank/geluid of stem (φωνή [*phonæ*]) waarneembaar. Dat die woord nie net 'n saak aandui nie, maar selfs daarvoor kan intree, of daarmee geïdentifiseer kan word, kan miskien beter by die s.nw. ῥῆμα [*rhæma*] (die spesifieke woord; ook gesien as dié woord wat tot die hart deurdring, of die mens aanspreek), gesien word, terwyl die rangskikkingskarakter en die plasing en sisteemvorming wat deur die woord gebeur of in werking gestel word, die duidelikste by die omvangryke λόγος [*logos*]-groep (die algemene woord) waargeneem kan word. Terwyl die woord as vormlike uitdrukkingswyse van die denke onder een van die hoogste onderskeidingskenmerke van die mens tel, praat die Bybel ook van die (self)mededeling van God in die kategorie van die woord, selfs tot en met Johannes se identifisering van God met die λόγος [*logos*], en weliswaar is dit só omvangryk, dat 'n teenstelling met die handelswyse of optrede van God hierby uitgesluit is, m.a.w. God se woord kan gelykgestel word met die daad; met hierdie "woord" (waarna Johannes uiteindelik verwys) het God aan die begin skeppend gepraat. Sy woord is dit wat dit sê, bedoel of beteken.

Alhoewel daar tussen die twee sinonieme onderskei kan word, nl. *logos* en *rhema*, is hulle gewoonlik uitruilbaar; volgens Mentz e.a. (1982:11) is baie woorde meestal om stilistiese redes gebruik of afgewissel. Beide woorde beskik egter oor betekenis-skakeringe wat die ander nie het nie.

Volgens De Boer (1971:33) wou Johannes die leser se aandag onmiddellik vestig op die geheimenis wat in die persoon van Jesus opgesluit is, en dit selfs van 'n stadium wat bestaan het nog voor die skepping self (wat van 'n goddelike mag getuig); hy het besef dat slegs die woord só 'n kragtige of magtige medium kan wees. Maar dan moet die aardse of menslike beperkinge wat die menslike verstand (a.g.v. sy onvolmaaktheid) daarop plaas, opgehef word.

Henry (1966:1506) verwys ook na die unieke of besondere idioom wat Johannes gebruik, deurdat dit na die "word conceived" en die "word

uttered" verwys. Eersgenoemde is die gedagte wat die eerste en enigste onmiddellike produk en begrip of opvatting van die menslike siel is. "There is nothing we are more sure of than *that we think*, yet nothing we are more in the dark about than *how we think*." Laasgenoemde verwys na spraak self, die belangrikste en natuurlikste aanduiding van die verstand.

Die vorm (of "Gestalt") van die woord kan volgens Coenen (1967:538) verskeie aspekte insluit. Dit verwys gewoonlik na dit wat deur empiriese waarneming van die sintuie waarneembaar word; die konkrete vorm en die uiteindelijke toepassing of optrede daarvan. Gewoonlik druk die vorm die aard of wese van iets uit. In Grieks kan hierdie vorm verskillende aspekte uitdruk, nl. *εἶδος* [*eidōs*] verwys na die ding of saak self, die sigbare, tipiese vorm; *μορφή* [*morphē*] verwys na die wesenlike bestaan, die "speziële personzugehörige Daseinsgestalt". Daarteenoor plaas *σχῆμα* [*schēma*] die klem op die gedragswyse as uitdrukking van die wese self. Ten laaste tree die *ὑπόστασις* [*hypostasis*] op. Dit is "... von seiner Grundbedeutung Grundlage, Wesen her zum festen Begriff für jenes Urbild geworden, von dem das in Erscheinung tretende Abbild (nach Gestalt und Wesen) geprägt und bestimmt wird".

Alhoewel die beskouing van die woord (en alle relevante aspekte) hierbo aan die hand van God se woord (die Bybel) nog nie naastenby aangeraak of ten volle uitgeput is nie, bied dit aan elkeen 'n kragtige vertrekpunt. Dit dien ook hier as uitgangspunt om hierdie ondersoek verder te laat ontwikkel, maar veral om groter kredietwaardigheid daaraan te verleen.

'n Ander perspektief wat gewoonlik misgekyk word, kom ook uit God se woord na vore, en dit is dat God by uitstek filosoof, sielkundige, ens. is, slegs onderworpe aan sy volmaaktheid en wetmatighede; uit bg. kom 'n mens tot die besef dat God ook by uitstek taalkundige is, en dat die taal of taalkunde as skepping of maaksel, soos vele ander lewensaspekte, dui op, of weer eens 'n bewys is van die volmaaktheid (die volheid) en afgerondheid van sy skepping.

Hierby sluit die antropologiese gesigspunt van Victor Pearce (1987:35 e.v.) aan waarin hy daarop wys dat kommunikasie en spraak deur God se woorde: "Toe het God gesê..." geïmpliseer word. Daar moes m.a.w. 'n effektiewe manier van kommunikasie gewees het, na alle waarskynlikheid by wyse van spraak.

Hy (en hierby sluit Gitt ook aan) kom tot die gevolgtrekking dat "the story of life and man just could not have happened on earth any more than on any other planet unless there had been a supernatural agency".

Alhoewel die volgende aspek nie van direkte taalkundige belang is nie, vorm dit tog 'n integrerende deel van die mens (as taalwese) se hele wese ('n aspek wat nie geïgnoreer kan word nie). Die DNS-kode vorm die grondslag van alle lewendige organismes. Hierdie aspek kan selfs na die taal en die taalkunde deurgetrek word. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie kode van die begin van die skepping af daar was:

As there is only one language used in it, the instructions must come from one source, and as the instructions for the simplest viable unit of life are complex (hieronder kan taal ook verstaan word), that source must be an adequate one... This code has been added to in the same grammar and vocabulary down... therefore the Being who is the source of that language must be constant and unchanging - not like those who speak human language, for a family of languages will change so much over the centuries that nations of common origin cannot understand one another.

Die ontsyfering van hierdie DNS-kode lê 'n "taal" (as ons dit na verstaanbare begrippe deurtrek) bloot wat ouer is as enige menslike hiërogliewe. "It is a language as old as life itself. Its words are buried deep in the cells of our bodies." In die natuur is dieselfde kompleksiteit aanwesig, wat op sigself dui op die unieke samestelling van die ganse skepping. Indien vergelykbaar met taal, is die reorganisasie van die "hoofstukke" (chromosome) daarvan radikaal, in so 'n mate dat die wysiging van een "sin", of slegs een "woord" ('n aminosuur) daarvan, die totaliteit of geheel indringend kan wysig of beïnvloed.

'n Belangrike afleiding wat Victor Pearce (ibidem:128) maak, is dat die bron van die kosmos nie vir die empiriese wetenskap deur die

normale sintuie waarneembaar is nie. Dieselfde geld dan ook t.o.v. die wesenskenmerke van dit wat deur hierdie bron tot stand gebring is.

Gitt (1986:155 e.v.) pas alle gegewens van die Inligtingsraamwerk of -teorie (sien 1.2.6.9, p. 53) op die Bybel toe, met die wisselwerking tussen sender en ontvanger as sentraaltema daarvan. Die "verborge" betekenis of semantiek (wat nou daarby aansluit) is egter ook 'n aspek wat eers in hfst. 7 (p. 317) aan bod sal kom.

1.2.1.2 'n "Moderne" historiese verloop

Vanuit 'n Westerse oogpunt beskou, kan die taal- en woordnavorsing oor etlike eeue heen nagevors word. Alhoewel daar al heelwat oor taal as sodanig en ander verwante aspekte besin is, is dit juis die moderne taalkundige wat hom in 'n beter posisie bevind om oor die korrektheid daarvan te kan oordeel. 'n Sinvolle gevolgtrekking kan slegs gemaak word wanneer hy sy eie vooroordele prysgee en bereid is om taalkundig werklik objektief te werk te gaan.

Taalkundiges is bewus daarvan dat die Grieke in hulle wysgerige taal-betragting probeer het om agter die waarheid en werklikheid van 'n woord se étumon⁴⁴ te kom wat daaraan ten grondslag lê. Vroeg reeds is woorde in die reël gekoppel aan betekenisnuanses.

'n Tweede gedagterigting en beskouing aangaande die woord het toe reeds ontwikkel. Daar was enersyds diegene wat geglo het dat woorde "oorspronklik" 'n "inherente" betekenis gehad het (en dat daar tussen "dinge" en hulle "name" 'n natuurlike verband bestaan het). Andersyds was daar diegene wat geglo het dat dit 'n kwessie van "gebruik, konvensie, ooreenkoms, oorlewering of tradisie" was.

Sedert die Middeleeue het dit geblyk dat albei groepe in 'n mate gelyk gehad het, en kon woorde ingedeel word op grond van die feit dat hulle klanknabootsend (waar wel 'n natuurlike verband bespeur kan word) van aard is, of in die meerderheid van gebruiksgevalle woorde is waar geen "natuurlike" verband tussen "dinge" en hul "name" bestaan nie.

Talle pogings tot woordverklaring deur die Middeleeue heen en tot diep in die agtiende eeu was nog van 'n volksetimologiese aard.

Lambert ten Kate (soos aangehaal in Boshoff, 1965:9) het reeds aan die begin van die agtiende eeu begin om tussen klanke en letters te onderskei, en het ook die taalstudie histories en vergelykend benader. Die Historiese en Vergelykende Taalkunde het toe sy beslag gekry. Mettertyd is strenger fonetiese eise aan die woordafleikunde gestel.

Die negentiende-eeuse taalkundiges het hulle aandag hoofsaaklik toegespits op gerekonstrueerde stamme en wortels uit 'n vervloë taaltydperk.

Lyons (1986:136) wys daarop dat, alhoewel daar al vir 2000 jaar oor dié saak gedebatteer word, niemand al 'n bevredigende antwoord daarop gevind het nie, selfs nie vandag nie. Soos hy dit stel, lê die probleem opgesluit in ons benaderingswyse daarvan ('n gedagte wat ons dalk kan onthou as ons antwoorde op die vrae rondom die aard en wese van die medewerkwoord soek): "... (a)that what we refer to... with the word 'meaning' has some kind of existence or reality; (b)that everything referred to as meaning is similar, if not identical, in nature". Filosofies beskou is hierdie benaderingswyses kontroversieel (dalk dié van ons hele Westerse benaderingswyse?). Om te sê dat betekenis bloot idees of konsepte is, is ook 'n oorvereenvoudiging.

Die feit is aanvaarbaar dat "... the associated concept is a visual image of some kind...", en dat die woorde wat ons gebruik (en gevolglik ook die visuele beeld daarvan) min of meer dieselfde betekenis deel. Baie kan (of sal) egter nog oor hierdie aspek gesê (... kan) word. Lyons kan bv. in hierdie verband geraadpleeg word.

Vandag spits linguïste hulle aandag toe op die betekenisdraende eenhede in die huidige taalverskynsels. 'n Belangrike aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat dit wat ons as diachronies beskou (hierdie aspek bly belangrik vir enige woordondersoek), net 'n opeenvolging van sinchroniese gegewens is. Die gevolg van

hierdie eeuelange ontwikkeling is die Algemene Taalwetenskap, met sy magdom deeldissiplines wat trag om al die probleme, oorgeërf oor verskeie eeue, op te los en te verklaar.

Labuschagne (1969:8) het bevind dat vier teorieë oor die ontstaan van taal die botoon voer:

- i) Taal kan uit die bo- en buitemenslike geesteswêreld, d.i. van God of die denkbeeldige, mitologiese godewêreld vandaan kom: klaar gemaak in die mens se mond gelê, aan hom geopenbaar; of die mens kan deur goddelike inwerking so bewerktuig gewees het om 'n taal te maak soos feitlik aan hom gedikteer of ingegee is.⁴⁵
- ii) Taal kan die mens toestraal of ingegee word uit die natuurlike wesendheid van die synsdinge of synsverskynsels wat die mens ervaar en belewe, d.w.s. die synsdinge of -verskynsels vertolk hul lewesendheid self aan die mens in klank of uitstralings wat deur die mens intuïtief of rasideel opgevang en geïnterpreteer word. Taal, en gevolglik ook sy vorm, ontstaan dus uit en deur die natuur self.⁴⁶
- iii) Die oorsprong van taal kan ook vanuit die dierewêreld verklaar word. Uitgaande van empiriese feite, gedragsvorme en gegewens by die mens, waarvan ooreenstemmendes of soortgelykes ook by die dier aangetref word, word die oorsprong dan verklaar uit die instinktiewe ontstaan en voorkoms van dierskreeue, -geluide en -klanke.⁴⁷
- iv) 'n Vierde moontlike teorie lê by die mens self en by die mens alleen, waar taal dus, suiwer objektief gesien, as 'n puur-menslike verskynsel en as enig-menslike skepping of maaksel eervaar moet word.⁴⁸

Oor die ontstaan van taal is reeds genoeg gesê. In die lig van die Bybelse perspektief wat gegee is, kan slegs een van hierdie uitgangspunte korrek wees.

1.2.2 Verskeie definisies

Die mens probeer alles per definisie definieer. So het verskeie taalkundiges al probeer om 'n geslaagde en onfeilbare definisie te formuleer wat die "woord" (en dit wat daaronder verstaan word) kernagtig en treffend kan opsom.

Die inligting aangaande die trefwoord of lemma *woord* word deur verskeie woordeboeke op verskillende maniere gerangskik, en gevolglik sal die klem van die verskillende betekeniswaardes wat gegee word ook telkens verskil. Ons kyk vervolgens eers na die vakspesifieke definisies; daarna sal enkele algemene definisies volg (dieselfde benadering sal ook later gevolg word waar ander definisies ter opklaring benodig word). Daar is gepoog om dit so getrou as moontlik weer te gee. Onderstreeping sou daartoe kon dien om inligting wat uiters relevant vir hierdie ondersoek is, uit te lig. Uit die somtotaal behoort 'n mens dan ook telkens tot die kern van elke aspek te kan deurdring.

1)

word A speech sound or a series of speech sounds symbolizing and communicating meaning without being divisible into smaller units capable of independent use; a linguistic form that is a minimum free form (Webster III); a phonetic group which, owing to its permanence of form, clearness of significance, and phonetic independence, is readily separated from the whole sentence (Boas); the spoken or written symbol of an idea, regarded as the smallest independent sense unit; the smallest significant unit of speech and language (Ullmann); a minimum free form (Bloomfield); the smallest speech unit capable of functioning as a complete utterance (Palmer); an autonomous syntagm formed of non-separable monemes (Martinet).

(Pei, 1966:295)

2)

word A unit of expression which has universal intuitive recognition by NATIVE-SPEAKERS, both in spoken and written language. However, there are several difficulties in arriving at a consistent use of the term in relation to other CATEGORIES of linguistic description, and in the comparison of languages of different structural types. These problems relate mainly to word identification and definition. They include, for example, decisions over word boundaries... as well as decisions over status... Regular definitions of words as 'units of meaning' or 'ideas' are of no help, because of the vagueness of such notions as 'idea'. As a result, several theoretical distinctions have been made.

Three main senses of 'word' are usually distinguished (though terminology varies).

(1) Words are the physically definable units which one encounters in a stretch of writing (bounded by spaces) or speech (where identification is more difficult, but where there may be PHONOLOGICAL clues to identify boundaries, such as a PAUSE, or JUNCTURE features). 'Word' in this sense is often referred to as the 'ortographic word' (for writing) or the 'phonological word' (for speech). A neutral term often used to subsume both is **word-form**.

(2) There is a more abstract sense, referring to the common factor underlying the set of forms which are plainly VARIANTS of the same unit, such as *walk, walks, walking, walked*. The

'underlying' word unit is often referred to as a LEXEME. Lexemes are the units of VOCABULARY, and as such would be listed in a dictionary.

(3) This then leaves the need for a comparably abstract unit to be set up to show how words work in the GRAMMAR of a language, and 'word', without qualification, is usually reserved for this role (alternatively, one may spell out this implication, referring to 'MORPHEMIC/MORPHOSYNTACTIC/GRAMMATICAL' words, though the latter has an alternative sense). A word, then, is a grammatical unit, of the same theoretical kind as MORPHEME and SENTENCE. In a HIERARCHICAL MODEL OF ANALYSIS, sentences (clauses, etc.) consist of words, and words consists of morphemes (minimally, one free morpheme)...

(Crystal, 1980:383)

3)

Wort. Intuitiv vorgegebener und umgangssprachlich verwendeter Begriff für sprachliche Grundeinheiten, dessen zahlreiche sprachwiss. Definitionsversuche uneinheitlich und kontrovers sind. Das W. wird je nach theoretischem Vorverständnis und Beschreibungskontext durch unterschiedliche und im einzelnen nicht immer widerspruchsfreie Eigenschaften charakterisiert, vgl. die folgenden Definitionsvorschläge, aufgelistet nach Beschreibungsebenen: (a) Phonetisch-phonologische Ebene: W. sind kleinste, durch Wortakzent und -Grenzsignale wie -Pause, Knacklaut u.a. theoretisch isolierbare Lautsegmente, die auf (b) orthographisch-graphemischer Ebene durch Leerstellen im Schriftbild isoliert werden; (c) auf morphologischer Ebene sind W. als Grundeinheiten von gramm. Paradigmen wie -Flexion gekennzeichnet und zu unterscheiden von den morphologisch charakterisierten -Wortformen, vgl. *schreiben* vs. *schreibst*, *schrieb*, *geschrieben*; sie sind strukturell stabil und nicht trennbar, sowie durch spezifische Regeln der -Wortbildung zu beschreiben; (d) auf lexikalisch-semantischer Ebene sind W. kleinste, relativ selbständige Träger von Bedeutung, die im Lexikon kodifiziert sind, und (e) unter syntaktischem Aspekt lassen sie sich als kleinste verschiebbare und ersetzbare Einheiten des Satzes beschreiben. Wenngleich sich als Essenz aller Definitionen die drei Komponenten akustische und semantische Identität, morphologische Stabilität und syntaktische Mobilität als Hauptkriterien ergeben, ist der Terminus W. in neueren Arbeiten vielfach terminologischen Differenzierungen unterworfen oder ganz zugunsten von Begriffen wie -Morphem, -Lexem, -Formativ aufgegeben worden.

(Bußmann, 1983:585)

4)

Wort [word, mot, slovo]. Ein sprachliches Zeichen, eine Grundeinheit der Sprache und des Spracherwerbs, eine für den natürlichen Sprecher intuitiv gegebene Einheit von Form und Bedeutung. Nach E. Leisi ist das W. das wichtigste Element der Sprache, denn >>weder der Laut noch der Satz sind von so groszer Bedeutung. Sprechen heißt in erster Linie: Wörter gebrauchen<< (1971, S. 9). Nach Gauger (1970) weiß das Bewußtsein (intentionale und referierende) diskrete Einheiten. Es kennt die Wörter, die zu seiner Sprache gehören: es kann sie aussprechen, und es weiß, was sie meinen, ihre Inhalte sind ihm unmittelbar gegeben... Dem Bewußtsein erscheint das Wort, nicht die Grammatik, als das sprachliche Grundelement (S. 45 ff.). Das Wissen, daß es W. gibt, gehört zu den elementaren Alltagserfahrungen des Sprechers: W. sind aus Rede und Text herauslösbare Einheiten; sie lassen sich (als zusammengesetzte und/oder flektierte) zerlegen; man kann sie nach Klassen ordnen; sie benennen, bezeichnen und bedeuten etwas (Schippan 1984, S. 77ff.). Man findet sie, nach Kriterien geordnet, in Wörterbüchern. Das W. ist ein Baustein des Satzes, ein Atom der Syntax.

Das W. als >>der kleinste selbständige sprachliche Bedeutungsträger<< (W. Schmidt) und als Einheit des Wortschatzes oder Lexikons ist konstitutiver Gegenstand der Lexikologie. Eine befriedigende Definition des W.-begriffs bereitet Schwierigkeiten hinsichtlich a) der Identität des Wortes (Flexionsformen, Suppletivformen), b) der Isolierbarkeit des W. und der Festlegung

der W.-grenzen, c) der semantisch-lexikalischen Bestimmung mit Hilfe des Kriteriums >Selbständigkeit der Bedeutung<. Der Begriff des W. selbst und seine Bestimmungen scheinen vielen vage und vorthoretisch, problematisch auch im Hinblick auf alle Sprachen. Zwar verfügen diese alle über einen Wortschatz. Dennoch sind strukturelle Stabilität, semantische Autonomie und andere Merkmale des W. in den Sprachen unterschiedlich ausgeprägt. Eine theorienabhängige Explikation von >W.< ist prinzipiell auch nicht möglich. Sinnvoll könnte dagegen eine Einführung des W.-begriffs im Rahmen einer Sprachtheorie mit Hilfe der axiomatischen bzw. impliziten Definition sein (Bartsch/Vennemann 1983, Vennemann/Jacobs 1982). Eine ausgewogene Bestimmung des W. versuchte Krámský (1969, S. 67), indem er als Kriterien Bedeutung und Abgrenzbarkeit, Isolierbarkeit und Ersetzbarkeit sowie akustische Identität und Kohäsion berücksichtigte. Als empirischen Gegenstand betrachtete das W. Bunting (Einführung 1971, S. 86). Dessen Eigenschaften sind morphologische Zerlegbarkeit, syntaktische, referentielle und kommunikative Funktionalität. Als Definitionskriterien des W. treten nach Reichmann (1976, S. 4f.) auf: Einheit des Schriftbildes, Hervorhebung durch Akzent, Isolierbarkeit, Substituierbarkeit und Selbständigkeit >>im Kleinstmöglichen Rahmen<<, selbständige und konventionalisierte Bedeutung, Referenzfähigkeit, syntaktische Funktion und Teilhabe an der Satzbedeutung. Der grundlegende Mangel eines ausdrucksseitig gewonnenen W.-begriffs liege im Verzicht auf inhaltliche Kriterien und damit in der Nicht-Berücksichtigung der Darstellungs-, Erkenntnis- und Kommunikationsfunktion der Sprache auf lexikalischer Ebene. Nimmt man eine Unterscheidung in Vollwörter oder Autosemantika und Funktionswörter oder Synsemantika vor, so kann man das W. als bilaterale bzw. durch Ausdruck und Inhalt konstituierte kleinste bedeutungstragende, kognitive und kommunikative Einheit der Sprachen bestimmen, >>sofern sie als syntagmatisch isolierte Substitutionseinheit einem Sprechpartner... sprachlich etwas über einen Sachverhalt zu wissen gibt<< (Reichmann 1976, S. 9).

Schippan (1984) scheint eine W.-definition nur unter den Voraussetzungen möglich, daß a) unterschieden wird zwischen >Wort< als invariantem Element des Sprachsystems mit der Möglichkeit zur Variantenbildung oder *Wörterbuchwort* einerseits und *Textwort* andererseits, daß c) die Bestimmung des W. auf verschiedenen Ebenen der Sprachstruktur erfolgt. Dabei gelten die ebenspezifischen Merkmale nicht für alle Wörter auf allen Ebenen. Im Idealfall erwist das Wort sich als Einheit auf phonemisch-graphemischer, morphematischer, syntaktischer und semantischer Ebene: Es steht dann im Schnittpunkt mehrerer Ebenen. Das W. als Element des Systems kann bestimmt werden >>als eine Grundeinheit der Sprache, die eine reproduzierbare, eine rekurrente Einheit von Formativ und Inhalt ist, als kleinste relativ selbständige Zuordnungseinheit von Formativ und Bedeutung<< (Schippan 1984, S. 88).

Vgl. -Lexem, Wortbedeutung, Wortsemantik, Wortfeld; Wortarten, Wortbildung, Morphologie; Lexikologie, Lexikographie; Wortschatz, Wörterbuch.

(Lewandowski, 1985b:1186)

Die volgende definisies, alhoewel minder uitgebreid (maar geensins minderwaardig nie) en ook vir die leek geskryf, gee 'n kernagtiger samevatting van dit wat hierbo genoem is.

5)

woord. I. Klankgroep met 'n bepaalde betekenis; ook, geskrewe, gedrukte voorstelling daarvan; wat gespreek is: *Die gesproke, geskrewe woord...*

(Odendal, 1984:1369)

6)

I. woord, o. (-en), l. kleinste, te isoleren spraakgeluid of (gewoonlijk) geheel van spraakgeluiden dat op zichzelf een betekenis heeft, het kleinste isoleerbare zinsdeel (gesproken woord) en voorts de zichtbare voorstelling hiervan (geschreven, gedrukt woord): (taalk.) het woord is het kleinste isoleerbare taal-moment (Reichling);...

(Geerts & Heestermans, 1984c:3438)

7)

I **Woord** znw. o., mnl. *woort* (d) o. = onfr. ohd. (nhd.) *wort*, os. ofri. ags. (eng.) *word*, 'on. *orð*, got. *waúrd* o. "woord". [Bijvormen (oude ablaut?): mnl. *wa(e)rt*, ofri., vooral owfri. *wird*, *werd* o.] Misschien uit idg. **wer̥ə-tó-* (**w̥r̥-tó-*) = gr. *πῆτος* "gezegd", deelwoordformatie - ablautend met oi. *vratá-* "gebod, wil wet", ksl. *rota* "eed" (obg. *rotiti se* "αναθεπαρισειν") - van de basis *werē-* naast *were-*; verwant zijn nog gr. *ειπω* "ik zeg", *πῆμα* "woord" en wsch. russ. *wru*, *wrat* "liegen". Germ. **wurđa-* kan ook met ier. *fordat* "inquiunt", lat. *verbum*, opr. *wirds* "woord", lit. *vařdas* "naam" van de langere basis *wer-dh-* komen.

(Van Wijk, 1949:802)

8)

WORT, f., area, s. *wurt*.

WORT, n., *verbum*.

herkunft und form.

ahd. *wort*, mhd. *wort*, wart, mnd. *wort*, mnl. *wort*, woord (*nebenformen, fraglich ob auf grund alter ablautsverhältnisse, wa(e)rt, awfries. wird, werd, s. FRANCK VAN WIJK 202b*), nl. *woord*, as. *word*, afries. *word*, ags. *word*, engl. *word*, anord *orð*, schwed., dän. und norw. *ord*, got. *waurd*, sämtlich gleicher bedeutung. dem gemeingermanischen *wort* (germ. **wurđa*) treten als auszergermanische verwandte, zur seite von derselben ablautsstufe (idg. urdho-) *apreusz.* *wirds* 'wort' sowie die ablautenden lat. *verbum* und lit. *vardas* 'name', lett. *vārds* 'wort, name' (vgl. SPECHT zs. f. vgl. sprachforschung 59, 65f., anm. 3) idg. basis *uer-dh-* in gr. *εἶπεν* - *φῶμεν* Hes. (s. SPECHT a.a.o.65) als erweiterung der wurzel **uer-*, *ure-* 'sagen, sprechen', die in gr. *ειπω*, *πιπω*, *πῆμα* zutagetritt, s. WALDE-POKORNY 1, 383f.; FALK-TORP 1, 799; HELLQUIST² 734; KLUGE-COETZE¹¹ 698^a.

(Grimm & Grimm, 1960:1467)

9)

Word (wɔrd), sb. Forms: I - word, I-6 *wurd*, (3 *wored*, *woerd*, *weord*, *wuord*, *wort*), 3-6 *werd*, 3 (4-6 *Sc*) *wourd*, (4 *wrd*, 4-6 *worde*, *wurde*, *Sc*. *vord(e)*, *vourd*, 5 *worp* (?)), 4-7 *woord* (6-7-e). 5-6 *Sc*. *wird(e)*. [OE. *word* str. n. = OFris., OS. *word*, MDu. *wort* (Du. *woord*), OHG., MHG., G. *wort*, ON. *orð* (Sw., Da. *ord*), Goth. *waurd*; - OTeut. **wurdom*; - pre-Teut. **wrdho-*; cf. Lith. *vařdas* name, Lett. *vārds* word, forename, OPruss. *wirds* word, OIr. *fordat* 'inquiunt'.

Indo-Eur. *werdh.* is generally taken to be a deriv. of *wer-*, *were-*, which appears in Gr. *Γερων* I shall say, *Γερων* speaker, L. *verbum* word, Skr. *vratām* command, law, etc.]...

12. A combination of vocal sounds, or one such sound, used in a language to express an idea (e.g. to denote a thing, attribute, or relation), and constituting an ultimate minimal element of speech having a meaning as such; a vocable.

Sometimes with reference to the writing of a word as an indivisible unity. e.g. as *one or a single word*, as *two words*...

b.†(a) As designating a thing or person: A name, title, appellation. Obs. (b) As expressing an idea: A term, expression...

- c. A written (engraved, printed, etc.) character or set of characters representing this...
- d. In contrast with the thing or idea signified...
- e. *The word* (as predicate): the right word for the thing, the proper expression; hence contextually denoting or indicating the thing spoken of, esp. the business in hand or to be done. *colloq...*

(Murray et al., 1961b:279)

10)

'word \ 'word \ n [ME, Ir. OE; akin to OHG *wort* word, L *verbum*, GK *eirein* to say, speak] 1 a : something that is said b *pl* (1) : TALK, DISCOURSE <putting one's feeling into ~ s> (2): the text of a vocal musical composition c: a brief remark or conversation <would like to have a ~ with you> 2 a (1): a speech sound or series of speech sounds that symbolizes and communicates a meaning without being divisible into smaller units capable of independent use (2): the entire set of linguistic forms produced by combining a single base with various inflectional elements without change in the part of speech elements...

(ANON, 1977:1350)

1.2.3 Verskillende opvattinge oor die woord⁴⁹

Volgens Sapir (1949:25) is die werklike betekenisdraende elemente van die taal oor die algemeen reekse klanke, nl. dié van woorde⁵⁰, woorddele met 'n eie betekenis, en woordgroepe. Wat hierdie elemente onderskei, is "... dat elk daarvan het waarneembare teken vormt voor een bepaalde gedachte, hetzij van een enkel begrip of beeld, hetzij van een aantal van zulke begrippen of beelden die volkomen tot een geheel verbonden zijn".

Die woord kan gevolglik uitgelig word as die mees herkenbare taaleenheid⁵¹ waarmee ons elke dag omgaan.

Vir etlike eeue is daar bespiegeling oor watter rol die woord in die taalkunde moet inneem. Dit is eers toe die sintaksis as sentrale komponent in die TGG te voorskyn getree het, dat die woord op die voorgrond begin tree het. Die Europese strukturalistiese uitgangspunt was van kardinale belang in dié opsig. Hul uitgangspunt was 'n woordgeoriënteerde morfologie: dié benadering gee voorrang aan die woord terwyl die morfeem slegs dien as iets wat aan woorde en kragtens woorde bestaan.⁵² Hulle het begin insien dat die woord as eiesoortige eenheid beskou moet word, onderhewig aan sy eie wetmatighede.⁵³

Sintaktiese navorsing het daarop gedui dat geen nie-fonologiese transformasionele reël laer as die woord reik nie.⁵⁴ Die woord is dus die kleinste eenheid⁵⁵ wat deur die verskeidenheid transformasionele reëls verskuif kan word.

Die woord is die fundamentele, primêre of outonome taaleenheid⁵⁶, 'n individuele verskynsel wat die basiese bousteen van taal vorm.⁵⁷ Verder is dit ook 'n funksionele eenheid⁵⁸ in elke aspek van sy ontstaan, wording en vorm: in die woord versmelt gees en materie, logos en klank tot 'n onskeibare, wesenlike eenheid om ervarings, bevindings, gedagtes, wense, versoeke, bevele en vrae uit te druk en te beskryf.

'n Woord is (volgens Labuschagne), linguisties-geneties bepaal, niks anders as die in potensiële klankgestalte beliggaamde en vormgegewe, vergeestelike ervaring van die menslike persoonlikheid nie, d.i. van die mens se vergeestenis.⁵⁹ Elke vergeestenis is 'n geheelheid van die emosionele en rasonale (of intellektuele) en volisionele⁶⁰ belewing van die inhoud of die objekte van die ervaringsomwêreld wat as 'n ervaarde en beleefde en vervolgens vergeestelike eenheid in die vergeestenis betrek word. 'n Woord is dus 'n eenheid in klankgestalte van 'n emosioneel-rasioneel-volisioneel vergeestelike ervaring en belewing en daarom nie alleen nie van 'n begrip of idee nie, maar van veel meer as 'n idee of 'n begrip.⁶¹

Alhoewel bogenoemde definisie nie die alfa en omega is aangaande die woord nie, en die laaste woord nog nie daaroor gesê is nie, is dit en bly dit een van die bes deurdagte definisies⁶² in die Afrikaanse taal.

Vir Reichling⁶³ (soos aangehaal in Van Wyk, 1968a:9) is die woord as ervaringsmoment: "... het, op de wijze der taal gevormde, aanschouwelijk-onaanschouwelijke gebruiksteken. De aanschouwelijke figuur bestaat in een, op de wijze der taal gekende, klankvorm, de onaanschouwelijke betekenis in, op de wijze der taal gebonden, denkmomenten".

Daar is baie taalkundiges wat beweer dat daar nog geen bevredigende woorddefinisie⁶⁴ is nie. Van Wyk (ibidem:8) beweer dat

woorddefinisië en uiteensettings van woordkenmerke volop is, maar dat woordkategorieë dun gesaai is.

Alhoewel taalondersoekers nader aan 'n deurbraak beweeg t.o.v. die verstaanproses van al die taalprosesse, is dit egter nog geen uitgemaakte saak dat die mens sy uiting begin met 'n woordidee waaraan hy dan later 'n fonetiese vorm⁶⁵ koppel nie. Hierdie woordidee is "... a definite and firmly packaged lexical item". Verskeie aanduidings dui daarop dat dit wel die geval mag wees dat 'n spreker, terwyl hy 'n klank uiter, sekere sleutelwoorde (gewoonlik in 'n nie-fonetiese vorm) trag te vind, en dan 'n sintaksis daaromheen konstrueer. Dit geskied tydens die sogenaamde beplanningsfase van 'n uiting.⁶⁶

Ook Bosman (soos aangehaal in Labuschagne, 1948:11) het verwys na die probleem wat "eenheid van begrip"⁶⁷ inhou, d.w.s. die sg. tradisionele beskouing van die woord. Die beskouing dat 'n woord 'n idee of begrip dra of vertolk, is 'n logiese, 'n rasionalistiese en 'n nie-linguistiese opvatting. Dat woorde aangewend of gebruik word om begrippe en ideë te dra en te vertolk, lê opgesluit in die wese, aard en funksie van die taal. Wat hier van belang is, is dat die woord 'n taalfunksionele eenheid moet vorm. Hierdie eenheid, met al sy verskillende vormkenmerke, word opgebou uit die taalklank⁶⁸, die fisiese materie, wat die taalmaker inspan vir woordmaking of woordvorming. Vir hierdie doel moet die mens oor 'n woordsentrum, of taalsentrum, in die brein⁶⁹ beskik, sodat klankfisiese vormgewing kan plaasvind.

Die uiteindelijke vergestaltung van al hierdie prosesse is die woord, wanneer die logos fisiese taalgestalte kry op die moment van ingieting van klank.

Die woord self, "uiterlik" beskou, beskik oor 'n bipoliese eenheidsstruktuur, nl. 'n logospool en 'n klankpool. 'n Eenheid van klankvorm en die kennis van dit waaroor met behulp van die vorm gepraat word, word gevorm.⁷⁰ Ook Jacobs (1951:20)⁷¹ kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n eenheid tussen woordbetekenis en klankverbinding is.⁷²

Reichling (1967:53) sê in hierdie verband: "... dat wij het woord als 'n eenheid ervaren, en niet als een na elkaar van momenten".

Hierdie woord is geen "teken"⁷³ van iets nie, dit "be-teken" nie iets nie, of "wys nie heen na iets nie". Die woord is iets in sy eie aard, met sy eie bestaansreg.⁷⁴ Dit is wel 'n "taalteken"⁷⁵, 'n grafiese hulpmiddel wat ingespan word om na sekere sake te verwys.

Die woord kan ook nie 'n "simbool"⁷⁶ wees nie, maar is 'n instrument of middel wat die taalgebruiker inspan om uiting te gee aan sy "verinnerlikte" logosse, as 'n logosvergestalting. Ondergeskik aan hierdie doel en funksie is die materiaal en vorm wat doelbepaald, funksiebepaald en -gerig is, gegiet in 'n vorm⁷⁷, wat ons dan help om tot 'n bepaalde kennis te kom, 'n "begrip van die uiting"⁷⁸, deur dit teenoor ander situasies te plaas binne 'n sekere konteks.⁷⁹

Hierdie kennis moet gedeelde kennis wees, of soos Reichling (1935:49) dit stel: "Een taalteken⁸⁰ is... een op de wijze der taal gevormd, aanschouwelijk-onaanschouwelijk ken-geheel waarin we iets anders kennen, dat we tevoren reeds, op een of ander wijze, kenden." Ons het hier ook met psigiese entiteite te doen, wat binne bepaalde grense varieer⁸¹, deurdat dit deur konvensie van die taalgemeenskap vasgestel word. Van Wyk (1969:30) voer aan dat die taalgebruikers onder bepaalde omstandighede hulle sinne op so 'n wyse segmenteer dat woorde vormlik daarin kenbaar word.

Die betekenisaspek van hierdie entiteite is dus opgesluit in dit waaroor daar dan gepraat word en waaroor ooreenstemming bereik is.

Een van die gevolgtrekkings waartoe 'n mens kan kom, en wat Jacobs (1951:29) dan ook aantoon, is dat nie alle woorde ewe ryk aan betekenisinhoud is nie, of dat nie alle woorde aan dieselfde maatstawwe getoets kan word nie. So is daar byvoorbeeld woorde wat oor geen vormrykdom of verhewe geestelike inhoud beskik nie. Alhoewel hierdie woorde volwaardige woorde is, en net soos ander woorde 'n bestaansreg het, beskik elkeen van hulle oor 'n eie funksie. Ons kan hulle

klassifiseer volgens sekere linguistiese (of semantiese) of nie-linguistiese kennisaspekte. So is daar bv. leksikale of noemende woorde, deiktiese woorde, woorde met 'n eksponensiële groeps waarde en ander met grammatiese waarde.⁸²

Die woordverdelingsgebruik van verskeie tale beantwoord in beginsel aan linguistiese eenhede wat as woorde beskou kan word. Dat die woord 'n moontlike universele verskynsel blyk te wees, spruit uit die feit dat dié gebruike óf die resultaat is van spontane historiese ontwikkeling, óf doeltreffend aangepas is by die sisteme van die betrokke tale.⁸³

Alhoewel daar oor bogenoemde aspekte van die woord onenigheid mag wees oor die aanvaarbaarheid daarvan al dan nie, is die teendeel ook waar, nl. dat daar baie instemming (of enigheid) en ooreenkoms is by die beskouinge van baie taalkundiges en linguiste. So is daar bv. nog geen algemene instemming (of algemeen geldende model) oor die onderskeiding grammatiese woorde en fonologiese of ortografiese woorde⁸⁴ in 'n sintaktiese beskrywing nie.

Volgens Lyons (soos aangehaal in Van Wyk, 1973:15) is eersgenoemde woorde abstrakte eenhede, bestaande uit morfeme, en laasgenoemde die representasie daarvan in fonologiese of ortografiese substansie.⁸⁵ Dit is vir Van Wyk (ibidem:16) 'n uitgemaakte saak dat die grammatiese woorde altyd fonologiese of ontologiese eksponente moet hê. Sy uiteensetting van die lekseem⁸⁶ is vir ons doel uitvoeriger as dié van Lyons, nl. dat dit uiteensit dat dit die leksikale kern van die morfologiese woord is.

Vir hierdie studie kan ons dus volstaan met die bevinding van Webb (1978:12) wat aan die woord as teoretiese konstruksie bewysreg gee: die woord korrespondeer met 'n deel van die volkspreker se taalkennis, dit het empiriese inhoud, en dit verwys na waarneembare eienskappe van die talige werklikheid.

Die waarskuwing van Ponelis (soos aangehaal in Webb, 1978:29) moet nie ligtelik opgeneem word nie, en dit is dat taalkategorieë (hiër sluit dit die "woord"-kategorie en alle verwante aspekte in, nl. dat die woord deel is van 'n sin, en dus as geheel of binne konteks beskou behoort te word) nie in waterdigte kompartemente verpak mag word nie. Volgens hom moet aanvaar word dat sommige lede van 'n kategorie meer of minder van die kenmerke van die kategorie as ander lede mag hê, en sal daar dus onderskei moet word tussen woorde wat maksimale woordstatus het en ander wat weer minimale woordstatus het.

Nie alle woorde beskik oor al die sg. woordkenmerke nie. Hy het n.a.v. navorsing bewys gelever dat sommige woordkenmerke basies en primêr⁸⁷ is, terwyl ander daarteenoor basies en sekondêr⁸⁸ is, ander weer toevallig. Volgens hom kan 'n mens aflei dat alle woorde nie in dieselfde mate "woordoutonomie" het nie, en dat daar gevolglik 'n dimensie (of grade) van woordwees is.

Die woord is slegs een van die eenhede⁸⁹ waardeur semantiese en fonologiese weergawes op mekaar afgepaar word. Dit kom betreklik laat (of vlak) tot stand, en funksioneer dan eers dáár as een van die realisasiemedia vir die onderliggende semantiese kategorieë wat 'n onbeperkte reeks taaluitinge tot gevolg kan hê.

1.2.4 Die Afrikaanse woord

Die voorafgaande beskouings aangaande die woord kan ook op dié verskynsel in Afrikaans toegepas word. Van Wyk (1968:7) dui op die feit dat die probleme i.v.m. die woord in Suid-Afrika, en in die besonder vir Afrikaans, meer aandag geniet as elders. 'n Moontlike oorsaak hiervan is die magdom invloede wat 'n rol gespeel het op die ontwikkeling van "Afrikaans" (vgl. hier die laaste hfste.).

Die proses gaan egter voort om geskikte en voldoende verklarings vir alle aspekte of verskynsels by elke woord te formuleer.⁹⁰ Volgens Posthumus (1968:37) het ook Afrikaans 'n teken "woord" wat op die ervaring van 'n struktuurelement in die taal deur die taalgemeenskap

dui, en wat as die neerslag van 'n soort oorgelewerde intuitiewe beskouing van 'n taalervaring by die spreker is en die woordbeskouing van die intuitiewe taalgebruiker weerspieël.

Dié ondersoek sal ook voorts poog om die eienskappe en kenmerke⁹¹ van 'n korpus woorde te ondersoek en daaroor verslag te doen. Daarna sal die beskouing van die woord - met spesifieke verwysing na die Afrikaanse woord as beskrywingseenheid - gemeet aan sekere toetse⁹² om die woordstatus daarvan te bepaal, dalk meer relevant wees. Die uiteindelijke gevolgtrekking kan dan dalk 'n geordende woordidentifikasietegniek⁹³ van die betrokke aspekte of items tot gevolg hê.

1.2.5 Oor betekenis

1.2.5.1 Die semantiese aspek⁹⁴

Taal op sigself sou sonder enige sprekers geen bestaansreg gehad het nie. Dit is daarom dat taalgebruik so belangrik is - al kan ons dit nie aldag begryp nie, of al ken ons nie altyd al die antwoorde op al die vrae wat ons het nie.

Reichling (1965:66) het die samehang tussen die vormlike en die semantiese aspekte soos volg uiteengesit: "Het semantische is de kennis die vervat is in de taalbouwsels tijdens hun gebruik."

Vroeër, en veral onder Bloomfield en sy aanhangers, is geglo dat betekenis nie vir wetenskaplike studie toeganklik is nie⁹⁵. So was Harris byvoorbeeld van mening dat betekenis heeltemal uitgeskakel moet word wanneer taal bestudeer word.

Die transformasioneel-generatiewe grammatici het die standpunt gehuldig dat die semantiese aspek wel bestudeer moet word, maar nie veronderstel moet word in die beskrywing van die formele aspek nie.

Steyn (1968:6) verwys bv. na Kraak en Klooster wat dié twee aspekte probeer koppel het, deur te beweer: "Dit heeft ertoe geleid dat aan

het laaste (nl. die vormondersoek) voorrang word gegee en dat men by betekenisondersoek zoveel moegelyk tracht aan te knopen by vormondersoek."

Dit was eers sedert Reichling, Jakobson, e.a. dat besef is dat die bestudering en beskrywing van die formele en semantiese aspekte onderling van mekaar afhanklik is. Hoe dit gedoen is, het van elke ondersoeker afgehang. So het Reichling byvoorbeeld beweer dat ons in die eerste fase van taalondersoek eers die semantiese nodig het om die taalvorme vas te stel. Volgens hom is die semantiese 'n heuristiese middel⁹⁶ om dit te doen, nl. om "... de vormen (te) 'herkennen'...". "Zonder kennis van (het) semantisch aspect weten we eenvoudig niet welke vormen we mogen en moeten vergelijken... Hebben we... eenmaal de elementen in een bepaalde taal vasgesteld, dan kunnen we verder de verhoudingen die tussen deze elementen bestaan, bestuderen en schematiseren..."⁹⁷

Die waarskuwing van Van Heerden (1977:14) kan ook hier bygesleep word. Hy wys daarop dat betekenis as die basiese of primêre gegewens in taal as tekensisteem aanvaar en in sy strukturering ondersoek moet word. Betekenis moet dus as entiteit aanvaar word, hoe kompleks dit ook al van aard is of mag wees (Gitt (1986:150) werp meer lig op hierdie aspek; hy wys daarop dat die maateenheid vir semantiese inligting die "sit" is, nl. t.o.v. semantiese kwaliteit, relevansie, aktualiteit, "Zugriff (greep)" en eksistensie). Ook volgens Jakobson (soos aangehaal in Steyn, 1968:7) is daar 'n noue verband tussen die klankvorm en die betekenis van taal.

Vandag is daar 'n toenemende aantal vakkundiges, en veral pragmatici, wat van mening is dat die formele aspek nie van die semantiese aspek te skei is nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die semantiek en die strukturele taalondersoek binne die sinchroniese taalbeskouing naas mekaar erken is, as geheelsisteem of sintese.⁹⁸

Deur die semantiese aspek by te sleep kan ons onderskei tussen woorde met leksikale betekenis (waar die betekenis geïdentifiseer kan word)

en woorde met grammatiese betekenis (waar die betekenis net in terme van 'n grammatiese funksie aangedui (kan) word). Sommige woorde beskik egter oor weinig leksikale en geen blote grammatiese betekenis nie.⁹⁹ 'n Bewys hiervoor is dat sommige woorde op sigself geen betekenis dra nie, maar wel (of slegs) wanneer dit in 'n geheel voorkom.¹⁰⁰

Die semantiese verband(e) moet by hiërdie woorde altyd in berekening gebring word. Lynreg hierteenoor is ook die bevinding van De Bruyn (1980:37) wat beweer dat die konteks aan 'n betrokke uiting sy betekenis gee. Die pragmatiek neem die uiting (of sin) as basis vir ondersoek, maar neem dan ook in ag dat elke uiting deel is van 'n groter geheel, bv. 'n gesprek, ens. wat in een of ander omgewing of moontlike wêreld plaasvind.

1.2.5.2 Die woord en betekenis

Die woord, net soos die taal, word gestruktureer om as werktuig te dien vir alle taaldoeleindes, m.a.w. om al sy betrokke linguistiese (lees linguale) funksies te verrig.¹⁰¹ Verby is die dae dat slegs die hoofkategorieë, nl. die substantiewe, werkwoorde, ens. betekenisvol was¹⁰² en dat die ander woordsoorte slegs 'n bydrae tot die somtotaal van die betekenis van sinne bygedra het deur 'n sekere grammatikale "vorm" daaraan te verleen.¹⁰³

Jacobs (1951:32) wys daarop dat een van die woord se vernaamste kenmerke juis sy bruikbaarheid vir 'n verskeidenheid van sake onder verskillende omstandighede is. Hierdie sake self is nie-kommunikeerbaar, deurdat daar 'n proses van losmaking van die sake self plaasvind, 'n proses waarin die kennis van die sake self oorgaan in geabstraheerde kennis.¹⁰⁴

Van Heerden (1965:32) se betekenisdefiniëring draai om die idee dat taal bestaan omdat dit beteken¹⁰⁵, en dat betekenis die wesenlike en primêre aspek is wat aan taal sy bestaansreg verleen. Daarom moet die taalkundige, of semantikus, poog om die betekenisstruktuur van 'n

woord vas te stel en sy funksie bloot te lê, en nie om die betekenis daarvan te probeer verklaar nie.

Ook Snijman (1966:18) het ondersoek ingestel na die "relasies" tussen dinge. Volgens hom word ons tyd in baie opsigte gekenmerk deur 'n siening en vorming van die werklikheid wat berus op die betrekking tussen dinge.¹⁰⁶ Dit verskyn of ontwikkel dan as geheel, deur 'n veelsydigheid van relasies waar die komponente geheelvormend op mekaar betrokke is.¹⁰⁷ Andersyds is die afhanklikheid daarvan dat die verskillende aspekte daarvan mede bepaal word deur sy verhouding tot ander dinge.¹⁰⁸

Die woord is ryk aan betekenis of geestelike inhoud.¹⁰⁹ Die afsonderlike klanke waaruit 'n woord opgebou is, dra as sodanig geen betekenis nie.¹¹⁰ Hulle funksie is slegs om woorde saam te stel. Daarteenoor dra die woorde van 'n taal wel betekenis¹¹¹, deurdat die reëls van 'n betrokke taal se grammatika op 'n unieke manier, en vasgelê oor 'n lang tyd, woorde saamstel deur sekere klanke te verbind¹¹², om dan weer sinne te konstrueer deur 'n aantal woorde saam te voeg. 'n Woord word gevolglik aan sy betekenis herken en nie aan sy vorm nie.¹¹³

Taal is meer as net 'n versameling klankbousels wat deur volgorde beheers word.¹¹⁴ Hierdie versameling klankbousels word nie na willekeur uitgeruil nie. Daar is "iets" wat deur die klankbousels betrek word wat veroorsaak dat die taalgebruikers mekaar kan begryp. Hierdie "iets" word betekenis¹¹⁵ genoem.

Om die taal van die taalgebruiker en grammatikus verder te vergemaklik, word daar 'n onderskeid getref tussen leksikale betekenis (of woordbetekenis) en grammatikale (of kategoriale) betekenis.¹¹⁶ Nie net die individuele woorde beskik oor betekenis nie, maar ook bepaalde klasse items in die sintaksis dra betekenis.

Sapir (1949:36) het daarop gedui dat die woord een van die kleinste stukkies geïsoleerde "betekenis" is waarin die sin hom ontvou. Hierdie woord kan nie in onderdele opgebreek word sonder om die

"oorkoepelende" woordbetekenis te verander nie, of dat slegs brokstukke sou oorbly nie. Kernagtig kom dit dus daarop neer dat die woordbetekenis "... dit wat in 'n woord, as kleinste selfstandige taaleenheid, deur die gebruikers van die taal begryp kan word"¹¹⁷, is.

Die woord kan alles wees, van die uitdrukking van 'n "enkelvoudige begrip"(hetsy konkreet of abstrak), of dit kan 'n verhouding aandui. Dit kan ook 'n volledige gedagte uitdruk.¹¹⁸ De Villiers (1948:5) het ook daarop gewys dat die wesenlikste eienskap van die woord sy bruikbaarheid vir verskillende dinge en situasies bly. Die betekenis laat wel die aanwending vir verskillende doeleindes toe, maar kan ook die moontlikhede terselfdertyd beperk. Die betekenis bepaal dus die gebruiksmoontlikhede, maar die gebruik kan die betekenis ook tegelykertyd verander.

Snijman (1966:23) sê self hieroor: "Die woordbetekenis as sodanig is van die aard van 'n potensialiteit, 'n potensialiteit wat hom in gebruik op die een of ander wyse kan verwerklik. Hierdie verwerkliking geskied in die betrekkinge van die situasie, in die "objektiewe" wêreld van die gebruikte woord, sodat ons uit die aard en kenmerke van hierdie saaklikheid die betekenis of die betrokke betekenisaspek van die woord kan vasstel. Die struktuur van die betekenis kan dan gesien word as die samehang van die onderskeibare verwerklikingsmoontlikhede."

Hoofsaak bly egter dat die woord as woord bestudeer moet word, en nie met die ander (of deur...) deeldissiplines binne die sinchroniese taalkunde verwar (of uit verband geruk) moet word nie. Hoofstuk sewe (p. 317) voeg 'n ander dimensie by dit wat hierbo gesê is, en dit is dat daar ook 'n (vir baie) "verborge dimensie" bestaan wat gewoonlik geïgnoreer word.

1.2.6 Praktiese indeling¹¹⁹

Die praktiese indeling van die gegewens wat tot dusver behandel is, kan op verskillende maniere geskied. Daar sal voorlopig volstaan word

met 'n meer tradisionele of universele indeling wat berus op dié verskynsels wat inderdaad in die verskillende Germaanse tale voorkom. Hierdie verskynsels moet later deurgetrek word na die objek van hierdie ondersoek.

1.2.6.1 Die paradigma¹²⁰

Binne die Tradisionele Grammatika was die konsep van "ideële kategorieë", afgelei van die Griekse woordbetekenis "kategoria"¹²¹, wat na soorte, groepe of afdelings verwys, geen onbekende begrip nie. Die ou Griekse wysgere was reeds van hierdie natuurlike en waarskynlik universele verskynsel bewus wat klaarblyklik in alle tale voorkom.¹²²

Dit was Plato wat in die Westerse taalstudie die eerste klassifikasie aangebring het deur twee sinsdele - of dele van die *lógos* - te onderskei, nl. *ónoma* en *rhēma* - 'n verdeling in terme van sintaktiese funksie. 'n Herwaardering van die sintaktiese funksie(s) van die onderskeie Afrikaanse aspekte sal ook later blyk belangrik te wees.

Aristoteles was vir die eerste woordklaseskeiding verantwoordelik. Hy het onderskei tussen *ónoma*: "stemgeluide" met 'n betekenis (sonder tydsverwysing), *rhēma*: spraakgeluide met betekenis, wat tyd aandui (afsonderlik beskou beskik dit nie oor betekenis nie, maar is 'n teken van wat van iets anders "geprediseer" word), en *syndesmoi*: wat later geklassifiseer is as voegwoorde, voorsetsels, lidwoorde en voornaamwoorde.

Die Stoïsyne het vroeg reeds op hiërdie klasse uitgebrei, totdat Aristardius agt klasse (deur Dionysius Thrax uiteengesit) vasgestel het, waarvan die *rhēma* (of werkwoord) een is¹²³ - 'n indeling wat vandag nog oral gebruik word. Uit die ondersoek sal dit ook mettert tyd blyk dat hierdie indelings die Germaanse taal tot in sy wese beïnvloed het.

Ponelis (1968:27) verwys na die groeepanalise van Paardekooper wat op die volgende begrippe berus, nl. die sintagmatiek, paradigmatick,

binne- en buitebou.¹²⁴ Hy dui bv. daarop dat daar in elke sintagma 'n besondere paradigma is. Deur volgorde neem die momente van 'n groep bepaalde plekke t.o.v. mekaar in. Die taaleenhede waaruit 'n sintagma saamgestel is, is van enige grootte, maar wat in 'n aanvaarbare en hegte samehang (soos in sekere konstruksies) met mekaar in 'n sin voorkom. Volgens Webb (1978:29) is die woord die sentrale eenheid van die paradigma.

Van Schoor (1983:5) wys daarop dat wanneer woorde (maar ook ander taaleenhede) mekaar in 'n vaste samehang deur ander woorde kan vervang, en wanneer sulke woorde in dieselfde konteks voorkom, hulle 'n paradigma vorm.

Paradigmatiese druk is 'n taalkrag, 'n lewende werklikheid vir die taalgebruiker¹²⁵ en daarom moet die grammatika ook daarvan rekenskap gee. Die paradigma is 'n samegroepering van items wat onderliggend onvervangbaar is maar tog in 'n bepaalde opsig ooreenkom. Rekenskap van die paradigma kan slegs in terme van woorde gegee word.

Die klem sal in hierdie ondersoek veral op die werkwoord val, en dan in die besonder op die medewerkwoord, as paradigmatiese groep (as verteenwoordiger van/op 'n sg. paradigmatiese as) en in paradigmatiese opposisie¹²⁶ met ander geslote en oop alternatiewe groepe.¹²⁷ Die werkwoord in sy geheel behoort tot hierdie oop groep, met sy onbeperkte moontlikhede. Die meeste leksikale items, anders as die grammatikale items wat tyd, geslag, ens. aandui, behoort tot hierdie groep.¹²⁸ Alhoewel ons hier met 'n universele verskynsel te doen het, sal daar slegs gekonsentreer word op dié verskynsel soos wat dit uiteindelik gerealiseer het in die onderskeie tale (die sg. "Einzelsprachen") binne Germaanse volksverband.

1.2.6.2 Die klas

'n Verdere praktiese oorweging vir sintaktiese verdeling lê in die semantiese klas¹²⁹ opgesluit, wat baie nou by die groep, paradigma en vorm aansluit.

Die beste kriterium vir indeling wat hier kan geld, is volgens natuurlike klasse.¹³⁰ "Natuurlike indelings" is volgens Stoker indelings volgens vereistes van "relevante" kenmerke van reële gegewens, of volgens logiese vereistes van begrippe.

Die begrip "klas" is egter nie net beperk tot die taalwetenskap nie. Dit en sy variante, nl. "tipe", "soort" en "kategorie", is 'n universele begrip en verskynsel - en by uitstrek 'n begrip uit die logika.¹³¹ As logiese konsep poog dit om "soorte", "woorde", "groepe", ens. binne die versamelingteorie te orden of saam te vat. Dit sluit verder ook ander groepe, nl. subkategorieë, soos die sg. "gaps", sintagma, paradigma en graderingskaal in.

Ook Labuschagne (1957:87) het na hierdie verskynsel verwys wat uit chaos orde wil skep - synde dat die ervaringslewe in die kosmiese sisteem gerangskik en georden word. Elke logos beskik alreeds, voordat dit vergestalt word, oor 'n sonderskeidings-, soortonderskeidings-, rangskikkings- en ordeningsfunksie. Hierdie indeling het woordonderskeiding en woordsoortonderskeiding tot gevolg, en kan op verskillende maniere geskied.

'n Indeling kan ook geskied op grond van die verdeling van 'n aantal woorde wat volgens hulle aard eenders gebruik word, d.w.s. na aanleiding van die plek wat hulle in die sin inneem of die funksie wat hulle vervul. Volgens die formele grammatika is daar slegs 'n beperkte aantal gebruikspatrone of verbindingsmoontlikhede waarvolgens woorde verbind.¹³²

So kan Afrikaanse woorde geklassifiseer word op grond van semantiese aspekte, morfologiese struktuur en sintaktiese gebruik.¹³³ Vir Van Wyk (1989:9) bestaan daar twee groeperings, nl. die "sisteemwoord" (die woord as kategorie in die taalsisteem) en die "skrifwoord" (die woord as 'n geïsoleerde groep letters op skrif).¹³⁴ 'n Klas is volgens Steyn (1968:21) individuele verskynsels wat op 'n bepaalde wyse sistematies ooreenkom. Wanneer 'n mens al die lede van 'n gegewe klas

kan opnoem, het 'n mens met 'n ekstensionele klas te doen.¹³⁵ Al die groepe en sinne van 'n taal kan egter nie opgesom word nie (hier word die fisiese realisasie¹³⁶ van die elemente van die taalsisteem buite rekening gelaat).

Indien wel, sou 'n mens die hele gebruiksveld van woorde moes insluit in een of ander sisteem wat ten nouste saamhang met die sintaktiese gebruik van woorde. Steyn (1968:40) verwys bv. na Robius wat beweer dat woordklasse primêr deur hulle verskillende sintaktiese klasse onderskei word.¹³⁷ Naas die sintaktiese klasse is die morfologiese klasse ook relevant. Daar is ook klasse van woorde wat met sintaktiese klasse ooreenkom deurdat hulle op dieselfde wyse met ander woorde verbind word.

Sodra 'n woord volgens Van Heerden (1965:97) in 'n sintaktiese verband geplaas word, kan 'n bepaalde kategoriale betekenis tot uitdrukking kom. Verskillende morfologiese en/of sintaktiese verbindingsmoontlikhede kan as kenmerke van hierdie kategoriale betekenis beskou word.

In Afrikaans val morfologiese woordklasse (d.w.s. klasse van woorde wat 'n gemeenskaplike grammaties-kategoriale woordaspek besit) ten dele saam met sintaktiese woordklasse. Woorde wat sintakties en/of morfologies beskryf is as horende tot 'n bepaalde klas, kan dikwels ook opgevat word as lede van 'n semantiese klas. Woorde wat dieselfde sintaktiese kenmerke het en dus in kombinasie met dieselfde tipe woorde voorkom, het ook die kenmerk gemeenskaplik dat hulle juis in kombinasie met dergelike woorde in staat is om as 't ware die een poot te vorm van 'n kategoriale kombinatoriese semantiese aspek.¹³⁸

Steyn (1969:22) onderskei tussen drie soorte semantiese klasse. Vervolgens word daar kortliks op hierdie klasse ingegaan omdat die implisiete aanduiding van klaskenmerke as hulpmiddel moet dien by 'n latere geformaliseerde beskrywing daarvan, en kan 'n ondersoek van hierdie aard as voorstudie dien tot 'n meer uitgebreide en eksplisiete grammatika.

i) **Kombinatories - semantiese klasse** ontstaan deur 'n proses van verbinding wanneer die taalgebruiker handel volgens sekere

kombinasietipes, bv. wanneer 'n adjektief met 'n substantief verbind (d.w.s. verskillende klasse met mekaar, of wanneer verskillende groepstipes tot stand kom). Die kombinatoriese aspek funksioneer onafhanklik van die werklike individuele interpretasies van die uitinge.

ii) **Sinsdeelfunksies.** Tussen die groepe/of woorde in 'n taaluiting bestaan daar ook kennisverhoudinge wat nie semanties van aard is nie. Die verhoudinge tussen sekere bousels, die tradisionele sinsdele, hang o.a. af van die wyse waarop die sake wat deur die bousels genoem word, as betrokke op mekaar, gedink word in die begrip van die uiting. So is daar verskillende bepalingsverhoudings, afhangende van die gegewens in die begrip van die uiting. Die verhouding tussen 'n substantief (-groep) en 'n werkwoord (-groep) kan ook van verskillende tipes wees, bv. subjek-predikaat, predikaat-objek of predikaat-adverbiaal.¹³⁹

By die groepe gee die aard van die verbonde woorde dus die aanduiding van die basis van interpretasie, en speel situasionele gegewens soms die deurslaggewende rol by die interpretasie daarvan. By die sinsdele moet die mens hom dikwels ook by die interpretasie van 'n uiting beroep op die aard van die verhouding tussen die saamgevatte sinsdele. Hierdie verhouding tussen die sinsdele is ook moeilik omskryfbaar, en kan die subjek-predikaatsverhouding wat bv. tussen 'n substantief (-groep) en 'n werkwoord (-groep) gestig word, beskryf word wanneer die saak deur eersgenoemde genoem, geïnterpreteer word as dit van waaruit die saak hom voltrek wat deur die werkwoord (-groep) genoem word.¹⁴⁰ Daar bestaan egter sekere kennisbetrekkinge tussen die taal-bousels wat nie suiwer linguisties verklaarbaar is nie.

iii) **Klasse van woorde met dieselfde affiniteit.** Woorde kan ook geklassifiseer word op grond van betekenisonderskeidings wat mens in beskouing kan vasstel. So kan daar in sekere woordklasse subkategorieë optree.

In taalgebruik stel elke woord 'n veld van verbindingsmoontlikhede, -beperkinge en -noodsaaklikhede. Sekere daarvan hang van sy valensie

af, d.w.s. van die potensialiteite wat hy deel met ander voorbeelde in sy klas. Steyn wys egter ook daarop dat woorde ook beperkinge stel op grond van hul individuele semantiese aspekte. So is daar woorde wat 'n groter of kleiner affiniteit tot verbinding met ander woorde besit, en dit op grond van hul onderskeie betekenisse. Hierdie affiniteit tot verbinding met ander woorde in alledaagse situasies kan aanleiding gee tot die opstel van seleksieklasse.

1.2.6.3 Oor vorm... en funksie

1.2.6.3.1 Oor vorm...

Ook vorm het nog altyd in die brandpunt gestaan van menige taalonderzoek. So het De Saussure e.a. vroeg reeds 'n onderskeid probeer tref tussen vorm en substansie. Ponelis (1968:27) verwys bv. na die feit dat die (bosegmentele) klankvorm¹⁴¹ (of "modulation"), naas ander diskrete eenhede soos volgorde ("order") en klas ("selection"), vir Bloomfield relevant is t.o.v. die groepering van stukke.

Met die eerste oogopslag is dit die uiterlike vorm van die woord wat 'n mens se aandag dadelik trek. Woorde¹⁴² word nog altyd in terme van gehele beskryf, afgebaken deur woordgrense, saamgestel uit fonologiese segmente wat gevoelig is vir 'n verskeidenheid van fonologiese reëls. Van Heerden (1965:37) sê ook dat die klankvorm, dit wat ons in die taalfisiese ken, moment is van 'n geslote eenheid waarvan dit 'n integrerende deel is - 'n eenheid waarvan geen enkele deel in die taal kan ontbreek sonder dat kommunikasie deur middel van taal opgehef word nie.

Elke woord het in die eerste plek 'n bepaalde fonologiese bou: dit word saamgestel deur sekere foneme en foneemkombinasies in 'n verskeidenheid kombinasies van anlaut, inlaut en auslaut.¹⁴³ Elke woord het dus 'n vasgestelde klankvorm wat begrensend is.¹⁴⁴

Webb (1978:40) voer aan dat enige generatiewe standpunt t.o.v. die woord verfyn moet word om te kan onderskei tussen die grammaties

gespesifiseerde "woord", die morfologiese "woord" en die morfonologiese "woord". Volgens hom is die uiteensetting van Matthews en Lyons¹⁴⁵ die naaste aan 'n feitlik volmaakte model. Al drie "woord"-eenhede wat hulle onderskei, word woorde genoem; dit korreleer met bepaalde eenhede in die generatiewe standpunt, en sodoende word die plek van die woord ook op eksplisiete wyse erken.

Dié genuanseerde woordbegrip van Matthews en Lyons onderskei tussen drie betekenisse van die woord:

- i) die "fonologiese woord", m.a.w. dié term verwys na woorde as verskillende fonologiese (of ortografiese) gehele;
- ii) die "grammatiese woord" verwys na 'n geheel van kontrastiewe en kombinatoriese kenmerke; en
- iii) lekseme: hier word daar verwys na 'n eenheid wat onderliggend is aan al die grammatiese realisasies van 'n woord.

Hul siening en dié van die generatiewe teorie erken die bestaan van onderliggende items en afgeleide items. So is Matthews en Lyons se lekseembegrip prakties ekwivalent aan die leksikale item, hul grammatiese woord kom ooreen met die begrip "grammaties gespesifiseerde leksikale item", en hul fonologiese woord met die fonologies geïnterpreteerde eenheid. Daar is ook 'n eng verhouding tussen die verskillende "weergawevlakke".

Van Schoor (1983:2) dui ook daarop dat elke taaleenheid tweesydig is, nl. dat dit 'n vaste vorm en 'n vaste betekenis het. Hy verklaar dit deur te sê dat 'n klankgroep 'n eenheid in taal is vir 'n bepaalde taalgemeenskap. Dit moet m.a.w. vir daardie groep 'n min of meer onveranderlike sêbare vorm hê met 'n min of meer vaste inhoud of betekenis.

In enige ondersoek sal die betrokke woord ter sprake dus eers afgebaaken moet word deur middel van die woordgrense wat daarop betrekking het.

1.2.6.3.2 ... en funksie

Die vorm of interne struktuur van 'n sintaktiese konstruksie moet onderskei word van sy funksie of gebruik in 'n groter sintaktiese verband.¹⁴⁶ Die onlosmaaklike verbondenheid van hierdie twee aspekte mag nooit opgehef word nie.

Labuschagne (1969:16) wys daarop dat die instrumentele taal¹⁴⁷ in sy samestelling, struktuur en vorm bepaal, gerig en beheers word deur die funksies wat dit moet verrig ter realisering van die doeleindes in die totale verskeidenheid daarvan. Hy dui daarop dat funksies as sodanig 'n ervaarbare en 'n kenbare logaliteit het. Funksies is funksies kragtens hulle wesensaardelike logaliteit in hulle gebondenheid aan en bepaaldheid deur die betrokke saak. Elke funksieverskynsel word beleef in en deur sy wesensaardelike logaliteit.

Die verskillende stukke waarvolgens ons 'n taal indeel, kan in 'n groot verskeidenheid van funksies optree.¹⁴⁸ Dit kom daarop neer dat van beperkte middele onbeperk gebruik gemaak kan word, d.w.s. die onbeperkte gebruik bestaan daarin dat elke uiting in die taalgebruik telkens opnuut gebou moet word uit die beperkte middele ter beskikking van 'n gegewe taal.

Van Schoor (1983:6) dui daarop dat funksie 'n derde faset vorm in enige sin of taaluiting (m.a.w. die toepassing van die taaleenheid of woord), naas die bestaande tweesydigheid van vorm en betekenis.

Dit is bv. die funksie van 'n woord wat hom in 'n bepaalde paradigma plaas en wat meebring dat hy net op 'n sekere plek in die sin kan optree. Die bepaalde volgorde van taaleenhede word dus deur hulle funksie bepaal.

Waaroor later meer duidelikheid verkry sal moet word, is die feit dat funksie ook vir hierdie ondersoek van tweërlei nut is, nl. dat dit op die breë vlak van die boustukke in die sin, van die groter

taaleenhede, maar terselfdertyd daarnaas ook op die enger vlak van die woord in die sintagma kan optree.

Vorm, betekenis en funksie is die komponente van 'n komplekse geheel wat volkome met mekaar verstrengel is, in welke mate dit dan ook met 'n betrokke taal saamhang en korreleer.

1.2.6.4 Die groep

Sommige taaltekens, deur sommige ook taalmomente genoem, verwys in taalgebruik na sake terwyl ander weer slegs 'n sintaktiese funksie het. Die verband tussen taalteken en saak, of taalteken en funksie, hang van die betrokke taalteken self af.

Alhoewel sommige taaltekens sonder meer as sin gebruik kan word, kom die taaltekens meestal in kombinasies voor. Elke taal beskik ook oor sekere taaltekenagtige elemente¹⁴⁹ wat nooit op sigself die tekenfunksie - om mens tot kennis te bring van iets anders - kan vervul nie. In die geval van die kleinste taaltekens is die kennisdraende of semantiese aspek nie terugvoerbaar na 'n deel van die waarneembare aspek nie, wat ook al die aard van een van hierdie aspekte is nie. Tekenkombinasies bestaan uit meer as een teken van dieselfde of verskillende aard.

Steyn (1968:9) verwys bv. na die drie tipes kleinste taaltekens, nl.:

- i) die tipe van kleinste tekens wat óf selfstandig "uitwys" na 'n saak (*huis*, *hond*, ens.) óf die gebruiker "verwys" na iets of iemand in die situasie of konteks (bv. *hy* of *hierdie*);
- ii) die tipes *-e* en *'n* (wat nooit sonder ander taaltekens optree nie)¹⁵⁰; en
- iii) verskillende tipes gekombineerdes (bv. *die groot huis*, *huisdeur*, en *huise*).

Hy lig verder toe dat ii) hierbo taaltekenaspekte is, of morfeme of grammaties kategoriale woordaspekte. Onder iii) is gevolglik ook 'n kombinasie van twee of meer woorde, of 'n woordgroep¹⁵¹, moontlik.

Ponelis (1968:80) formuleer sy bevindinge oor die groep as "'n eenheid met bepaalde volgordeëls, waarby woorde betrokke is", waarbinne volgorde beskou word as die fundamentele bouprinsiep van die taal. Sy ondersoekveld het ook die semantiese grondslag¹⁵² van groepering ingesluit. Sy bevinding is dat dié kategorieë wat semanties saam hoort, as hegte groep gerealiseer word, m.a.w. stukke wat bymekaar hoort, bly bymekaar deur die proses van verbondenheid.¹⁵³ Hy kom tot die gevolgtrekking dat sintaktiese verbondenheid op 'n semantiese grondslag berus. Sodoende vorm elke groep 'n informasiegeheel, en elke sin 'n wêreld.¹⁵⁴ Gevolglik bly die groeps- én sinslede sintakties verbonde. As die groeplede geen semantiese verband met mekaar gehad het nie, sou hulle arbitrêr gerangskik kon word.

Vir Van Wyk (1968^b:57) is skeibaarheid van woorde deur ander woorde 'n essensiële woordkenmerk, een van dié toetse om woorde te kan afbaken, enersyds teenoor die morfeem, en andersyds die stam. Hy beskou dit ook as die mees algemene distribusionele eienskap van die woord. Volgens Steyn het morfeme¹⁵⁵, stamme en woordgroepe almal eienskappe wat skynbaar ooreenkom met dié van die woord. By skeibaarheid gaan dit dus oor "skeibaarheid deur ander woorde".¹⁵⁶

Ook woordgroepe¹⁵⁷ is skeibaar, isoleerbaar en omstelbaar, net soos die geval met woorde is. Dit gaan gepaard met die gevolglike verandering van semantiese aspek. Omdat woordgroepe uit woorde opgebou is, kan sekere woorde in woorde ingevoeg word sonder dat die kernbetekenis van so 'n woordgroep of groepering (van watter aard ook al) hoef te verander - as dit 'n verandering in die bestaande semantiese aspekte tot gevolg het.¹⁵⁸

Die gedrag van die woordgroepe in die sin word bepaal deur die aard van die woorde waaruit hulle opgebou is.¹⁵⁹ Die komponente van hierdie selfde woordgroepe is uiteenplaasbaar deur ander eventuele woord-

groeekomponente en woordgroepe sonder dat die groeps karakter verlore hoef te gaan.

Steyn (1969:20) toon aan dat die vereniging van die woordgroep tot stand kom deurdat verbindbare woorde met behulp van suprasegmentele middele saamgevat word tot 'n geheel. Die semantiese verband is direk in enkelvoudige groepe (wat twee woorde bevat) en indirek in saamgestelde groepe. Hy dui voorts ook daarop dat die verbindbaarheid van die woorde afhang van hulle kategoriale sintaktiese kenmerke en sekere (morfologiese) kenmerke. Sintaktiese verbinding kom dus tot stand deurdat daar 'n semantiese verband tussen die onderskeie lede tot stand kom.

'n Groep wat verder aandag sal geniet, is die werkwoordgroep - in die besonder as afsonderlike woordsoort in Afrikaans - weens sy lidmaatskap van 'n woordsoortkategorie.¹⁶⁰ Die spreiding van dié woorde sal ook aangeraak word sodat die verbande tussen die semantiese eenhede blootgelê kan word.

1.2.6.5 Die woordsoort

Net soos Nederlandse taalkundiges (en ander Wes-Europese taalkundiges) heg ook die Afrikaanse taalkundiges baie waarde aan die indeling van woorde volgens woordsoorte, 'n oorgeërfde tradisie wat van die Grieke en Romeine stam, maar nie sonder meer net so op Afrikaans toegepas kan word nie - of sonder sy nadele¹⁶¹ vir 'n proses van indeling in kategorieë is nie.

Die woordsoort (ook 'n woordklas of rededeel genoem) word saamgestel uit verskillende woorde wat 'n paradigma vorm omdat hulle in die sin op dieselfde plek kan voorkom sonder om die sin andersins te versteur.¹⁶²

De Villiers (1948:18)¹⁶³ vestig die aandag op die feit dat die skeiding van woordsoorte in die Indo-Germaanse tale nie op konsekwent deurgevoerde, logiese beginsels berus nie, en dat daar vandag nog geen

waterdigte grammatika bestaan om al hierdie probleme die hoof te bied nie. Hy verwys na verskeie modelle wat deur taalkundiges ontwerp is om 'n oplossing te probeer vind vir hierdie probleem, nl. dié van Vendryes, Jespersen, Broendal, Kalepky, Bloomfield, Langeveld, ens.

Jespersen (soos aangehaal in Steyn, 1969:20) doen n.a.v. bg. die volgende aan die hand:

- 1) selfstandige naamwoorde;
- 2) byvoeglike naamwoorde (die s.nw. en bnw. kan ook as een groep beskou word);
- 3) voornaamwoorde (dit sluit telwoorde en voornaamwoordelike bywoorde in);
- 4) werkwoorde (met die deelwoord en infinitief as aparte klas of onderafdeling); en
- 5) partikels (dit sluit bywoorde, voorsetsels, voegwoorde en tussenwerpersels in).

Langeveld se indeling sluit slegs die naamwoorde, werkwoorde, verbindingswoorde en uitroepwoorde in.

Van Schoor (1983:52) se indeling noem as hoofsaak slegs die verhoudingswoorde (verbandwoorde), werkwoord, naamwoordgroep, bywoord en bywoordelike funksie, elk met sy verdere en verfynde indelingsmoontlikhede, terwyl Labuschagne (1969:49) se funksionele indeling onderskei tussen saaklingemate, funksielingemate, persoonslingemate, verhoudingslingemate, hoedanigheidslingemate en individualiseringslingemate. Hierdie indeling (alhoewel dit ooreenkomste vertoon met ander gewilde opvattinge) was geensins gewild nie, iets wat voorwaar betreur kan word. Miskien het dit tyd geword dat hierdie indeling in 'n moderner idioom bekendgestel word, daar dit tog tot die aard en wese van baie van die Afrikaanse aspekte en verskynsels deurdring.

Die skynbare verband tussen die woordsoorte en die dinge wat hulle aandui - of faset waarop telkens gefokus word¹⁶⁴ - kan nie sonder meer aanvaar word nie. 'n Verskeidenheid van moontlikhede is moontlik deur bv. omsetting, waar verskuiwing van een woordsoort na 'n ander

moontlik is omdat daar somtyds 'n noue verband tussen selfstandige naamwoorde (of slegs naamwoorde), 'n verhouding van gebeure (die byvoeglike naamwoord) en sekere hoedanighede (gebeure) moontlik is. Daar is dus 'n onderlinge verband tussen die onderskeie rededele. Baie woorde is ook multifunksioneel, d.w.s. hulle kan in verskeie funksies optree. Funksie is 'n aanvullende maar geen beslissende maatstaf by die indeling volgens woordsoorte nie. Funksie en betekenis moet gevolglik as onlosmaaklike eenheid en noodsaaklikheid gesien word.

Enige verdeling moet dus op meriete geskied. Self sê De Villiers (1948:24): "... ons moet die woordsoorte in etimologiese of semantiese families of hoofgroepe verdeel met nouer verwantskap na binne as buite".

1.2.6.6 Oor volgorde

In enige taal is dit belangrik dat elke taaleenheid sy bepaalde plek in die bepaalde stuk taalgebruik inneem.¹⁶⁵ Dit beteken dat die verskillende taaleenhede in 'n bepaalde volgorde voorkom, d.w.s. as ons nie onsin wil praat of die taal wil verwring nie, 'n aspek wat ons altyd in gedagte moet hou.

Alhoewel daar somtyds 'n geringe speling moontlik is, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat 'n wysiging in enige inhoud verandering, veral t.o.v. betekenis, tot gevolg het of sal hê. Die wysiging in volgorde is egter onderhewig aan 'n vaste reëlmaat en vorm deel van die grammatiese beskrywing.

Ons word in taalgebruik gebind deur die beperking wat die taaleenhede daarstel en ook deur die betrokke grammatika van die taal ter sprake.

1.2.6.7 Die sin

Dit is moeilik om 'n wetenskaplike bepaling van die tradisionele beskouing, nl. dat die sin as 'n duidelik, afgebakende konsep beskou kan

word, en wat aan almal bekend is, op te spoor.¹⁶⁶ Dit is omdat daar destyds, maar ook vandag nog, uiteenlopende beskouings bestaan t.o.v. die sin as grammatiese struktuur en die sin as uiting (of mededeling).

Die sin is 'n selfstandige klankvorm wat gestruktureer is deur die verband wat daar tot stand kom tussen betekeniseenhede, en wat sodoende die basiese gebruikseenheid in taal vorm. Dit is m.a.w. die kommunikasie-eenheid in taalgebruik terwyl die woord kommunikasie moontlik maak.¹⁶⁷ Die sinsdele vorm die boustukke van die sin, nl. woorde, konstruksies en klouse.¹⁶⁸

Van Schoor (1983:3) dui ook daarop dat die sin, net soos die woord, as taaleenheid beskou kan word. Hy beskou die sin as bousel, saamgestel uit verskeie boustene (of woorde), waarmee iemand iets min of meer volledig sê. Dit is dus die kleinste eenheid van taalgebruik, maar ook die werkseenheid in die taal. Volgens hom bestaan daar drie fundamentele eise vir 'n bevredigende sin: i) Dit moet uit woorde bestaan wat sintagmaties verband hou; ii) die woorde moet ook in betekenis versoenbaar wees; en iii) die sin moet volledig wees, d.w.s. dit moet die gedagte volledig stel, en in een klaar gesê word.

Ponelis (1976:119) dui aan dat die geraamte van die sin se struktuur onder andere die kategorieë predikaat, argument en operateur insluit.¹⁶⁹ Hierdie kategorieë word onmiddellik deur die kategorie "sin" gedomineer. Niemand kon nog werklik bepaal hoe die afgeleide struktuur of bobou van die sin daar uitsien nie. Net woorde met woordstatus - en nie woorddele¹⁷⁰ nie, bv. morfeme - is stukke in die sintaktiese bobou. Hierdie woorde is gevoelig vir sekere sintaktiese prosesse, soos die verskuiwing en sametrekking onder neweskikking.¹⁷¹

Ook Webb (1978:38) dui daarop dat die elemente op die onderliggende vlak van die sin nie woorde is nie, omdat die woorde bobouverskynsels is wat waarskynlik tot stand kom deur die aantrekkingskrag van die hoof-leksikale kategorieë (of onderliggende kategorieë), soos gemanifesteer in die woordsoorte.

Die kompleksiteit van hierdie aspek kom duidelik na vore wanneer die terrein van die morfologie met dié van die sintaksis oorvleuel¹⁷², bv. wanneer afgeleide en saamgestelde woorde, wat ook gereduseerde sintaktiese konstruksies is, bestudeer word. Sinne maak deel uit van groter kontekste en verkry hulle wesenlike betekenis, teenoor hulle potensiële betekenis, as ons weet wie met wie praat, wanneer, waar en hoekom.¹⁷³

Sinne varieer van fragmentariese tot komplekse eenhede, wat selde so duidelik blyk as op skrif.

Hierdie aspek is nader belig deur De Bruyn (1980:30) en sluit nou aan by betekenis. Hy wys daarop dat daar gekyk moet word na die bedoeling van die spreker met 'n uiting, en nie na die goed- of swakgevormdheid van 'n sin in isolasie nie. Die sg. "grammatikaliteit" van 'n sin het tot dusver voorop gestaan, maar moet volgens hom met "relatiewe welgevormdheid" vervang word omdat die spreker en/of hoorder van 'n taal weet wat goedgevormde sinne is of behoort te wees.¹⁷⁴ Die eindresultaat by enige vorm van kommunikasie is dan dat die betrokke uiting (in konteks) uiteindelik geïnterpreteer moet kan word. Die menslike faktor en die mens se vermoë om uitinge te verwerk is dan ook van kardinale belang om 'n sin te kan interpreteer. Dit is slegs die mens wat oor die nodige buitetalige kennis beskik om dit te kan doen.¹⁷⁵

'n Gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom, is dat die sin verskeie onderdele saamvoeg tot 'n nuwe Gestalt¹⁷⁶, vorm of geheel.

Gemaakte bousels¹⁷⁷ word in 'n sin gebruik: dit is nie 'n laag-hiërargie van foneme opgebou tot woorde, woorde opgebou tot groepe, woorde en groepe opgebou tot sinne nie. Die sin ontstaan as 'n reaksie op 'n bepaalde situasie waarin die spreker en hoorder hulle bevind.¹⁷⁸ Slegs in die sin word die woord betrek op die werklikheid - word dit op dinge toegepas. De Villiers vestig die aandag daarop dat 'n noukeurige ontleding van die verskynsel net binne die raamwerk van 'n uitvoerige beskouing van die sin en die woordgroep kan geskied.

Hierdie woorde moet mekaar in tyd opvolg. Tog bly die sin as geheel vir die gees van die spreker en hoorder in al sy dele as 't ware gelyktydig aanwesig, 'n samehang van sinsdele, situasie en ervaringsmomente, en daarom kan slegs 'n woordgesentreerde benadering nie op 'n toereikende wyse rekenskap gee van die verhouding tussen 'n sin se semantiese weergawe en sy fonologiese weergawe nie.

'n Ander sinsaspek wat kortliks aangeraak kan word, handel oor woordorde en volgorde - 'n natuurlike aanvoeling wat ook deel van die mens se "intuïtiewe grammatika" is.¹⁷⁹ In Afrikaans, net soos in baie van die ander moderne Wes-Europese tale, is die volgorde van sinsdele in 'n sin en ook van woorde in konstruksies gewoonlik van net so veel belang vir die inhoud van die sin as wat die woordbetekenis self is.

1.2.6.8 'n Geskikte grammatika

Alhoewel hierdie studie geen grammatika daarstel nie, ontleen dit baie inligting aan die onderskeie grammatikas wat alreeds bestaan om die werking van die menslike taal te probeer verklaar. So 'n vergelykende ondersoek sou vrugbaar kon meehelp met die ontstaan van 'n nuwe kerngrammatika of model van beskrywing van die hoofwerkwoord en die medewerkwoord in Afrikaans. Dit kan hierdie hele verskynsel in 'n nuwe perspektief plaas¹⁸⁰, sodat reëls geskep kan word en die betrokke aspek ter sprake so duideliker verklaar of omskryf kan word. Deur die eeue was die tendens nog altyd om te formaliseer, en wel oor die beskouing wat wissel tussen 'n "matematiese taalvorm" en 'n "verbale taalvorm" in die betrokke wetenskap.¹⁸¹

Die verskillende uitgangspunte (of grammatikas) loop parallel met die ontwikkeling van die taalwetenskap, nl.:

1) Die Vergelykende Taalkunde:

- 1) die Tradisionele Grammatika;
- 2) die Histories-vergelykende Taalwetenskap;

Van die bekendste grammatici is Grimm, Bopp, Verner, Von Schlegel, Von Humboldt, e.a.

2) Die Moderne Taalkunde:

- 3) F. de Saussure en die Strukturalisme;
- 4) L. Bloomfield;
- 5) N. Chomsky en die Transformasionalisme; en
- 6) die Moderne Grammatika.¹⁸²

Van die bekendste figure is De Saussure, Bloomfield, Chomsky, Jacobson, Trubetskoy, Hjelmslev, e.a.

Lyons (1986) verwys o.a. ook na verskeie skole, bewegings of grammatikas, nl. die Linguistiek, Generatiewe Grammatika, Historiese Linguistiek, Historisisme, Strukturalisme, Funksionalisme, Generativisme, Universele Grammatika, Psigolinguistiek, Sociolinguistiek, Etnolinguistiek, ens.

Daar is dus 'n magdom bronne of rigtings waaruit inligting geput kan word, deur slegs die verband tussen aspekte van die verskillende taalteorieë, hipoteses of benaderings te bestudeer.¹⁸³

Labuschagne (1969:1) het vroeg reeds daarop gedui dat die sterk vereenvoudigde, hiperanalitiese Afrikaans nie volgens die grammatiese stelsel van 'n nog betreklik sterk sintetiese taal soos Nederlands onderrig of vergelyk kan word nie, omdat so 'n "grammatika" in wese slegs die vernederlandste vorm van die logies-kategoriese Latynse grammatika is. Afrikaans daarenteen is die mees gedeflekteerde, hiperanalitiese taal binne die Indo-Germaanse stam.

Alhoewel hierdie ondersoek bg. aspek in gedagte sal hou, en waar nodig ook na enkele van die grammatikas sal kyk, omdat hulle 'n positiewe bydrae kan lewer, sal die hoofuitgangspunt iewers in die Algemene Taalwetenskap gesetel wees. Selfs deur die bril van hiërdie wetenskap werk die ernstige taalkundige nog steeds binne 'n TGG-raamwerk.¹⁸⁴

Met spesifieke verwysing na die woord sal die grammatika wat gevolg word die woord as 'n beskrywingseenheid moet erken, indien dit beskrywende toereikendheid wil bereik.¹⁸⁵ So 'n grammatika is 'n beskrywing van die wyse waarop onderliggende kategorieë vormlik gemanifesteer word. Ook Van Schoor (1983:1) wys daarop dat die grammatika hom beperk tot 'n beskrywing van die taalgebruik in sy gesproke vorm, maar met bewuste kennisname van die geskrewe taalgebruik, veral vir sover dié taalgebruik wetmatigheid vertoon.

Verder sal hierdie ondersoek ook 'n sg. Kasusgrammatika as uitgangspunt neem, omdat dit uitgaan van die veronderstelling dat die werkwoord die sentrale element in die sin is en dat alle naamwoordstukke, ens. 'n sekere rol t.o.v. die werkwoord vervul.¹⁸⁶

Die talle nuwe benaderingswyses wat gevolg word kan ook 'n positiewe bydrae lewer, deurdat baie daarvan nou aansluit en uitbrei op die ou Transformasionele model wat gebaseer is op semantiese, sintaktiese en fonologiese komponente. Een hiervan is die Stratifikasie-teorie¹⁸⁷ wat 'n model daarstel wat alle inligting kan verwerk en verdeel volgens verskillende strata, nl. die hoër vlak van die semiologie (hipersememies en sememies), die grammatika (leksemies en morfemies) en die fonologie (fonemies en hipofonemies).¹⁸⁸

Enige grammatika moet aan sekere eise voldoen, nl. om slegs 'n gedeelte van 'n terrein of veld te ontleed en dan sekere betekenis en/of waardes te kan verklaar, en om dan 'n model van die abstrakte sisteem ter sprake daar te stel.

1.2.6.9 Samevatting

As ons al hierdie inligting in 'n aanvaarde of meer aanvaarbare raamwerk wil giet, kan 'n mens dalk aansluit by Gitt (1986:48 e.v.) en sy behandeling van die begrip "inligting", omdat dit die bousteen of basis van verskeie wetenskappe vorm (bv. naas materie en energie).

Om meer geloofwaardigheid aan hierdie aspek te verleen, kan 'n mens 'n vergelyk tref met aspekte wat vir ons bekend en aanvaarbaar is. Massa en energie vorm die basis van die materiële wêreld (Einstein sien die verhouding as $E = m \cdot c^2$); daarteenoor vorm informasie en die wil die basis van die nie-materiële wêreld (die betrekking tussen hulle kan as $I = W \cdot d^2$ ¹⁸⁹ aangedui word).

Gitt plaas die hele taalaspek, alhoewel met uitgebreider en aangepaste grondbeginsels (die somtotaal van dit wat tot dusver behandel is, asook dit wat nog moet volg), d.w.s. die hele proses van inligtingoordrag), binne die Inligtingsraamwerk of -teorie wat C.E. Shannon (soos aangehaal in Gitt (ibidem:49)) daargestel het in sy *A mathematical theory of communication*.

Alhoewel Shannon se inligtingsmate volgens hom in "bis" ('n rekenaareenheid) uitgedruk word, gee dit tog kwantitatiewe uitsprake oor samehange (alhoewel tot die statistiese dimensie van inligting beperk). Volgens hierdie model of formule dra enige teken, hetsy 'n letter, woord, of sin (wat 'n "tekenketting" of -volgorde daarstel), sekere inligting oor. Hierdie inligting kan dan matematies uiteengesit word. Ook die natuurwetenskappe en tegnologie druk hul gegewens d.m.v. getalle en formules uit, d.w.s. deur kwantitatiewe formulering i.p.v. kwalitatiewe uitsprake. Die statistiese taalanalise (ibidem:82) daarenteen ontleed weer die letters van die alfabet, die lettergreep en die woord binne gegewe kontekste.

Trag 'n mens verder om die oorsprong van lewe vanuit 'n inligtingsteoretiese standpunt te betrag, kan 'n mens by elke sisteem wat inligting (oor)dra of verwerk die volgende stellings¹⁹⁰ (uit ondervinding of d.m.v. proefneming, d.w.s. empiries bepaal) vasstel:


- 1) Daar is geen inligting sonder 'n kode nie.
- 2) Daar is geen kode sonder 'n vrye wilsooreenkoms nie.
- 3) Daar is geen informasie sonder 'n sender nie.
- 4) Daar is geen inligtingsketting sonder dat daar aan die begin 'n geestelike vader of uitvinder is (of was) nie (die veroorsaker,

aanstigter of bewerker; d.w.s. die beplanner agter die plan of bloudruk).

- 5) Daar is geen inligting sonder 'n oorspronklike¹⁹¹ geestelike bron nie; inligting is wesentlik 'n geestelike, en nie 'n materiële grootheid of gegewe nie.
- 6) Daar is geen inligting sonder 'n wil nie.
- 7) Daar is geen inligting sonder die volgende vyf hiërargiese aspekte¹⁹² nie:
 - a) Statistiek (aspekte van die tekenmenigvuldigheid en seinoordrag);
 - b) sintaksis ((Grieks: "*syntaxis*") aspekte van kodering en die sinsboueëls);
 - c) semantiek ((Grieks: "*semantikos*") aspekte van betekenis);
 - d) pragmatiek ((Grieks: "*pragmatike*") aspekte van handeling); en die
 - e) apobetika¹⁹³ ((Grieks: "*apobeinon*") aspekte van gevolg en doel).
- 8) Geen inligting is daar a.g.v. blote toeval nie.

Die lewe self sluit gevolglik 'n materiële (fisiese en chemiese aspekte) en 'n nie-materiële sy (inligting vanuit 'n geestelike bron) in.

Die vyf vlakke (of hiërargiese aspekte) kan skematies soos volg voorgestel word:



Hierdie skematiese uiteensetting vat al die voorafgaande inligting kernagtig saam.

Die somtotaal van al die voorafgaande inligting bied 'n basis of vertrekpunt vir die uiteindelijke beskrywing van die medewerkwoordaspek in sy geheel. Hierdie kriteria behoort ook as maatstaf te dien waaraan elke individuele verskynsel getoets behoort te word. Eers wanneer hierdie grootse taak afgehandel is, sal die geweldige omvang van hierdie enkele aspek of verskynsel bekend word.

ENDNOTE

1. Alhoewel die Filosofie al eeue lank trag om talle wesensaardelike probleme op te los, o.a. ook oor die misterie wat die aard en wese van taal omhul, speel dit in hierdie ondersoek slegs 'n verklarende rol, en probeer dit nie om ander wetenskaplike denkrigtings te oorheers nie. Dit is veral Labuschagne (1969:16) wat hom sterk uitspreek teen die invloed wat hierdie (en ander) denkrigtings op die linguistiek (of taalkunde) uitoefen, daar lg. skynbaar nie poog om selfstandigheid en onafhanklikheid op eie vakgebied te bereik nie.
2. Platt, 1976:7.
3. Hier is die universele kennis aangaande die taal ter sprake.
4. Ons taalbeskouing weerspieël die menslike onvermoë om werklik tot die aard en wese van taal deur te dring, en word die taalkundige gedwing (of sal hy nog) om die Goddelike aard daarvan raak te sien. Die gebruik van abstrakte begrippe, modelle, ens. is 'n bewys van hierdie onvermoë.
5. Van Heerden, 1977:18.
6. Letterlik vertaal: "weinig (ook vertaalbaar met die sinoniem "min") is baie, en baie is weinig". Kennis aangaande ons omgewing vermeerder, maar die diepgewortelde insig daaromtrent egter nie.
7. 'n Kollektiewe poging van ondersoek om navorsingsresultate te bespoedig, geniet deesdae baie steun by navorsers en wetenskaplikes.
8. Van Schoor, 1983:3.
9. Van Heerden, 1965:39. Alhoewel die taalaspek die uitgangspunt van die taalkundige bly, kan hy die taal nie vir homself opeis nie. Taal hou 'n veelheid in sy eenheid in en moet die bestaan van die ander momente ook aanvaar word.
10. Haugen, 1982:148.
11. Haugen, ibidem:148.
12. Labuschagne, 1957:68.
13. Aitchison, 1984:262.
14. Labuschagne, 1957:69.

15. Boshoff, 1965:7. Hierdie begrippe lewer soms nog prinsipiële, terminologiese vraagstukke op.
16. Hier word daar slegs in die algemeen na taal verwys; enige verdere verduideliking is vir die doel van hierdie ondersoek onnodig.
17. Van Heerden (1965:33) sien dit as outonome (taal)sisteem.
18. Aitchison (1984:15) verwys na hierdie aspek:
 "... the average person tends to think that there is little or nothing mysterious about language". Dit volg op 'n uitspraak van Chomsky dat, wanneer 'n sekere fenomeen bekend of "vanselfsprekend" is, die mens aanvaar dat dit geen verdere verduideliking verg nie.
19. Aitchison, ibidem:30. Chomsky verwys na 'n "innate biologically determined cognitive mechanism", 'n uitspraak wat in kontras staan met ander bevindinge wat beweer dat dit aangeleer is.
20. Bogenoemde is 'n verwysing na die ideale "toestand" waarin kommunikasie plaasvind, m.a.w. ook grammatikaal beskou. Die realiteit het ons egter al geleer dat daar baie foute, onvoltooide sinne, tongglipse, slordighede, ens. in die spreektaal voorkom.
21. Labuschagne, 1957:91. "Personisties" verwys hier na die algemeen menslike, m.a.w. dit wat eie aan die mens is. Voorts verklaar Labuschagne ook dat 'n "logos" die "vergeestenis" is van die totale eenheidsbelewenis van die mens.
22. Labuschagne, 1969:II. Taal self is hier ter sprake; daarna volg spraak of die spreektaal. Taal se ontstaan lê gesetel en is te verklaar uit die taalsensoriese breinsentra en die neuronale aparatuur.
23. Daar word later in meer besonderheid op die semantiese aspek ingegaan, nl. die ontsluiting van die mens se diepste gevoelens, wat hy somtyds trag te verwoord, maar dan menigmaal jammerlik faal. Die hulpmoment speel in Afrikaans 'n reuse rol in hierdie proses.
24. Labuschagne, 1957:84.
25. Hierdie siening word ondersteun deur die aanhangers van die "diskontinuiteitsteorie". In skrilte kontras daarmee staan die "kontinuiteitsteorie" ('n uitvloeisel van die Darwinistiese evolusieleer wat baie mense, leek of wetenskaplike, op 'n

- doelbewuste en fynbeplande dwaalspoor geplaas het), wat beweer dat die taal van die mens gaandeweg uit 'n primitiewe manier van kommunikasie ontwikkel het (Aitchison, 1984:33). Hierdie hoogs kontroversiële maar uiters aanvegbare aspek gaan tog nog voort in sy oorspronklike vorm (of in gekamoefleerde weergawe), en is daar "taalkundiges" wat nog geen eenstemmigheid daaroor kon bereik nie. Vgl. ook Labuschagne, 1957:72. Laasgenoemde (1969:15) voer aan dat slegs die mens oor die wesentlik-inherente nie verworwe of uit omgangsnood selfgewilde, selfontwikkelde taalmakingsvermoë beskik en hy alleen is wesensaardelik, voorbeskiktelik, volkomelik toegerus met die somaties-neuronaal-serebrale en geestelike apparatuur (die breinmaterie waar die bewussyn gesetel is) - spesifiek vir die funksie van taalmaking.
26. Die taalkundige kan hom egter nie net met spraak, d.w.s. met die artikulasie en fisiese aspekte wat betrek kan word by taalgebruik, besig hou nie, maar met die hele spektrum van taalgebruik. Van Schalkwyk (1971:1) wys daarop dat tydens die kommunikasieproses (of spraakhandeling) verskeie akoesties-ouditiewe parameters geld: neurologies → fisiologies → fisies → fisiologies → neurologies. In werklikheid is daar meer op die spel as net hiërdie aspekte.
 27. Labuschagne, 1957:109. Taal moet dus taalkundig-funksioneel wees.
 28. Aitchison, 1984:36. Hockett het na die "design features of human language" verwys, asook na sommige unieke eienskappe waaroor dit beskik, o.a. "vervanging" en "semantisiteit", waaroor "diere-kommunikasie" nie sou beskik nie.
 29. "Logos" ('n eie skepping van Labuschagne (1969:26)) is 'n verdere onderskeiding van die hele sinteties "vergeestelike" eenheid. Dit is daardie primêr-fundamentele, primêr-basiese struktuurelement in die taalskepping, m.a.w. die vergeestelike resultate, die vergeestenis self, van die mens (of van die personistiese gees) se integrerende inwerking op, omskepping en homogenisering van die sintuiglik-aangevoerde, heterogene ervarings en belewenisse. Dit is 'n onstoflike, "onsintuiglikwaarneembare",

onaanskoulike iets, 'n maaksel en besitsel van die gees met geen hanteerbare vorm nie.

30. Meyer, 1970:67.
31. Webb, 1978:27.
32. Van Schoor, 1983:2.
33. Steyn, 1968:18.
34. Labuschagne, 1969:16. Alhoewel die ander dissiplines aan hierdie taak of soeke deelneem, is dit nie die primêre of fundamentele taak waarmee hulle opgesaai word vanuit hul vakspesialiseringsgebiede nie.
35. As fundamentele eenheid is die "woord" die studieobjek van hierdie ondersoek, 'n benaderingswyse wat tot op die laaste bladsy volgehou gaan word.
36. Ross, 1979:1. "Thus... Genesis 1 now provides a most powerful proof not only that God exists, but that the Bible is God's accurately recorded message to mankind." (Vgl. ook hfst. 7, p. 317.) Genesis 1 dateer uit 'n tydperk toe die mensdom na alle waarskynlikheid sy "wieg" verlaat het. Die Antropologie voer dit terug na die gebied tussen die Tigris- en Eufraatrivier. Dit is vir almal geskryf, maar veral vir die eenvoudige mens, en nie vir die wetenskaplike as sodanig nie (wat dit in elk geval nie kan of wil verstaan nie). Vandag nog kan die akkuraatheid van hierdie boodskap nie onklaar gemaak of weggewens word nie. Dit was nooit as wetenskaplike handboek oor die skepping, of oor taal as sodanig, bedoel nie. Selfs die sg. "wetenskaplike" van die 20ste eeu struikel oor sy onwetenskaplikheid in die alledaagse lewe, en is dus die laaste persoon om dit as "onwetenskaplik" af te maak. Hulle sg. "wetenskaplikheid" steek sleg af teen dié van Gods woord. Alle profesieë in lg. is tot op datum volvoer (en dit is etlike eeue voor die tyd aangekondig), terwyl ander besig is om te voltrek, of nog voltrek moet word. Die onteenseglike historiese bewyse, d.w.s. argeologies, sterrekundig, ens., is daar vir almal om ondersoek te word.
37. Die Bybel: Nuwe vertaling, 1984:122.
38. Good News Bible, 1983:116.
39. De Boer, 1971:33.

40. Die Lewende Bybel, 1983:106.
41. Taal, en veral kommunikasie met God, word geïmpliseer deur die volgende woorde in die skeppingsverhaal:
 "Toe het God gesê..." en "Toe het God... vir hulle gesê..." (Gen. 1:28). Sodat die mens die boodskap kon verstaan, moes die middel van kommunikasie baie effektief wees, selfs sodat dit later opgeteken kon word. Pearce, 1987:35. Die Woord (ook genoem "die Wet") van die Here is die geheel, of volle wilsopenbaring van God.
42. Henry (1966:1506) verwys na 'n tydperk voordat tyd bestaan het (of waarin tyd nie bestaan nie). "The world was *from* the beginning, but the Word was *in* the beginning. The Word had a being before the world had a beginning. He that *was* in the beginning *never* began, and therefore was *ever*."
43. Jacobs, 1951:11. Laasgenoemde eienskap (soos vroeër reeds genoem) nl. dat die mens oor taal beskik, is 'n eienskap wat eie aan die mens is.
44. Boshoff (1965:7) beskryf dit as "die regte, die ware", as vermeende "oorspronklike betekenis" vertolk. Sy artikel het hoofsaaklik op die etimologie betrekking.
45. Hier het ons in hoofsaak met 'n teogenetiese uitgangspunt te make wat nie empiries bewys kan word nie. God het ons Sy Woord gegee; Hy hoef Homself dus nie te bewys nie.
46. Hierdie teorie, wat Labuschagne (ibidem:9) die fusiogenetiese noem, is nie wetenskaplik aanvaarbaar nie.
47. Labuschagne (ibidem:10) noem dit die soögenetiese. Ook hierdie teorie is volgens hom onaanvaarbaar weens verskeie faktore. Die-rekommunikasie beskik nie oor die unieke eienskappe van die menslike taal nie. Hockett (soos aangehaal in Aitchison, 1984:36) verwys hierna as die "design features of human language".
48. Dit is die sg. antropogenetiese teorieë (Labuschagne, 1969:10) wat onaanvaarbaar is omdat die meeste van hierdie teorieë soms by die ander teorieë kan aansluit.
49. Die term "woord" word hier gebruik omdat dit minder probleme veroorsaak by die bestudering en interpretasie van hierdie ondersoek. Die woord word hier nie eng beskou as synde slegs die

- "gespreekte as gehoorde en ook die geskrewe reproduksie [is] van die oorspronklike taalelement wat op die besondere taalse wyse inwendig ontstaan en gemaak word" nie (Labuschagne, 1962:2).
50. Woordonderskeiding is volgens Jacobs (1961:31) 'n baie belangrike aspek by enige bestudering van die woord as sodanig: 'n ervaringsfeit waaroor geen twyfel hoef te bestaan nie.
 51. Van Schoor, 1983:7.
 52. Van Wyk, 1973:10.
 53. Webb, 1978:4.
 54. Webb, ibidem:5.
 55. Ook Reichling (1967:365) het daarop gedui dat: "... het woord is het kleinste isoleerbare taalmoment".
 56. Die sintaktiese eienskappe van die woord veronderstel 'n begrensing of afbakening voor en na die woord as 'n taaluiting (Posthumus, 1968:40) - of as daar reeds onderskei is tussen woord en nie-woord - maar dit kan ook die antwoord op die volgende vraag wees t.o.v. woordidentifikasie: "Watter linguistiese eenhede behoort tot die kategorie 'woord'?" (Van Wyk, 1968a:10.) Van Wyk (1969:29) voer ook sekere bewyse aan vir die bestaan van die woord, wat dan hoofsaaklik in drie verskynsels wortel, nl. taalgebruik, taalgevoel en taalsisteem.
 57. Labuschagne, 1957:91.
 58. Reichling (1967:98) dui op die woord as feitelike onderskeiding.
 59. "Vergeestenis" is 'n eie skepping van Labuschagne. Dit dui volgens hom op 'n sinteties vergeestelikte eenheid, 'n totale eenheidsbelewing van die emosionele, rasionele en volisionele vergeesteliking. Jacobs (1951:28) verklaar dit as 'n geheelheid van belewing. Die woord is m.a.w. 'n taalfeit wat as ondeelbare eenheid voorkom, 'n morfologies-semantiese eenheid.
 60. "Volisie" is nie "verlangenis en begeertes" nie, maar dui op wilskrag, of 'n wilsuiting.
 61. Labuschagne, 1948: 10. Woorde kan wel gebruik word om begrippe en ideë te dra en te vertolk. Die betekenis daarvan lê in hoofsaak opgesluit in die wese, aard en funksie van die taal self.
 62. Labuschagne het hier kernagtig die hele Gestaltkarakter ("Gestalt" dui op 'n eenheid wat meer en anders is as die som van

- die eienskappe van sy konstituente (Webb, 1978:20)) en kenmerke van die woord gekonsipieer. Vir Jacobs (1951:26) verteenwoordig dit taalkundig die suiwerste opvatting nog.
63. Dit is juis Reichling wat lig probeer werp het op die objektiewe bestaan van die woord en die wesenskenmerke en prinsipes daarvan probeer bepaal het (Van Wyk, 1968a:9).
 64. Dit is omdat die taalkundige en baie ander persone soms twyfel aan die woord as óf feitelike onderskeiding, óf wetenskaplike gegewe, veral as onder "wetenskaplik" verstaan word: "meetbaar of vasstelbaar op die wyse van die natuurwetenskap" (Steyn, 1968:1; vgl. ook Swanepoel in hfst. 7 (7.3, p. 320)). Die taalgebruiker ondervind geen probleme met dié gegewe nie. Ook Jacobs (1951:31) wys daarop dat die mens geen moeilikheid ondervind om die woord as psigologiese realiteit tot bewussyn te bring nie. Oor die problematiek egter van 'n meganistiese (nie-mentalitiese) of mentalitiese standpunt t.o.v. die woordbeskouing sal hier nie ingegaan word nie, alhoewel dit soms mag opduik.
 65. Aitchison, 1984:247.
 66. Hier is die "comprehension and production of speech" ter sprake. Daar bestaan egter 'n duidelike verskil tussen 'n sin (oor die algemeen) en 'n uiting.
 67. Hier is die ervaringsgeheel ter sprake.
 68. In hierdie fisiese geluidsreeks kan geen woord deur fisiese meting onderskei word nie. Daar is geen fisiese geluidskenmerke wat sou ooreenkom met die "eenhede" wat ons "hoor" nie, nl. as ons die taal van die spreker ken (Steyn, 1968:1). Volgens Reichling beskik die geluidsvorm (klank) slegs oor 'n "kommunikatiewe funksie". Wat ons as die taalfisiese ken, nl. die "klankvorm", is moment van 'n geslote eenheid waarvan dit 'n integreerende deel is (Van Heerden, 1965:37).
 69. Hierdie sentrum staan onafhanklik van die gehoorsentrum, of klanksentrum (Labuschagne, 1957:85). Hier kan daar na verskeie ondersoeke i.v.m. afasie, paralise, doofheid, ens. gekyk word, en die rol wat die brein in dié opsig speel.
 70. Steyn, 1968:2.

71. Wat as die taalfisiese bekendstaan, die klankvorm, is moment van 'n geslote eenheid waarvan dit 'n integrerende deel is (Van Heerden, 1965:37).
72. Al is die woorde in die woordgroep, ens. geskei, is daar geen sprake van assosiasie of aparte entiteite nie.
73. Labuschagne, 1957:91.
74. Labuschagne, 1969:2.
75. Steyn, 1968:1. Odendal (1984:1137) dui ook aan dat 'n taalteken 'n saak aandui of 'n sintaktiese funksie het. Daar is dus geen noodwendige verband tussen die teken en saak nie. Ook Van Heerden (1965:37) verwys na die taalteken as 'n betekeniseenheid. Hierteenoor staan Jacobs (1951:26) en andere wat die woord nie as teken of simbool verklaar wil sien nie.
76. Labuschagne, 1957:88. Die simbool is 'n verskynsel waarvan die waarde en "betekenis" in sy funksie lê om vir iets anders simbool te wees; sy strukturerende materiaal is fakultatief, willekeurig, nie wesensbepaald en -essensieel nie.
77. Hier is die klankvorm of skrifvorm ter sprake.
78. Reichling, soos aangehaal in Steyn (1968:2).
79. Reichling (1967:99) sê dat die woord vir verskillende sake in verskillende situasies bruikbaar is.
80. Verskeie vakkundiges (veral De Saussure) het al na die woord as hetsy 'n "teken" verwys, of as "taalteken".
81. Steyn, 1968:4.
82. Reichling, soos aangehaal in Steyn (1969:2).
83. Van Wyk, 1969:34.
84. Van Wyk, 1973:15.
85. Van Wyk (ibidem:20) dui daarop dat Lyons se morfeme in werklikheid niks anders is as Chomsky se sintaktiese kenmerke nie, en dat sy grammatiese woorde niks anders is as Chomsky se sintakties gespesifiseerde leksikale items nie.
86. Vir Lyons (soos aangehaal in Van Wijk, ibidem:16) verwys dit na die leksikale uitgangsvorme van woordparadigmas.
87. Volgens Webb beskik alle woorde oor dié kenmerke.
88. Slegs bepaalde tale se woorde beskik oor dié kenmerke.

89. Ibidem:45. Dié uitgangspunt staan in teenstelling met die bevindinge van o.a. Reichling en Robbins.
90. Posthumus het oor die toepassing van woordtoetse gewaarsku dat die heersende woordbeskouing baie sterk leun op die feit dat sekere woordsoorte die merktekens van twee- of driehonderd jaar gelede moet dra. Min aandag word derhalwe aan die proses van atrofie, ens. geskenk.
91. Die woordkenmerke waarna daar gekyk sal word, sluit volgens Van Wyk (1968b:55) die semantiese, fonologiese, morfologiese en sintaktiese in, en die toepassing daarvan, paradigmatisies en sintagmatisies. Die logiese, psigologiese of sosiologiese uitwerking daarvan op taal sal ook dan onder die loep kom.
92. Woordtoetse is sekere voorskrifte wat gevolg moet word om vas te stel óf 'n gegewe taalbousel 'n woord is, óf om te bepaal hoeveel en watter woorde in 'n gegewe sin voorkom, of die sin saamstel (Van Wyk, ibidem:55).
93. Van Wyk, ibidem:64.
94. Die betekenisleer kan 'n positiewe rol speel om die betekenis van 'n betrokke woord te help verklaar, solank dit nie in isolasie gedoen word nie.
95. Van Heerden, 1965:32. Alhoewel daar 'n sentrale plek aan taal en betekenis toegeken is, het die outonomie van die taalverklaringsprinsipes eers in die twintigste eeu meer prominensie verkry.
96. Deur stelselmatige ondersoek word oplossings vir sekere probleme gevind.
97. Reichling, 1962:14.
98. Van Heerden, 1965:36.
99. Van Schoor, 1983:9.
100. Reichling, 1965:33.
101. Labuschagne, 1957:91.
102. Tradisioneel beskou is daar vir etlike eeue van die standpunt uitgegaan dat die woord-saak-verhouding die sentrale probleem is waarom alle kennis draai.
103. Lyons, 1971:435.
104. Van Heerden, 1965:38.

105. Hierdie aspek het al baie aandag getrek. Reichling het betekenis gesien as dit wat in die woord gedink kan word. Ook Van Schoor (1983:52) sien die woord as die besomlynde taaleenheid vanweë sy identifiseerbare vorm en betekenis.
106. Betekenis is 'n bewussynsentiteit of -konsep.
107. Dit kan 'n selfstandigheid wees omdat dit op 'n bepaalde wyse die gestruktureerde kenniseenheid as potensie het (ibidem:26).
108. Van Heerden (1965:32) wys daarop dat die verwerkliking daarvan in verskillende relasies kan geskied. So het verskeie probleme rakende die woord die denker, filosoof, taalkundige, ens. vir eeue besig gehou, soos bv. die relasies woord en wêreld, woord en bewussyn, woord en meganiek, ens.
109. Jacobs, 1951:17.
110. Jacobs (ibidem:33) toon ook aan dat die betekenis nie permanent aan die klankvorm verbind is (word) nie, maar funksioneel daarin aanwesig is.
111. Die woord word aan sy betekenisinhoud uitgeken.
112. Lyons, 1971:53. Hierdie proses lei tot 'n betekenseenheid.
113. De Villiers, 1948:7. Hierdie betekenis van die woord is abstrak en verwys na iets buite die taal - en nie in die taal self nie.
114. Ponelis, 1977:8.
115. Van Heerden (1977:11) beweer dat Nederlandici soos Reichling e.a. vroeg reeds 'n gesonde standpunt t.o.v. betekenis en saak inneem het - maar nog steeds nie deurgedring het tot die universele wat grondliggend hieraan is nie. Die daarteenoor gestelde psigiese substansie van die Sosiologie en die Psigologie het in die verlede al baie verwarring veroorsaak: die woord is wel psigologies reëel (Webb, 1978:3), m.a.w. die taalgebruiker beskik oor 'n intuïtiewe kennis van die woord.
116. Conradie (1979:2) tref 'n onderskeid tussen die aantal "types" (die verskillende leksikale items - waar 'n spesifieke leksikale item net eenmaal getel word) en "tokens" (die verskillende woorde - wat almal getel word, ongeag die herhaling van die reeds getelde leksikale items).
117. Snijman, 1966:18.
118. Sapir, 1949:34.

119. Verskillende moontlikhede bestaan waarvolgens woorde ingedeel kan word. Webb (1978:28) dui op die diskrete eenhede - soos die sin, woordgroep, ens. - terwyl Ponelis (1979:603) ook die sin, woord, woordgroep of -deel uitlig.
120. Die paradigma is een van die vorme van kategorisering.
121. Hierdie verdeling berus op kategoriaal/vormlike soortgelykheid of uiteenlopendheid (Ponelis, 1979:611).
122. Lyons, 1971:270.
123. Steyn, 1968:29.
124. Die sintagmatiek het betrekking op volgorde, paradigmatic op die klas van elke plek in die sintagmatiek, binnebou op die wyse waarop 'n groep opgebou is uit kleiner eenhede en buitebou op die wyse waarop 'n groep groter eenhede opgebou is.
125. Webb, 1978:17.
126. Lyons (1971:436) het hierdie formulering oorgeneem van Martinet, Halliday, e.a. Hier vorm die paradigmatische groep of klas deel van 'n grammatiese kategoriale gebied (Van Heerden, 1965:99).
127. Groepe word herken aan dinge soos klankvorm, betekenis, plasingsvryheid, struktuurooreenkomste, uitbreiding en omstelbaarheid (Ponelis, 1968:28).
128. Alle elemente binne die dieptestruktuur van sinne kan as "grammatikaal" of "leksikaal" geklassifiseer word. Of daar enige verskil tussen die onderskeie betekenis van grammatikale of leksikale items is, is nie hier ter sprake nie (Lyons, 1971:436).
129. Steyn, 1969:19.
130. Steyn, 1968:25.
131. Steyn, ibidem:2. Vir Ponelis (1979:158) kan klassifikasie ook geskied volgens "soort", nl. soort, klas, tipe, variëteit en kaliber.
132. Steyn, ibidem:27.
133. Ook die fonematiese vorm vorm 'n klas op sy eie (Steyn, 1969:19).
134. Hy sien die skrifwoord as 'n kunsmatige en relatief willekeurige skepping wat die sisteemwoord, wat prinsipieel slegs in gesproke taalgebruik veraanskoulik word, visueel weergee.
135. Hierdie klas moet as 'n soort ope klas beskou word omdat veranderinge ook hier voorkom.

136. Al die fisiese realisering van 'n taalvorm hoort tuis in 'n intensionele klas omdat dit aan 'n klaseienskap beantwoord, nl. 'n eenheid van semantiese aspekte en fonologiese realisasies.
137. Hier is die verskillende sintaktiese relasies ter sprake.
138. Steyn, 1968:28.
139. Vergelyk hier De Stadler (1976).
140. Steyn (1969:25) het hiêrdie formulering van Aristoteles aangehaal en omskryf.
141. Dit is veral die klankvorm wat nog altyd 'n sentrale posisie in enige taalondersoek ingeneem het.
142. Ook "fonologiese woorde" - of leksikale items - maak deel uit van die basiese eenheid van betekenis en klank (Webb, 1978:28).
143. Posthumus, 1968:38.
144. Ponelis, 1968:28. Die sintaktiese eienskappe van die woord veronderstel 'n begrensing of afbakening voor en na die woord in 'n taaluiting - die waarneembare woord in gesproke of geskrewe taal (Posthumus, 1968:40) - en kan deur sekere woordtoetse of grenstoetse vasgestel word (Van Wyk, 1968:62).
145. Dié samevatting noem hy die Matthews-Lyons-Standpunt (soos aangehaal in Webb, ibidem:38).
146. Ponelis, 1979:5.
147. Hierby inbegrepe is die "woord" met sy eie vorm.
148. Ponelis, 1979:7.
149. Steyn, 1968:8. Hierdie elemente verwys na dié taaltekens wat slegs oor 'n sintaktiese funksie beskik.
150. Hierdie ondersoek sal hoofsaaklik oor hiêrdie tipes taaltekens handel.
151. Ponelis (1968:27) verwys ook na die "woordgroep" as groepering - 'n eenheid wat die gevolg is van groepering - wat veral deur Reichling e.a. gebruik is, veral d.m.v. fonologiese, morfologiese en volgorde-middele. Jacobs (1951:28) verklaar die groep as klankverbandings wat deelbaarheid vertoon. Elke bestanddeel beskik nog oor 'n eie selfstandige betekenis.
152. Ponelis, 1976:1.

153. Daar sal nie verder op 'n ander semantiese begrip van Ponelis ingegaan word nie, nl. dié van "eilandperke" - ook 'n vorm van verbondenheid: ook 'n eiland is 'n baie heg gestruktureerde groep.
154. "Wêreld" slaan hier terug op 'n semantiese begrip.
155. Morfeme is wel skeibaar en vervangbaar, maar nie-isoleerbaar en nie-omstelbaar.
156. Steyn, 1968:12. Hier geld dit t.o.v. elemente, woorde of groepe (ook binne paradigmitiese verband) wat êrens anders geïsoleer voorkom of waarvan die woordstatus "bewys" is deurdat hulle van ander woorde skeibaar is deur isoleerbare elemente. Ook Posthumus (1968:40) verwys na skeibaarheid, en wel deur die uiteenplaasbaarheid, isoleerbaarheid en omstelbaarheid van die woord in die woordgroep of sin.
157. Ponelis (1968:32) dui op die gevaar as die "woordgroep" en groep verwar word. Hy beweer dat Chomsky se gebruik van "formans" ("formative") as die minimale sintaktiese eenheid in die plek van die woord gebruik moet word om verwarring uit te skakel, en sluit dit sowel die woord(e) as sintakties relevante morfeme in.
158. Webb (1978:7) toon aan dat die interne struktuur van die woordgroep verskuifbaar is, maar dat dié van die woord vas is.
159. Steyn, 1968:16.
160. Posthumus, 1968:40.
161. Dit sal later duidelik blyk dat die grammatika van Afrikaans aangepas moet word vir so 'n flatervrye indeling. Dit is veral M. de Villiers wat die aandag vestig op die gebreke van so 'n stelsel van indeling.
162. Van Schoor, 1983:5.
163. De Villiers haal Paul aan.
164. Van Schoor, 1983:52.
165. Van Schoor, 1983:4.
166. De Villiers, 1950:108.
167. Van Heerden, 1965:43.
168. Van Schoor, 1983:52.
169. Die term "predikaat" omvat die verbum en adjektief, "argument" slaan op 'n nomen en die "operateurs" behels o.a. tyd (of tempus), ontkenning, vraag en modus.

170. Ponelis wys op die feit dat woorddele in sekere kontekste selfstandig kan optree, maar in ander nie.
171. Van Wyk (1968a:12) beweer dat die woord taalpsigologies die bevredigendste eenheid blyk te wees om as basis te dien vir die verdeling van sinne op skrif. Woordskeiding is 'n aspek wat verder ondersoek behoort te word.
172. By die sintaksis gaan dit om die samehang tussen betekeniseenhede of woorde, soos deur verskillende middele bewerkstellig. Hierdie middele is betrokke in die sinvolle strukturering van die sin (Van Heerden, 1965:43).
173. Hierdie vereenvoudigde uiteensetting spruit uit die ondersoek van Haugen (1982:148) en is van deurslaggewende belang vir hierdie ondersoek. Van Wyk (1969:39) wys daarop dat die verdeling van sinne in diskrete eenhede 'n tegniek is wat voortvloei uit die psigologiese behoefte om die lees van tekste te vergemaklik.
174. Ponelis (1979:3) verdeel sinne in onafhanklike sinne en afhanklike sinne, of bysinne. Laasgenoemde sluit ook die sg. "clause" (of klous) in.
175. Van Schoor (1983:3) wys daarop dat gewone spraak nie altyd sulke netjies afgeronde sinne (deur sommige taalkundiges as geïsoleerde sinne beskou) insluit as dié wat in 'n geskrewe stuk voorkom nie. Kleiner taaleenhede bly onvolledige taaluitings, tensy die konteks die aanvullings verskaf.
176. Vgl. Reichling, e.a.
177. Steyn, 1968:19. Jacobs (1951:36) verdedig sy saak deur te sê dat die woord nie uit die sin te verklaar is nie. Dit is nie slegs 'n bestanddeel of element van die sin as geheel nie, maar moet in sinsverband geïnterpreteer word. 'n Oorsigtelike benaderingswyse behoort hier gevolg te word om die woord in die regte perspektief te sien.
178. De Villiers, 1948:12.
179. Van Schoor, 1983:43.
180. Hierdie aspek van die taal het nog nie sy regmatige plek in die taalbeskouing ingeneem nie.
181. Steyn, 1968:23. Die "matematiese taalvorm" verwys hier na die formele grammatika.

182. Die Moderne Grammatika sluit al die grammatikas in wat gevolg het na Chomsky. In breë trekke kom dit neer op 'n sg. Algemene Taalkunde. In hierdie ondersoek sal daar slegs na enkele van hierdie grammatikas verwys word.
183. Conradie, 1979:3.
184. Van Rensburg, 1973:31.
185. Webb, 1978:23.
186. De Stadler, 1976:34. Die problematiek wat met so 'n siening gepaardgaan, sal nie hier bespreek word nie.
187. Vgl. Makkai en Lockwood, 1973:6.
188. Die verskillende strata is die "semiology: hypersememic, sememic; grammar: lexemic, morphemic"; en die "phonology: phonemic, hypophonemic". Hierdie terminologie herinner sterk aan die terminologie van F.J. Labuschagne.
189. Gitt gee 'n breedvoerige verduideliking van hierdie aspek. Dit is egter nie relevant vir hierdie ondersoek nie. Die slotsom waartoe hy geraak, en in aansluiting by hierdie hele aspek, is dat die Bybelteksvers in Johannes 1:1 as volg omskryf sou kon word: "In die begin was die informasie daar!" (met die "Woord" is in elk geval die persoon bedoel). Om hierdie informasie ook beter te verstaan, sou 'n mens ook na die ontsluiting van die genetiese kode van 'n DNS-molekule (vergelykbaar met die taalgenetika) kon gaan kyk.
190. Gitt, 1989:56.
191. Oorsprong dui op die begin: "Ur(sprung)" of "oer(begin)"; d.w.s. by 'n skepper (nie-menslik en nie-skepsel).
192. Vergelyk hier ook Gitt (1986:108).
193. Die Duitse term is "Apobetik".

HOOFSTUK 2

2 DIE WERKWOORD

2.1 Inleiding

In aansluiting by hoofstuk een kan daar vervolgens oorgegaan word om 'n verdere aspek rakende die studieobjek, nl. dié van die werkwoord, te ondersoek.

Volgens die tradisionele taalbeskouing was die Grieke vroeg reeds bewus van die verskeie grammatikale kategorieë wat in hulle taal aanwesig was.¹

For a long time linguists have assumed that all languages have nouns, verbs and sentences even though the exact definitions of these terms is in dispute.²

Die mens was dus nog altyd bewus van die feit dat alle woorde nie dieselfde is nie. Ons kan miskien aanvaar dat Plato (ca. 429-347 v.C.) dalk die eerste persoon was wat 'n onderskeid getref het tussen die "substantiewe" en die "werkwoorde".³ Hierdie verdeling was egter baie primitief van aard en op suiwer logiese gronde gebaseer. Volgens hom het die werkwoord een of ander aksie of kwaliteit uitgedruk, en was die gesegde of predikaat dié gedeelte van die sin wat iets omtrent die ding wat deur die subjek benoem word, sê.

Bogenoemde siening het met verloop van tyd weinig verander. Ander Griekse grammatici het weer tussen "substantiewe" en "adjektiewe" onderskei. Aristoteles (384-322 v.C.) het later 'n derde klas toegevoeg en tussen "substantiewe", "werkwoorde" en "voegwoorde" onderskei.⁴ Tydens die Middeleeue is daar 'n onderskeid getref tussen "substantiewe", "werkwoorde" en "adjektiewe".

Aristoteles se belangrike bydrae ten opsigte van die werkwoord was seer sekerlik die erkenning van die tyd Kategorie.⁵ Dit is die vorm

waarin 'n betrokke werkwoord vergestalt word en waardeur 'n gebeurtenis voorgestel word in die verlede, hede of toekoms.

Die Stoïsynse grammatici het vier woordsoorte onderskei, nl. die "substantief", "werkwoord", "voegwoord" en "artikel". Hulle het vasgestel dat nie net tyd betrokke was om die vorm van die Griekse werkwoord te determineer nie, maar ook die voltooidheid of onvoltooidheid van handeling soos uitgedruk deur die betrokke werkwoord. Ander aspekte wat ook ondersoek is, is die onderskeid tussen die aktief en passief, en tussen oorganklike en onoorganklike werkwoorde.

Die Alexandrynse grammatici, en veral Dionysus Thrax (die laat tweede eeu v.C.), het ook die "bywoord", "deelwoord", "voornaamwoord" en "voorsetsel" naas die ander woordsoorte erken. Dit was eers ongeveer drie eeue later dat Apollonius Dyscolus (tweede eeu n.C.) van die sintaksis as deeldisipline, nl. die beginsels waarvolgens woorde gekombineer word om sinne te vorm, gebruik gemaak het.

Die Romeine het die Griekse model van taalbeskouing feitlik onveranderd oorgeneem, veral t.o.v. die beskouing van universele en noodsaaklike taalkategorieë wat moontlik mag bestaan. Hulle grammatikas was tydens die Middeleeue, en selfs so laat as die sewentiende eeu, feitlik nog oral in gebruik.

Die Middeleeue het sy stempel onherroeplik op die taalbeskouing afgedruk; 'n proses wat indirek ook wye implikasies vir Afrikaans sou inhou. Latyn het toe alreeds 'n sleutelrol in die opvoedingsstelsel van daardie tyd ingeneem, en dit het daartoe aanleiding gegee dat die vordering wat in die grammatikale analise van Latyn gemaak is, sy pad oopgevind en deel geword het van verskeie latere grammatikas, soos bv. die sg. Tradisionele Grammatika. Gevolglik het Latyn 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van 'n sg. Universele Grammatika, en is die onderskeie inheemse tale, of volkstale, op die agtergrond verdring en óf daardeur beïnvloed, óf daarvan afgelei.

Eers gedurende die Renaissance sou hierdie inheemse tale by die grammatici nuwe belangstelling wek en het verskeie nuwe of eie grammatikas die lig gesien. Die hele klassieke opvatting is na die "moderne" tale van Europa uitgebrei ('n tradisie wat tot vandag toe nog te bespeur is), 'n tradisie van taalanalise met sy oorsprong in Griekeland, waaruit die Westerse grammatikale tradisie ontwikkel het.

2.2 Verskeie definisies

'n Goeddeurdragte en duidelik omskrewe definisie van die werkwoord kan die onduidelikhede en onsekerhede rondom hierdie woordsoort dalk help opklaar.

Die uitgangspunt van so 'n definisie is om die aard of wese en die betekenis daarvan, deurdat dit onlosmaaklik daarin verweef is, te bepaal en dan uit te lig. Die eienskappe wat 'n woord oor die algemeen kenmerk, kom onder die aard of wese van 'n betrokke woord ter sprake. Daarna volg die betekenis daarvan soos onder bepaalde omstandighede uitgedruk.

Die verskillende definisies hieronder poog ook om 'n gegewe verskynsel duidelik te omskryf, nl. 'n verklaring of opheldering van die verskillende werkwoordstamme of werkwoordelemente in taal, nl. in die vorm van die werkwoord en medewerkwoord self; asook die verskillende aspekte wat daaraan verbind kan word.

2.2.1 Die werkwoord

1)

Verb [verb, verbe, glagol] (lat. *verbum* > *ρῆμα* = *Rede, Wort, Ausspruch*). *Zeitwort, Tätigkeitswort*. Konjugierbare Wortart, die als →Finite Verbform Markierungen für die Kategorien Person, Numerus, Tempus, Genus und Modus trägt, einer →Aktionsart angehört und (besonders in den slav. Sprachen) die Kategorie des →Aspekts ausgebildet hat.

Das idg./ieur. V. repräsentiert nach z. T. älterer, vor allem aber neuerer Auffassung die wichtigste Wortart. Das V. verfügt über den größten Formen- und Funktionsreichtum; es ist das satzbildende Wort, der strukturelle Kern, das eigentliche Zentrum des Satzes (Glinz). Das V. spielt im Satz die entscheidende Rolle; es bestimmt kraft seiner →Valenz dessen Struktur. Von der Valenz oder Wertigkeit des V. hängt es ab, wieviele →Ergänzungen im Satz auftreten. V. eröffnen Leerstellen um sich; sie fordern bestimmte →Mitspieler (Erben). Es gibt einwertige V.

(_____ schläft), zweiwertige V. (_____ liest _____), dreiwertige V. (_____ schenkt _____), vierwertige V. (*Sie schüttete ihm den Wein ins Gesicht*).

Aus psycholinguistischer Sicht (Engelkamp 1974) bestimmt das V. die Rollen, die die Nominalphrasen im Satz spielen, und ihre semantischen Merkmale bzw. allgemeinen Bedeutungen, z.B. >>schneiden<<: *Agens* (+ Menschlich), *Patiens* (das Brot), *Instrument* (mit dem Messer). Die Rollen bzw. Argumente im Satz sind von der Kenntnis des Verbs her in allgemeiner Form voraussagbar; das Verb impliziert seine Argumente (vgl. -Prädikat-Argument-Struktur, Proposition, Kasusgrammatik). Das V. vermittelt zwischen Wort- und Satzebene (s. auch -Satzbedeutung, Verbgrammatik).

Vgl. -finite Verbform, Zweitstellung des finiten Verbs, Satzklammer, Funktionsverbgefüge; Rek-tion, Valenz, Valenzwörterbuch; Kopula.

(Lewandowski, 1985b:1163)

2)

Verb [lat. *verbum* >Wort<, übersetzt aus griech. *rhema* >Rede, Aussage<. - Auch: Aussagewort, Tätigkeitswort, Zeitwort]. Wortart mit komplexem Form und Funktionssystem. V. bezeichnen in der Zeit verlaufende Phänomene: Tätigkeiten, Vorgänge und Zustände. Unter morphologischem Aspekt sind sie durch -Konjugation und die gramm. Kategorien, nämlich -Genus verbi, -Modus, -Tempus und (in Übereinstimmung mit dem Subjekt) durch Person und Numerus sowie in manchen Sprachen zusätzlich durch -Aktionsart und -Aspekt bestimmt. Aufgrund seiner Valenzbeziehungen gilt das V. als syntaktisches Zentrum des Satzes, durch -Kongruenz ist es auf das Subjekt bezogen. Unter gramm. Aspekt wird unterschieden zwischen finiten vs. infiniten Verbformen (d.h. zwischen der Personalform und nominalen Formen [Infinitiv und Partizipien]. -Vollverben haben gegenüber -Hilfsverben unterschiedliche Funktion bei der Bildung des Prädikats: Unter dem Gesichtspunkt der Valenz lassen sie sich einteilen in nullwertige (*es blitzt*), einwertige (*schlafen*), zweiwertige (*wohnen*), dreiwertige (*geben*) und vierwertige (*verkaufen*) V. Hinsichtlich des Verhältnisses zum Subjekt unterscheiden sich persönliche von unpersönlichen (subjektlosen) V. (*ich schreibe* vs. *mich friert*); hinsichtlich des Verhältnisses zum Objekt reflexive (*sich kämmen*), in reflexiv gebrauchten (*Alle Türen öffnen sich*) und reziproken V. (*sich versöhnen*). Nach der Art der Konjugation unterscheidet man starke (*springen*), schwache (*lieben*) und unregelmäßige (*gehen*) V. Unter semantischen Aspekten gibt es vielfältige und/kontroverse Klassifizierungsversuche, vgl. z.B. die Gruppierung von BRINKMANN [1962], die sich sowohl auf semantische als auch auf syntaktische Eigenschaften stützt: (a) Tätigkeits- oder Handlungsverben (*lesen, kaufen*), (b) Vorgangsverben (*laufen, schwimmen, klettern*), (c) Zustandsverben (*schlafen, wohnen, bleiben*), (d) Geschehensverben (*mißlingen, sich ereignen*) und (e) Witterungsverben (*regnen*).

(Bußmann, 1983:571)

3)

verb(al) A term used in the GRAMMATICAL classification of words, to refer to a class traditionally defined as 'doing' or 'action' words (a description which has been criticised in LINGUISTICS, largely on the grounds that many verbs do not 'act' in any obvious sense, e.g. *seem, be*). The FORMAL definition of a verb refers to an element which can display MORPHOLOGICAL contrasts of TENSE, ASPECT, VOICE, MOOD, PERSON and NUMBER. FUNCTIONALLY, it is the ELEMENT which, singly or in combination with other verbs (i.e. 'verb phrase'), is used as the minimal PREDICATE of a sentence, co-occurring with a SUBJECT, e.g. *be/came*. If the predicate contains other elements (e.g. OBJECT, COMPLEMENT, ADVERBIAL), then it is the verb which more than any other is the unit which influences the choice and extent of these elements, e.g. the verb *put* takes both an object and a LOCATIVE adverbial, as in *he put the book on the table*. In many grammatical theories, accordingly, the verb is considered the most important element in sentence structure.

The term **verb phrase** is used in two senses. Traditionally, it refers to a group of verbs which together have the same syntactic FUNCTION as a single verb, e.g. *is coming, may be coming, get up to*. In such phrases (**verbal groups, verbal clusters**), one verb is the main verb (the **lexical verb**) and the others are subordinate to it (**auxiliary verbs, catenative verbs**). A verb followed by a non-verbal PARTICLE (similar in form to a preposition or adverb) is generally referred to as a **phrasal verb**.

In GENERATIVE grammar, the verb phrase (VP) has a much broader definition, being equivalent to the whole of the predicate of a sentence, as is clear from the expansion of S as NP + VP in PHRASE STRUCTURE grammar.

The adjective from 'verb', **verbal**, is often used in traditional grammatical description (though one must be careful not to confuse it with 'verbal' meaning 'spoken', as in 'verbal skill', 'verbalise', etc.), for instance 'verbal noun' (= a NOUN similar in form or meaning to a verb, e.g. *smoking*), 'verbal adjective' (= an ADJECTIVE similar in form or meaning to a verb, e.g. *interested*). See Lyons 1968: Ch. 7; Quirk *et al* 1972: Ch. 3.

(Crystal, 1980:374)

4)

werk'woord. Woord waarmee in Afrikaans tyd op sistematiese wyse aangedui word; kern van die gesegde van die sin; verbum.

(Odendaal, 1984:1358)

5)

werk'woord, o. (-en), verbum; rededeel dat een handeling, toestand of proces uitdrukt, als een werking gedacht; het woord waardoor het gezegde aan een subject verbonden wordt: *sterke, zwakke werkwoorden* (bv. binden-bond resp. gooien, gooide); *zijn is een onregelmatig werkwoord*; *overgangelijke en onovergangelijke werkwoorden* (nl. met een lijdend voorwerp resp. zonder lijdend voorwerp); ...**woor'delijk**, bn. bw., van de aard van, resp. als een werkwoord: *het werkwoordelijk gebruik van die woorden en uitdrukkingen*; ...**woordstam**, m. (-men), stam, kernvorm van een werkwoord; ...**woordsvorm**, m. (-en).

(Geerts & Heestermans, 1984c:1449)

6)

verb (vûrb) *n.* Gram. 1 One of a class of words which assert, declare, or predicate something; that part of speech which expresses existence, action, or occurrence, as the English words *be, collide, think*. 2 Any word or construction functioning similarly. [*F verbe <L verbum* word. Akin to WORD.]

(Funk, 1960b:1394)

7)

Verb <[verb] *n.* 27> *Wort, das eine Tätigkeit, einen Vorgang od. Zustand ausdrückt, z.B. gehen, regnen, dauern; Sy Tätigkeitswort, Zeitwort* [<lat *verbum* „Wort“]

(Wahrig, 1987:1352)

8)

Ver·bum <[ver-] n.; -s, -ba od. -ben> = *Verb*; ~ finitum = *finite Verbalform*; ~ infinitum = *infinite Verbalform* [lat. verbum "Wort, Zeitwort" + finitum, Perf. Pass. von finire „begrenzen, abgrenzen, beschränken, bestimmen"]

(Wahrig, 1987:1354)

9)

verb. *≡ Verbum.*

Verb s (-s; -en) (lat.) Zeitwort.

verbal EW (lat.) als Zeitwort; wörtlich (-e Skala = Wortreihe zur Feststellung von Verhaltensweisen; **Verbal** s (-s; -e) Protokoll (schw.);... **Verbale** s (-s; -li-en) Hauptwort aus einem Zeitwort;...

(Mackensen, 1986:1108)

10)

Zeitwort s (~[e]s; -wörter) Tätigkeitswort, Verbum;...

(Mackensen, 1986:1184)

11)

Verb [verp], das, -s / -en: Gramm. Wort, das ein Geschehen, eine Handlung, einen Vorgang, das Sein von etw. angibt u. deren verschiedene Zeitstufen unterscheidet; Zeitwort, Tätigkeitswort: essen, trinken und schlafen sind Verben. [nbd., älter: Verbum < lat. verbum = (Zeit)wort]

(Köster, 1969:929)

12)

Zeit·wort, das, -[e]s / ...wörter: Gramm. Verb. [älter nhd., für lat. verbum (temporale) = Wort (das die verschiedenen Zeiten unterscheidet)]

(Köster, 1969:1000)

13)

Verb, das; -s, -en [w..] <lat.> Gramm. konjugierbares Wort, das einen Vorgang oder Zustand bezeichnet und im Satz das Prädikat bildet: ‚lachen‘, ‚frieren‘ und ‚leben‘ sind Verben; die finiten, infiniten Formen des Verbs.

dazu Funktions-, Hilfs-, Modal-, Voll-, Vorgangs-, Zustandsverb...

(Klappenbach, 1977:4020)

14)

Zeitwort, n., 1) *verbum*; aus der mitte der sprachgesellschaften stammendes, wie ADELUNG wb.² 4, 1680 feststellt, unzureichendes übersetzungswort, das sich aber bereits im 17. jahrh. durchgesetzt hat; zunächst für *tempus verbi*: nam (ist) das unvollkommene z. (d.h. imperfectum) von nemen GUEINTZ rechtschr. 105; sodann aber nur noch für *verbum*: die nenn- und zeitwörter HARS-DÖRFER tricht. 1. 18; ZESEN rosenmänd (1651) A 4^b; gedoppeltes z. *verbum compositum* BELLIN rechtschr. b9^a; SCHOTTEL verskunst 28; GUEINTZ rechtschr 15; u.s.f., im 18. jahrh. sowohl von GOTTSCHED (crit. dichtk. 225) wie von LESSING (8, 49 M.), KLOPSTOCK (gelehrtenrep. 230). HERDER (5, 83 S.) und GoTHE (23, 224 W.), auch ADELUNG anfangs (mag. 2, 4, 134) gebraucht; im 19. jahrh. allgemein, wenn auch aus der fachsprache wieder vom lat. wort verdrängt; 2) *adverbium*

temporis; für heute: E. FRANCISCI seelenlabende ruhestunden (1678) 1, 603; die zu- oder zeitwörter vor und hernach ders. luftkreis (1680) 269; für das griech. tore (damals): J.W. PETERSEN hochz. d. lammes und d. braut 12; von ADELUNG wb.⁴ 2, 1681 gebilligt; 3) vergängliches wort: STIELER 2580; ohne liter. belege; 4). die zeit bestimmendes wort: HERDER 24, 522 S. (s. auch unter -zahl); zss. zu z. 1 bei SCHOTTEL horr. bell. grammaticale: -feind 50, -könig 65 u. a.; ebda adj. -wörtlich verbal 11, ferner CAMPE 5, 837^b; nicht durchgedrungen. - -wunder, n.: stupor aevi STIELER 1391; KRAMER 2, 1441^b; HERDER 25, 28 S. - -wust, m.: zeiten- verwirrte zeit GOTHE IV 20, 59 W.

(Grimm & Grimm, 1956:580)

15)

Verb <[v-] n.; -s, -ben; Gramm.> Wortart, die konjugiert werden kann. Tätigkeiten, Vorgänge u. Zustände bezeichnet u. syntaktisch gewöhnlich in einem Satz das Prädikat bildet; oV Verbum (I); Sy Tätigkeitswort, Zeitwort: Voll-, Hilfs-, finites -, infinites -, unregelmäßiges -, regelmäßiges - [*lat. verbum* "Wort"]
Ver•ba <Pl. von> Verbum.

(Wahrig, 1984:469)

2.2.2 Die medewerkwoord⁶

Vgl. hier die gedeelte oor definiëring in hfst. 4 (4.2.2, p. 171).

2.3 Werkwoordbeskouing

Die soms uiteenlopende standpunte van bg. definisies noop ons om dié aspek met uiterste omsigtigheid te benader.

Vir die ouer skool van vergelykende filologie het die werkwoord die hoogste groei van taalkundige ontwikkeling verteenwoordig, 'n beskouing wat mettertyd in 'n soort dogma ontwikkel het.

Jespersen (1962:356) dui daarop dat - alhoewel die betekenis dieselfde kan wees - die enigste onderskeid tussen die substantief en die werkwoord die rol is wat hulle in 'n sin vertolk.

The distinction between them is a purely grammatical one: one class of words is inflected in one way, the other in another, and one class is intended to be the subject, object, etc. of a sentence, or to be used after a preposition, while the other is fit to be the "predicate" of a sentence.⁷

It is difficult to imagine a sentence completely devoid of elocutional form.

Dit is daarom dat De Villiers (1948:30) beklemtoon dat die sin met 'n bepaalde werkwoord die belangrikste studiegebied van die sintaktikus bly.

Broendal (soos aangehaal in De Villiers, 1948:29) se waarskuwing is egter ook belangrik, en dit is dat 'n mens nooit 'n grammatiese vorm in 'n bepaalde sintaktiese funksie moet omskryf nie. "Die werkwoord is nie... altyd gesegde nie." Dit is die rede waarom die werkwoord nie altyd 'n gesegdewoord genoem kan word nie.⁸

Die werkwoord se betekenis kan egter moeilik anders as sintakties omskryf word, en daarom moet funksie ook op die voorgrond gestel word. Alhoewel sinne uit een woord kan bestaan, bly funksie die maatstaf waarvolgens dit gemeet word.

"Syntaktisch können Verben das Prädikat bilden, ihre Valenz bestimmt das syntaktisch-strukturelle Minimum des Satzes." Op grond van sy leksikale en kategoriale betekenis beskik die werkwoord verder ook oor die volgende grammatiese kategorieë, nl. persoon, getal, tempus, modus, en genus⁹, "... und sind für bestimmte syntaktische Rollen, besonders für die des Prädikats, prädestiniert".¹⁰

Sedert Plato is die definisie van die werkwoord nou verweef met die onderskeid tussen onderwerp en predikaat. Vir Aristoteles en Plato was die predikaat die kenmerkendste funksie van die werkwoord, 'n bewering wat oor die onderwerp ('n persoon of ding) gemaak word. Lyons (1971:10) wys daarop dat "... 'verbs' were terms which could express the action or quality predicated. (Roughly speaking, the *subject* ('noun(s)') of a predication names the thing about which something is said, and the *predicate* is that part of the sentence which says something about the thing named by the subject.)".

'n Fundamentele beginsel van die Tradisionele Grammatika is dan ook dat die enkelvoudige sin uit twee komponente saamgestel is, nl. 'n

onderwerp en 'n predikaat. Hierdie siening word ook deur die moderne sintaksis erken.

Shapiro et al. (1987:222) voer aan dat leksikale verteenwoordiging, as byvoeging, 'n werkwoord se predikaat-argumentstruktuur¹¹ moet insluit, en dat die komplement van 'n sin ook as 'n argument¹² van die werkwoord beskou kan word.

... lexical entries for verbs include both syntactic subcategorization and argument structure information, thereby representing the syntactic and semantic character of the complements a verb allows.¹⁴

Ook Sastri (1966:97) voer aan dat die komplementgedeelte in die sinstruktuur net so 'n belangrike rol speel as die subjek of die verbale substantief. Verskeie Germaanse tale maak van komplementering of aanvulling as 'n strukturele middel by sekere werkwoordtipes in hulle sinne gebruik.

Steyn (1968:148) werp ook lig op sekere aspekte, en probeer om die ingewikkelde verweefdheid en toepassing van dié woordsoort met ander woordsoorte te vergelyk en uit te lig.

Eerstens moet daar na die vorm van 'n betrokke woord gekyk word. Daarna kom die fonologiese en semantiese aspekte aan die beurt. Voorts moet ook gelet word op die funksie(s) wat dit vervul en die kombinasie(s) waarin dit kan optree, m.a.w. tot watter gebruiksklas dit behoort. Die betrokke sintaktiese eienskappe daarvan moet ook dan in ag geneem word.

Steyn dui daarop dat 'n predikaat uit een of meer woorde kan bestaan. Volgens hom is 'n eenwoordige predikaat en die lid van 'n werkwoordgroep wat direk op die subjek volg in 'n hoofsin (of dit direk voorafgaan) die persoonsvorm. Dit is 'n verskynsel wat in die meeste Germaanse tale gebruik word, en staan ook as die "verbum finitum" bekend. Hy sien dit as aanduiding van die verbonde wees van 'n werkwoordvorm

met 'n woord of groep in die subjekfunksie, in opposisie met ander gebruiksvorme.

2.4 Die grammatikale klas "werkwoord"

Tot die kern of sentrum van 'n betrokke woordsoort sal die ganse woordveld wat daaromheen geweef kan word, behoort, asook al die tipe-rende kenmerke¹⁴ van dié woordsoort. Om hierdie kern heen word die randverskynsels dan betrek, wat stelselmatig 'n woordveldhiërargie opbou en tot gevolg het.

Volgens die tradisionele grammatikale teorie of klassieke beskouing is die woordsoorte volgens begripsterme gedefinieer¹⁵, 'n moontlik voor-wetenskaplike uitvloeisel van 'n proses waardeur gepoog is om die om-gewing te beheer.

Dit is vandag egter belangrik om te beseef dat daar sekere implisiete voorwaardes bestaan wat bepaal dat woorde tot sekere grammatikale klasse behoort, 'n beskouing wat hoofsaaklik op woordverspreiding ge-baseer word. Labuschagne (1957:104) dui daarop dat woorde¹⁶ as outo-nome kategorie ervaar en beleef word, deur hulle gerigtheid.

Ons moet beseef dat dit onwetenskaplik is om leksikale items of woorde volgens begripsterme in te deel, juis omdat indeling per se sirkelvor-mig¹⁷ is. Dit is dán wanneer die onderskeid tussen "formele" en "be-grips"-definisies die ondersoeker kan help om vas te stel hoeveel lek-sikale items tot 'n sekere klas behoort. Die uiteindelijke woordvorm het 'n woordonderskeidende en -rangskikkende funksie, maar ook 'n woordsoortonderskeidende funksie.

Een van hierdie leksikale klasse wat oor 'n volle ledetal beskik, is die klas: werkwoorde. "Verben ,repräsentieren in logischen Sinne Merkmale von Individuen... Die Wortklasse Verb ist kategorial auf ein Geschehen oder Sein in der Zeit festgelegt, und zwar auf Grund der im Satz obligatorischen Verbindung von Verb und Tempus-Modus-Morphem...

Der lexikalische Kern der Verben kann ein Geschehen oder Sein repräsentieren...'.¹⁸

The verb is a part of speech without case-inflexion, admitting inflexions of tense, person and number, signifying an activity or a being acted upon.¹⁹

Volgens die Transformasionele Grammatika moet die woordsoorte nie as woordklasse in die oppervlaktestruktuur gesien word nie, maar as dieptestruktuurkonstituente (of semantiese verteenwoordiging) van sinne. So behoort die werkwoord weer vir die Kategoriale Grammatika tot 'n afgeleide, komplekse kategorie, anders as die substantief wat tot 'n fundamentele kategorie behoort.

Die meeste linguiste veronderstel dat die "kategoriale" identiteit van die werkwoord in die dieptestruktuur van taal ingebed lê, en kan ons voorlopige aanvaar dat die term "werkwoord" geen begrips- (of universele) toepassing het nie, maar 'n verspreide en regverdigbare grammatikale klas aandui wat enige arbitrêre etiket sou kon dra. Hierdie woordklas word gevolglik saamgestel uit woorde wat willekeurig uit die woordelys van die leksikon gekies word.

2.4.1 Die sintaksis en morfologie van die werkwoord

Van Schoor (1983:125) wys daarop dat die werkwoord dié woordsoort is waarby waarskynlik die gekompliseerde grammatikabegrippe te pas kom. Dit gee aanleiding tot die intense verwickeldheid daarvan.

By die werkwoord het ons tradisioneel te doen met 'n soort waarvan daar verskillende vorme bestaan sonder dat dit aan die leksikale betekenis verander. Dit is omdat verskillende vorme van dieselfde woord in verskillende grammatiese betekenisse gebruik word, d.w.s. hulle word gebruik om verskillende oore te dra wat juis deur dié soort vormverskille by die werkwoord oorgedra kán of móét word.

Voorts bring sulke vormverskille by 'n woord of woordsoort wat met grammatiese betekenisverskille saamhang, die term kategorie(ë) ter

sprake. Die verskillende woorde²⁰ verteenwoordig verskillende vormkategorieë by die werkwoord. Hulle verskillende gebruike daarenteen hang weer ten nouste met die betekeniskategorieë van die werkwoord saam.

Daar bestaan dus 'n noue samehang tussen die vormkategorieë en die betekeniskategorieë van die werkwoord.

2.4.1.1 Vormkategorieë by die predikaat

Indien die mens die toepassing van die werkwoord in oënskou neem, kan verskeie dinge uit die toepassing daarvan afgelei word. So word daar vandag hoofsaaklik twee soorte werkwoorde onderskei, nl. die hoofwerkwoorde en die medewerkwoorde. Verder is daar 'n wye verskeidenheid werkwoordvorme en predikaatvorme.

2.4.1.2 Betekeniskategorieë by die predikaat

Daar is drie betekeniskategorieë wat in elke sin gelyktydig en saam op die taalgebruiker 'n invloed uitoefen by die keuse van die predikaatvorm. By die moedertaalspreker geskied hierdie keuse spontaan; dieselfde kan egter nie van die nie-moedertaalspreker en taalnavorser gesê word nie: laasgenoemde weens die volledige verslaglewering t.o.v. die verskillende aspekte wat ter sprake is.

De Villiers (1948:137) dui daarop dat die probleem inderdaad ingewikkeld is, en dat dit moeilik is om dié dinge wat die taalman instinktief doen, bewus te formuleer. Die drie semantiese kategorieë wat saam optree, maar uiteraard afsonderlik bekyk moet word, is tyd, aspek en modaliteit.

Van Schoor (1983:130) noem ook die voorwaardes wat geld by die toepassing van hierdie kategorieë (of gesigspunte wat op al drie betrekking het):

- 1) Alhoewel al drie kategorieë bewus onderskei kan word, is daar 'n hiërargie wat by elke sin of klous bepaal watter een van hulle dominant is en die invloed van die ander twee op die agtergrond druk;
- 2) In die konteks sal daar gewoonlik aanduidings wees wat betreklik ondubbelsinnig uitsluitel gee oor al drie betekeniskategorieë, soms by implikasie, soms eksplisiet;
- 3) Taal word as kommunikasiemiddel gebruik, en gevolglik is die bedoeling van die taalgebruiker altyd deurslaggewend.

2.4.1.2.1 Tyd

2.4.1.2.1.1 Tydsaanduiding in die grammatika

Tyd in die grammatika het net betrekking op die verhouding tussen die tyd waarop gepraat word en die tyd waarvan gepraat word, ook op die oorkoepelende tyd en die tydlose.

Taal maak nie van elke oomblik 'n ander grammatiese tyd nie. Tradisioneel word slegs drie vorme daarvan onderskei, nl. dié wat tot die verlede of verbygegane behoort (voltooid en onvoltooid verlede); tot die huidige, of die hede of teenwoordige (voltooid en onvoltooid teenwoordige); en tot die toekomstige of die toekoms (voltooid en onvoltooid toekomstig). Daarbuite lê die tydlose of atemporele.

Hierdie beskouing van tyd soos ons dit vandag sien, stam oorspronklik hoofsaaklik van Latyn en gedeeltelik van Grieks.

By tyd gaan dit dus om die verhouding tussen die tyd waarop en die tyd waarván vertel word. Ons moet hierdie indeling van tyd gevolglik nie as absoluut sien nie. Die indeling het geen vaste grense nie, en dit hang van die taalgebruiker af hoe die grense vorentoe en agtertoe skuif.

Dat die begrip teologies beskou word, is volgens De Villiers (1948: 140) een van die grootste dwalinge op hierdie gebied. Daarom behoort

die tydsbegrip eerder emosioneel as objektief uitgedruk te word. Dit is omdat tyd anders in die verskillende tale aangevoel en uitgedruk word. Wat gevolglik bepalend vir elke taal behoort te wees, is om eers vas te stel oor watter vorm en verbindings 'n betrokke taal beskik, dan na te gaan oor hoe hulle gebruik word, en op watter wyse tyd dan aangedui word.²¹

Hoe die taal tyd aandui, is dus belangriker as watter tye aangedui word. By tydsaanduiding is dus meer as net logiese begrippe op die spel, en behoort die hele basis van tydsaanduiding weer ondersoek te word, soos Wybenga (1983) in hoofstuk ses (6.3.3, p. 259) ook aantoon.

2.4.1.2.1.2 Tyd as relatiewe begrip

Die mens het hier met 'n begrip te doen wat sy verstand nie werklik kan vaspen nie; dit is iets wat die verstand eintlik te bowe gaan. En dit maak dit juis moeilik om in 'n ondersoek van hierdie aard na wense uitspraak te kan lewer, of slegs te poog, oor wat die aard of wese van die werkwoord en die medewerkwoord (tradisioneel beskou en in tyd vasgevang) werklik is. Selfs hier maak gewoontevorming dit moeilik vir die menslike denke om van sy stereotipiese ingesteldheid te ontkom.

König (1985:95) wys bv. daarop dat een van die fisika- (of natuur-) wette juis gebaseer word op die feit dat tyd deur beweging in 'n ruimte gemeet word; daarenteen word beweging deur ruimte en tyd en ruimte weer deur tyd en beweging onderskeidelik gemeet. Dit is Einstein wat met sy relativiteitsteorie o.a. uitgewys het dat tyd d.m.v. beweging verander; dit het veroorsaak dat die menslike fisiese voorstellingspatroon permanent verander het: indien ons daarin sou kon slaag om 'n liggaam teen die spoed van lig te laat voortsnel, sou dit kon gebeur dat tyd tot 'n absolute stilstand kom (of opgehef word).

God is nie aan tyd ondergeskik nie. Die wetmatighede daaromheen is deur hom vasgestel. Gevolglik kan diegene wat Hom nie ken nie, sy almag ook nie ken nie, en kan hulle hul ook nie 'n dimensie voorstel

waarin tyd nie bestaan nie. Volgens die woord van God (Openbaring 1:8) is die tyd daargestel om as maatstaf vir die mens op aarde te dien (verlede, hede en toekoms).

Ons menslike denke word vasgevang of vasgepen deur ons driedimensionele voorstelling van dinge (d.w.s. materieel beskou). Met ons liggame is ons ruimtegebonde en aan tyd oorgelaat. Die gees en siel behoort egter nie tot hierdie ruimte-tyd-dimensie²² nie; dit het slegs ewigheidsbetekenis of -waarde. Ons gebeurtenishorison plaas egter beperkinge op ons omgewing. Juis daarom moet ons nie uit die oog verloor dat ons sigbare werklikheid in onsigbare dimensies²³ ingebed is nie, wat op sigself net so 'n werklikheid is as die meetbare materie om ons.

Hierdie beskouing kan vir ons enkele deure open as ons die medewerkwoord dalk beter wil verstaan; andersins skep dit weer nuwe probleme of vrae, en word die problematiek rondom die hele aspek net nog ingewikkelder. Tyd, veral in soverre dit in Afrikaans figureer, kom vollediger in hfst. 6 (6.3, p. 238) aan bod.

2.4.1.2.2 Aspek

Aspek is die volgende betekenis-element van die werkwoord wat ons interesseer. In hoofsaak het ons hier met die stand van die werkwoordelike inhoude te doen wat deur die volgende begrippe uitgedruk word. Gebeure kan voortduur (m.a.w. duratief wees) of momentaan voorkom; dit kan voltooid of onvoltooid wees; dit kan begin of eindig; dit kan eenmalig of herhalend wees, e.s.m.

Die aspekverskille kan op die leksikale betekenis van die werkwoorde berus of op die aspektuele semantiese waardes van sommige predikaatkonstruksies. Dit kan ook van die aspekverhouding tussen die gebeure in die sin of die konteks afhang na gelang van die bedoeling van die spreker. By aspek gaan dit dus om die verhouding tussen die tye waarop dinge in die vertelling plaasvind.

Kruisinga (soos aangehaal in De Villiers, 1948:100) definieer aspek as:

Aspect is a term borrowed from Slavic philosophy to denote the meaning of a verbal form in so far it expresses whether the speaker looks upon an action in its entirety or with special reference to some part - chiefly the beginning or the end.

Aspek skep by elke afsonderlike taal 'n eie en unieke opset of probleem.²⁴

2.4.1.2.3 Modaliteit

Die begrip modaliteit omvat alle nuanseringe van die taalgebruiker se gesteldheid teenoor die feitelike staat van taalgebruik oor die algemeen. Alles wat die sin seker of onseker, stellig of bedenklik, moontlik of onmoontlik, waarskynlik of onwaarskynlik, bevestigend of ontkennend maak, en alles wat wenslikheid, vermoë, verpligting, drang of bedoeldheid en verwante begrippe as beperkinge of uitbreidings van die sinsinhoud uitdruk, kan as modale begrippe beskou word.

De Villiers (1948:130) druk die betekenis van modaliteit uit as synde die verhouding van die spreker tot sy taaluitings, wat gewoonlik deur die modi of wyses uitgedruk word.

Alhoewel nie so drasties in die Germaanse taalgemeenskap nie, verskil hierdie aspek van taal tot taal. By hierdie taalgroepering is daar gevolglik ten minste één werkwoord in die predikaat, alhoewel baie predikate uit meer as een werkwoord kan bestaan.

2.4.2 Die soorte werkwoorde

Ook hier kan ons net berus by die tradisionele of meer universele indeling wat tot dusver gevolg is. Alhoewel ons net kripties na die verskillende aspekte kan gaan kyk, kom veral dié aspekte aan bod wat ook op Afrikaans van toepassing is.

2.4.2.1 Die hoofwerkwoord

Dit is duidelik dat nie alle soorte werkwoorde as enigste werkwoord in die predikaat kan optree nie. Indien wel, word so 'n werkwoord 'n hoofwerkwoord of selfstandige werkwoord genoem. Hiërdie werkwoord²⁵ is dan ook meestal die draer van die leksikale betekenis in 'n predikaat wat uit meer as een werkwoord bestaan. Dit is dan ook die hoofwerkwoord wat in enige sin of klous die sinspatroon bepaal.

2.4.2.2 Die medewerkwoord

Volgens die klassieke of tradisionele indeling kan naas die hoofwerkwoord ook mede- of hulpwerkwoorde in 'n predikaat optree, elk met sy eie grammatiese funksie(s) en semantiese waarde(s).

Jespersen (soos aangehaal in Lyons, 1971:327) het die woordsoorte volgens klasse geklassifiseer. Volgens hom was die substantiewe 'n kategorie wat tot 'n sg. eerste klas behoort het, die werkwoorde (en hierby het hy die adjektiewe ingesluit) tot die tweede klas en die bywoorde tot die derde klas.²⁶ Elke klas (of soort) word deur 'n kategorie van 'n "hoër" klas gemodifiseer. So bv. wysig of verander die werkwoord die substantief, en word die werkwoord deur die bywoord gewysig.

Ook Sommerfeldt (1988:221) dui op die kompleksiteit verbonde aan enige woordklassifikasie. Alhoewel daar geen onduidelikheid bestaan, t.o.v. die hoofwoordsoorte nie, of oor wat die kernbereik²⁷ (of -sfeer) daarvan is nie, is dit die randverskynsel(s) daarbinne wat 'n deeglike ondersoek regverdig.

2.4.3 Hoofwerkwoordvorme

Soos alreeds gesien kan word, word die predikate opgebou uit verskillende vorme van die werkwoorde. Belangrik is egter die feit dat nie alle werkwoordvorme uitsluitlik as predikate en dele van predikate gebruik word nie.

Die verskillende vorme van die hoofwerkwoord binne die Germaanse verband verskil van taal tot taal. Vervolgens kyk ons na dié vorme²⁸ wat universeel blyk te wees aan al hierdie tale. Die gebruiklik sintakties-formele terme word ook hier gebruik om hierdie taalverskynsels te beskryf en te omskryf.

2.4.3.1 Die infinitief

Infinitief beteken onbepaald, en volgens Van Schoor (1983:209) het dit sy ontstaan in die vormryke lede van die Germaanse taalfamilie waar daar in die grammatiese predikaat 'n werkwoord was waarvan die vorm aangetoon het dat dié werkwoord en die onderwerp by mekaar hoort en 'n finiete werkwoord ("finite verb" of ww. in 'n persoonsvorm) genoem is. Hierdie vorm staan teenoor ander werkwoorde waarvan die vorm hulle nie aan die onderwerp verknoop het nie.

Tog blyk dit vandag dat die infinitief dié vorm is wat eintlik net die betekenis van die werkwoord oorgehou het. Hiérvorm het geen koppelings met enige van die ander werkwoordelike kategorieë nie, tree op as geen verdere werkwoordelike funksie gevra word nie, en word as die naam van die betrokke werkwoord gebruik.

De Villiers (1948:83) wys daarop dat die infinitief oorspronklik 'n substantief was wat van 'n werkwoord afgelei is. Dit beskik dus oor 'n tweeslagtige karakter, deurdat dit later 'n meer werkwoordelike karakter verkry het in hegte verbinding met sekere voorsetsels, wat oorspronklik rigting, doel, lokaliteit, ens. aangedui het. Uiterlik beskou vertoon die infinitief dus 'n passiewe vorm of het dit 'n neutrale reaksie.

'n Kenmerk van sommige infinitiewe is dat die tweeslagtige karakter daarvan (nl. substantief-werkwoord) somtyds nog te bespeur is. Die proses wat tot hierdie verskynsel aanleiding gegee het, staan as grammatikalisasie of nadruklikheid bekend.

'n Voorkeur kan ontwikkel wat bv. op die lys van abstraksie na meer nadruklikheid lê. Dit is 'n sielkundige proses met aan die een kant 'n behoefte by die spreker aan meer nadruklikheid, deurdat 'n nuwe woord gebruik word, of bygevoeg word as versterking vir beter en doeltreffender kommunikasie. Die herhaalde gebruik van 'n gegewe woord lei egter daartoe dat dié woord later sy krag verloor.

Hierdie hele proses staan dan ook as die proses van grammatikalisasie bekend, wat a.g.v. 'n andersoortige behoefte by die taalspreker teenoor eersgenoemde staan.

2.4.3.2 Die deelwoord

Die meeste grammatikas erken wel hierdie verskynsel deurdat hulle tussen die onvoltooide (of teenwoordige) en die voltooide (of verlede) deelwoord onderskei.

'n Verklaring van De Villiers (ibidem:95) lui dat dié werkwoord oorspronklik 'n adjektief was wat van 'n werkwoord afgelei is. Dit het byvoorbeeld uitgedruk dat iemand of iets, óf deur werking van buite, óf deur werking in die persoon of ding self, in 'n bepaalde toestand geraak het.

Die oudste tipe verbinding het verbale adjektiewe ingesluit wat eers net by die sogenaamde intransitiwe werkwoorde voorgekom het. Hierdie adjektiewe moes uitdruk dat die onderwerp deur die verrigting van die handeling in 'n ander toestand geraak het en daarin bly. Verskeie ander verbindings het daarna gevolg.

Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms tussen dié proses in die Germaanse tale en die ontwikkelingsgang van die Romaanse tale en verskeie ander tale. Vendryes (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:96) skryf dit toe aan die algemene behoefte om die bereikte eindtoestand van 'n handeling te onderskei of te beklemtoon in teenstelling met die blote gebeure-in-die-verlede. Die beklemtoning van dié aspek het met

verloop van tyd krag verloor totdat dit blote aanduiding van tyd geword het.

Histories beskou, dui die deelwoord dus op 'n sogenaamde tussenstadium, nl. 'n oorgang of skakel tussen adjektief en werkwoord, en is dit ook deels adjektief en deels werkwoord.

'n Tergende vraag bly egter of daar naas die werkwoordelike funksie ook 'n byvoeglike funksie erken moet word. 'n Oplossing vir hierdie probleem sou moontlik in aspek gevind kan word, deurdat die deelwoord 'n ander aspek as die werkwoord self vertoon.²⁹

Dit blyk dus onmoontlik te wees om 'n waterdigte skeiding of verdeling van die deelwoorde binne Germaanse verband te maak. Tradisioneel word hierdie klas as 'n vorm van die werkwoord beskou, alhoewel 'n mens neig om dit as afsonderlike woordsoort op te neem vanweë die tussenposisie wat dit in ons taalkundige beskouing inneem.

Die aantal werkwoorde wat tot hierdie klas, nl. die deelwoordkonstruksie behoort, is nie altyd duidelik genoeg omskryf nie omdat sommige samestellings of strukture tot die oorgangsveld tussen werkwoord en adjektief behoort, of tussen werkwoord en substantief.

Om dié probleem te help oorbrug verwys De Villiers (ibidem:102) na die sogenaamde resultatiewe werkwoorde en die duratiewe werkwoorde. Eersgenoemde dui slegs die eindpunt aan terwyl laasgenoemde voortdurende kan aandui en uitdruk. Daarnaas is daar egter ook 'n derde kategorie, nl. die sg. neutrale werkwoorde.

Grammatikalisasie speel ook in hierdie proses 'n groot rol, omdat daar langsamerhand ook hiér 'n sielkundige verskuiwing in die verhouding van die dele ontstaan het.

Die ander vorme van die werkwoord, soos die presens en die imperfek, word vir die doel van hierdie verkenning nie verder ondersoek nie.

2.5 Subklassifikasie

'n Grammatika kan en moet nooit as afgerond of voltooid beskou word nie.

Dit is daarom dat daar ook voorsiening gemaak moet word vir woordsub-klasse naas woordklasse om 'n geheelbeskrywing van 'n betrokke taal se grammatika en taalkorpus te kan maak. In prinsiep kom dit daarop neer dat 'n gedetailleerde woordklassifikasie- en reëlsisteem geskep moet word om voorsiening te maak vir die hele taalkorpus, 'n proses en handeling wat voortdurend geëvalueer en aangepas moet word.

So 'n sisteem of grammatika moet ook voorsiening maak vir die feit dat tale onderling verskil en oor 'n komplekse samestelling, alhoewel dikwels wyduiteenlopend, beskik. Hiërdie aspek moet gevolglik in taalkundige perspektief geplaas en as sodanig bestudeer word.

Daarom word die sukses al dan nie van die sintaksis van 'n gegewe taal deur sy stukboureëls uitgedruk. Die eenvoudigste en algemeenste stukboureëls³⁰, dáárdie reëls wat volgens die sg. X-balk-konvensie gevorm is en slegs na frases en leksikale kategorieë verwys, onderskei bv. nie tussen die werkwoordklasse nie. Daar is dus gewoonlik geen beperkings wat op 'n bepaalde werkwoordgleuf³¹ geplaas (kan) word nie.

Deur 'n teorie van sintaktiese subkategorisering beperk Chomsky e.a. die opbrengs van die stukboureëls tot goedgestruktureerde voorbeelde van 'n gegewe taal.

This theory captures the fact that different verbs allow different complements regardless of semantic content...³²

Die werkwoord kan ook 'n komplement subkategoriseer. Dit is daardie komplement in die werkwoordstuk waarin die werkwoord as hoof optree. Gevolglik kan sintaktiese subkategorisering³³ vir elke werkwoord gespesifiseer word, en vorm dit deel van elke werkwoord se verteenwoordiging in die leksikon.

By syntactic subcategorization complexity, we mean a verb's potential to accommodate different syntactic environments - the more syntactic subcategorization possibilities allowed, the more representationally complex the verb.³⁴

Taal beskik volgens Lyons (1971:333) ook oor twee "subkomponente", nl. 'n "basiskomponent", of primêre kategorie, wat universeel aan alle tale blyk te wees en wat voorsiening maak vir die kategoriese kombinasie van leksikale items in die sg. belangrike kategorieë en ondergeskikte kategorieë³⁵, en 'n tweede komponent wat 'n stel reëls bevat wat met eienskappe van tyd (of tempus), modus (of wyse), aspek, getal, bepaaldheid, ens. vereenselwig kan word en wat deur die kategoriale subkomponent genereer word.

Elke werkwoord, net soos die ander woordsoorte, beskik oor 'n kern of sentrum en 'n buiterand (of periferie) wat sy betrokke woordveld dek.

Die Elemente, Klassen und Kategorien in denen natürlichen Sprachen zu beschreiben sind, können... ganz grob in ein Zentrum, das durch Regelmäßigkeit und strikte Organisiertheit gekennzeichnet ist, und eine Peripherie gegliedert werden, für die eine zunehmende Unsicherheit in bezug auf die Zugehörigkeit zur gleichen Klasse auf der Grundlage von Abweichungen der einzelnen Elemente von den für das Zentrum geltenden Kriterien charakteristisch ist.³⁶

Tog moet die aspek van woordsoortwisseling, alhoewel dit sy eie semantiese problematiek skep, veral t.o.v. die sg. randverskynsels, hier betrek word. Dit bring mee dat die individuele semantiek nie hier ingesluit behoort te word nie, omdat enige indeling wat gemaak word arbitrêr is. Daarom verdien die volgende uitspraak ook meer aandag:

Grammar is substantially the same in all languages, even though it may vary accidentally.³⁷

2.5.1 Die subkategorie "medewerkwoord"

Die medewerkwoord kan as 'n uitvloeisel van hierdie hele proses beskou word.

De Villiers (1948:109) wys daarop dat die medewerkwoord in die meeste grammatikas ter sprake kom by die logiese of ontologiese kategorieë soos tyd, modaliteit en "vorm". Hierdie verskynsel moet egter nie as blote "grammatiese vorme" beskou word wat nie oor enige eie betekenis beskik nie. Dit beskik wel oor 'n afgeleide waarde.

Die proses van grammatikalisasie het al dergelike woorde tot gevolg, omdat hierdie woorde histories as 't ware verstarde geraak het in 'n bepaalde gebruik. Die gevolg was dat hulle hul aanskoulike of konkrete karakter met verloop van tyd verloor het en abstrak geword het, 'n proses wat selfs so ver kan vorder dat hulle hul individuele selfstandigheid prysgee en bloot woordelemente word.

Dit is 'n langdurige proses wat verskeie oorgangsgevalle (of -stadiums) kan insluit. So kan sekere woorde (ook werkwoorde) in verskillende gebruike (selfs as afsonderlike woordsoorte) voorkom. Die hoofwerkwoord mag in sekere groepe (m.a.w. in sommige gevalle) verstar a.g.v. die proses van grammatikalisasie. Dit kan gevolglik daartoe lei dat die bepaalde funksie of waarde daarvan, hetsy sintakties, semanties of psigologies, a.g.v. sekere prosesse of verskynsels om- of uitgeruil word.

2.5.2 Medewerkwoordindeling³⁸

2.5.2.1 Die medewerkwoord van aspek

De Villiers (1948:111) het bevind dat die proses van grammatikalisasie baie sterker blyk by die medewerkwoord van aspek as by die ander medewoorde, dalk juis a.g.v. die feit dat die proses van verslyting of vernuwing hiër duidelik te bespeur is. Dit kan dalk ook toegeskryf word aan die feit dat die kategorie van aspek meer konkreet of aanskoulik is as bv. dié van tyd.

Die opvallendste kenmerk hiervan blyk dan ook juis die weifelende karakter daarvan te wees, omdat hulle deur hul gebruik as selfstandige

werkwoorde of as medewerkwoorde kan optree. Dié sintaktiese vorme het dan ook dikwels weinig verskil in betekenis of waarde tot gevolg.

2.5.2.2 Die medewerkwoord van reksie³⁹

Onder hierdie reksieverhoudings val byvoorbeeld die sg. onegte teenstelling aktief-passief. Die hele reksie kan na aanleiding van verskeie eksterne of interne faktore verander.

2.5.2.3 Die modale medewerkwoord

Verskeie van hiérdie werkwoorde beklee 'n tussenposisie, en is gevolglik werkwoorde wat slegs ten dele gegrammatikaliseer is en dus verskillende sintaktiese en morfologiese vorme vertoon.

Die modale werkwoorde (of medewerkwoorde) van verskeie Germaanse tale het naas hul primêre ook 'n reeks sekondêre vorme. Laasgenoemde vorme dui gewoonlik nie tyd aan nie, maar modaliteit. Die infinitief dra dan gewoonlik die gesegde- of tydverhoudings.

Die reksie van die modale medewerkwoord is 'n ingewikkelde saak wat ten nouste betrekking het op die persoon van die subjek, wat verskeie nuanses kan uitdruk. Verskeie verbindings is ook daarmee moontlik, hetsy persoonlik of onpersoonlik.

Die grammatikalisasie van 'n woord, wat ook as 'n vorm van slytasie beskou kan word, oefen heel dikwels ook invloed uit op die betrokke klankgestalte daarvan. 'n Woord kan gevolglik korter word, of die woordorde kan vaster word, wat ook 'n vorm van verstarring is.

De Villiers (1948:130) dui ook daarop dat tyd en modaliteit by die modale medewerkwoorde in so 'n noue verband met mekaar staan, dat 'n skeiding tussen die twee begrippe eintlik kunsmatig is. Die toepasbaarheid van tyd en modaliteit het tot gevolg dat dit deeglik vermeng kan word, 'n proses wat van sinskonstruksie tot sinskonstruksie verskil.

'n Oorsig soos hierdie is goed en wel sodat al die terme ter sprake weer onder die loep geneem kan word. Dit maak deel uit van die mens se alledaagse bestaan en behoort as sodanig nie as losstaande komponente gesien te word nie. Vervolgens word 'n gedeelte oor taalverwerwing aangesny. Die doel daarmee is om die problematiek rondom werkwoordverwerwing (asook medewerkwoordverwerwing) uit te lig.

2.6 Taalverwerwing

2.6.1 Inleiding

"Do humans acquire language because they are born equipped with specific linguistic knowledge?"⁴⁰ is 'n vraag wat seker nooit tot almal se bevrediging opgelos sal word nie, omdat hipoteses in hierdie verband met ander moontlik spontane uitsprake getoets en of vergelyk moet word.

'n Groot kentering in die bestudering van taal is teweeggebring toe taalkundiges ook taalgebruik naas taalkennis⁴¹ as gelykwaardige studieveld erken het. Die kompleksiteit van hierdie proses word nog nie deur almal ten volle begryp nie, en is die probleme daaromheen verweef ook nog nie naastenby na wense aangespreek nie, omdat dit 'n indringende ondersoek sal verg om die deurmekaargevlegte en uiters verwikkelde samestelling daarvan ten volle te ontsluit.

Tog gee De Klerk (1971:67 e.v.) insae in die probleme en uitkomste van enige studie aangaande taal, maar in die besonder dié van kindertaal, dit waaroor die volgende afdeling gaan. Insae hierin moet uiteindelik vir ons meer lig kan werp op die hele verwerwingsproses van die werkwoord, en dan in die besonder van die medewerkwoord of hulpmoment self.

'n Onderzoek daarna sal meer verg as bloot die eensydige bestudering van taal as synde die samevoeging van woorde en sinne d.m.v. 'n hoogs komplekse interne stel reëls wat die mens in staat stel om enige van die aanvaarbare volgreekse in enige taal te gebruik. Dit is ook af te

vra of enigiemand oor so 'n bewuste kennis van die taalreëls beskik. Tog lyk dit asof kinders oor 'n sg. bloudruk vir taal beskik en oor 'n buitengewoon kort periode 'n komplekse stel interne reëls aanleer.⁴²

Oor die problematiek rondom "... how do children construct 'automatic grammatizators' for themselves?"⁴³ bestaan daar ook meningsverskille, en staan dié model, soos deur Chomsky voorgestel, ook onder verdenking.

Aitchison (1984:30) lig twee moontlikhede uit, nl. dat kinders 'n taalaanvoeling het en vooruit "weet" hoe 'n taal gekonstrueer is, óf dat hulle hoë vlak van intelligensie hulle in staat stel om taalprobleme soos 'n legkaart op te los.

"It is beyond dispute that some innate equipment figures in the acquisition of language."⁴⁴ Dit lyk dus asof taal oor al die karakteristiek beskik van biologies geprogrammeerde gedrag.

Dit is veral die psigolinguïste wat toenemend aandag skenk en probeer om die kompleksiteit rondom taalverwerwing op te los. Chomsky het ook vroeg reeds probeer om dié probleem aan te spreek. Hy het aanvanklik voorgestel dat taal aangebore is, i.p.v. aangeleer, en dat die mens vooraf geprogrammeer is vir taal.

Navorsing toon wel aan dat daar biologiese bewyse is vir 'n aangebore taalvermoë.⁴⁵ Daar is bv. bevind dat kinders blykbaar instinktief besef dat taal reëlgeoriënteerd is, en voortbestem is om hiërargiese strukture en struktuurafhanklike werking in taal te soek. Daar blyk egter geen konkrete bewysgronde te wees vir Chomsky se "diepte- en oppervlaktestrukture" nie. Die teendeel blyk eerder waar te wees, nl. dat kinders self taal uit die warboel van die taal wat hulle hoor ekstraheer d.m.v. 'n stel inherente werksprinsipes (of "operating principles"). Dit lyk dus asof kinders oor geen voorafkennis beskik aangaande die wesenlike vorm van taal nie. In stede daarvan beskik hulle dalk eerder oor 'n merkwaardige ingeboude vermoë om linguïstiese data

te verwerk. So bv. is die vermoë om te kan praat dalk ook aangebore. Al hierdie vermoëns verskil van die algemene kognitiewe vermoëns.

'n Grammatika, soos deur Chomsky voorgestel, blyk ook geen realistiese of direkte model te wees van die manier waarop 'n volwasse spreker sekere uitinge verstaan of produseer nie. So 'n hipotese, nl. oor hoe kennis geberg word in 'n sg. linguistiese argief, kan wel van nut wees. Of so 'n grammatika 'n psigologiese realiteit is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Alhoewel dit nie kan verklaar hoe taal toegepas word nie, is dit dalk die samehangendste hipotese wat tot dusver voorgestel is om die taalkennis waaroor 'n mens blyk te beskik, te verklaar. Hierdie skakel tussen taalkennis en taalgebruik is gering, en vereis indringender aandag.

Werklike taalgebruik verteenwoordig ook geen volmaakte sisteem nie. Die spreker poog om sy gedagtes na die beste van sy vermoë te verwoord. Daarenteen poog die hoorder, d.m.v. sekere persepsuele strategieë, om die sinne te dekodeer tot dit wat hy verwag om te hoor.

Chomsky verwys byvoorbeeld na die sg. "mental organs" wat die "bloudruk" verskaf vir taalverwerwing. Ook opvallend vir verskeie navorsers was die feit dat dit lyk asof taal op 'n gegewe tydstip by alle kinders te voorskyn kom, m.a.w. asof hierdie proses deur 'n biologiese tydmeganisme aan die gang gesit en verder gereguleer word. Hierdie proses kan nie voor die tyd begin nie - 'n proses waarmee volwassenes sukkel om byvoorbeeld 'n vreemde taal aan te leer.

Taalverwerwing gaan ook nie slegs met inoefening gepaard nie, alhoewel dit ook 'n rol blyk te speel. Taal word dus nie bloot deur herhaling en nabootsing aangeleer nie. Wat navorsing wel aan die lig gebring het, is dat taalverwerwing in verskillende stappe of fases ingedeel kan word, waardeur die kulminasie deur die taalgebruiker bereik word wanneer sowel natuurlike oorsake of gedrag kombineer met eksterne opvoeding. Alhoewel elke stap of fase grootliks van mekaar verskil, of somtyds oorvleuel, blyk daar 'n vaste volgorde van persoonlike beheersing daarvan te wees.

Dié aspek word bv. deur Carol Chomsky (1969:3) uitgelig: "... is that variation in age of acquisition does not seem to affect order of acquisition for particular constructions". Oor die algemeen gesproke vloei die volgende uitspraak uit hierdie bevinding:

... that linguistic development apparently proceeds at a comparable pace for a variety of structures, and that in term of acquisition, rate of development is within limits, a stronger factor than age.⁴⁶

Die rol wat ouderdom in hierdie proses speel, word beperk. Met verloop van tyd neem hierdie aanvanklik geweldige potensiaal om 'n taal aan te leer af, totdat dit 'n baie stadiger tempo inslaan.

Dat die mens deur 'n aangebore vermoë "gepredestineer" is om taal te verwerf of aan te leer, m.a.w. dat slegs hy oor hierdie vermoë beskik, is nie moeilik te verklaar of te begryp nie. Wat dit egter alles behels of inhoud, skep wel probleme. Noam Chomsky (soos aangehaal in Aitchison, 1984:101) skryf dit toe aan 'n ryk geïnternaliseerde struktuur waaroor die mens beskik. Laasgenoemde het tot gevolg dat hy 'n stel reëls van onderliggende prinsipes om spraakpatrone te formuleer, naas 'n akkumulasie van lukraak uitinge, aanleer. Dit sou dan hierdie reëlsisteem wees wat klank en betekenis op 'n spesifieke manier tot 'n eenheid laat saamsmelt.

I am assuming grammatical competence to be a system of rules that generate and relate certain mental representations, including in particular representations of form and meaning.⁴⁷

Die aanleer van enige taal bly dus 'n formidabele taak. Die kind word byvoorbeeld deur 'n aangebore kennis van taaluniversalisme, nl. die sg. boustene van taal en die samestelling daarvan of beperkinge daarop, asook 'n gegewe grammatika, gelei. Dit sou 'n diepte- en oppervlakstruktuur kon insluit.

According to Chomsky, then, a hypothesis-making device, linguistic universals, and (perhaps) an evaluation procedure constitute an innately endowed Language Acquisition Device or Language Acquisition System.⁴⁸

Verskeie taalkundiges het al probeer om 'n model te formuleer of te illustreer oor hoe jong kinders vroeë uitinge verwerf. 'n Mens kan slegs tot die gevolgtrekking kom dat daar geen gietstuk is waarin al hierdie bevindinge pas nie.

Daar steek wel waarheid in Chomsky (soos aangehaal in Aitchison, 1984:127) se bewering "... that children are making successive hypotheses about the grammatical rules of their language".⁴⁹ Kinders raak instinktief bewus van hierdie reëls en hiërargiese strukture. "In other words, they understand the structure-dependant nature of linguistic operations."⁵⁰

Aitchison het na waarneming vasgestel dat "... children passed through surprisingly similar stages in their progress towards adult constructions. (Bellugi se bevinding lui ietwat anders. Volgens hom is daar "... several periods where the child's sentences show systematic deviations from adult language, as if they were constructed according to a different set of rules.") Each phase was characterized by regular 'rules' and the utterances could not be regarded merely as bad imitations of adult speech. The children seemed ... to be devising hypotheses to account for the regularities in the speech they heard around them".⁵¹

Hierdie hipoteses moet voortdurend gewysig word. In hierdie vroeë stadium blyk daar gewoonlik t.o.v. 'n enkel aspek of enkele aspekte van taal geen sg. universele raamwerk te bestaan nie.

Carol Chomsky (1969:1) toon ook lewendige belangstelling in hierdie aspek deurdat sy ook verskeie grammatikale strukture ondersoek het wat deel uitmaak van 'n volwassene se grammatika (by Engelssprekende persone) en ook deel is van algemene taalgebruik. Terwyl sekere taalstrukture by baie jong kinders afwesig is, d.w.s. by die een- tot vyf-jariges, het sy 'n proses van geleidelike verwerwing waargeneem by kinders wat ouer as vyf is.

Alhoewel die tempo van verwerwing van sintaktiese strukture by 1g. groep dramatiese begin afneem het, bestaan daar nog steeds 'n verskil in taalgebruik as 'n mens sekere strukture ondersoek wat in alledaagse volwassetaalgebruik voorkom. Die uitslag van haar bevindinge⁵² stem baie ooreen met dié van Aitchison:

Our results confirm that he (die taalgebruiker) learns to apply this linguistic process in the simpler case first, and only then proceeds to use it in the more complex case.

2.6.2 Doeltreffende taalvermoëverwerwing

Die siening dat veral kindertaal oor twee moontlike struktuurvlakke opgebou sou wees, blyk van alle waarheid ontbloot te wees. Dit lyk eerder asof kinders slegs die "oppervlaktestruktuur" betrek, en dat sekere transformasies rakende sekere sintaktiese strukture eers later ondersoek en betrek word.

In fact, it has been repeatedly shown that young children often do not pay attention to the syntax, and either answer at random, or utilize a 'probable world strategy' that is, interpret sentences by arranging the words to give the most plausible meaning.⁵³

'n Mens kan hieruit aflei dat kinders relatief gesproke oor min gevorderde kennis aangaande hulle moedertaal beskik.

Psigolinguiste lig in hierdie verband hoofsaaklik die volgende vier aspekte uit wat moontlik 'n rol kan speel by taalverwerwing, nl. die invloed wat uitgeoefen word deur 'n verweefde netwerk van die kind se daaglikse behoeftes, sy algemene verstandelike ontwikkeling, die taalgebruik van die ouers en die relatiewe moeilikheidsgraad van die taalkonstruksies self.

Voorts lyk dit ook asof kinders 'n natuurlike intuïsie het oor hoe taal behoort te lyk. Hiërdie siening bots menigmaal egter met dié van die volwassene. Kinders leer byvoorbeeld eerstens om spesifieke woorde in 'n gegewe konteks of kontekste te gebruik voordat hy 'n "reël" of "reëls" formuleer, dit toepas en dan veralgemeen.

Ons het hier met 'n uiters aktiewe, maar ook geweldig komplekse proses te make. Die volwasse taalgebruiker beskik oor 'n ingewikkelde en hoogs komplekse stel reëls wat die grammatika van sy moedertaal uitmaak. 'n Kind wat nog taal aanleer, het die taak om vir homself 'n soortgelyke stel reëls te konstrueer wat 'n spieëlbeeld is van dié taal wat hom omring. Hy bevind hom dus voortdurend op die rand van volwasse vaardigheid.⁵⁴

Hierdie agtergrondskennis moet op die een of ander manier aansluit by ons aanvanklike oogmerk of doelwit, nl. om die teoretiese basis waarna ons gaan kyk het, in verband te bring of in perspektief te plaas met die onderwerp wat ondersoek word.

2.6.3 Werkwoordverwerwing

It has become increasingly clear that children's learning of word meanings is best characterized as a rapid process⁵⁵ that is directed at least in part by children's rough hypothesis about what novel words mean.

Die diepte en omvang van hierdie aspek is egter moeilik te peil en te omskryf. Die bewys kan miskien daarin gevind word dat min taalkundiges konkrete bewyslewing oor hierdie aspek die lig laat sien. Min is werklik bekend oor hoe kinders nuwe woordbetekenisse, en hiér veral werkwoordbetekenisse, aanleer.

Die hele aspek van werkwoordverwerwing word intens geraak, beïnvloed en bepaal deur die hele problematiek rondom die beskouing van taalverwerwing. Aitchison (1984:160) lig dan ook die probleme rondom die teenstrydige navorsing in hierdie verband uit. Haar gevolgtrekking is dat hierdie proses "... seems clearly to be one of children sorting out puzzles in line with certain expectations about language structure".

Alhoewel 'n oorvereenvoudigde siening, vat dit die problematiek en raakpunte kernagtig saam. Ook kinders maak tegelykertyd van alle aspekte van taal gebruik as hulle poog om te kommunikeer.⁵⁶

De Klerk (1971:73 e.v.) gee bv. ook insig in die vorige afdeling, nl. hoe die ontwikkeling van sintaktiese strukture plaasvind. Daarna word die basisstruktuur stelselmatig opgebou, en vind die verdere ontwikkeling plaas.

Baie taalkundiges is van mening dat die werkwoord in 'n mate die sleutel tot 'n sin is, deurdat dit struktuur daaraan verleen. 'n Gepaste benaderingswyse wat almal tevrede behoort te stel, is egter moeilik te formuleer.

Verskeie pogings is al van stapel gestuur om die werking van die werkwoord te analiseer en te verklaar. Een siening lui bv. dat 'n mens spesiale aandag skenk sodra die werkwoord (as leksikale item) gehoor word.

... when someone hears a sentence, he pays particular attention to the verb. The moment he hears it, he looks up the entry for this verb in a mental dictionary. The dictionary will contain a list of 'possible' constructions associated with that verb.⁵⁷

Hierdie saak is egter nie so eenvoudig nie, deurdat daar 'n wye verskeidenheid van werkwoorde, net soos by die ander woordsoorte, is. Die etikettering of beskrywing daarvan is arbitrêr en verskil ook van navorser tot navorser.

Een verdeling onderskei hoofsaaklik tussen die sg. veelsydige werkwoorde (of "versatile verbs") en dié werkwoorde wat nie heg met 'n konstruksie van enige aard verbind nie.

Toetse⁵⁸ het wel bewys dat werkwoorde wat heg verbind met 'n enkele konstruksie (die sg. "single construction verb" wat slegs oor 'n eenvoudige leksikale inskrywing beskik) makliker verstaan - en waarskynlik eerste aangeleer - word as dié werkwoorde wat met verskeie konstruksies (die sg. "multiple construction verb") verbind kan word.

Om die proses nog verder te vergemaklik, is die verbale kompleksiteitshipotese⁵⁹ voorgestel om die verstaansproses rondom die werkwoord te vergemaklik.

Die praktyk leer ons egter dat dit nie altyd moeilik is om werkwoorde te prosessee nie. Dit lyk asof die hoorder(s) na sinne luister met sekere verwagtinge. Dieselfde sou ook t.o.v. die werkwoord geld. "They might mentally expect a verb to take one construction rather than others." Nie alle konstruksies hoef egter geaktiveer te word nie.

If only one favoured construction is activated per verb, then 'versatile verbs' are no more difficult to deal with than non-versatile ones...⁶⁰

Enige werkwoordbeskouing sou ook die verskeie inherente tekortkominge kon insluit. In hierdie verband sou ons onself verskeie vrae daaromtrent kon afvra. Waarom sou die hoorders 'n werkwoord se struktuur vooruit wou aktiveer? Wag 'n mens nie eerder op dit wat ná die werkwoord volg nie? Hoekom word juis werkwoorde uitgesonder?

Alle leksikale items en relevante data sal betrek moet word indien 'n mens 'n realistiese model van die hele sinsomvang wil konstrueer. Ons het al geleer dat leksikale items nie altyd in afsondering bestudeer behoort te word nie.

Ook die verwerwing van progressiewe konstruksies skep vir die kind unieke probleme - 'n stap wat so gou doenlik bemeester moet word. Na die eerste fase volg die sg. tweewoorde-stadium; dan probeer die kind om die substantiewe en werkwoorde in die korrekte volgorde uit te spreek. Aanvanklik maak hulle nie gebruik van die sg. "klein" woorde, nl. affikse of verbuigings, nie. Dit lyk asof daar 'n vasgestelde volgorde van verwerwing van spesifieke items is - weer eens speel ouderdom hier geen rol nie. Wat wel van belang is, is dat 'n onderskeid getref moet word tussen die verskyning (of eerste gebruik) en die verwerwing daarvan. Hierdie proses duur voort totdat die kind alle boustone ter sprake in die betrokke konstruksie(s) betrek.

Taalgebruik by kinders fluktueer gedurig a.g.v. gapings of diskontinuiteit wat daarin voorkom, asook 'n gebrek aan kennis t.o.v. sekere aspekte wat 'n oortreding blyk te wees van enige kind se natuurlike intuïsie oor wat taal behoort te wees.

Dit duur nie lank voordat ouer kinders begin om kennis te neem van die afwykings nie, en kan hulle dan selfs verklaar waar die afwykings voorkom. Dit geld byvoorbeeld t.o.v. die gebruik van die verlede tyd; dit is nog 'n fase wat die kind moet bemeester tydens die proses van werkwoordverwerwing. Tog lyk dit asof hierdie stap voltrek word voordat die hele progressiewe vorm aangepak word.

Die kind leer om ingeskerpte konstruksies of verskynsels toe te pas, somtyds d.m.v. reëls wat hy vir homself uitgewerk het. Dit het tot gevolg dat sommige onreëlmatige vorms vroeg reeds aangeleer word omdat dit algemeen in gebruik is. Wanneer hy gekonfronteer word met die reëlmatige vorms, lei dit gewoonlik tot tydelike verwarring. Die foutiewe vorms word gevolglik verruil vir die oorveralgemeende vorms, totdat die fout stelselmatig reggestel word.

Dit lyk ook asof kinders voortdurend daarop uit is om reëls te soek en toe te pas. Dit het dikwels die gevolg dat hulle t.o.v. die verlede tydsvorming veralgemeen. 'n Kind se kreatiwiteit kan dus aanleiding gee tot interessante verskynsels, soos selfdeurdagte vorms. Twyfel wat gewek word, kan 'n ywer wek om die korrekte vorms te wil aanleer.

'n Volgende belangrike stadium in 'n kind se lewe word bereik wanneer hy begin om die medewerkwoord aan te leer. Dit is 'n belangrike gebeurtenis omdat die kind dan beseft dat daar nog woorde is wat saam met die hoofwerkwoord kan optree, m.a.w. dat daar meer steek in komplekse konstruksies.

'n Mens sou kon aanvaar dat 'n vyfjarige kind taal alreeds ten volle verwerf het. Dit is egter 'n illusie. Taalverwerwing gaan nog steeds voort, alhoewel teen 'n stadiger tempo. Dit is dan veral die werkwoord wat eie en unieke probleme skep wat oorbrug moet word, soos

verskeie ongrammatikale konstruksies kan getuig. Dit kan die gevolg wees omdat die kind gewoonlik 'n standaardvorm hoor, en nie die alternatiewe vorm nie. Hy skenk ook meer aandag aan aspekte van die sg. oppervlaktestruktuur, en nie aan die dieptestruktuur nie.

Wells (soos aangehaal in Aitchison, 1984:151) het bevind dat met die volgorde van verwerwing, in die ontwikkeling van die verbale medewerkwoord, min of meer die frekwensie gevolg word van dié woorde in volwasse taalgebruik. So sal die kind die normale woordvolgorde van die ouer handhaaf, maar die proses van substantief-medewerkwoordinversie relatief laat aanleer omdat hy weerstand mag toon teenoor enige verandering van die "normale" orde.

Soos dit alreeds duidelik behoort te blyk, leer 'n kind om sekere woorde in spesifieke kontekste te gebruik voordat hy 'n reël daarvoor aflei om sy eie taalgebruik te veralgemeen. Dieselfde geld bv. t.o.v. die modale werkwoorde wat vroeg reeds aangeleer word. Fletcher (soos aangehaal in Aitchison, ibidem:158) het byvoorbeeld vasgestel dat 'n kind met hierdie reeds verworwe modaliteite eksperimenteer voordat hy na ander oorgaan, alhoewel op beperkte skaal en in sekere kontekste.

Dit lyk asof kinders 'n nuwe vorm of konstruksie aanpak met 'n paar goedgekose woorde (soos bv. die werkwoord). Hy leer om dit eers te beheers voordat nuwe woorde aangedurf en aangeleer word.

Die bevindinge t.o.v. kindertaalverwerwing, en met spesifieke verwysing hier na die werkwoordverwerwing, kan ons baie leer omtrent die verhouding tussen taal en kognisie⁶¹, 'n aspek wat deeglik deur Chomsky (1969:15) ondersoek is.

The total set of constructions permitted by a verb is part of the information that a speaker has learned and has available in using his language.

Die volgende is egter ook waar:

... it is not just the number of potential syntactic structures associated with a verb lexically that contributes to complexity, but also the nature of the structures with respect to one another.

Camarata en Leonard (1985:38) het ook die delikate interaksie tussen die verskillende taalkomponente tydens die taalverwerwingsproses ondersoek, soos o.a. tussen die fonologie en die leksikon wat die produksieverskille tussen die substantiewe en werkwoorde uitlig. Substantiewe word vroeg en in groter getalle as werkwoorde aangeleer.⁶² Werkwoorde het weer 'n konstante verskuiwing van persepsuele parameters⁶³ tot gevolg, en is dit gevolglik vir die kind minder toeganklik vir analise. Substantiefgebruik kom gereeld voor in moedertaalgebruik; dit word ook met groter fonetiese akkuraatheid uitgespreek. Die rede daarvoor kan wees dat die substantief veral in die grens- of randgedeeltes van uitinge voorkom, soos bv. as subjek of objek, terwyl die werkwoord in die sentrale gedeeltes van die sin voorkom.

Werkwoorde vereis 'n toenemende semantiese kompleksiteit tydens verwerwing, verwerking en prosessering: dit lyk asof die produksieakkuuraatheid daarvan afneem as 'n kind te staan kom voor toenemende verwerkingseise⁶⁴, veral dié van 'n meer komplekse aard.

Die deurslaggewende faktor blyk na alle waarskynlikheid die woordtipe self te wees.

2.6.4 Gevolgtrekking

De Klerk (1971:67) wys daarop dat taalverwerwing deur kinders 'n universele verskynsel is, maar dat 'n studie van die ontwikkeling van taal by die kind veral insig kan gee in aspekte van die gebruik by volwassenes. So 'n ondersoek gee veral rekenskap van die taalgedrag van die kind in die verskillende stadia van sy ontwikkeling.

2.7 Semantiese aspek

Die uitdrukking "a verb is worth a thousand words"⁶⁵ kan dalk met reg as die treffendste beskrywing oor die werkwoord beskou word.

Baie taalkundiges asook nie-taalkundiges beskou die werkwoord as die belangrikste woord in die hele menslike taalkorpus. Volgens hulle kan 'n sin beter verstaan of begryp word wanneer 'n kind of volwassene die betekenis daarvan ten volle baasgeraak het. Dit is veral die taalkundiges en psigolinguiste wat nog altyd belanggestel het in die rykdom van die werkwoordbetekenis en die daarmee gepaardgaande vooronderstellings.⁶⁶

Die Wortart Verb ist kategorial auf ein Geschehen oder Sein in der Zeit festgelegt.⁶⁷

Hierdie uitspraak werp lig op, maar moet ook as eng verbonde met enige beskouing t.o.v. die werkwoord gesien word. Die verbintenis met die morfologiese en sintaktiese kenmerke is ook baie eng. Gevolglik is die semantiese analise van die werkwoord van kardinale belang, veral wanneer 'n mens tot die aard en wese van hierdie instrument, as individuele verskynsel, wil deurdring.⁶⁸

Chomsky (1969:12) het vasgestel dat elke semantiese klas van die werkwoord met 'n afsonderlike sintaktiese proses geassosieer kan word. Camarata en Leonard (1985:38) verwys ook na die veronderstelling dat werkwoorde oor 'n groter semantiese kompleksiteit beskik, en gevolglik toenemende eise aan 'n kind se verwerkingskapasiteit⁶⁹ stel. Sy verwys bv. na Gentner wat beweer dat substantiewe oor 'n "more transparent semantic mapping" beskik.

Ook Au (1986:119) verwys na Tillmore se voorstel dat "... meanings are relativised to scenes. Understanding a word... can be thought of as activating a scene or a cluster of scenes and then focusing to a certain part of the scene(s)".

Ogden en Richards se "theory of reference"⁷⁰ beïnvloed na alle waarskynlikheid nog steeds alle uitsprake aangaande semantiese verhoudings. Dit kan in verband gebring word met Ballert (soos aangehaal in

Von Glasersfeld, 1972:91) se aanname dat die inhoud van enige talige konstatering op 'n bedoelde oortuiging berus, m.a.w. dat daar 'n verband met een of ander aspek van die "reële" wêreld moet bestaan.

Baie van hierdie aannames kan weer teruggevoer word na die begrip van operasionele definisie⁷¹ van Bridgman (soos aangehaal in Von Glasersfeld, ibidem:91) wat beweer dat alle kommunikatiewe voorwerpe en gebeurde wat ons ervaar en waarna ons verwys, konstruksies of bousels in taal is, en die resultaat van 'n ingewikkelde geestesproses is.

Die taalondersoeker moet volgens Labuschagne (1957:84) hierdie "vergeestelike" ervaring rondom enige woord, begrip, ens. (en hier spesifiek die werkwoord) deurtastend navors, omdat dit meer lig sal werp op die totale eenheidsbeleving rondom hierdie aspek. Die uiteindelijke ondersoek sal egter konsentreer op die "fisiese woord" (die verkonkretisering van die totale eenheidsbeleving), self, binne 'n funksionele raamwerk.

Die doel van so 'n ondersoek sal dus die bestudering van die funksie van 'n betrokke woord of woordsoort wees, wat taalkundig-funksioneel bepaal word. Soos reeds vermeld, wys Labuschagne (1957:59) daarop dat alle ervarings, situasies of verhoudings nie "rasioneel" interpreteerbaar of verklaarbaar is nie. Alhoewel dit uiteindelik taalklankmatig vergestalt word, nl. in woordvorm gegiet word, beskik nie alle woorde as 't ware oor "betekenis" soos die oorgrote meerderheid woorde nie, en het baie woorde ook geen rasionele of verstaanbare inhoud nie.

Hiërdie woorde beskik wel oor 'n taalfunksie, m.a.w. die mens doen met hulle vir taaldoeleindes wat hy daarmee moet en wil doen. Hulle moet gevolglik in terme van die funksie daarvan onderskei en wetenskaplik na die wese en aard daarvan omskryf word.

Die werkwoorde⁷² moet, net soos die substantiewe, na die aard en volgens gebondenheid van elkeen se onderskeie taalkundige funksies verskillende middele aanwend vir sekere sinsfunksies. Gevolglik het die wesensgebondenheid van die werkwoord, en omdat dit allerlei doeleindes

dien, talle funksies ten gevolg, nl. dié van aktionsart, aspek, tydstelling, modaliteit, funksievorm, persoonsbepaaldheid en getal.⁷³ Van hierdie aspekte word later weer in meer detail bespreek.

Die funksies van hierdie woordsoort is altyd saakbepaald, omdat dit altyd 'n saak is wat die funksie verrig. Hierdie funksies word egter nie altyd op een of ander strukturele wyse uitgedruk nie; tog bly dit taalkundig-funksioneel aanwesig of word dit deur sekere taalmiddele uitgedruk.

Labuschagne wys met reg daarop dat elke saak, of sake, een of ander doel dien, iets verrig, in 'n toestand verkeer, of iets doen. Dit verrig m.a.w. die een of ander funksie d.m.v. hierdie werkwoord. Volledigheidshalwe onderskei hy (1957:101) dan ook die volgende funksies: die doen of verrig van iets; die ondergaan van iets; die verkeer in 'n toestand, in, op 'n plek, die verandering van plek of toestand; die bestaan in 'n vorm of toestand of die "uitraak" daaruit; die verwerf, verkry, ontwikkel van 'n hoedanigheid of wesendheid of geroepenheid, ensomeer.

Hieruit kan die siening van Von Glasersfeld (1972:93) vloei, nl. dat die werkwoord, naas die ander woordsoorte, oor 'n ingewikkelder struktuur beskik wat maklik meerduidigheid, ens. tot gevolg kan hê⁷⁴. Spesifieke leksikale aanwysers of merkers moet daarom aanwesig wees om die taalgebruiker en semantikus se taak te vergemaklik in die verstaansproses daarvan.

Hierdie aspek word ook deur Graesser et al. (1987:242) uitgewys deurdat hulle ondersoek ingestel het na die voorstelling en semantiese organisasie van konsepte wat o.a. met werkwoorde korrespondeer, n.a.v. Huttenlocher en Lui wat bevind het dat daar sistematiese verskille is tussen substantiewe en werkwoorde rakende hulle interkonsepsuele semantiese organisasie. Hulle dui ook bv. op die feit dat die organisasie van konsepte interkonsepsueel of intrakonsepsueel⁷⁵ kan wees.

Volgens eersgenoemde organisasie blyk dit (en daarvoor bestaan daar substansiële empiriese steun) dat hiërargiese strukture baie opvallend by die semantiese analise van substantief-konsepte voorkom, terwyl werkwoorde oor die algemeen neig om 'n matriksorganisasie⁷⁶ te vorm.

Uit verskeie pogings⁷⁷ blyk dit dat werkwoorde wat na handeling en gebeurtenisse verwys in semantiese velde mag saambondel, soos bv. werkwoorde wat beweging en besitting uitdruk. Werkwoorde wat egter binne in 'n semantiese veld is, vorm weer subgroepe wat gebaseer kan word op belangrike betekenislemente wat oor verskeie velde heen sny, soos intensionaliteit, kousaliteit, tyd, spoed, wyse, ens.

Volgens Huttenlocher en Lui beskik werkwoorde gevolglik oor 'n kleiner ratio eienskappe of kenmerke wat 'n werkwoord binne 'n gegewe semantiese veld met 'n ander werkwoord deel, in verhouding met dié hoedanighede wat 'n betrokke werkwoord met 'n werkwoord van 'n ander semantiese veld deel.

'n Mens kan tot die gevolgtrekking kom dat die werkwoord eerder (in 'n groter mate as die geval by substantiewe) neig om 'n matriksorganisasie te vertoon. Dit kan moontlik wees omdat die werkwoord meer konsep-interafhanklik⁷⁸ is, wat dalk weer vloei uit die feit dat dit eerder in verband met die substantiewe wat dit modifiseer, of waarmee dit onderling verbind, geïnterpreteer word. Daar is egter ook groepe werkwoorde wat verwantskap toon en eerder neig om 'n hiërargiese organisasiepatroon⁷⁹ te volg.

Hierdie hipotese dui daarop dat die kritieke eienskappe of kenmerke van die werkwoordkonsepte neig om ortogonaal⁸⁰ te wees en daarom eerder 'n matriksorganisasie tot gevolg het. Die empiriese bevindinge van Graesser et al. (1987:252)⁸¹ stem in 'n groot mate ooreen met dié van Huttenlocher en Lui.

Ook hulle kan hulle slegs beroep op 'n teorie wat spesifiseer hoe konsepte in die langtermyngeheue geberg word. So 'n opberggebaseerde uitleg of verklaring sal verskillende soorte struktuurtypes aan

verskillende semantiese velde toeken wat die substantiewe en werkwoorde onderskeidelik dan organiseer. Gevolglik sal die databasis vir eersgenoemde hiërargies gestruktureer word teenoor 'n anders gestruktureerde databasis vir werkwoorde. 'n Alternatiewe beskouing stel voor dat sekere meganismes tydens geheueherwinning of tydens beslissingsprosesse voorkom.

Enige poging om hierdie konsepsuele situasie (nl. die toestand waarin die werkwoord verkeer) meer eksplisiet of presies te verklaar, kom voor oneindige praktiese probleme te staan. Konsepsuele situasies wat deur werkwoorde benoem word, beskik oor 'n strukturele kompleksiteit wat die beskrywing en verduideliking daarvan oneindig bemoeilik en ingewikkeld maak.

Met die analise van 'n werkwoord kry 'n mens te doen met konsepsuele situasies wat opgebou is uit 'n "sequence of discrete operational steps".⁸² Dit geld ook vir dié werkwoorde wat handeling, ontwikkeling, of enige verandering, bv. van toestand, uitdruk. Von Glaserfeld (1972:95) verwys ook na die "conceptual structures underlying verbs".

Au (1986:104) wys ook daarop dat elke werkwoord gevoelig is en oor sekere oorsake en gevolge van gebeurtenisse beskik, wat implisiet aanwesig is in daardie betrokke werkwoord.

Once we have become fully aware of the operational succession as a basic aspect of all verb situations, we discover that what differentiates these situations is, on the one hand, the characteristics we ascribe to the static elements involved in each of the steps and, on the other, the kinds of relation we posit between them; besides, the division into steps also provides us with a means of mapping these situations with sufficient accuracy to display all the semantic differences we need in order to handle verbs satisfactorily.⁸³

... the meaning of verbs can be mapped with considerable precision if they are viewed as conceptual situations consisting of sequential steps in each of which specific items are put into specific relations with one another.⁸⁴

Behrend (1988:23) stel weer vir sy verstandelike voorstelling van werkwoordbetekenisse, die sg. werkwoordkonsepte, ook 'n soort skema

voor, nl. "... a script... or frame... which belong to a class of representations that can be called 'slot-filler' models". So 'n model se verteenwoordigingstruktuur beskik oor 'n aantal "gleuwe" wat deur 'n aantal waardes gevul kan word, afhangende van die behoefte daaraan.

Hy voer aan dat die sg. "default values" van só 'n model die kind lei in die werkwoordverwerwingsproses, deurdat dié gleuwe deur sekere eienskappe⁸⁵ van 'n werkwoordkonsep gevul moet word.

Wat hier van belang is, is dat Behrend nie net ons aandag vestig op die spontane werkwoordgebruik by kinders nie, maar ook dui op enige sg. waninterpretasie (die "default values") van werkwoordkonsepte wanneer 'n kind 'n werkwoord moet gebruik om 'n sekere gebeurtenis op 'n gegewe tydstip te benoem. Dié benaderingswyse werp dus meer lig op die kind se opvattingpatroon, of die aanvangskartering⁸⁶, van werkwoordbetekenisse.

Uit navorsing blyk dit ook dat daar moontlik 'n sg. "default rule hierarchy", of rangskikkingsorde vir hierdie gleuwe bestaan.

Shapiro et al. (1987:241) kom tot die gevolgtrekking dat die toepaslike werkwoordkompleksiteitsmetriek (of indelingstelsel van werkwoorde) tydens sinsverwerking al die onderskeie strukture vir die uitdrukkingsvermoë van die werkwoorde betrek⁸⁷, en nie hul sintaktiese subkategoriseringsmoontlikhede nie. In hierdie opsig is die indeling van die aantal verskillende uitdrukkingsvermoëstrukture belangrik, en nie die aantal argumente wat binne hierdie rangskikkingstrukture⁸⁸ val nie.

Dit lyk ook asof daar fundamentele en verpligte opereringseienskappe of -kenmerke in die aanvanklike stadia van verwerking is, óf tydens die fase van leksikale toegang, óf in 'n sg. latere toegangstadium waartydens leksikale informasie geïntegreer word met die ontwikkelende vorm en betekenis van die sin. Ten opsigte van die werkwoord "... it would seem necessary for all of its relevant thematic possibilities to be momentarily activated".⁸⁹

Nog 'n ondersoek⁹⁰ dui byvoorbeeld op die moontlikheid dat die sg. subkategoriseringsraampies informasie kan insluit oor die relatiewe waarskynlikheid vir die gebruik van elke potensiele werkwoordaanvulling of -toevoeging.

Die gevolgtrekking waartoe Shapiro et al. (1987:244) kom, is dat "... both argument structure and syntactic subcategorization⁹¹ may be necessary for the explication of grammatical knowledge, but early stages of sentence processing - either access or sentence integration - are claimed to act only on information that systematizes lexical entries - that is, argument structure".

Daarteenoor kan die werkwoordspesifieke eienskappe ons ook help om bruikbare gevolgtrekkings te maak t.o.v. die beter begrip van taal.⁹²

2.8 Vormlike kenmerke

2.8.1 Algemene kenmerke

Alhoewel sekere aspekte van die werkwoord al uitgelig is, is daar nog enkele universele eienskappe wat ook met die werkwoord geassosieer kan word.

Een van die eerste algemene kenmerke waarvoor 'n oplettende persoon te staan kom, is dat die werkwoord 'n woordsoort is wat kragtens sy betekenis 'n onderwerp impliseer.⁹³

Hiërdie eienskap hang ten nouste saam met 'n ander morfologiese eienskap, nl. die persoonsuitgang, wat in die meeste Wes-Europese tale voorkom. "Die persoonlike fleksie is die mees eie aan die werkwoord."⁹⁴

Soos ons alreeds kon aflei, hou die opvatting dat die werkwoord, wat betekenis betref, 'n handeling, 'n toestand of 'n verandering van toestand aandui, op logiese gronde nie meer water nie. Gevolglik kan 'n

omskrywing van die werkwoord se betekenis nie meer sonder 'n aanduiding van sy funksie gemaak word nie.

Die wese van die werkwoord lê daarin dat sy betekenis hom op verbinding met ander begrippe aanwys.⁹⁵

Sastri (1966:97) beaam hierdie siening. Hy het bevind dat daar 'n hegte verhouding bestaan tussen die subjek, die werkwoordelike gedeelte en die komplementgedeelte.

2.8.1.1 Reksie

Volgens De Villiers (1948:44) dui "reksie" op die (verskeie) verbindingsmoontlikhede van die werkwoorde. Dit vloei voort uit hulle betekenis, deurdat elke afsonderlike werkwoord bepaal waarmee dit verbind, soos bv. die onderwerp.⁹⁶

Hierdie tipe verhouding (deur dié term benoem) is slegs van toepassing op die werkwoord en dui 'n sekere verhouding⁹⁷ aan tussen die werkwoord en die onderwerp, voorwerp of bepaling.

Vir De Villiers bly die verbindingsmoontlikhede die enigste formele maatstaf waaraan so 'n woordsoort getoets kan word omdat betekenis 'n innerlike maatstaf is.

2.8.1.2 Subjek

Die subjek as sodanig dui 'n begrip aan wat slegs vanuit die werkwoord en sy reksie bevredigend verduidelik kan word.

Jespersen (soos aangehaal in De Villiers, 1948:45) laat hom as volg hieroor uit: "The subject is the primary which is most intimately connected with the verb (predicate) in the form which it actually has in the sentence with which we are concerned."⁹⁸

Die onderwerp kan as die eerste (of primêre) bepaling van die werkwoord beskou word, alhoewel daar ook 'n veel groter verskeidenheid van

verhoudings t.o.v. die ander bepalings in die sin bestaan. Hierdie bepalings word gekeur op grond van die situasie waarin die spreker en hoorder hulle mag bevind, asook die reksie van die werkwoord wat van deurslaggewende belang is.

Dit is hier waar die mag (of inherente krag) van 'n betrokke woord ter sprake kom. "As 'n werkwoord in 'n sin gebruik word, kan dit die draer van 'n volle begrip of 'n relatiewe begrip wees."⁹⁹

2.8.1.3 **Objek**

Die objek (en hier veral die direkte objek) val onder een van die belangrikste bepalings van die werkwoord. Dit word uit 'n naamwoordelike groep (met 'n substantief as kern) of 'n voornaamwoord saamgestel. Die indirekte objek is daarenteen 'n minder gebonde vorm.

Volgens Overdiep (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:64)¹⁰⁰ is die objek 'n "onmisbare" verskynsel wat met die subjek (of onderwerp) en werkwoord 'n "groep" kan vorm. Oor die verhouding tussen subjek - werkwoord - objek laat Jespersen (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:62) hom soos volg uit:

A logical analysis will in each case bring out one or more things (things or persons) having relation to the action or state implied in the verb; if there is one it is the subject, if there are two, the one that stands in the closest relation to the verb is the subject, the other the object; if three, the more or less close relation determines them as being subject, direct and indirect object.

By hierdie verhoudinge onderskei Le Roux (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:56) byvoorbeeld tussen 'n verbale volbegrip, wat vergesel kan gaan van nadere bepalings en wat dien tot vereniging van sy betekenis, 'n relatiewe verbaalbegrip wat deur middel van ander woorde voltooi word, en 'n voltooide relatiewe begrip wat op dieselfde manier nader voltooi word. Daarteenoor is die sg. leë begrippe sekere verbaalvorme wat deel uitmaak van so 'n kompositum.

Sastri (1966:97) lê veral klem op die rol wat die komplementgedeelte in die sinstruktuur speel. Hy wys daarop dat, alhoewel nie alle sinne 'n komplement as integrerende deel van die sinstruktuur vereis nie, daar wel sekere sinne is (asook sekere werkwoorde) wat 'n komplement vereis om die predikaat¹⁰¹ te voltooi.

2.8.2 Ander relevante aspekte

'n Magdom aspekte kan aangeroei word wanneer die totale wese van die werkwoord ondersoek word; sommige aspekte is unieke verskynsels en is nie universeel geldig nie.

Bohusch (1972:242) gee 'n kernagtige opsomming van dié aspekte wat in Duits voorkom (die meeste van dié aspekte geld ook t.o.v. die meeste ander Germaanse tale).

Die werkwoord en verwante aspekte wat hy soos volg saam:

Verb

1. Vorgangswort (Seidler); Rhema (Plato, Aristoteles); Richtwort, Leitglied, Zeitwort, Aussagewort; Tätigkeitswort (Tunwort) (falsch)
2. Hunde, die viel *bellen*, *beißen* nicht
3. Leistung: nennt Tätigkeiten, Vorgänge, Zustände; gekennzeichnet durch seine Konjugierbarkeit (Tempus, Genus verbi, Aspekt, Modus, Person, Zahl); das Deutsche kennt etwa 21 000 Verben; formal werden sie in starke, schwache und unregelmäßigen Verben geteilt; das Englische bezeichnet die starken Verben als unregelmäßig; Brinkmann gliedert die Verben in: Handlungsverben, Zustandsverben, Geschehensverben, Witterungsverben; stets ist das Verb der Kern der Aussage
4. l. verbum = Wort, Zeitwort
7. verb
8. verbe (m)

Hy deel die werkwoord soos volg in: "Verb (V) bezügliches; V, dreiar-miges, dreiwertiges; V, duratives; V, einfaches; V, einwertiges; V, gemischtes; V, imperfektives; V, inchoatives; V, ingressives; V, in-transitives; V, iteratives; V, kausatives; V, modifizierendes; V, mor-phematisches; V, objektsbezogenes, V, perfektives; V, persönliches; V, phonematisches; V, reflexives; V, regelmäßiges; V, schwaches; V, selbständiges; V, starkes; V, transitives; V, trennbares; V, unper-sönliches; V, unregelmäßiges; V, untrennbares; V, zusammengesetztes; V, zweiarmiges; V, zweiwertiges."

Hierdie indeling kan 'n oorsigtelike beeld bied van die meeste universeel-geldende aspekte. Gevolglik kan enkele ander aspekte wat ook vir Afrikaans belangrik is in meer besonderhede besigtig word.

2.8.2.1 Oorganklikheid en onoorganklikheid

Die toevallige aard van die indeling van werkwoorde in oorganklikheid en onoorganklikheid¹⁰² word deur De Villiers (1948:64) uitgewys. Van Schoor (1983:186) huldig dieselfde standpunt, en wys ook op dié skeiding wat dwarsdeur die ganse hoofwerkwoordvoorraad sny. Dit bly egter 'n skeiding wat uit die sinspatroon spruit.

Volgens hierdie beskouing is 'n hoofwerkwoord wat 'n (direkte) voorwerp in die daaropvolgende predikaat kan neem, oorganklik (of transitief). Hierdie werkwoorde vereis m.a.w. 'n voorwerpkomplement. Indien dit nie die geval blyk te wees nie, word so 'n werkwoord as onoorganklik (of intransitief) beskou. Die praktyk leer ons egter dat 'n werkwoord nie altyd onvoorwaardelik as oorganklik of onoorganklik beskou kan word nie en lyk dit eerder waar te wees dat dit hier gaan om 'n gebruik en nie soseer om 'n soort werkwoord nie.

Enige saak moet egter volgens meriete beoordeel word. Dit blyk voort te spruit uit die siening van Jespersen wat beweer dat alle onoorganklike werkwoorde permanent onoorganklik is. Tog is daar enkele gevalle waar 'n objek¹⁰³ wel optree saam met so 'n werkwoord, alhoewel dit nie met 'n gewone objek¹⁰⁴ verbind nie.

So 'n verbinding¹⁰⁵ kan moontlik vergelyk word met die siening van sekere skeibare werkwoorde, alhoewel hulle 'n afsonderlike groep vorm.

Tot die oorganklike werkwoorde behoort alle werkwoorde wat 'n substantief of voornaamwoord as aanvulling van hulle betekenis neem. Die werkwoord verbind heg met 'n gewone objek, en is lg. dan ook gewoonlik aanwesig in 'n situasie of konteks. Indien dit egter verswyg word, kan dit nog altyd geïmpliseer word.

Interessant egter is die feit dat so 'n objek die algemene betekenis (of "signification générale") van die werkwoord beperk.¹⁰⁶ Sonder die beperkinge van 'n objek behoort die oorganklike werkwoord 'n breë en algemene betekenis te vertoon, andersins 'n spesiale of meer spesifieke betekenis soos dan ook in sekere taalkringe te bespeur is.

2.8.2.2 Neutrale werkwoorde

Die sg. neutrale werkwoord het in sommige Germaanse tale 'n dubbele reksie of funksie. So tref 'n mens naas sekere onorganklike werkwoorde ook kousatiewe werkwoorde aan, m.a.w. 'n werkwoord wat die "laat gebeur" van iets (van die onorganklike werkwoord) uitdruk. Dit is woordpare wat somtyds oorganklikheid, maar in ander gevalle weer onorganklikheid, uitdruk.

Die onorganklike gebruik van die neutrale werkwoorde kan met voorbeelde uit die Indo-Germaanse medium vergelyk word, wat byna dieselfde waarde as die lydende vorm in die Germaanse tale het.

Die dubbele funksie of reksie het langamerhand begin afneem, in so 'n mate dat in verskeie tale vandag nog net reste van hierdie ouer vorme of verskynsels oorgebly het. Dit het ook tot gevolg dat hiërdie soort werkwoord moeilik op te spoor is deurdat taamlik nuwe ontwikkelings dit begin vervang het. Meer as net blote verandering is hier ter sprake.

2.8.2.3 Die kopula

Die Germaanse taalfamilie beskik oor verskeie werkwoorde wat sg. leë begrippe¹⁰⁷ aandui en gevolglik aangewese is op bepalinge of aanvullings.

Baie van hierdie werkwoorde was oorspronklik gewone werkwoorde wat hul konkrete of betekeniswaarde verloor het. 'n Geleidelike proses van betekenisvervaging het tot die vorming van hierdie werkwoorde gelei;

die betekenis van die werkwoord word volkome abstrak en maak die bepaling die eintlike gesegde uit.

Hierdie proses van grammatikalisasie word deur Meillet (soos aangehaal in De Villiers, 1948:83) beskryf. Hy wys daarop dat die abstrakte betekenis van hierdie werkwoorde getoets moet word aan die waarde van die hele sin, maar veral dié van die predikatief.

Die ontstaan daarvan kan toegeskryf word aan die beweging van abstraksie na meer nadruklikheid. Dit is 'n sielkundige proses met twee pole: weens 'n behoefte aan nadruklikheid gebruik die spreker 'n woord of woorde by as versterking van dit wat hy poog om oor te dra. Die herhaalde gebruik van 'n woord, bv. in 'n vaste verband, het tot gevolg dat so 'n woord mettertyd sy krag verloor. Alhoewel die woord nie oorbodig word nie, neig dit dan eerder abstrak te word.

2.8.2.4 Die lydende en bedrywende vorm

Tradisioneel beskou kan daar tussen nog twee vorme van die werkwoord onderskei word, nl. tussen die lydende en die bedrywende vorm.

Ook hier is daar geen rigiede indeling nie, omdat nie alle werkwoorde daarbinne pas nie. Die onoorganklike werkwoorde val byvoorbeeld buite so 'n indeling.

De Villiers (ibidem:72) wys daarop dat die passief slegs een van 'n menigte reksieverhoudinge in die Wes-Europese tale is. Dit is ook geen "vorm" in die enger sin van die woord nie.

Der Unterschied zwischen Aktivum und Passivum ist von Hause syntaktischer Natur.¹⁰⁸

Hierdie reksie-tipe skep allerlei formele probleme in die onderskeie tale weens 'n gebrek aan 'n eie vorm. Schnorr von Carolsfeld (soos aangehaal in De Villiers, 1948) skryf dit toe aan die feit dat daar in Indo-Germaans geen algemene passiefvorm bestaan het nie. Ook De

Villiers skryf hierdie verskynsel aan reksie toe. Dit is 'n uiters kunsmatige skepping en in verskeie tale wesenlik slegs 'n skrifvorm.

Whether a verb is syntactically active or passive depends on its form alone; but the same idea may be expressed sometimes by an active, sometimes by a passive form...¹⁰⁹

2.8.2.5 Die imperatief

Die imperatief of gebiedende wys, wat ook in verskeie tale voorkom, is 'n volgende probleemarea.

Die Tradisionele Grammatika het dié verskynsel, wat in die volksmond as die bevelsin bekend staan, as ellipties beskou. Pos (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:78) daarenteen het beweer dat die toesprokene oorspronklik nie ingesluit was nie. Hy het hierdie verskynsel egter slegs tot enkele werkwoorde beperk, terwyl baie ander taalkundiges weer van mening is dat hierdie vorm die oorspronklike of eerste vorm ('n sg. oervorm) van die werkwoord was.

2.8.2.6 Die hendiadis

In hierdie konstruksie verbind sekere werkwoorde d.m.v. 'n voegwoord. Dit het menigmaal 'n neweskikkende verbinding of konstruksie tot gevolg. Die uiteindelijke gevolg is dat 'n enkele begrip daardeur weer-gegee word.

Havers (soos aangehaal in De Villiers, ibidem:90) het hierdie taalkundige probleem probeer opklaar deur te beweer dat 'n neiging by die taalgebruiker voorkom om 'n handeling taalkundig in sy onderdele op te splits en elke onderdeel dan voor te stel deur 'n sin wat aan die ander geryg word, presies in die volgorde waarin die handeling waargeneem is. Die samehang is dan in sy geheel ook chronologies en aanskoulik (maar nie kousaal nie).

Die blote aaneenryging van konstruksies kan egter maklik in onderskikking verander.

2.9 Woordorde

Uit hierdie ondersoek blyk dit dan ook dat die werkwoord 'n kragtige middel is waarmee die mens iets uitdruk. Die werkwoord kan en mag egter nie in isolasie beskou of bestudeer word nie. Daarvoor is die rol en betekenis wat die ander sinsdele speel te belangrik.

As ons die sinsdele nie onderskei nie, moet ons die woordorde (en woordsoorte) in elke gegewe situasie of konteks in ag neem. So hang die betekenis van 'n betrokke sin af van die geïntegreerde verweeftheid van verskeie aspekte, soos byvoorbeeld die subjek, die gesegdekern, die objek, die gesegdebepaling, enige ander bepaling, waar moontlik die infinitief en ook die deelwoord daarbinne.

Dit is dan veral die werkwoordverskynsel, soos wat dit in alle Germaanse tale voorkom, wat vir hierdie ondersoek van belang is. As integrale deel van hierdie tale is die sg. V2-verskynsel, of werkwoord tweede-verskynsel. Daarvolgens tree die werkwoord in die persoonsvorm op in die tweede posisie van die klous, ongeag van die plasing van die ander kategorieë daarin.

Die "normale" woordorde van die hoofsin in die meeste Germaanse tale is dan ook:

S (subjek) + V (gesegdekern) + O (objek).

Dieselfde reël geld ook t.o.v. die begin, deurdat die woordorde baie ooreenstem met dié van die hoofsin, behalwe dat die gesegdekern naby die end van die sin staan. Tydens inversie staan die gesegdekern eerste, gevolg deur die ander sinsdele. Verskeie ander moontlikhede mag ook voorkom.

Haider e.a. (soos aangehaal in Auwera, 1987:785) het bevind dat hierdie verskynsel¹¹⁰ 'n beslissende kenmerk van die sintaksis van die meeste Germaanse tale¹¹¹ is.

2.10 'n Logiese basis

Stewart (1975:iv) se belangstelling lê hoofsaaklik in die logiese verbande wat daar tussen die naamwoorde, adjektiewe en werkwoorde bestaan, iets wat vir enige studie of ondersoek van groot belang is.

N.a.v. die poësie van Hopkins het hy probeer om 'n logiese basis vir elkeen van hierdie woordsoorte te vind omdat hy vroeg reeds daarvan bewus was dat hierdie grammatikale onderskeide semanties beskou van kardinale belang is:

At first, the startling anathemias of Hopkins persuaded me that verbs might as well be adjectives, that both of these might as well be nouns, and that all three of them might as well be something else. A closer look convinced me that Hopkins knew exactly what he was doing when he wrapped his meaning up in a verb rather than an adjective or a noun.

Hy baseer sy dissertasie op die beginsels wat Bertrand Russel (alhoewel op die wiskunde van toepassing) uiteengesit het, en sê dat hierdie studie baie oor die aard van sintaktiese kategorieë te leer het.

Hy kom egter tot die slotsom dat distinktiwe leksikale kategorieë oor distinktiwe semantiese korrelate beskik. Tog bestaan daar volgens Stewart (ibidem:11) geen metode om al die verskynsels voldoende te verklaar nie:

Our present knowledge of semantics does not justify the attempt at constructing anything like a wholly comprehensive system of semantic representations--that is, a system which would allow us to represent unambiguously the meaning of every possible sentence in a given language. Nevertheless, we may profitably examine the logic of lexical categories in a system which is considerably less than complete.

Hy stel 'n ander benadering voorop in sy ondersoek, nl. 'n aangepaste weergawe van die standaard "quantificational logic", alhoewel hy melding maak van die benaderingswyses van die Leksikalisme, die Generatiewe Semantiek en die Transformasionalisme. Alhoewel dit interes-

sante leesstof bied, is die omvang daarvan (veral t.o.v. die werkwoord en medewerkwoord) te groot.

Allwood (1987:168) wys ook daarop dat die onderskeid tussen die verskillende leksikale klasse van 'n natuurlike taal nie deur die Predikaatlogika ondersteun word nie. Werkwoorde, adjektiewe, ens. word as predikate saamgegroepeer. Tog erken hulle dat die leksikale klasse semanties beskou nie irrelevant is nie: daar is egter geen eensgesindheid onder die verskeie aanhangers van die logika oor hoe hierdie onderskeid getref moet word nie. Naas die Proposisionele en die Predikaatlogika (wat slegs na een moontlike wêreld op 'n slag kan verwys) is daar ook die Modale Logika (die verhoudings tussen die verskillende moontlike wêrelde as ondersoekveld).

Hier word daar spesifiek van die sg. modale werkwoorde gebruik gemaak. Ander uitdrukkingsmoontlikhede sluit die gebruik van modus as 'n verbale kategorie in, of die gebruik van sinsbywoorde om modale konsepte uit te druk.

Die logici maak van 'n formalisme gebruik wat ooreenkom met die segswyses wat in natuurlike taal gebruik word. Om modaliteit te kan akkommodeer, word nuwe logiese konstanthede, of sg. modale operateurs, ingevoer. Dit is so omdat die omvang van die modale logika groter is. Die verskillende merkbare alternatiewe wat gebruik kan word vir die verskillende sinskonstruksies, asook aspekte soos identiteit, deiksis of tempuslogika, verlang nie in hierdie ondersoek enige verdere aandag nie.

Alhoewel die Klassieke Logika beperkings het, is veral die kennis wat dit bied aangaande die fundamentele konsepte van die logika en die semantiese teorie baie belangrik. Dit bied ook eksplisiete formele sisteme, soos die Generatiewe Grammatika, wat insig gee t.o.v. verskeie probleme: insig in die taal van die mens deur die beperkinge van die logiese model daarvan te bestudeer.

Vir eers word daar volstaan met die wete dat daar wel logiese gronde vir die bestaan van die onderskeie kategorieë gevind kan word. Baie van hierdie aspekte is alreeds aangeraak, terwyl baie ander wel in die hoofstukke wat volg behandel sal word. 'n Logiese basis van die Afrikaanse werkwoord of medewerkwoord (of hulpmoment), veral gebaseer op die TGG, behoort verder lig te werp op die hele problematiek waarmee 'n ondersoek soos hierdie te kampe het.

Die volgende twee hoofstukke moet as mini-grammatikas dien vir die beskrywing van die Afrikaanse medewerkwoord. Dié gedeeltes is belangrik omdat daar geen soortgelyke kriteria in Afrikaans bestaan waaraan hierdie verskynsel gemeet kan word nie. Dit is wel aangepas sodat die fokus op dié aspekte val wat wel in Afrikaans voorkom.

ENDNOTE

1. Lyons, 1971:10.
2. Aitchison, 1984:101.
3. Lyons, 1971:320. Die belangrikste woordklasse is nog altyd met sekere tiperende sintaktiese funksies in eenvoudige sinne geassosieer, en nie met hulle "toevallige", flekterende kenmerke in spesifieke tale nie.
4. Die uitgangspunt was vroeër dat slegs die hoofwoordsoorte betekenisvol kon wees.
5. Dit staan ook bekend as tempus, of Eng. "tense" (vgl. ook 2.4.1.2.1 op p. 84).
6. Die term "medewerkwoord" sal (op enkele uitsonderings na) in hierdie ondersoek gebruik word.
7. Jespersen, 1962:356.
8. Jespersen (1962:360) dui daarop dat nie alle woordgroepe, sinne, ens. oor 'n werkwoord hoef te beskik nie.

On the whole we may perhaps say that the employment of a finite verb serves to round off the whole sentence and make it more classically finished.
9. Van hierdie aspekte kom weer later ter sprake.
10. Sommerfeldt, 1988:223.
11. Die sg. "predicate-argument structure" is hier ter sprake. "... a verb's complexity depend on its potential to figure in different argument structure arrangements - a verb permitting more argument structure possibilities being more complex than one that permits fewer".
12. 'n Universele lys van tematiese rolle (of veranderlikes) kan aan hierdie aspek gekoppel word.
13. Sommerfeldt, 1988:224.
14. Sommerfeldt (ibidem:224) verwys hier na 'n uitspraak van Stepanova. Hierdie kenmerke sluit o.a. die semantiese, morfologiese en sintaktiese kenmerke in.
15. Lyons, 1971:147. Hierdie beskouing geld as sodanig nie meer nie.
16. Volgens Labuschagne word elke logossoort in 'n eie aparte, onderskeie woordvorm, nl. die woordsoort, vergestalt as die uitvloei-

- sel van die mens se poging om die ervaringslewe in die kosmiese sisteem te rangskik en te orden.
17. Lyons (1971:317) dui daarop dat indeling nie sonder gevaar kan geskied nie. Die Engelse term "circular" dui op die moeilike definieerbaarheid van sulke implisiete klasse.
 18. Soos aangehaal in Sommerfeldt (1988:222).
 19. Lyons, 1971:319.
 20. Van Schoor (1983:125) verwys ook na die term "lekseem" waardeur die taalwetenskap verwys na "'n woord wat verskillende vorme kan hê".
 21. Die aspek van kunsmatige indeling en indeling per se sal later ondersoek word.
 22. König, 1985:98.
 23. Dié aspek kom weer in hfst. 7 (7.5, p. 323) aan bod.
 24. Hierdie aspek, as verskynsel in verskeie tale (soos die Germaanse), word nie hiér in diepte ondersoek nie.
 25. Dié werkwoord(e) sluit nie die kopula in nie.
 26. Lyons (1971:327) definieer klas ("degree") in terme van die kombinatoriese eienskappe waaroor dit beskik.
 27. Die "Kernbereich" kan o.a. ook 'n woordveld aandui of afbaken.
 28. Die uiteensetting van Van Schoor (1983:209) word hier gevolg.
 29. Hierdie probleem is nog nie tot almal se bevrediging opgelos nie, deurdat daar geen ooreenstemmigheid is of die deelwoord as dieselfde of as 'n afsonderlike woordsoort beskou behoort te word nie.
 30. Vgl. hiér bv. enige Transformasioneel-generatiewe Grammatika.
 31. Hier word daar na die sg. "V-slot" verwys.
 32. Soos aangehaal in Shapiro (1987:220).
 33. Vergelyk Shapiro et al. (1987:222) se verwysing na die "syntactic subcategorization frames".
 34. Shapiro et al., ibidem:224.
 35. Die sg. "major categories" en "minor parts of speech".
 36. Sommerfeldt, 1988:222. Sy verklaring aangaande die kernwoorde lui:
 Die Zugehörigkeit eines Wortes zum Zentrum der Wortart bedeutet, daß es eine eindeutige, von allen anderen Wortarten unterschiedliche morphologische Gestalt hat, daß seine

individuelle lexikalische Bedeutung eine konkrete Variant der kategorialen Bedeutung der Wortart ist... und daß schließlich die Distribution des Wortes alle möglichen Umgebungen der gegebenen Wortart einschließt.

Hier het hy Charitonova aangehaal.

37. Roger Bacon, soos aangehaal in Lyons (1971:333).
38. Ook hierdie indeling is arbitrêr en aanpasbaar.
39. Die terminologie van De Villiers (1948:113) word onveranderd hier toegepas.
40. Aitchison, 1984:11.
41. Aitchison, ibidem:11. "Taalgebruik" dui hier op die wyse hoe ons sinne verstaan of "dekodeer", en hoe sinne genereer of "enkodeer" word. "Taalkennis" daarenteen dui op die bergingsproses van kennis asook die innerlike verteenwoordiging van taal.
42. 'n Aspek wat belangrik is, maar nie hier verder behandel sal word nie, is dat hierdie taal vol onvoltooide sinne, foute en glipse van die tong is.
43. Aitchison, 1984:29.
44. Aitchison, ibidem:30.
45. Aitchison, ibidem:257. "Something specific to language is innate." Ons weet egter nie presies wat dit is nie, wel dat taal nie die blote uitvloeisel van algemene kennis is nie.
46. Chomsky, 1969:117.
47. Aitchison, 1984:101.
48. Chomsky, 1969:112.
49. "Their language" verwys na die taal van blootstelling.
50. Aitchison, 1984:130.
51. Aitchison, ibidem:130.
52. Chomsky, 1969:119.
53. Cromer, soos aangehaal in Aitchison (1984:147).
54. Chomsky, 1969:5.
55. Behrend (1988:23) gebruik ook die Engelse term "fast-mapping" om hierdie proses te beskryf.
56. Camarata en Leonard, 1985:44.
57. Aitchison, 1984:214.
58. Aitchison (ibidem:214) verwys bv. na toetse wat deur Fodor, Garrett en Bever m.b.t. Engels gedoen is. Baie van hierdie toetse

sou met weinige aanpassing ook betrekking op Afrikaans en ander tale kon hê.

59. Aitchison (ibidem:215) verwys slegs na die sg. "verbal complexity hypothesis". Daarvolgens oorweeg die spreker/hoorder verskeie konstruksies voordat hy die korrekte een kies en toepas.
60. Aitchison, ibidem:216.
61. Au (1986:119) haal bevindinge aan wat op 'n parallel tussen taal (die sg. woordformasie in enige taal) en kennis (die sg. oorsaaklike toeskrywe van gebeure) dui.
62. Gentner, soos aangehaal in Camarata en Leonard (1985:38).
63. In teenstelling met die werkwoorde, verwys substantiewe na 'n reeks persepsuele parameters wat relatief stabiel is.
64. Shapiro et al. (1987:226) verwys na navorsing oor die effek wat 'n werkwoord se kompleksiteit op sinsontwikkeling het; daarin word tussen "syntactically simple and syntactically complex verbs" en "verbs with simple and complex argument structure" onderskei.
65. Au, 1986:104. Hierdie beskrywing werp baie lig op die hele werkwoordprofiel, en help om die indruk te skep dat die werkwoord in die besonder 'n baie belangrike rol vervul en funksie beklee.
66. Au, ibidem:104.
67. Sommerfeldt, 1988:221.
68. Dit is onnodig om in die historiese probleme rondom die epistemologie te verval.
69. Camarata en Leonard (1985:38) verwys na 'n ondersoek wat poog om moontlike verskille in substantief- en werkwoordproduksie in terme van 'n sg. "increasing complexity - decreasing phonetic accuracy"-hipotese te verklaar.
70. Soos aangehaal in Von Glasersfeld (1972:90). Volgens Ogden en Richards bestaan daar 'n drieledige verhouding in die reële wêreld tussen "woord", "gedagte" en "ding".
71. Die sg. "operational definition" is 'n term wat deur Bridgman (Von Glasersfeld, ibidem:91) geskep is.
72. Labuschagne (1957:95) verwys onderskeidelik na "funksiewoorde" en "saakwoorde".

73. Hierdie aspekte is terug te vinde in die meeste Germaanse tale. As woordsoort het die werkwoord weens sy wesensaard velerlei taalkundige funksies.
74. Hierdie aspek word gesien in die lig van die sg. "conceptual situation" waarin dit verkeer. Die herkoms daarvan is egter nie vir die semantikus van belang nie.
75. Die verwysing is "interconcept organization" versus "within-concept organization".
76. 'n Matriksorganisasie kom neer op "... concept nodes... not always embedded within other concept nodes... [with] no well-defined levels of structure... concept nodes are extensively cross-classified, with dimensions of meaning cutting across the various semantic fields". Volgens hulle blyk daar dan ook 'n breë teoretiese basis vir hierdie beskouing te wees.
77. Graesser et al., 1987:243.
78. Die term "concept-interdependent" is hier ter sprake.
79. Hierdie groepe werkwoorde word omskryf as "sets of highly related verbs". Graesser et al. (ibidem:244) verduidelik die verskil tussen die twee begrippe deur te verklaar dat "... in a hierarchical organization, dimensions or attributes of meaning are highly correlated in the cognitive system and in the world". "In a matrix organization... most dimensions/attributes are orthogonal conceptually, and often uncorrelated to the world."
80. Volgens Geerts en Heestermans (1984b:2043) dui ortogonaal op "... rechthoekig, met loodrecht op elkaar staande ribben, asymptoten, snijlijnen ens."
81. Graesser et al. bestudeer 'n sterk en swak weergawe van Huttenlocher en Lui se hipotese oor woordkategorieë (wat handel oor korttermyngeheuestudies).
82. Von Glasersfeld (1972:94) beweer dat dit hierdie volgorde is wat die werkwoord in staat stel om 'n gegewe situasie te verwoord.
83. Von Glasersfeld (ibidem:95) gebruik verskeie begrippe om hierdie aspek doeltreffend te beskryf. Al hierdie aspekte moet in berekening gebring word as die konsepsuele situasie betrek word by enige analise oor die semantiese struktuur van individuele werkwoorde.

84. Betekenis word deur Von Glasersfeld (ibidem:107) d.m.v. bepaalde formules uitgedruk, op dieselfde manier as wat stukbeelde sintaktiese sinstrukture verteenwoordig.
85. Vergelyk hier Behrend (1988:23) se beskrywing van die sg. "action, result and instrument slots".
86. Hier word daar na die sg. "initial mapping" van werkwoordbetekenisse verwys.
87. Wat hier van belang is, is die werkwoordkompleksiteit wat in terme van argumentstrukture gedefinieer word, en hoe dit sinsverwerking beïnvloed. Shapiro et al. (1987:242) bly neutraal t.o.v. die feit of werkwoordkompleksiteit enige effek het op leksikale toegang of postleksikale integrasie van inligting.
88. Hierdie aspek geld t.o.v. die sg. "real-time sentence processing".
89. Dit lyk asof al die inskrywings vir die werkwoordargumentstrukture momenteel geaktiveer word.
90. Clifton, e.a. soos aangehaal in Shapiro et al. (1987:243).
91. Hierdie inligting is van kardinale belang as ons meer omtrent 'n werkwoord se verteenwoordiging wil leer.

The complexity of a verb's lexical entry directly contributes to real-time sentence processing complexity; and such complexity is a function of representations referring to argument structure possibilities, and not the number of syntactic subcategorizations (Shapiro et al., 1987:220).
92. Au, 1986:121.
93. Hierdie ondersoek het feitlik deurgaans (behalwe waar anders aangetoon) betrekking op die tale binne Germaanse verband.
94. Meillet, soos aangehaal in De Villiers (1948:44).
95. Kalepky, soos aangehaal in De Villiers (ibidem:44).
96. Die reksie van die werkwoord is nie beperk tot slegs die verhouding tussen werkwoord en onderwerp nie, maar sluit ook die verhouding tot ander bepalings in.
97. Die verskynsels wat hier gedek word, maar nie werklik ter sprake sal kom nie, sluit o.a. die terme "persoonlik" en "onpersoonlik", "oorganklik" en "onoorganklik" en "bedrywend" en "lydend" in.
98. Die subjek blyk vir die meeste werkwoorde 'n onmisbare bepaling te wees.
99. De Villiers (ibidem:56) haal hier J.J. le Roux aan.

100. Overdiep het die objekte nie van die "nadere bepalingen" geskei nie.
101. Vergelyk Sastri (1966:99) vir 'n lys van die moontlike werkwoorde en komplementsoorte. Hierdie aspek moet ten nouste saam met die subjek- én objekgedeelte van die sin beskou word, en nie as synde losstaande daarvan nie.
102. Dit is slegs 'n verdere verfyning van die beskouing van Langeveld wat na dié verskynsel as "irrationeel" verwys het, asook Reichling wat dit as 'n toevallige grammatikareël beskou, 'n blote gebruiksreël wat "resulteert uit een kruising van de grammatische en de logische systematiek". Soos aangehaal in De Villiers (1948:65).
103. De Villiers (ibidem:65) haal Jespersen aan wat na hierdie aspek verwys:

... the nexus-substantive is simply introduced to give us an easy means of adding some descriptive trait in the form of an adjunct which it would be difficult or impossible to tack on to the verb in the form of a subjunct.
104. Hier is die sg. inhoudsobjek ter sprake.
105. 'n Substantief, met of sonder bepalinge, kan ook los by 'n onoorganklike werkwoord gevoeg word terwyl die verband deur die hoorder gelê word.
106. Hierdie beginsel, soos aangehaal in De Villiers (ibidem:66), is deur Brunot neergelê.
107. De Villiers, ibidem:69.
108. Paul, soos aangehaal in De Villiers (ibidem:72).
109. Jespersen, soos aangehaal in De Villiers (ibidem:74).
110. Hierdie omstrede onderwerp word nie verder ondersoek nie.
111. Hierdie aspek is nie 'n fundamentele kenmerk van die Engelse sintaksis nie.

HOOFSTUK 3

3 DIE MEDEWERKWOORD

3.1 Inleiding

'n Breë of onderliggende teoretiese basis is nodig as 'n mens die medewerkwoordverskynsel beter wil verstaan. Dit is daarom dat die volgende twee hoofstukke gesamentlik as deel van die taalkundige universalia gesien moet word, voordat die spesifieke indeling van die Afrikaanse medewerkwoord aan die beurt kom. Dit is teen hierdie agtergrond dat hoofstuk ses (p. 231) dan ook gelees behoort te word. 'n Saak is ook uit te maak of 'n werkbare raamwerk gevind kan word waarvan hierdie aspek of verskynsel in Afrikaans gemeet kan word. Daar moet dus sekere universeel geldende kriteria (vir hierdie doel) wees.

Enige sistematiese analise en die daaruitspruitende gevolgtrekkinge om 'n deeglik gefundeerde empiriese model van die werking van die medewerkwoord daar te stel, moet vir die mens in 'n teorie ingebed word, omdat hy hoogs geartikuleerde raamwerke benodig om sy omgewing beter te verstaan. Dit is daarom dat die mens voortdurend poog om bv. alles rondom hom in skemas te orden.

Volgens Heny en Richards (1983:ix) moet enige linguistiese teorie vandag die middele insluit om sekere elemente as konstant te kan identifiseer. Tussen hierdie konstante verskynsels mag daar klasse, grammatiese eienskappe, reëls of selfs abstrakter elemente wees. Hulle mag selfs kompleks of analities primitief wees. Dit is egter ook waar dat daar geen beweegrede is om a priori te veronderstel dat 'n klas (van 'n gegewe konstruksie) noodwendig konstant is nie.

Enige empiriese vraag aangaande 'n verskynsel in 'n betrokke taal of tale is teorie-afhanklik. Elke taal is uniek, en beskik oor die een of ander element wat as konstant of onveranderlik beskou kan word; dit kan slegs betekenis hê binne die konteks van 'n teorie waarbinne ander elemente toegelaat word om te varieer, of ook konstant gehou kan word.

Enige teorie moet voorsiening maak vir en die middele daarstel dat samestellende dele toegelaat mag word om te varieer, of om konstant te bly.

Harris en Ramat (1987:3) dui verskeie probleme aan wat opduik wanneer 'n mens poog om 'n doeltreffende definisie van die medewerkwoord of "AUX"¹, as 'n kategorie of klas, op te stel. Volgens hulle geld daar sekere kriteria t.o.v. die verskillende benaderingswyses om dié probleem op te los.

Verskeie inherente eienskappe dui daarop dat die MW-kategorie of -klas 'n graderingsbegrip is, alhoewel dit in effek 'n nog te vae omskrywing is en ofskoon sekere prototipiese voorbeelde ter staving daarvan.

3.2 Unieke probleme

Volgens Akmajian (soos aangehaal in Harris en Ramat, ibidem:3) is die MW 'n kategorie, m.a.w. dit verskil duidelik in sintaktiese optrede teenoor dié van ander kategorieë: "AUX is a category - i.e. distinct in its syntactic behavior from the behavior of other syntactic categories - labeling a constituent that includes elements expressing the notional categories of Tense and/or Modality"; dit tree as "auxiliary" of "hulp(-woord)" (lees ook "hulpmoment") naas die werkwoord op. Dit is 'n aspek wat nog nie tot almal se bevrediging opgelos is nie, ook nie t.o.v. dié verskynsel in Afrikaans nie.

In 'n vergelykingstudie kom hy tot die gevolgtrekking dat die sg. MW geen spesifieke sintaktiese gedrag openbaar nie. Volgens die tradisionele Indo-Europese linguistiek druk die MW in die verbale kompleks die verboë vorm uit (wat verskil van die bevindinge van Ramat).

Vanuit 'n semantiese en funksionele oogpunt beskou, behels só 'n siening dat die werkwoordkombinasie, nl. die MW en die vorm van die ander verbale lekseem (soos dit in verskeie Germaanse tale dan ook voorkom), oor dieselfde argumentstruktuur as die eenvoudigste vorms van daardie verbale lekseem moet beskik. Die werkwoord in die persoonsvorm² (in

dié geval die MW) behoort dan geen beperkings op die ander (die nie-finiëte of nie-persoonlike) vorms te plaas nie.

Harris en Ramat (ibidem:6) verwys na Jelinek se voorstel dat die bestaan van die MW as konstante knooppunt en as universele kategorie erken moet word. Sy verwerp Pullum se aanname dat die medewerkwoord slegs 'n spesiale subgroep werkwoorde verteenwoordig wat op dieselfde manier as die ander werkwoorde genereer word. Indien die MW 'n universele verskynsel is, moet dit deur die stukbouknooppunt in alle grammatikas verteenwoordig word, en behoort die groot aantal kruislinguistieke variasies wat 'n mens waarneem deur die semantiese kenmerke van dié woorde wat onder die MW-knooppunt ingevoeg word, daardeur verklaar te word. So 'n siening sal 'n moderne herformulering van die fundamentele reël van die klassieke Transformasionele Grammatika, nl.

$$S \rightarrow NP (AUX) VP^3$$

wees.

Binne Chomsky (soos aangehaal in Harris en Ramat, ibidem:6) se *Government Binding Theory* verskyn die volgende reël:

$$S \rightarrow NP INFL VP$$

waarvolgens die MW (of "AUX") en "INFL" vir alle praktiese redes of oorweginge identies aan mekaar is.

Die gedagte dat die MW 'n kategorie is wat tyd, modus en aspek uitdruk, geniet wye steun onder verskeie taalkundiges.

Roland (soos aangehaal in Harris en Ramat, ibidem:6) voer aan dat die "INFL"-kategorie superieur is en dat die MW-kategorie nie universeel geldig is nie. Volgens hom beskik eg. kategorie oor al die fundamentele eienskappe van die S-knooppunt wat belangrik is vir die GB-teorie van 'n kerngrammatika.⁴ Gevolglik word die MW as 'n spesiale geval van die "INFL" gesien, en is dit byvoorbeeld onbevoeg om rekenskap te

gee van nie-getemporaliseerde klouse soos die Nederlandse infinitief-konstruksie:

*dat Annamaria Patrick de ratten zag vangen*⁵

of die Engelse konstruksie:

I understand John behaving foolishly.

Hieruit blyk dus dat daar binne die Generatiewe Teorie geen eenstemmigheid is oor wat die "MW" werklik beteken of behels nie. Harris en Ramat (1987:7) het hierop uitgebrei en bevind dat die sg. universalia van die Transformasioneel-generatiewe Grammatika menigmaal nie "taal-universalia" is nie, maar "universalia van die taalkundige". Dit is m.a.w. metodologiese middels vir analise⁶ wat die taalkundige op alle tale trag toe te pas.

Dit is dus met reg dat hulle afvra of die "MW" die enigste verteenwoordiger is wat tyd, modus en aspek kan uitdruk. Indien dit wel die geval is, dan is daar sekere verskynsels in verskeie tale wat óf buite die terrein van die medewerkwoord val óf daarbinne.

Akmajian, Steele en Wasow (soos aangehaal in Heny en Richards, 1983:x) was ook ten nouste betrokke by die sg. "kategorieë", nl. om vas te stel of 'n taalonafhanklike kategorie MW bestaan of nie. Volgens die oorspronklike raamwerk wat hulle voorgestel het, kan die konstante elemente slegs uit drie bronne verkry word, nl. die stukbeeldvorm, die stukboureëls (of herskryfreëls), en die grammatikale transformasies.

Die wesenlike idee van Steele e.a. (soos aangehaal in Heny en Richards, ibidem:x) is "... an analysis in which crucial use is made of a node with the criterial properties ascribed to AUX will automatically result in a significant number of a set of non-definitional properties being assigned to that node". Dit is die klustering van hiër-die eienskappe wat die hoofverklarende krag van so 'n analise is.

Volgens die hipotese is die MW 'n knooppunt (wel in die Transformasionele Grammatika) met minimale sintaktiese eienskappe in vergelyking met die ander knooppunte in 'n gegewe taal. Dit determineer ten minste tempus. Dit is die konstante, verklarende eienskappe van die (of dit wat daarmee geassosieer word) MW. Die MW-hipotese van Akmajian dra 'n graad van konstantheid by tot alle tale wat oor die MW-knooppunt beskik, asook die konstante eienskappe wat universeel met hierdie knooppunt geassosieer kan word. Elke taalgroepering besluit oor eie unieke eienskappe waaroor dit mag beskik: die waargenome variasie kan toegeskryf word aan die feit dat in elke taal ander eienskappe geassosieer kan word met die elemente wat onder MW ingepas kan word.

Die verdere ontwikkeling van die oorspronklike begaandheid en idees van Akmajian e.a., nl. hulle oorspronklike MW-hipotese, kan verskillende rigtings inslaan. Belangrik is egter eerder die feit dat die MW tempus of tyd domineer, en dit weer word ten nouste met sinskap verbind; slegs sinne beskik oor die eienskap van eindigheid, en dit is juis in terme van sinne dat 'n taal gedefinieer word. Dit is dus hoogs waarskynlik dat die kategorie "sin" (en daarby is "taal" inbegrepe) betrek sal word indien die aard van verhoudings tussen tempus, eindigheid, modaliteit, negering, ens. onder die loep kom, m.a.w. al die begrips- en ander eienskappe wat met die MW-knooppunt geassosieer kan word.

Hieruit blyk dit dus dat enige MW-hipotese verskeie vorms kan aanneem, en dit is daarom dat daar geen eenstemmigheid oor hierdie verskynsel binne taalverband is nie. Die MW behoort ten eerste binne sinsverband nagevors te word (d.w.s. 'n funksionele benadering, soos hierbo gesien kan word); daarna kan dit ook binne kategorieverband in natuurlike taal ondersoek word. Dan sou dit dalk ook moontlik wees dat die "MW" of "INFL" die knooppunt van die S kan vorm - as 'n soort operateur of funksie binne sinsverband.

Verskeie moontlikhede van stukbeeld-, frase- of sinstukknoppunte is binne 'n teoretiese raamwerk moontlik. Taalkundiges het lankal reeds

die preteoretiese aanname gehuldig dat die hofies van sekere frases (soos werkwoorde, substantiewe, ens.) op 'n manier kan determineer wat in daardie sintukke gebeur. As dit wel die geval is, kan hulle gevolglik ook die aard (d.w.s. die kategorie) van daardie frases determineer.

Indien so 'n model gevolg sou word, kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat wanneer die sintaksis van 'n natuurlike taal direk met 'n standaardsemantiek geassosieer word (m.a.w. een wat min of meer kompositories is), sal die manier van interpretasie van die frase as 'n geheel afhang van die manier van interpretasie van sy onmiddellike knooppunt.

Met so 'n uitgangspunt sal kasustoeuysing, subkategorisering en die eienskappe wat leksikaal met knooppunte geassosieer word, beskou kan word - of verwag word - dat wisselwerking tussen hulle sal plaasvind om 'n hoogs komplekse kategoriale grammatika te definieer. In só 'n grammatika sal die sentrale rol aan die knooppunte van sintukke toegeken word, en sal insig in die kategoriale struktuur van 'n natuurlike taal hoofsaaklik uit die ondersoek van die leksikale eienskappe van hierdie knooppunte spruit.

Heny en Richards (1983:xiv) kom tot die gevolgtrekking dat, indien dit so is (nadat hulle verskeie MW-hipoteses ter insae gehad het) dat die verhouding tussen die hoofkenmerke van die X-sisteem (soos voorgestel deur Jackendoff in sy *X-Syntax* waarin hy stukbou as sodanig ondersoek), subkategorisering in die wydste sin en "kategorieë" soos deur die Kategoriese Grammatika bedoel word, baie kompleks kan wees as wat vroeër toegee is.

Die wyduiteenlopende standpunte aangaande die MW bring 'n mens nog nie binne die bereik van 'n oplossing van hierdie probleem nie, omdat daar nog geen geïntegreerde, gelykvormige (t.o.v. eensgesindheid) siening van hierdie probleem bestaan nie, d.w.s. ten opsigte van die MW, hulpstukke of -momente ("auxiliaries"), of die probleem oor hoe 'n mens op

'n gemotiveerde manier die kategorieë van natuurlike taal kan isoleer nie.

Diachronies beskou is die proses van medewerkwoordvorming, d.w.s. die grammatikalisasie van leksikale items, 'n diachroniese, evolusionêre proses wat geleidelik voltrek is of voltrek word. Verskeie ooglopende fases van verandering kan in hierdie proses waargeneem word. Aan die hand van verskeie Latynse en Romaanse voorbeelde kan die volgorde van die verandering waargeneem word, juis omdat dit dalk die weg gebaan het vir die Germaanse medewerkwoordvorm en die uiteindelijke kulminasie van die unieke Afrikaanse medewerkwoordgebruik.

3.3 'n Moontlike Latynse model vir Germaans

3.3.1 Inleiding

Pinkster (1987:193) dui op die evolusieproses wat die klassieke Latynse sintetiese (werkwoord)vorms - binne die tyd- of tempussisteem - ondergaan het, d.w.s. die vervanging van die sintetiese vorms deur omskrywingsvorms. Die uiteindelijke gevolg was dat die taal van hulpmomente begin gebruik maak het om dieselfde inligting net op 'n ander of "nuwer" manier as voorheen oor te dra.

Die klassieke Latynse tyd- of tempussisteem is 'n tweedimensionele sisteem, deurdat "... a Latin tense form does not only contain information as to the location of a certain event in present, past, or future time, but also indicates whether the event is anterior, simultaneous or posterior with respect to one of these reference points... the system may be called a combination of 'deictic' tense and 'phasal' aspect".

3.3.2 Die strategie en chronologie van ontwikkelinge

In die proses van medewerkwoordvorming wys Pinkster (ibidem:210) daarop dat, soos in die geval van die perfektum of die toekomstige tyd, die

ontstaan of ontwikkeling van hierdie aspek of verskynsel in verskeie gevalle op dieselfde manier verloop het. Interessant is die feit dat beide verskynsels na alle waarskynlikheid uit die oorspronklike "*habere* + Object + Praedicativum"-konstruksies ontwikkel het. Dit kan wees dat die "Praedicativum" as kanaal opgetree het vir medewerkwoordvorming. Ander wil weer hê dat Grieks 'n invloed op Latyn uitgeoefen het, of dat modale werkwoorde 'n invloed sou kon uitgeoefen het, 'n moontlikheid wat nie uitgesluit kan word nie.

Alhoewel bg. 'n aanduiding is van die rigting waarin die ontwikkelinge plaasgevind het, verduidelik dit nog glad nie waarom dit plaasgevind het nie. 'n Rede wat aangevoer word is dat Laat Latyn nuwe vorms vereis het, veral d.m.v. assimilasie. Verskeie foneme het bv. saamgesmelt. Die slotsom waartoe Pinkster (ibidem:211) geraak, is dat die sintaktiese en semantiese ontwikkeling mettertyd deur die fonetiese ontwikkeling versterk is. 'n Ander verduideliking wil weer hê dat daar 'n algemene drift na analitisiteit in die Romaanse tale was.

Eksterne faktore kon wel 'n invloed op die ontwikkeling uitgeoefen het; tog moes interne faktore ook aanwesig gewees het. Daar moes ook bv. oorvleueling in betekenis en/of gebruik tussen die ou en die nuwe vorme gewees het sodat die nuwe vorme die funksies van die ou vorme kon oorneem.

'n Saak is egter nog vir Afrikaans (en die ander Germaanse tale) uit te maak, en dit is of die ontwikkelinge wat op hierdie gebied plaasgevind het, afsonderlik of parallel langs mekaar geskied het, en of daar wedersydse en/of slegs eensydige beïnvloeding was van die een taal op die ander?

3.4 Medewerkwoordvorming

3.4.1 Die selfstandige werkwoord

Hierdie vorm van die werkwoord (wat fase een in hierdie ontwikkelingsproses verteenwoordig) tree afsonderlik of gesamentlik in 'n klous of klouse op en beskik oor volle selfstandige semantiese betekenis.

Ramat (1987:9) verwys na die volgende voorbeelde ter staving van die diachroniese proses:

*multa bona bene parta habemus*⁷
 en
*qui habet curam peregrinorum deputatam.*⁸

In beide gevalle mag die nie-finiete ("non-finite") verbale vorm, waar die subjek mag verskil van dié van die finiete ("finite") werkwoord, afwesig wees sonder dat die sin sy betekenis verloor, en is die onderstaande sinne gevolglik betekenisvolle sinne:

multa bona habemus
 en
qui habet curam peregrinorum.

Bg. siening van die werkwoordvorm geld nie t.o.v. dié werkwoorde wat nie in die persoonsvorm optree nie (die sg. "non-finite verb") en wat die noodwendige aanvulling van die finiete werkwoord word. Dit is dan wanneer die terrein van fase twee oortree word.

3.4.2 Die predikatiewe konstruksie

Die werkwoorde wat tot hierdie klas behoort, verskil van dié wat in fase een optree. Van hiérdie werkwoorde het vroeg reeds in Latyn voorgekom. Hulle kon nie werklik weggelaat word nie omdat hulle in die gesegde naas 'n ander werkwoord optree. Opsetlike weglating sou óf die sinsbetekenis verander het óf 'n betekenislose sin tot gevolg gehad het.

In die sin:

*Nam hominem servom / suos domitos habere oportet oculos et manus*⁹

kan "domitos" nie weggelaat word nie. Ook in die volgende gevalle kan die "predicative past principle" nie werklik weggelaat word nie, nl.

*[Flamines] caput cinctum habebant filo*¹⁰
 en
*nam et capillos nostros ipse utique creavit et numeratos habet.*¹¹

Ramat (ibidem:10) beweer dat dit "... is perhaps precisely in such cases of inalienable possession that periphrastic verbal forms made the first step towards auxiliarization of finite verbs". Dieselfde geld t.o.v. nuwe leksikale materiaal en 'n nuwe kategorie, die sg. "semi-auxiliaries".

3.4.3 Omskrywingsvorme

Die Laat Latynse voorbeeld:

*"episcopum invitatum habes"*¹²

behoort tot hierdie groep wat die volgende trap op die leer verteenwoordig, en ook as die sg. "real (new) periphrastic perfect forms" bekendstaan. Dieselfde geld ook t.o.v. die voorlopers van die Romaanse futurum en kondisionele wys waar die finiete werkwoord (dié werkwoord wat die persoonsvorm uitgedruk het en as "operant" deur die Kategoriese Grammatika beskou word) as merker optree vir tyd, modus en aspek. Dié werkwoord beskik egter oor geen outonome semantiese betekenis nie.

3.4.4 Agglutinasie

Ook hierdie fase kan met historiese voorbeelde uit Laat Latyn, asook die Romaanse futurum en kondisionele wys toegelig word.

Hierdie hele evolusieproses herinner sterk aan die skaal van grammatikalisasie wat Goossens (soos aangehaal in Harris en Ramat, 1987:11) voorgestel het om die proses van desementisasie (of "desemantization") van die Engelse modaliteite aan te dui:

"full predicates > predicate formation > predicate operators".

Laasgenoemde vertoon uiterlik 'n uiters gereduseerde vorm.¹³ Hierdie drift na enklitisering (wat 'n vorm van "erosie" is) is in verskeie tale te bespeur; van hulle het naas hierdie enklitiese vorme ook nog die volle ortotoniese vorme van dieselfde werkwoord wat ook nog oor 'n outonome betekenis beskik.

Die enklitisering van die medewerkwoord - die laaste fase van die proses van desemantisasie, en erosieproses wat die medewerkwoord ondergaan tydens grammatikalisasie - verteenwoordig die finale resultaat van nog 'n algemene prinsipe wat 'n uitwerking op taal (en taalverandering) het, nl. dié van die weg van die minste inspanning¹⁴ wat in die rigting beweeg van sintetiese, simboliese en nie meer analiseerbare vorme.

Die fokale punte (of fases) wat hierbo behandel is, verteenwoordig 'n proses tussen twee pole - 'n proses wat voortdurend plaasvind. Die eerste stappe in hierdie geleidelike drift vind plaas in ongemarkeerde omgewings waar die oorspronklike betekenis van 'n werkwoord wat besig is om in 'n medewerkwoord te ontwikkel, maklik redundant word.

Dit is juis hiérdie aspek wat dan ook aanleiding gee tot die onenigheid oor wat as 'n medewerkwoord beskou kan (moet) word.

3.5 Die probleem rondom definisie-formulering

Dié aspek het nog altyd probleme veroorsaak, ook as die Afrikaanse problematiek (soos later gesien gaan word) aangespreek word. Ramat (ibidem:13) lig ook die volgende analise binne die raamwerk van die Montague-grammatika uit: "Greg Carlson ranges the AUX-verbs among the functional morphemes that do not contribute to the meaning of the sentence but are syncategorematic to the lexical morphemes to which they apply (in this case the main verbs), preserving their category. Evidently this applies well to the traditional set of auxiliaries in the (Indo-) European languages."¹⁵

Volgens Ramat (ibidem:13) is die (Germaanse) modaal 'n werkwoord wat:

- a) 'n ander nie-finiëte werkwoordvorm selekteer (die infinitiefvorm is hierby ingeslote);
- b) nie in staat is om 'n NS van sy eie te selekteer nie; en
- c) 'n bepaalde paradigma vertoon, wat verskil van die "normale", en met 'n buitengewoon sintaktiese patroon verskil van dié van die ander werkwoorde.

Hy wys ook daarop dat die formele kriteria wat tot dusver gebruik is, ontoereikend is om die stel modaliteite doeltreffend af te baken; daarom bestaan daar 'n "vaagheid" rondom die modale werkwoorde (maar ook oor die medewerkwoord oor die algemeen).

Elke definisie is konvensioneel en arbitrêr, en kan nóg waar nóg vals genoem word; eerder voldoende of onvoldoende. Daarom sien Ramat 'n probleem met enige beskouing waar die gedagte aangaande die modaliteite (of MW) te wyd oopgestel word: verskeie aspekte moet oorweeg word (soos bv. die morfologiese) om woorde vir 'n gegewe definisie in of uit te sluit.

Deeglike besinning oor wat in 'n gegewe definisie opgeneem behoort te word, behoort dus voorrang te geniet om sodoende enige probleme oor 'n beskouing uit die weg te ruim.

Ramat (ibidem:15) wys met reg daarop dat 'n historiese oorsig van die MW-kategorie kan help om die geleidelike ontstaansproses van die medewerkwoorde en hulle evolusieproses te verklaar, maar nie self tot 'n kategoriese definisie aanleiding kan gee nie. Dit verduidelik dan dalk ook hoekom daar wyduiteenlopende beskouinge bestaan oor wat as MW beskou kan (moet) word. Die taalkundige besluit dan op 'n teorie wat universeel geldend behoort te wees, iets wat nie uitsluitlik op die historiese ontwikkeling van slegs spesifieke voorbeelde gebaseer word nie.

Dit lyk egter of die historiese perspektief met al sy "pre-Modals" en "semi-Modals" 'n al hoe belangriker begrip van enige prototipe word en selfs populêr blyk te wees by prosedures aangaande die definisie. Grammatikale kategorieë beskik oor 'n reeks karakteristieke waarvan sommige meer sentraal sal wees t.o.v. die definisie van die kategorie ter sprake. Gevolglik sal daar ook sekere fokale en marginale gevalle binne 'n betrokke kategorie wees.

Ramat (ibidem:16) lig vier kriteria uit vir 'n operatiewe en bruikbare definisie van wat as die prototipiese bewysplaas van die MW-kategorie beskou kan word:

- a) Die MW moet dieselfde subjek as die onverboë, afhanklike werkwoord hê. Alhoewel die MW in terme van die Kategoriese Grammatika as die "operant" (hoofwerkwoord) beskou word, selekteer dit nie meer sy eie argument nie. Dit vul daardie posisie in die struktuur deur die argument van die nie-finiëte verbale vorm oor te neem.
- b) Die finiete werkwoord (V_{fin}) en die infinitiewe werkwoord (V_{inf}) moet oor dieselfde predikaatraamwerk beskik.
- c) Geen semantiese beperkinge word deur die MW ($=V_{fin}$) op die infinitiewe werkwoord (V_{inf}) geplaas nie.
- d) Die funksie van die MW is om sinkategorematis tyds- (of tempus-), modus- of aspekverhoudings uit te druk - alhoewel dit ook op ander maniere uitgedruk kan word.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat, indien ons hierdie kriteria aanvaar (asook ander van dieselfde soort), en gebruik maak van konsepte van die algemene taalteorie, maar nie die MW-knooppunt uit die teorie self aflei nie (soos in die geval van die Transformasionele Grammatika), die vraag ontstaan of die MW as 'n algemene taalbegrip gesien behoort te word. 'n Empiriese antwoord kan gesoek word deur na te gaan of die betrokke taal wat bestudeer word die kenmerke wat vasgestel kon word as definisiekriteria vertoon of nie.

Deur die knooppunt van die MW te relativeer en dit te beperk tot dié tale waar die gekose prototipiese definisie werklik van toepassing is, is geensins ekwivalent aan die feit om die werklike bestaan van die MW-kategorie in twyfel te trek of te ontken nie, hetsy in die algemene taalteorie of deur geskikte voorbeelde van daardie tale self nie.

'n Belangrike feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die MW geen arbitrêre konstruksie van die taalkundige self is nie; dit mag selfs geen universele taalbegrip wees nie. Vir dié tale waar die definisie-kriteria wel toegepas kan word, is en bly dit ongetwyfeld 'n realiteit omdat dit tot die morfosintaktiese struktuur van daardie tale behoort. Hierdie taalrealiteit moet dan deur die taalkundige per definisie vasgelê word.

Die linguistiese verandering wat die medewerkwoorde tot gevolg het, is 'n proses wat hom gradueel voltrek.

Hierdie verskynsel moet dus met omsigtigheid behandel word, omdat die herkatégorisering van die items na gelang van die definisie-kriteria wat deur die taalkundige gekies word, 'n ja/nee-strategie volg. En juis dít kan katastrofale gevolge hê indien dit nie versigtig hanteer word nie.

3.6 Die HULP-kontrowerse

3.6.1 Inleiding

Indien bg. ontwikkeling in ag geneem word, en as ons ook al die universeel geldende (en vakspesifieke) konsepte of universalia wat alreeds in die eerste hoofstukke behandel is hierby betrek, glo ek nie dat ons enigsins enige probleem (of weinig) sal ondervind met die toepassing daarvan op hierdie unieke verskynsel in taal nie. D.w.s. daar behoort geen probleem te wees om dit as woord, werkwoord, ens. te klassifiseer nie; 'n saak is wel uit te maak of die hulpmoment¹⁶ nog as 'n hoofwerkwoord (d.w.s. as 'n selfstandige werkwoord of sg. "full verb") gereken kan (of behoort te) word, of nie. Volgens die SB-reëls

bestaan daar 'n mnemoniese verband tussen die HULP-knooppunt en die medewerkwoord. Die verdere toepassing daarvan of uitspraak daaroor word nie hier behandel nie.

Die inleidende gedeelte van hierdie hoofstuk verwys bv. na die onderliggende teoretiese basis wat gebruik word om dié verskynsel en die probleme daaromheen vir die vakspesialis in die besonder, maar ook vir die leek oor die algemeen, meer toeganklik en gevolglik beter verstaanbaar te maak. Dit moet egter ook in enge verband met die definisies wat in hoofstuk vier (p. 163) volg, gelees en geïnterpreteer word. Die vakspesifieke grammatikale strukture wat tot dusver daarvoor gebruik is, het hoofsaaklik gesentreer rondom die stukbou (of "phrase-structure") en 'n kategoriale analise. Lyons (1971:230) wys daarop dat elk van hierdie grammatikas¹⁷ van 'n stel hulpsimbole (die sg. "auxiliary symbols") gebruik maak om die hele verskynsel te verklaar.

Dit alles kan teruggevoer word na Chomsky (soos aangehaal in Lyons, 1971) en sy *Syntactic Structures*, waarin hy grammatikale strukture ontwikkel het om die probleme rondom hierdie verskynsel aan te spreek. Hy het die sintaksis van taal oor die algemeen in twee dele verdeel, nl. in 'n bodem- (of basis-) en 'n transformasionele komponent. Lg. sluit die sg. "aanvullingsreëls" van eg. in.

Die SB-reëls sluit o.a. die volgende reëls¹⁸ in wat ook vir hierdie ondersoek van kardinale belang mag wees:

- (1) $\Sigma \rightarrow NP + VP$
- (2) $VP \rightarrow Verb + NP$
- (6) $Verb \rightarrow Aux + V$
- (7) $Aux \rightarrow C (M) (have + en) (be + ing).$

Pullum en Wilson (1977:741) wys daarop dat 'n mens die aanvanklike analise van die hulpmoment (soos deur Chomsky uiteengesit) in verband kan bring met die standpunt of analise wat die outonome sintaksis (en die "'interpretive semantics'") inneem, terwyl die analise (of groep)

wat die hulpmoment as hoofwerkwoord sien, en wat deur Ross geïnisieer is, in lyn was met die "generatiewe semantiek":

Most linguists working within the framework of autonomous syntax accept some variant of the analysis first proposed by Chomsky... in which a constituent labeled AUX dominates such categories as Tense (T), Modal (M), and various aspectual nodes, all of these constituents being distinct from verbs. On the analysis proposed by generative semanticists, all auxiliary elements - tenses, modals,... in all their uses - are underlying verbs.

3.6.2 Die hulpmomenthoofstroom

Bewysredes¹⁹ kan vir beide standpunte aangevoer word. Dit is daarom dat die kontroverse wat daaromheen gewee is, nog lank sal voortduur.

Hier is dit veral Palmer (1979)²⁰ wat poog om bewysredes aan te voer waarom die hulpmoment per se nie as 'n hoofwerkwoord kan en behoort te funksioneer nie. Dit volg in antwoord op die oorwegend oordonderende bewysredes wat aangevoer word in die ander hoofstroom om die teendeel te bewys.

'n Saak kan wel uitgemaak word dat die hulpmomente werkwoorde is, d.w.s. "that the so-called auxiliaries be analysed as full verbs" of "that the traditional term *auxiliary verb* is syntactically justified"²¹; Palmer (ibidem:1) beweer dat hulle eerder werkwoorde van 'n unieke en andersoortige aard is as bv. die hoofwerkwoorde. Die argumente oor die algemeenheid (-hede) (die sg. universalia) van hierdie verskynsel²² is interessant, daar dit 'n moontlikheid is dat dit eerder 'n kontingent as 'n noodwendige waarheid aangaan.

Palmer (ibidem:2) lig die verwarring uit wat spruit uit die feit dat Chomsky twee verskillende analyses gee van die hulpmoment(e). In sy *Syntactic Structures* word die "VP" as "Verb + NP" herskryf; die "Verb" word weer as "Aux + V" herskryf. Hieruit kan afgelei word dat die hulpmomente werkwoorde is, maar nie (noodwendig) hoofwerkwoorde is nie. In sy *Aspects of the Theory of Syntax* word die HULP glad nie meer deur die WS gedomineer nie, ook nie eens deur die werkwoord nie.

Sy eerste voorstel daarna in hierdie verband was dat die HULP onmiddellik deur die S-knooppunt gedomineer word en gevolglik (as dogterkomponent) gelyk staan aan die (subjek) NS en die WS in die sin. Dit het later verander deurdat hy voorgestel het dat dit direk deur die WS in die predikaatstuk (van die "Predicate Phrase") gedomineer word, maar nie deur die (subjek) NS (as dogterkomponent) nie. In beide gevalle word die "V" (of WW) en die (objek) NS deur die WS gedomineer. Volgens hierdie analise lyk dit dus asof die HULP glad nie 'n werkwoord is nie. Daar is geen enkele konstituent wat beide die hulpmoment en die hoofwerkwoord insluit nie.

Uit hierdie verwarring het die gevoel ontstaan dat die tradisionele term "medewerkwoord" (die "auxiliary verb") gebruik moet word. Palmer daarenteen gebruik die begrip "werkwoordstuk" (en wel "eenvoudige" en "komplekse" werkwoordstukke) om na die werkwoordelike element van 'n sin te verwys, met die objekte en adjunkte uitgesluit (dit sluit dus Chomsky se WS uit). Dus is die subjek-predikaatonderskeid vir hom verkiesliker. Sy standpunt verdedig hy deurdat hy daarop wys dat daar geen subordinasie in 'n sin met 'n eenvoudige werkwoordstuk is nie, asook geen sins- of klousinlywing nie. 'n Opeenvolging waarin daar een of meer hulpmomente met slegs een hoofwerkwoord voorkom, is 'n eenvoudige werkwoordstuk. Daarteenoor staan die komplekse werkwoordstuk met sy twee (ingebedde) klouse (of sinne volgens die TG-terminologie).

Die voorstanders van die hoofwerkwoord-hoofstroom sal daarenteen beweer dat vir elke hulpmoment daar 'n sin bestaan, en dat elke sin gevolglik ingebed is, elk as komplement van mekaar.

3.6.2.1 Algemene oorwegings

Die geldigheid van elke standpunt - of die gewig wat elkeen dra - staan nie hier onder verdenking nie. Die breë trekke geld egter wel vir hierdie ondersoek, en nie die analise of teoretiese model wat gevolg word nie.

Palmer (ibidem:4) kom tot die gevolgtrekking dat enige poging wat 'n hoofwerkwoordanalise propageer, bloot op grond van die geskiktheid daarvan vir 'n spesifieke teoretiese model, nie sonder meer aanvaar behoort te word nie. So verwys hy bv. na die weldeurdragte artikel van Pullum en Wilson.²³ Sy kritiek is veral gemik teen hul eensydige verwysing dat die hulpmoment as hoofwerkwoord-analise konsekwent met 'n interpretatiewe TG-model is, en dat verskeie argumente op die aannames van die generatiewe semantiek berus. Hy stel gevolglik die volgende voor:

Rather the model, itself, should be modified or, if necessary, abandoned if it fails to provide an adequate and appropriate description.

'n Mens kan nie sonder meer aanvaar dat daar 'n rigiede skeidslyn tussen die hoofwerkwoorde en die hulpmomente bestaan nie. Dié probleem bestaan ook in Afrikaans, en word deur die verskillende taalkundiges verskillend vertolk. Gradiënte kom in talle verskynsels, soos o.a. taal, voor. Dat daar wel dié voorbeelde of verskynsels is wat slegs tot hierdie kategorieë behoort, word nie ontken nie; daar bestaan tussenin ook 'n hele reeks sg. intermediêre of grensgevalle.²⁴ Daarom is 'n skaalverdeling van al die relevante verskynsels noodsaaklik, deurdat al die moontlike verskynsels deur dié erkende parameters vasgestel en uitgestippel behoort te word. Die volgende is dan waar:

If we refuse to make "arbitrary" divisions because of this, we shall fail to make any divisions or classifications at all.²⁵

3.6.2.2 Verdere aspekte

Palmer lig sekere (maar tog besondere) aspekte uit wat vir hierdie ondersoek later van veel waarde kan wees, d.w.s. met die nodige wysigings en aanpassings.

Hy verwys bv. na die sg. "'NICE'"-eienskappe²⁶ (n.a.v. Huddleston se bespreking van dié aspek; sy eie voorstel in dié opsig was egter "'INCE'") in Engels, nl. "inversion, negation, 'code', and emphatic affirmation", wat die basis vorm van Palmer se "'anomalous finites'"

en die vier basiese transformasies in Chomsky (soos aangehaal in Palmer, 1979) se *Syntactic Structures*.

Hy het hierdie eienskappe aanvanklik as bepalings- of definiëringskriteria van die hulpmoment gesien; later verwys hy slegs daarna as "merkers" of "toetse" daarvan. Hy sien Huddleston se (egter nie onfeilbare) TNP-toets as 'n moontlikheid om tussen eenvoudige en komplekse werkwoordstukke te onderskei. Daar is dus wel 'n saak uit te maak vir 'n onderskeid tussen eenvoudige en komplekse of mede- en hoofwerkwoorde, alhoewel daar nog heelwat onduidelikhede of onbeslisthede oor elkeen van hierdie konsepte of begrippe bestaan. 'n Toets van een of ander aard is dus belangrik as ons wel 'n oordeel oor die een of ander aspek moet vel, daar tale idiosinkraties (hetsy sintakties of morfologies) is wanneer hulle grammatikale kategorieë markeer.²⁷ Die teken is volgens De Saussure in verskeie opsigte dus arbitrêr²⁸; dieselfde kan dan van die hulpmoment gesê word.

But the auxiliaries are not a heterogeneous lexical set... Given, then, that we do not have an otherwise totally unrelated set and that there are formal criteria to define them as a single class, why should we hesitate to draw the obvious conclusion?²⁹

3.6.2.3 Die paradigma

Vroeëre verwysings verwys na die opeenvolging van hulpmomente en die hoofwerkwoorde as synde verskillende "vorms" van die werkwoord. Palmer dui bv. daarop dat daar streng gesproke verskillende begrippe of konsepte nodig is om na die verskillende versamelings van "vorms" wat saam mag groepeer, te verwys, 'n situasie wat weens 'n gebrek aan universele en vakverhelderende begrippe of konsepte oneindige probleme veroorsaak en die taalkunde nie tot voordeel strek nie. Hierdie "vorms van" verwys dus oor die algemeen na verskeie soorte klasverhoudings, en is nie 'n poging om 'n hiërargiese sisteem van klassifikasie met verskillende terminologieë op verskillende vlakke te skep nie. Hy kom tot die slotsom dat opeenvolgings relatief gesproke vas is³⁰ en dat 'n paradigmatische versameling "vorms" (met 'n vaste plek in die paradigma) vir elke gegewe werkwoord vasgestel kan word.³¹ 'n Saak kan

gevolglik vir elke verskynsel uitgemaak word, selfs vir die uitsonderings.

3.6.2.4 Tyd (of tempus)

Palmer (ibidem:11) verwys na die sg. "TNP"-toetse (d.w.s. "tense, negation, passivization") wat ook deur Huddleston ingespan word om hierdie aspek beter te verlig. Vroeër³² is reeds uitgewys dat tyd (soos die ander betekeniskategorieë) slegs deur 'n uiters komplekse teorie-model verduidelik kan word. Dit spruit uit die feit dat tempusmarkering histories vasgestel is en hom nie maklik deur enige teorie of hipotese laat beperk nie (vgl. ook hfst. 6 (6.3, p. 238)).

Die probleem lê by die feit dat taal, net soos die mens se vermoë om hom uit te druk, oor sekere inherente beperkende faktore beskik, hetsy leksikaal, semanties, morfologies of sintakties van aard. Histories beskou, beskik 'n taal ook oor meer tydmerkers as wat hy oor werkwoorde beskik wat daarmee kan assosieer.³³ Dit is dus nie wenslik om werkwoorde wat as 'n eenheid optree (en dit juis a.g.v. lg. gebrek), op te breek nie. Semanties beskou is hulle ondeelbaar.

3.6.2.5 Negering

Alhoewel Palmer aanvanklik van hierdie toets gebruik gemaak het, twyfel hy egter later daaroor of dit 'n goeie toets is. Ook hierdie aspek is nie uitsluitlik tot die hulpmoment beperk nie.³⁴ Dit is nie net die werkwoorde wat (semanties gesproke) genegeer kan word nie. Verskeie elemente in die sin kan negeer word.

Moreover, it is often not at all clear what precisely is in the scope of the negation.³⁵

Menigmaal is die hulpmoment wel die (sintaktiese) doel van die negering; in hierdie geval behoort die semantiese oorwegings geïgnoreer te word (a.g.v. enige moontlike kontradiksie in betekenis). Waar daar verskillende patrone van optrede deur 'n gegewe werkwoord is, is die

logiese slotsom dat 'n mens met sintakties verskillende werkwoorde te doen het, nl. met 'n hulpmoment of met 'n hoofwerkwoord.

*The auxiliary-main verb distinction accounts for the difference.*³⁶

3.6.2.6 Passivisasie

Een van die "TNP"-toetse stel voor dat 'n eenvoudige werkwoordstuk stemneutraal is, d.w.s. dat dit passivisasie (of passiefvorming) sonder die gevolglike betekenisverandering toelaat. Palmer (ibidem:19) dui daarop dat die hulpmomente op 'n glyskaal gerangskik kan word, nl. op 'n kontinuum van stemneutraal tot dit wat die teenoorgestelde verteenwoordig. Hierdie aspek kan dus wel 'n rol speel waar daar tussen 'n eenvoudige en 'n komplekse WS onderskei moet word. Hier hang dit slegs van die verskillende analises af van watter een die meeste gewig gaan dra, bv. subjek-, objek- of post-verbale komplementering.

3.6.2.7 Konstituering

Die hoofwerkwoordanalise word hoofsaaklik gebaseer op die feit dat 'n konstituent³⁷ na 'n hulpmoment volg.³⁸ Ander werkwoorde kan nie in hierdie kapasiteit (as "kode") optree nie.

An analysis in terms of a sentential complement completely obscures the proformation nature of code. ... What is so common with... (... 'code'...)... is that the proform (die pro-vorm) contains the minimum of semantic information required for identification... while code retains only the auxiliary element of the verb phrase.³⁹

3.6.2.8 Modifiseerders en hofies

Volgens 'n tradisionele analise (en a.g.v. sekere kriteria) kan die hoofwerkwoord as die knooppunt (of kopstuk) gesien word, en die hulpmoment(e) as die modifiseerder(s) daarvan.⁴⁰

3.6.2.9 Gevolgtrekking

Al die stappe wat Palmer volg, dui daarop dat daar 'n onderskeid tussen die hulpmomente en die hoofwerkwoorde bestaan:

Nothing is to be gained by imposing generality or refusing to make any divisions because of fear of arbitrariness. A linguistic description should both accept and exhibit such characteristics of language, not attempt to disguise them.⁴¹

3.6.3 Die hoofwerkwoord-hoofstroom

Soos reeds gesien kan word, word voorkeur hoofsaaklik verleen aan die twee blykbaar toereikende (en vir ons bekende) analises van waarneming, alhoewel die uitdrukking van linguistiese veralgemenings deur beide in 'n ruim mate verskil. Dit is veral die generatiewe semantici wat tot dusver geneig was om die hoofwerkwoordanalise te verdedig.

Pullum en Wilson (1977:742) verdedig hul standpunt deur te verwys na Ross wat beweer dat alle items wat tradisioneel "medewerkwoorde" genoem is, as "V" in die transformasionele grammatika gekategoriseer moet word, maar ook in afsonderlike klouse van die aanvanklike struktuur moet kan verskyn.

'n Sterk universele gevoel (n.a.v. bewyse uit verskeie ander tale) bestaan dat "... all 'auxiliary' elements in all languages are initial-structure verbs"; met dit as bewys, kom Pullum en Wilson (ibidem:742) tot die volgende gevolgtrekking: "... that the broadest generalizations about the auxiliary system can be captured only if the main-verb analysis is assumed...". Ons weet egter reeds wat Palmer se antwoord op hierdie verweer is.

3.6.3.1 Beperkende faktore

Dit is so dat elke taal oor sekere unieke eienskappe beskik. Een daarvan is die hulpmoment wat in 'n aantal tale - soos die Germaanse taalfamilie - voorkom. Pullum en Wilson (ibidem:742) gaan feitlik uit hul pad om dié verskynsel in diskrediet te bring, deurdat hulle ver-

skeie beperkinge (alhoewel van toepassing op Engels) op 'n analise van die hulpmoment uitlig. Die hoofpunte daarvan verdien kortliks ons aandag.

Daar bestaan sekere kriteria vir ouksillariumskap. Die fenomene wat die onderskeid tussen die hulpmoment en die hoofwerkwoord in 'n gegewe taal motiveer⁴², verskil van taal tot taal.

Deur die klem te verskuif van die kategorie na die kenmerk of eienskap, probeer hulle dan ook aantoon hoe sekere verskynsels die rigiede kategorieonderskeid tussen hulpmomente en hoofwerkwoorde bevraagteken, bv. dat sekere reëls op beide van toepassing is; gevolglik probeer hulle die probleem op 'n eenvoudige manier op te los deur voor te stel dat beide verskynsels tot dieselfde superkategorie behoort.

With the adoption of the lexicalist claim that category labels are complexes of syntactic features, autonomous syntacticians were able to assign the feature [+V] to both auxiliaries and verbs: any rule which treated these two items as belonging to the same category could now be made sensitive to the feature [+V] rather than to the category label V.⁴³

WW-skrapping (oftewel "gapping") hef volgens hulle die onderskeid op. Dit is dalk 'n oorvereenvoudigde manier waarop hulle die probleem probeer oplos.

'n Ander manier om die probleem aan te spreek is om die sg. "auxiliary-choosing rules" só te formuleer dat hulle slegs sekere items insluit. Die enigste argument wat vir hulle nog gewig dra (d.w.s. ter steun van die hulpmomentgedagte), is dat tyd (of tempus) en die modaliteite nooit deur die WS gedomineer kan word nie... of dat hulle nooit in dieselfde konfigurasies as werkwoorde in die aanvangstrukture voorkom nie. Die sg. semi-hulpmomente kan ook onder hierdie groep gereken word.

Wat Pullum en Wilson by almal wil tuisbring, is dat die HULP-knooppunt eintlik oortollig is; Chomsky se SS verwys nooit deurslaggewend daarna nie en "it does virtually no work in the grammar".⁴⁴ Daar is gevolglik diegene wat na die hulpmoment verwys as synde bloot 'n "konstitu-

ent", omdat die "auxiliary-choosing rules" net 'n subreeks van die reeks wat deur die HULP gedomineer word, beweeg.

This sub-string is not even a constituent of AUX, consisting as it does of T plus the first following auxiliary element, if any.⁴⁵

Bg. reëls soek dus "'the first word of the auxiliary'", of elemente daarvan, wat volgens hulle ook d.m.v. die [+AUX]-eienskap (i.p.v. die HULP-kategorie-etiket) aangewys kan word.

3.6.3.2 Die hulpmoment binne die outonome sintaksis

Verskeie voorstelle t.o.v. die hulpmoment en die outonome sintaksis word gemaak, en indien dit tot hul logiese gevolgtrekkings deurgevoer word, getuig dit (volgens Pullum en Wilson) eerder dat die hulpmomente as werkwoorde behandel moet word, 'n siening wat gevolglik indruis teen die gebruik van die HULP- of MW-knooppunt.⁴⁶

Die "subjek-hulpmoment inversie"- (oftewel "SAI") en die sg. "S pruning"-verskynsel in Engels is moontlike verskynsels wat tot die kontroversie help aanleiding gee het, en wat op sigself deur sekere taalverskynsels veroorsaak word (bv. negering).⁴⁷

In die behandeling van verskynsels soos die epistemiese modaliteite, sprekergeoriënteerde bywoorde, die sg. "hulpmomentbeweging" en die "structure-preserving hypothesis", kom hulle tot die slotsom dat die hulpmoment direk deur die S-knooppunt gedomineer word, en dat die HULP-knooppunt gevolglik irrelevant is. Hulle gryp ook die "hopping analyses" en die sg. "abnormale modaliteite" aan om hulle standpunt te verdedig.⁴⁸

3.6.3.3 Voorgestelde analise

In hulle analise stel hulle voor dat die HULP-analise heeltemal verdring kan word, daar "there is no empirical support for the postulation of a node AUX".⁴⁹ Die voorbeelde wat hulle ter staving van hul

argument aanvoer, sluit egter hoofsaaklik Engelse voorbeelde in en kan gevolglik glad nie as universeel geldend beskou word nie.⁵⁰

3.6.3.4 Slotsom

Hulle kom tot die slotsom dat (alhoewel diachronies met mekaar geassosieer) die verbale status van die hulpmomente, en die eenheid tussen die sintaksis en semantiek, tog onafhanklik van mekaar optree. Hulle het met reg sommige van die tekortkominge van 'n HULP-analise uitgewys, maar ook dat, a.g.v. tekortkominge in die interpretatiewe semantiek, daar aangedring word op die aanname van 'n hoofwerkwoord-analise.

We conclude that not only is the main-verb analysis for auxiliaries more than compatible with current conceptions of autonomous syntax, but it also shows some signs of raising a significant problem for the thesis that underlying structure is logical structure.⁵¹

Wat hulle uiteindelik beoog, is "... to establish the essentially neutral character of the improved treatment of auxiliaries that derives from recognising their true syntactic status".⁵²

Ook Anderson (1990:341) vestig die aandag op die ontoereikendheid van die verskillende benaderingswyses om 'n aanvaarde (of aanvaarbare) model van beskrywing te vind, en probeer dan self om die probleem op te los:

Despite the work of Lyons... and others, involving a tradition of some antiquity, adequate explicit definitions for the range of classes are lacking; much remains intuitive.

Dit is 'n groot waarheid wat hy kwytraak. Sy hele betoog gaan oor die status van die hulpmomente in 'n begripsgrammatika (die sg. Notasionale Grammatika):

The major assumption of notional grammar is that the syntactic classes established for each language on the basis of their distributional properties are labelled on notional grounds...

Daar is wel meriete in die metode wat gevolg word⁵³, deurdat hierdie sisteem die verskillende tale toelaat om hul klasse aan te pas en te varieer.

Gazdar (1982:591) voer aan dat 'n gedetailleerde beskrywing binne 'n teoretiese raamwerk, die sg. "Generalized Phrase-Structure Grammar" (of *GPSG*), in baie opsigte meer beperk is as kompeterende teorieë:

One noteworthy feature of the framework is that it restricts the class of grammars to a proper subset of those that generate only context-free (CF) languages.

Hy maak ook daarop aanspraak dat die *GPSG* beter resultate behaal as kompeterende teorieë t.o.v. die komplekse feite rondom die Engelse medewerkwoordsisteem, en subsysteme wat wisselwerking daarop uitoefen. So byvoorbeeld maak die grammatikateorie⁵⁴ wat hy aangeneem het van kontekstvrye-reëls gebruik, d.w.s. die kategoriesimbole is eerder uitgebreide en komplekse eienskappe as die sg. "atoomsimbole" ("atomic symbols"):

Complex symbols as category labels are now commonplace in the CF base components postulated for transformational grammars.

Gazdar kom tot die volgende slotsom:

Hence it is plain that evidence for a category AUX in the grammar of English has not yet been provided.⁵⁵

Voordat enige uitspraak oor enige een van hierdie aannames gemaak kan word, moet ons eers poog om deur te dring tot die aard en wese van die hulpmoment. Dit kan slegs gedoen word na deeglike bestudering en evaluering van die verskillende definiërings en gevolglike instansiërings daarvan.

Uit bogenoemde is daar dus heelwat te leer. Die keuse in Afrikaans lê nie soseer by die keuse tussen die twee hoofstroomgedagtes nie, maar eerder of ons werklik met 'n werkwoord te make het of nie, en of dit nie eerder as 'n hulpmoment (i.p.v. 'n mede-ww.) beskou moet word nie.

ENDNOTE

1. Die "AUX"-knooppunt sal voortaan (in dié sowel as die volgende hfst.) deur die Afrikaanse ekwivalent "MW" vervang word.
2. Hier word daar na die "finite verb form" verwys.
3. AUX → TMA : TMA druk tyd (of tempus), modus (of wyse) en aspek (sy of kant) uit.
4. Maartens, 1980:2.
5. Maartens, ibidem:6.
6. Hierdie benadering is oorwegend subjektief van aard en skep on-eindige epistemologiese en metodologiese probleme.
7. Ramat (1987:9) haal Reuland aan. Die Engelse vertaling lui:
"we have many properties (which are) well acquired".
8. Ramat, ibidem:9. Die vertaling lui:
"(a monk) who has received the task of taking care of foreign visitors".
 'n Konstruksie van dié aard kan teruggevoer word na die 5de eeu.
9. Ramat, ibidem:9. Die vertaling lui:
"a servant must indeed keep his eyes and hands submissive".
10. Ramat, ibidem:9. Die vertaling lui:
"the flamines had their hair girt with a woollen filum".
11. Ramat, ibidem:10. Die vertaling lui:
"for he has certainly created our hairs and has them counted".
12. Ramat, ibidem:10. Die vertaling lui:
"you have invited the bishop".
13. Die medewerkwoord in Engels is byvoorbeeld gereduseer om as merker van tyd en modaliteit op te tree: 'n eenvoudige morfologiese teken, 'n prefiks wat met die hoofwerkwoord verbind.
14. Gabelentz, soos aangehaal in Ramat (ibidem:12).
15. Soos aangehaal in Ramat (ibidem:13).
16. Die sg. "aux": *HULP*, *MW*, *ouksillarium*, *hulpwerkwoord* of *medewerkwoord*.
17. Elke grammatika (soos ons hulle ken) beskik oor eie en unieke eienskappe; oor die voorkeur van 'n gegewe grammatika bo 'n ander word hier nie uitgebrei nie.

18. Alhoewel hierdie reëls eintlik net op Engels van toepassing is, kan dit ook op ander tale - met die nodige aanpassings - toegepas word. Die Afrikaanse toepassings volg in hoofstuk ses.
19. Alhoewel universeel geldend, maak hulle hoofsaaklik van Engelse voorbeelde gebruik. Taalkundiges moet dus self gepaste voorbeelde vir hul onderskeie tale vind.
20. Palmer haal o.a. soortgelyke navorsingsmateriaal van Huddleston, e.a. aan.
21. Soos aangehaal in Palmer (1979:2).
22. Meer hieroor in hoofstuk vier.
23. Die hooftrekke sal kortliks hierna volg om ook die ander standpunt te stel.
24. Pullum en Wilson baseer feitlik hul hele argument, nl. dat die hulpmoment as hoofwerkwoord beskou behoort te word, op hierdie intermediêre of grensgevalle. Dit kan ook as reaksie gesien word teen velerlei pogings wat die hulpmomenthoofdstroom volg.
25. Palmer, 1979:4.
26. Soos aangehaal in Palmer (ibidem:5).
27. Hierdie aspek kom veral in hfst. vier ter sprake.
28. Palmer (ibidem:6) haal De Saussure aan.
29. Palmer, ibidem:6.
30. D.w.s. buiten die opeenvolging van die sg. "kettinglyn" ("catenatives") wat ook aaneenskakel.
31. Dit geskied slegs op grond van grammatikaliteit.
32. Vgl. 2.4.1.2.1 (p. 84).
33. Dit is afgesien van die feit of dit in die oppervlak(te)- of diep(te)struktuur ingebed is.
34. Dit is 'n aspek wat deur verskeie taalkundiges uitgewys is.
35. Palmer, 1979:17.
36. Palmer, ibidem:19.
37. Ross (soos aangehaal in Palmer, ibidem:21) verwys foutiewelik daarna as die "sinskomplement".
38. Palmer verwys daarna as die "koderingsfunksie" van hulpmomente.
39. Palmer, ibidem:21.
40. Volgens Palmer (ibidem:23) kan die hoofwerkwoord ook as die knooppunt van die werkwoordstuk gesien word en die hulpmomente as

die modifiseerders daarvan. Gevolglik bestaan daar sekere seleksionele beperkings op die gebruik daarvan.

41. Palmer, ibidem:24.
42. Hierdie fenomene bepaal die gedrag onder die transformasionele reëls.
43. Pullum en Wilson, 1977:744.
44. Pullum en Wilson, ibidem:747.
45. Pullum en Wilson, ibidem:747.
46. Ons gaan slegs kortliks op hierdie aspek in daar dit 'n toepassing op Engels is. Tog is daar sekere interessante verskynsels wat universeel geld.
47. Volgens Liberman (soos aangehaal in Pullum en Wilson, ibidem:748): "'SAI causes the S-node defining the domain of the rule to be pruned'". Lg. verskynsel word deur verskeie taalkundiges deur die volgende beginsel verklaar: "When the verb is removed from an S by a movement rule, the S is pruned." 'n Ander verskynsel is die sg. "Verb Raising"-prinsipe. Net so bestaan daar in die taalkunde verskynsels soos "VP Deletion" en "VP Fronting", alhoewel dié indelings nie deur almal aanvaar word nie. Elke taal beskik dus oor eie of soortgelyke verskynsels.
48. 'n Breedvoerige uiteensetting van al hierdie verskynsels word deur Pullum en Wilson (ibidem:747 e.v.) verskaf.
49. Pullum en Wilson, ibidem:762. Dié aspek word breedvoeriger in die volgende hoofstuk behandel.
50. Hul analise word gebaseer op die volgende taalverskynsels: "variables; intransitive DO; tense realization; irregular verbs; complementation; the surface order of the auxiliaries; the formulation of transformations; consequences of abandoning the cyclic transformations (ibidem:763 e.v.)". Alhoewel interessante leesstof, is nie alles vir hierdie ondersoek relevant nie.
51. Pullum en Wilson, ibidem:785.
52. Pullum en Wilson, ibidem:786.
53. Anderson stel 'n beperkte begripsgebaseerde teorie van sintaktiese kategorieë voor, waardeur die hoofwoordsoorte gedifferensieer word slegs op grond van die begripskenmerke of P (predikasie) en N (nominaliteit)-komponente.

54. Sy grammatika lig heelwat aspekte uit wat deur verskeie ander taalkundiges ondersoek en met groot omsigtigheid beredeneer is. Daar word nie op die meriete van al hierdie aspekte ingegaan nie.
55. Gazdar, 1982:634.

HOOFSTUK 4

4 'n Definisie

4.1 'n Teoretiese raamwerk

Die algemene tendens vandag is (of sou kon wees) om d.m.v. 'n definisie te poog om die status van die HULP-kategorie (die sg. "AUX" of hulpmoment) binne die Universele Grammatika vas te stel.

Hierdie definisie is van kardinale belang vir die geslaagdheid al dan nie vir die omskrywing en die oplossing van die probleem wat aangepak word.

Swanepoel (1990:4) wys daarop dat die term definisie of definiëring (die meer gebruiklike term) "... besonder wyd gebruik (word) om te verwys na enige verbale beskrywing (of enige voorstellingswyse) wat ten doel het om die betekeniswaardes van terme te verduidelik, ongeag of so 'n beskrywing saamgevat is in 'n eensin-definisie... of 'n veel uitgebreider vorm aanneem...".

4.1.1 Inleiding

As aangeneem kan word dat daar een of ander inherente ooreenkoms tussen die grammatikas van bepaalde tale (hier veral tussen die Germaanse tale) bestaan, moet die presiese aard van daardie ooreenkomste vasgestel word. In hierdie geval blyk dit dan veral die ooreenkomste en verhouding tussen die werkwoord en medewerkwoord te wees.

Die literatuur daaroor was tot dusver nog baie aanmatigend, d.w.s. as aangeneem kan word dat kategoriale onderskeide belangrik is vir 'n toereikende analise van enige taal. Volgens Swanepoel (ibidem:47) is konsepte simbole wat in 'n verhouding tot ander konsepte in 'n konsepsisteem staan, wat weer korreleer met entiteite en kategorieë in die werklike wêreld of moontlike wêreld.

Indien 'n versameling elemente van ander of tussen ander onderskei moet word, is dit in beginsel taamlik eenvoudig, omdat die verskillende versamelings dan met 'n arbitrêre versameling simbole of beskrywende etikette geïdentifiseer kan word.

Steele et al. (1981:2)¹ dui daarop dat ons, tot tyd en wyl ons sodanige etikette gebruik wat op verskillende tale toegepas kan word, en totdat die eienskappe wat 'n etiketnaam benoem taalafhanklike karakterisering verleen, die universele inventaris van kategorieë 'n dogma sal bly, en nie 'n toetsbare hipotese daar sal stel nie. Dit is omdat dit eerder lyk asof die verskillende etikette wat vir die verskillende tale gebruik word, nie identies is nie. 'n Metode moet derhalwe gevind word om te bepaal of 'n kategorie in 'n spesifieke taal 'n voorbeeld (of die instansiëring daarvan) van 'n deel of afdeling van die sg. "universele inventaris" is.

Die verskynsel wat hier ondersoek word, word nie oor die breë boeg gegooi nie (al word ander universeel geldende aspekte ook aangeroer), maar bly beperk tot die verskynsel soos dit binne Germaanse verband voorkom.

'n Raamwerk moet gevind word om dié verskynsel, nl. die HULP-kategorie, suksesvol te beskryf of te omskryf.

4.1.2 Ekwivalensie

Dit is hoogs onwaarskynlik dat so 'n raamwerk vir interlinguistiese vergelyking almal tevrede sal stel; die identifisering van 'n versameling taalinterne kategorieë as synde gelykwaardig aan mekaar is egter moontlik, d.w.s. as definisies en toetse ter staving daarvan gevind en voorgelê kan word.

'n Intuïtiewe basis vir die tradisioneel gebruikte en aanvaarde kategorieë, bv. waaronder die werkwoord, kan wel gevind word. Dit kan egter nie net so toegepas word op ander tale nie, deurdat die etikette wat aan die kategorieë toegeken word - of waarna dit verwys - nie

sonder meer net so daarop toegepas kan word nie. Dit moet onafhanklik van enige taalspesifieke instansiëring kan optree.

"The empirical value of a definition, then, is inversely proportional to what is presumed in the definition", aldus Steele et al. (1981:3). D.m.v. empiriese substansie (of inhoud) word aannames of veronderstellings dan geminimaliseer.

Definisies wat interlinguisties toegepas word, hoef nie noodwendig op verskillende eienskappe, soos die semantiese, sintaktiese, morfologiese en fonologiese eienskappe, te steun nie, tensy dit van kardinale belang is. Dit word ook nie beperk tot die sg. begripskriteria (die sg. "notional criteria") nie.

Jackendoff e.a. (soos aangehaal in Steele et al., 1981) het 'n versameling formele eienskappe gepropageer waarvolgens die lede van 'n versameling kategorieë vasgestel en onderskei kon word.

So 'n vaste benadering (bv. t.o.v. 'n spesifieke taal) sou byvoorbeeld probleme oplewer indien dit net so van toepassing gemaak sou word op 'n ander taal of tale. Dit kan gesien word in Jackendoff se benadering dat die werkwoord (Verb) en modaliteit (Modal) oor ooreenkomste beskik.² Dit geld egter nie vir 'n groot aantal van die ander tale nie.

'n Definisie veroorloof dus die lede van 'n versameling taalinterne kategorieë om as bepaald ("distinct") of onbepaald ("nondistinct") geïdentifiseer te word. So 'n identifikasie is noodsaaklik, alhoewel nie altyd toereikend nie, om die ekwivalensie tussen die kategorieë vas te stel. 'n Raamwerk van interlinguistiese ooreenkomste behoort gevolglik ook 'n toets in te sluit om die linguistiese belang van die identifikasie vas te stel.

Definisies moet dus aan 'n toets onderwerp kan word. Die eenvoudigste sou byvoorbeeld kon wees om vas te stel of dit instansiëring toelaat. Lg. is egter nog geen waarborg dat die identifikasie van

hierdie kategorieë belangrike gevolge vir 'n teorie oor die eienskappe van taal sal hê nie.

Daar is ook geen logiese noodsaaklikheid om aan te neem dat enige eienskappe, anders as die definieerbare, 'n versameling taalinterne kategorieë sal insluit of behoort in te sluit nie. Die identifikasie van 'n versameling taalinterne kategorieë het slegs interessante gevolgtrekkings as die lede van 'n versameling kategorieë sekere nie-definisionele eienskappe van die versameling kategorieë deel wat die definisie identifiseer.

If a definition identifies a set of categories and if the members of that set share certain nondefinitional properties, we will take that set to be a linguistically significant equivalence class.³

Voorts behoort so 'n klas dan ook geïdentifiseer, en daarna getoets te kan word. Dit kan weer aanleiding gee tot verdere (teoreties interessante) vrae, wat gewoonlik op een of ander empiriese basis berus.

In sum, the definition and the empirical tests of the identification allowed by the definition establish cross-linguistic equivalence.⁴

4.1.3 'n Universele grammatika

Die begrippe Universele Grammatika en "fixed universal inventory" blyk universeel geldig en aanvaar te wees.

Chomsky en Lasnik⁵ determineer die universele grammatika as: "... the class of possible grammars and the way they operate". Dit (dié segment wat as die kerngrammatika, "Core Grammar", beskou word) is deel van die genetiese begaafdheid waaroor die kind beskik.

Tot dusver is min aandag geskenk aan die feit dat meer substansie verleen moet word aan die kategoriale etikette van 'n Universele Grammatika. Daar is nog altyd probeer om 'n taalonafhanklike benadering te volg.

Steele et al. (1981:8) stel voor dat definisies in die eerste plek aannames moet kan minimaliseer, en dat die Universele Grammatika van bo na onder (d.w.s. "from the top down") aangewend of toegepas behoort te word, en sodoende 'n versameling kategorieë spesifiseer; 'n subversameling wat in enige natuurlike menslike taal gevind kan word. Hulle stel ook 'n matriks voor waarvolgens die ooreenkomste oor die kategorieë van die analise heen vasgestel kan word.

Deur van taalspesifieke kategoriale etikette of deskriptiewe terme in die analise van enige taal gebruik te maak, word die moontlikheid van intertalige vergelyking nie uitgesluit nie. Deur spesifieke taalinterne kategorieë toe te laat, word die gebrek aan 'n eienskap-vir-eienskap-identifikasie erken.

Hul uitgangspunt is dan ook dat enige poging om 'n universele versameling kategorieë⁶ te spesifiseer, 'n metode vereis om vas te stel of 'n element in 'n spesifieke taal tot 'n spesifieke universele kategorie behoort. Daarom poog die metode wat hulle propageer "... to place the issue of categorial comparison on grounds as factual as possible, relative to our understanding of particular languages".⁷

Jackendoff se X-balk-Sintaksis kom ook ter sprake: "... under such a theory, certain categorial choices depend on certain other categorial choices. That is, it is implicitly assumed that categories are not of equal status and that a theory of Universal Grammar must stipulate their internal relationships".⁸

Die konsep van 'n "fixed, universal vocabulary" plaas geen beperking op die grammatikas van spesifieke tale nie. Dieselfde geld natuurlik ook vir die insluiting van 'n "Core and Non-Core Grammar" in die formulering van 'n Universele Grammatika.

Die raamwerk van Steele et al. (1981:13) stel die volgende voor:

Our framework is a method by which equivalence across the categories of language-particular grammars can be decided; it provides an empirical test of the assumption of similarity across grammars, rather than presuming it in advance. Furthermore, it

explicitly recognises the lack of absolute point-by-point identity among the grammars of languages and systematically exploits this very fact.

4.1.4 Algemene problematiek

In hoofstuk een is daarop gewys dat 'n geskikte grammatika gevind moet word om 'n gegewe taalverskynsel of -aspek voldoende te kan verduidelik vir behoorlike menslike begrip. Die hele HULP-kontroverse (hfst. 3 (3.6, p. 146)) vestig egter ook ons aandag op die feit dat geen grammatika, hipotese, ens. onfeilbaar is nie. So bv. kon 'n saak uitgemaak word vir die twee hoofstroomgedagtes⁹, nl. dié van Palmer wat aanvoer dat die hulpmomente geen hoofwerkwoorde is nie, en dié van Pullum en Wilson wat die teendeel beweer, deurdat hulle die hulpmoment binne die outonome sintaksis analiseer. Alle benaderingswyses kan dus deur hierdie twee gedagtes geakkommodeer word.

Omdat daar gevolglik geen versoenbaarheid tussen dié twee rigtings kán wees nie - deurdat niemand wil toegee nie, of die ander standpunt wil erken nie - is 'n kontroverse gebore wat hierdie hele aspek omgeef.

4.1.5 Die HULP-kontroverse

Met bogenoemde uitspraak in ag genome probeer Steele et al. om die rol van die interlinguisties-identifiseerbare HULP-kategorie in die grammatikas van verskeie natuurlike tale te analiseer, en probeer hulle dan terselfdertyd om die mistiek rondom dié kategorie op te los:

The controversy over this category is a case study in the problems raised by accepting uncritically, the dogma of Universal Grammar.¹⁰

Chomsky (soos aangehaal in Steele et al., 1981) het in sy *Syntactic Structures* (alhoewel net van toepassing op Engels) sekere stukboueëls aanbeveel of voorgestel om dié aspek uit te lig, nl. dat 'n sintaktiese HULP-kategorie bestaan wat as 'n sintaktiese begrip in die stukbeelde optree, en dit wel as 'n kategorie wat uit 'n versameling van

elemente bestaan en waar die relatiewe verspreiding daarvan direk gespesifiseer en begrens word deur die stukboueël.

Chomsky het dus die aanvoorwerk gedoen deur 'n element tot die inventaris (van die sg. "fixed, universal inventory") by te voeg, deur dit as sodanig te erken sonder om vooruit die aspekte daaraan verbonde te bepaal of vas te stel. Die verteenwoordigers van die ander standpunt voel daarenteen dat die skrapping van dié kategorie eerder die Universele Grammatika se taak sal vergemaklik of vereenvoudig.

Die HULP-verskynsel - of die kategoriale simbool HULP - het nog altyd min aandag getrek, of is nog altyd afgeskeep. Dit kan deels te wyte wees aan die feit dat dié verskynsel nog net in Engels breedvoerig behandel is - en dít het tot dusver aan die hele debat rondom dié aspek 'n sg. metafisiese karakter verleen.

Die probleem is egter nog nie bevredigend opgelos nie. Omdat daar soveel verwarring heers, behoort 'n deeglike besinning oor 'n aanvaarde definisie, en indien moontlik die empiriese toetsing daarvan, voorrang te geniet.

Die uitgangspunt van hulle was tot dusver om 'n verduideliking te gee van 'n raamwerk waarvolgens kategorieë sistematies verantwoord kon word wat vir al die tale ("across languages") sou kon geld, en in dié geval dan veral die regverdiging van die HULP-kategorie.

4.2 'n Definisie en sy instansiërings

4.2.1 Inleiding

Ook Steele et al. (1981:21) gebruik die term HULP (of "AUX") wat deur Chomsky voorgestel is in sy toepassing van dié verskynsel op Engels. Dit sal gevolglik ook voortaan gebruik word in die verwysing na die versameling konstituente wat as onduidelik of onbeslis ("nondistinct") in die definisie getipeer kan word:

Given a set of language-internal analyses, those constituents which may contain only a specified set of elements, crucially containing elements marking tense and/or modality, will be identified as nondistinct.

Die elemente¹¹ van die definisie, of konsepte wat gebruik word, sluit maar 'n klein groepie in, nl. "konstituent", "tyd" (of "tempus") en "modaliteit".¹² Dit is volgens hulle die elemente wat veronderstel word en ook noodsaaklik is vir die doeleindes van interlinguistiese vergelyking¹³.

Swanepoel (1990:3) dui bv. daarop dat konsepte (ook kenniselemente genoem) mentale entiteite is waarvan die inhoud en struktuur nie direk toeganklik is nie; d.m.v. definiëring word dit dan opgeklaar. Vir die ontleding van menslike kennis en kennis word die konsep dus aanvaar as die mees elementêre konstruksie waarin en waardeur die mens sy ervaring klassifiseer of kategoriseer (of begryp).

Die leksikale vormelement, of term, en die abstrakte mentale konsep (ook bekend as begrip of kenniselement) is dus terminologiese eenhede binne 'n spesifieke vakgebied. Inhoudelik word elke konsep weer deur die relasies daarvan met ander verwante konsepte gedefinieer. Enige konsep kry dan slegs betekenis binne 'n omvattender konsepstelsel.

Gevolgtrek is die elemente wat tyd (of tempus) markeer 'n subversameling of onderstel van daárdie elemente wat die temporele verwysing oor die algemeen markeer. Elemente wat modaliteit uitdruk kan verskeie aspekte uitdruk. Dit moet egter in die definisie gespesifiseer word. Die konstituent daarenteen is moeiliker om af te baken, dalk juis omdat dit (fundamenteel) die grondslag van die standaard sintaktiese teorie vorm, m.a.w. 'n definisie word gebaseer op iets wat algemeen veronderstel word. So veronderstel sintaktiese analises byvoorbeeld dat sinne in sekere kleiner eenhede, of konstituenten, ontleed en verdeel behoort te word (wat deur almal as aanvaarbaar gevind behoort te word).

Die gevolgtrekking waartoe Steele et al. (1981:115) geraak, is dat die verskillende elemente wat bestudeer of ondersoek is, en deur die definisie as HULP geïdentifiseer is, elkeen 'n taalspesifieke instansiëring van HULP blyk te wees.

Tog moet ook genoem word dat die verskillende begrippe of konsepte van konstituering ("constituency") waarop die argumente gebaseer word (of dit waarom dit sentreer), nie hoef te konvergeer nie.

4.2.2 Definiëring

4.2.2.1 Die medewerkwoord

Vervolgens kom verskeie vakspesifieke definiërings aan die beurt:¹⁴

1)

"**AUXILIARY** A word which has no independent function or meaning on its own but which can only be used in combination with other words, e.g. preposition, conjunction, →auxiliary verb, etc."

"**AUXILIARY VERB** A word used in a verb phrase as an adjunct to another verb. It often serves in English to form →moods, tenses or →aspects of a full verb, e.g. *have* in *I have seen that film* or *I am reading this book*. Auxiliary verbs in English can be recognised by the following features: they have a special negative form, e.g. *haven't*, *aren't*, *doesn't*; they can be used with inversion after words like *seldom* and *hardly*, e.g. *Seldom have I seen such a sight*, or to form questions, e.g. *Do you smoke?*; they can be used to take the place of and to refer back to a full verb, e.g. *am* in *Are you going? I am*; they can be stressed for special emphasis, e.g. *But I do!*; or they often occur with a weak stress and have special weak forms, e.g. *'s* in *he's gone*. Apart from the auxiliaries *be*, *have*, *do*, English has a series of →modal auxiliaries such as *can*, *shall*, *will*. Alternative terms: helper verb, accessory verb."

(Hartmann & Stork, 1972:24)

2)

auxiliary A word having no complete meaning in itself, and used in combination with or reference to another word which has a meaning of its own (prepositions, conjunctions, auxiliary verbs such as *may*, *shall*).

(Pei, 1966:26)

3)

"**auxiliary verb**: A verb used in combination with another verb, to express the mood, tense, or aspect of the action denoted by that main verb. (E.g., the English *may*, *shall*, etc.)."

(Pei, 1954:23)

4)

auxiliary (1) A term used in the GRAMMATICAL description of the VERB PHRASE, to refer to the set of verbs, subordinate to the main LEXICAL verb, which help to make distinctions in MOOD, ASPECT, VOICE, etc. In English, the main auxiliaries are *do*, *be* and *have*, e.g. *he is coming*, *does he know*, *he has taken*. The modal auxiliaries include *can/could*, *may/might*, *shall/should*, *will/would*, *must*, *ought to* and *used to*. The class of auxiliaries is distinguished grammatically from lexical verbs in several ways; for instance, they have a special NEGATIVE form (e.g. *isn't*, *hasn't*, *can't*, as opposed to **walkn't*), and they can be used with SUBJECT INVERSION (e.g. *is he*, *does he*, *will they*, as opposed to **walks he*). 'Marginal' or 'semi-auxiliaries', i.e. verbs which display some but not all of the properties of the auxiliary class, include *dare* and *need*. See Quirk et al 1972: Ch. 3; Palmer 1971: Ch. 4.

(Crystal, 1980:38)

5)

Auxiliarkomplex [Abk.: AUX; lat. *auxiliaris* >helfend<]. Bei N. CHOMPSKY komplexe Verbalkategorie, die →Person, →Tempus, →Aspekt (=Perfekt, Progressive Form) und →Modus umfaßt. Vgl. auch →Hilfsverben, →Kopulativverben.

Auxiliary [engl.] →Hilfsverben, →Kopulativverben.

(Bußmann, 1983:57)

6)

Hilfsverben [engl.] *auxiliary (verb)*. - Auch: Hilfszeitwort]. Semantisch-syntaktisch motivierte Teilmenge der Verben. Im Unterschied zu →Vollverben verfügen H. über eine abgeschwachte lexikalische Bedeutung, (vgl. *haben*, *sein*, *werden*). Sie haben nur in sehr beschränkte Maße →Valenz, weisen zum Teil morphologische Eigentümlichkeiten auf und treten typischerweise oft als Exponenten morphologischer Kategorien auf (z.B. bei der Bildung von →Tempus- und →Genus-Verbi-Formen). Ob dies dazu führen sollte, Hilfs- und Vollverben kategorial zu unterscheiden, ist umstritten. Manchmal werden auch die →Modalverben unter die H. gezählt. Vgl. auch →Kopulativverben.

Hilfszeitwort →Hilfsverb.

(Bußmann, 1983:186)

7)

Hilfsmorphem

2. Fritz *hat* geläutet

3. analytisches Hilfsmorphem zur Bildung der zusammengesetzten Zeiten

Hilfsverb, Hilfszeitwort

2. Wir *haben* gesungen

3. Funktionsverb, das der Ergänzung bedarf; kann auch als Vollverb stehen; dient zur Bildung zusammengesetzter Zeiten; Einteilung:

a) Hilfsverben der Zeit: *sein*, *haben*, *werden*

b) Hilfsverben der Aussageweise oder Modalverben (modifizieren ein Geschehen): *dürfen*, *können*, *mögen*, *müssen*, *sollen*, *wollen*, *lassen*

7. auxiliary verb

8. (verbe) (m) auxiliaire

(Bohusch, 1972:101)

8)

Hilfsverb [Auxiliary verb, verb auxiliaire, vspomogatel'nyi glagol]. Verb, das in bestimmter Funktion keine eigene Wortbedeutung hat, sondern erst zusammen mit einem *Vollverb* eine semantisch-syntaktische Position ausfüllen kann. z.B. *Ich habe ein Bad genommen, Ich bin über den See geschwommen*. Nach der Duden-Grammatik (41984) sind *haben, sein, werden* H., wenn mit ihnen Tempusformen von Verben gebildet werden (*hat geschlafen, ist gekommen, wird arbeiten*); sie erscheinen jedoch als *Vollverben*, wenn sie im Satz das Prädikat repräsentieren, z.B. *Karl ist ein Künstler, Wilhelm ist gut, Es wird Licht* (vgl. →Kopula, Prädikativer Bereich, Gleichgröße). In manchen Sprachen wird das H. *sein* als Kopula ausgelassen, z.B. russ. *Ona choroša* (Sie ist schön), *On učitel'* (Er ist Lehrer).

(Lewandowski, 1984:388)

9)

Auxiliarkomplex [auxiliary phrase, auxiliaire, gruppa s vspomogatel'nym glagolom]. 1) Hilfsverbkomplex; verbale →Konstituente, die mit Hilfe von Hilfsverben (*haben, sein, werden*; Modalverben) gebildet wird.

2) >>Aux<<: In der gTG die Konstituente, aus der die Elemente der einfachen und zusammengesetzten Tempora und der Modi abgeleitet werden: Aux →Tn (Modal) (have + en) (be + ing)

A. enthalten oft →diskontinuierliche Konstituenten.

Vgl. →Formationsregel, Transformationsregel.

(Lewandowski, 1984:122)

10)

hulp'werkwoord. Werkwoord wat in verbinding met die infinitief of die verlede deelwoord van 'n ander werkwoord gebruik word om tyd, wyse of aspek aan te dui, bv. *het, is, sal, sou*, ens. Afk. *hulpww*.

(Odendaal, 1984:422)

11)

hulp'werkwoord. (*gramm.*) Enige werkwoord wat in enige verbinding met een of meer ander werkwoorde so gebruik word dat eventuele bepalinge (voorwerp, naamwoordelike gesegdedeel, bywoordelike bepalinge, ens.) geregeer word deur die ander werkwoord(e) en nie deur hom nie; werkwoord of elk v/d werkwoorde in 'n gesegde wat onselfstandig en met min of meer verbleekte betekenis funksioneer in noue verbinding met 'n werkwoordelike komplement, bestaande uit (die infinitief- of die verlededeelwoordsvorm van) een werkwoord, eventueel as lid van 'n groep met ander hulpwerkwoorde, of, soos b/d hendiadis, uit twee verbonde werkwoorde, waarby dit in elke geval help om dinge soos tyd, wyse of vorm aan te gee—onderskeie van *selfstandige werkwoord* en *koppelwerkwoord* en verdeelbaar bv. in (1) die groep wat met 'n verlede deelwoord verbind word om tyd, aspek en/of vorm (genus) v/d gesegde te help uitdruk, i/d besonder die werkwoorde *het, is (was)*, bv. in *ek het gekom* (verl. tyd of volt. aspek, aktiewe genus), *hy word verpleeg* (teenw. tyd of onvolt. of duratiewe aspek, passiewe genus), *hulle is verslaan* (verl. tyd of volt. aspek, passiewe genus), *dit was vroeër omhein* (voorverl. tyd of volt. aspek, passiewe genus), en ook werkwoorde soos *bly* en *raak* wat hul selfstandigheid [gedeeltelik] prysgegee het, bv. in *sy woorde sal vir altyd onthou bly, die ogies bly op die vuur gerig* (duratiewe aspek, passiewe genus), *julle raak nie vergeet nie* (inchoatiewe aspek, passiewe genus); (2) die groep wat verbind word m/d infinitief van werkwoorde om die een of ander modaliteit of wyse (vandaar *modale hulpwerkwoorde* genoem) uit te druk, i/d besonder (a) die werkwoorde *kan, mag, moet, sal, wil* en andere soos *hoef, behoort, durf, skyn*, wat soms ook, veral i/d geval van *sal*, indirek 'n tyds-trap of aspek aangee, bv. in *dit kan waar wees* (moontlikheid), *jy mag dit nog belewe*

(moontlikheid), *dit* moet 'n slag vir hom wees (sterk waarskynlikheid), *dit* sal wel 'n tydjie duur (sekerheid, verwagting, t.o.v. die toekoms), *hy* wil met jou praat (begeerte), *ons* wou verluim (inchoatiewe aspek i/d verlede), *hy* kon so lekker lag (gewoonte of neiging i/d verlede), *hy* kan swem (vermoë), *ek* moes hom help (plig, dwang, sterk begeerte i/d verlede), *ek* wil jou nie staan en hinder nie (begeerte), *hoe* durf jy so iets waag (moedigheid by onderneming), *jy* hoef nie te kom nie (verpligting, noodsaak), *sy* behoort te gewag het (sedelike verpligting t.o.v. die verlede en tewens onwerklikheid); (b) werkwoorde soos *bly*, *gaan*, *laat*, met verswaking van hul selfstandige betekenis, bv. in *hy* *bly* staan en *luister* (duratiewe aspek), *ons* gaan *dit* verkoop (inchoatiewe aspek of toekomende tyd), *dit* laat *die* koste net styg (kousatiewe genus).

(Schoonees, 1961:452)

12)

- *Hulpwerkwoord*, werkwoord dat, met de onbep. wijs of het verl. deelw. van een ander verbonden, tijd, geslacht of hoedanigheid der werking bepaald; zie verder de spraakkunsten. De term is eene navolging van lat. *verbum auxiliarium*.

(Beets, 1912:1306)

13)

'*hulp/werkwoord* o -en werkwoord dat bijde vervoeging ve ander helpt: *hebben*, *zijn*, *zullen* zijn soms - en van tijd; *mogen*, *moeten*, *kunnen*, *zullen*, *willen*, *laten* -en van wijze; *worden* en *zijn* -en vd lijdende vorm;...

(Koenen & Drewes, 1986:518)

14)

hulp' ...*werkwoord*, o. (-en), (taalk.) werkwoord dat, met onbep. wijs of het verl. deelw. van een ander verbonden, tijd, geslacht of hoedanigheid van de werking bepaald: *hulpwerkwoorden* van *tijd* (hebben, zijn, zullen), *van wijze* (mogen, kunnen, laten), *van de lijdende vorm* (worden); ...

(Geerts & Heestermans, 1984a:1144)

15)

Auxiliary (ǫgzi-liäri), a. and sb. [ad. L. *auxiliarius*, f. *auxili-um* help: see -ARY1.]...

3. *Gram.* A verb used to form the tenses, moods, voices, etc. of other verbs.

They include *auxiliaries* of periphrasis, which assist in expressing the interrogative, negative, and emphatic forms of speech, viz. *do* (*did*); auxiliaries of tense, *have*, *be*, *shall*, *will*; of mood, *may*, *should*, *would*; of voice, *be*; of predication (i.e. vbs. of incomplete predication which require a verbal complement), *can*, *must*, *ought*, *need*, also *shall*, *will*, *may*, when not auxiliaries of tense or mood.

1762 STERNE *Tr. Shandy* V. xlii. 145 The use of the Auxiliaries. 1835 Penny *Cycl.* III. 160/I After the verb *to be*, the next in importance among the auxiliaries is the verb *to have*. 1878 MORRIS & BOWEN *Eng. Gram. Exerc. Prim.* 70 In deciding whether a verb is an auxiliary or not, it is necessary to decide whether it marks the time or the manner of action of another verb, or whether it makes the subject, or thing spoken of, the doer or sufferer of the action: If it does none of these things, then it is no auxiliary.

(Murray et al., 1961a:577)

16)

aux·il·ia·ry (ôg·zil'yer·e. -zil'er-)...

2 *Gram.* **a** A verb that helps to express the tense, mood, voice, or aspect of another verb, as *have* in "We *have* gone," *may* in "I *may* leave tomorrow", also called **auxiliary verb**. **b** A word which functions as a subordinate element in a sentence and is fully meaningful only in association with the main words, as a preposition or conjunction.

(Funk, 1960a:99)

17)

'**Hilfs-verb** <n.> *Verb, das zur Bildung der Zeitformen der übrigen Verben gebraucht wird: haben, sein, werden; Sy Auxiliarverb <†>, Hilfzeitwort.*

(Wahrig, 1987:646)

18)

Hilfsverb s (-s; -en) = **Hilfszeitwort**, = **Hilfsverbum** s (-s; -ben).

(Mackensen, 1986:504)

19)

Hilfs-verb, das, -s / -en: svw. / **Hilfszeitwort**. [nhd.] **Hilfs-zeit-wort**, das, -(e)s / ...-wörter: *Zeitwort, das zusammengesetzte Formen anderer Zeitwörter bilden hilft: "haben" ist ein H. [älter nhd., älter: Hilfswort].*

(Köster, 1969:429)

20)

HILFSWORT, *n. verbum auxiliare*. STIELER 2578: alldieweil aber kein zeitwort kan völlig verwandelt, noch in teutscher sprache erkant und verstanden werden, ohn gewisse kündigkeit der hülffwörter .. es sind bei uns solcher genanten hülffwörter drei, ich bin, ich werde, ich habe. SCHOTTEL 550. - *In nicht grammatischem sinne*: das fremde nein war für ihn von jeher ein hülff-wort, ein rückenwind, der ihn in den hafen brachte. J. PAUL *Titan* 2, 198.

(Grimm & Grimm, 1877:1331)

21)

'**Hilfs-verb** <[-v-] n.; -s, -en: Gramm.> *Verb das zur Bildung der Zeitformen der übrigen Verben gebraucht wird. - B. im Deutschen „haben“, „sein“, „werden“. Sy Hilfszeitwort; * a. Modal-verb.*

(Wahrig, 1981:556)

22)

Hilfs-zeit-wort <n.; -(e)s, -er; Gramm.> = *Hilfsverb*.

(Wahrig, 1981:557)

23)

Mo'dal-verb <[-v-] 'n.; -s, -en; Gramm> Verb. das die Art u. Weise eines anderen Verbs näher bestimmt (modifiziert). - B. können, dürfen, wollen, sollen, scheinen; * a. Hilfsverb.
(Wahrig, 1982:706)

4.3 Ekwivalensie

4.3.1 Inleiding

Steele et al. (1981:141) vra egter die vraag af of daar nie ook ander spesifieke eienskappe gespesifiseer kan word nie - buiten dié wat in die definisie vervat is - van die versameling elemente wat wel geïdentifiseer is:

There is, of course, no logical necessity that any properties other than the definitional ones be found to hold across the individuals which comprise the set. However, the elements which are identified under the definition will be taken to form an equivalence class only if we can establish, for the set, such nondefinitional properties.

Steele et al. poog dus om meer substansie te verleen aan die bestaansreg van 'n moontlike verskynsel soos interlinguistiese ekwivalensie, en om aan die eienskappe (buiten dié wat in die definisie gespesifiseer word) van die etiket wat die ekwivalensie identifiseer, die kategorie toe te ken wat "HULP" genoem word.

'n Deeglike uiteensetting word dan ook gegee van die versameling eienskappe wat moontlik met hierdie kategorie geassosieer kan word, en wat waarskynlik intuïtief glad nie daarmee onverwant is nie.

4.3.2 Nondefinieerbare eienskappe

Steele et al. (ibidem:142) oorweeg vier eienskappe vir die lede van die versameling of groep soos geïdentifiseer deur die definisie, nl. hul posisies, hul komposisies (die samestellings of verbindings), hul interne ordes (hul stand, rangorde of volgorde) en hul verhoudinge t.o.v. aangrensende of naburige elemente. Duidelike veralgemenings is in elke geval t.o.v. die versameling of groep moontlik.

Briefly, the members of the set (a) occur in one of only three positions; (b) contain elements marking a certain limited number of notional types; (c) have a fixed internal order which is (d) not predictable from any other property of the language; and (e) generally are attached - or can be attached - to some adjacent element.¹⁵

4.3.2.1 Verbindingsmoontlikhede

Ons het hier te doen met een van die eienskappe wat nie deur die definisie uitgelig is nie, maar wat ook van kardinale belang is vir hierdie ondersoek.

Dit is moontlik dat hierdie aspek moontlik vir die hele groep of versameling mag geld, d.w.s. indien die definisie 'n element identifiseer (nl. as HULP), daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat dit met een of ander aangrensende element sal verbind. Dit is juis hierdie verbindingsmoontlikhede wat van uiterste belang is vir die linguistiek in die algemeen. Die definisie as sodanig waaronder die elemente as lede van die groep of versameling HULP geïdentifiseer word, spesifiseer niks i.v.m. hul verhouding(s) t.o.v. aangrensende elemente nie.

4.3.2.2 Beperkinge en moontlikhede

Die definisie spesifiseer of identifiseer wel elemente wat begripskategorieë van tyd (of tempus) en/of modaliteit uitdruk, maar die komposisie van die konstituent of samestellende deel wat dit insluit, word oorgelaat. So bv. word die posisie van die konstituent in die sin ook nie duidelik uitgespel nie. Dit is gevolglik onmoontlik dat die elemente wat onder die knooppunt HULP geïdentifiseer is, as toevoeging tot tyd (of tempus) en modaliteit, elemente kan insluit wat 'n willekeurige versameling van ander begripskategorieë markeer of dat dit in enige aantal posisies kan voorkom.

Die posisionele en komposisionele moontlikhede vir enige instansiëring van HULP kan egter gespesifiseer en duidelik uiteengesit word. Dit kan ten nouste saamhang (en is dan ook deur Steele et al. (1981:146) vasgestel) met elemente wat "subject marking, subject agreement, as-

pect, question marking, emphasis, evidential, object marking, object agreement, and negation" aandui.

4.3.2.3 Die volslae eienskappe

Steele et al. (ibidem:149) kon in die eerste plek vasstel dat die HULP-instansiëring 'n vaste interne orde (of rangorde) het:

Thus, every member of the set of elements identified by the definition exhibits the property of having a fixed internal order, and the set AUX will have this nondefinitional property associated with it.

While the internal order of AUX is fixed, the relative order of elements does not follow from any known principle(s).

'n Tweede hipotese aangaande die orde van elemente in 'n konstituent kan in die X-balk-konvensie gevind word, wat voorgee dat die stukboukategorieë in 'n betrokke taal parallelle strukture het. Daar is egter geen ooreenstemmigheid oor hoe hierdie strukture moet lyk nie.

'n Vereiste van die definisie is dat óf die elemente wat tyd (of tempus), óf modaliteit, of beide, markeer, aanwesig moet wees.

Steele et al. (ibidem:154) beweer voorts ook dat daar geen rede bestaan om te glo dat die instansiërings van HULP ook "headed structures" moet vorm soos sommige ander stukboukategorieë nie, d.w.s. 'n hiërargiese struktuur tussen die knooppunt en sy aanwysers of komponente nie:

The characteristic of fixed internal order is an absolute property of the set AUX; thus, all its various instantiations will exhibit it. Similarly, this generalization about the relative order of elements is an absolute property of the set; any principle which might be proposed to account for the relative order of elements within an instantiation of AUX does not extend beyond the language at issue and thus is simply language-particular.

4.3.3 Die ekwivalensie-klas

Hulle (ibidem:155) kon wel vasstel dat 'n verskynsel soos interlinguistiese ekwivalensie bestaan, en kon ook duidelik uitwys dat 'n ekwivalensieklas, nl. HULP, bestaan:

Insofar as a theory of a category is a statement of its properties, we have given a theory of the category AUX, a theory which is language-independent.

Die eienskappe wat egter daaraan toegeken kan word, "... holds across the set".

"AUX = a set of language-particular properties AUX_L such that:

- a. AUX_L is a constituent.
- b. AUX_L occurs in first, second, or final position.
- c. For most choices of L, AUX_L may attach to some adjacent element.
- d. AUX_L contains a specified, i.e. fixed and small class of elements.
- e. These elements occur in a fixed order.
- f. AUX_L must include elements marking tense and or modality.
- g. AUX_L may include, as well, elements indicating subject marking, subject agreement, question, evidential, emphasis, aspect, object marking, object agreement, and negation.
- h. Insofar as these notional types can be identified across languages, their relative order does not follow from any general principle(s)."

4.3.4 Verdere moontlike vrae¹⁶

Die eienskappe wat hierbo genoem is, is in taalonafhanklike terme uitgedruk. Dit voorsien m.a.w. 'n karakterisering van die interlinguistiese kategorie waarbinne verskeie taalspesifieke instansiërings (kan) val; die linguistiese fenomeen wat dit instansieer mag aansienlik verskil, maar moet spesifieke parameters respekteer.


Dit is interessant om daarop te let dat juis bg. eienskappe hulleself saam groepeer.

Steele et al. (ibidem:157) stel die volgende hipotese voor t.o.v. die HULP:

Aux is that part of a sentence which makes possible a judgment regarding its truth value. That is, the presence of the sentence element which we have labeled AUX is a necessary (but not sufficient) condition for the sentence to be a "speech act" which express a truth value.

Volgens hulle voorstel beskik elke taal oor 'n versameling elemente wat aan die eise van dié definisie voldoen; dit werp verder ook meer lig op die verskeie eienskappe waaroor die HULP beskik.

Die ondersoek van die versameling elemente wat aan die eise van die definisie voldoen, het 'n versameling nondefinieerbare eienskappe tot gevolg gehad; die hipotese aangaande die karakter van die HULP daarenteen gee weer 'n verduideliking van basies dieselfde versameling eienskappe.



Dieselfde linguistiese feit word deur bg. skema¹⁷ verteenwoordig, maar op verskillende vlakke van abstraksie. Die definisie maak staat op, en veronderstel, 'n sintaktiese analise; die hipotese daarenteen is weer 'n semantiese karakterisering van 'n element wat in die sintaksis geïdentifiseer is.

4.3.5 Gevolgtrekking

Steele et al. probeer nie om voorskriftelik op te tree in hulle hanteling van hierdie ondersoek nie; hulle probeer bloot daarop wys dat

hierdie ondersoek toelaat dat taalinterne eienskappe op 'n relatief ongedwonge basis gespesifiseer of uiteengesit kan word.

A major result of this study is that it is possible to frame a definition of a cross-linguistic category AUX whose instantiations have much in common apart from the criterial properties.¹⁸

4.4 Verdere ondersoek

Hulle stel ten laaste 'n semantiese klassifikasie voor wat al die voorafgaande inligting inkorporeer en verduidelik.

Ten eerste word die begrip "sin" op 'n relatief noukeurige wyse gedefinieer; dit kan weer op sigself van 'n ondergeskikte bysin onderskei word.

Hierdie klassifikasie van hulle voorsien ten tweede 'n raamwerk waarbinne die taalspesifieke instansiërings van die HULP vergelyk kan word. Die lys eienskappe hierbo genoem, plaas wel sekere beperkinge op die taalspesifieke instansiërings van die kategorie, maar laat ook substansiële verskille tussen die verskillende instansiërings toe.

Met hulle semantiese klassifikasie poog hulle ook om aan te dui dat daar geen een-tot-een-korrespondensie tussen die verskillende lede van die versameling HULP is nie. Dit laat ook ten laaste 'n raamwerk toe wat die verskillende instansiërings van die HULP in 'n betrokke taal toelaat om van mekaar onderskei te word.

Hulle model stel 'n "werkbare raamwerk" voor, in welke geval 'n mens 'n "werkbare definisie" kan hê. Dit lig ten minste die probleme rondom die funksie(s) van die lede van die HULP uit wat andersins onbekend sou bly of nie ondersoek sou word nie.

4.4.1 Diagramme en stellings

Steele et al. gaan selfs verder en ondersoek die verhoudings wat tussen die vier klasse objekte geld.¹⁹

Die vier diagramme wat hulle voorstel, gee in prinsiep 'n nuwe klassifikasie van die maniere waarop tale die verhouding tussen sin en ondergeskikte bysin hanteer. Hulle laat heelwat verfyning in die analise van eienskappe van taalspesifieke instansiërings van die HULP toe en voorsien 'n metode vir die verdere vergelyking t.o.v. hierdie verfyning.

4.4.2 Slotsom

Steele et al. kom tot die slotsom²⁰ dat die HULP 'n mening of opinie t.o.v. die sin kán verskaf.

Wat ons dus hieruit kan aflei, is dat meer lig gewerp is op die verskynsel van ekwivalensie of gelykwaardigheid tussen verskeie tale, omdat daar geen gelykheid tussen die elemente en kategorieë van die tale self is nie.

4.5 Finale opmerkings

Die basiese onderskeid tussen die interlinguistiese gelykwaardigheidsklas en sy taalspesifieke lede kan slegs te voorskyn tree binne die soort raamwerk vir interlinguistiese ondersoek wat Steele-hulle voorgestel het.

Bg. versameling eienskappe mag wel aangepas word indien die ondersoek uitgebrei sou word na ander tale; dit sou selfs daartoe aanleiding kon gee dat 'n beter definisie vir hierdie fenomeen, nl. die HULP-verskynsel, gevind sou kon word. Dit is omdat Steele et al. hul definisie baseer op die begrippe "tyd" (of "tempus"), "modaliteit" en "konstituent". Dit was inderdaad 'n poging om hierdie abstrakte begrippe (asook dié van die "kategorie") in die kollig te plaas, meer lig daarop te werp, en indien nodig, dit oop te stel vir verdere ondersoek sodat alle onduidelikhede opgeklaar kan word.

Daar sal vervolgens ingegaan word op die verskillende instansiërings van die hulpmoment soos wat dit deur verskillende definiërings, teorieë en hipoteses aan die lig gebring word, maar veral soos wat dit dan in Germaanse verband uitkristalliseer.

Voordat die Afrikaanse verskynsel ondersoek word, is ook hiërdie aspek vir hierdie ondersoek van kardinale belang.

ENDNOTE

1. Wat van belang is vir hierdie studie, is dat hul benaderingswyse veral een aspek van die problematiek rondom die hulpmoment uitlig, nl. dié van interlinguistiese gelykwaardigheid; die ander aspekte sal ook mettertyd verder toegelig word.
2. Die algemene beskouing is: "... that English Modals are verblike".
3. Steele et al., 1981:6.
4. Steele et al., ibidem: 7.
5. Soos aangehaal in Steele et al. (ibidem:7).
6. 'n Vaste, universele inventaris sluit (of behoort) dan ook die volgende formulering in, nl.:
 - a) Universal Grammar includes a list of categories.
 - b) The categories in a natural human language are necessarily selected from a list of categories in Universal Grammar (ibidem: 8).
7. Steele et al., ibidem:9.
8. Steele et al., ibidem:10.
9. Hierdie wyduiteenlopende rigtings sluit self 'n magdom ander verwysings van ander navorsers in wat dieselfde mening huldig.
10. Steele et al., 1981:13.
11. Soos voorgestel deur Steele et al. (ibidem:21).
12. Vergelyk hfst.2 (afd.2.4.1.2, p. 83) vir 'n volledige bespreking van hierdie konsepte.
13. Steele et al. stel ondersoek in na die voorkoms van dié verskynsel in veral Luiseño, Lummi, "Colloquial Egyptian Arabic" en Japannees om die elemente wat die definisie instansieer, uit te lig.
14. Die geslaagdheid al dan nie van elk behoort as toets te dien vir die onderskeie verskynsels soos wat dit in die onderskeie Germaanse tale uitkristalliseer. Daar is egter nie in dié ondersoek tyd of plek ingeruim om 'n diepteondersoek daarna te loods nie.
15. Steele et al., ibidem: 142.
16. Hier word daar na die sg. "second order questions" verwys.
17. Steele et al., ibidem:162.
18. Steele et al., ibidem:163.

19. Die verhoudings soos wat dit in die verskillende tale uitkristalliseer, is hier ter sprake. Dit kan om verstaanbare redes nie hier uiteengesit word nie.
20. Dit volg n.a... die onderskeide wat hulle voorgestel het t.o.v. die verspreiding van die instansiërings van die HULP, asook die hipotese wat voorgelê is.

HOOFSTUK 5

5 Die Germaanse taalfamilie

5.1 Inleiding

Die taalkundige universalie van die eerste hoofstukke, asook die kriteria wat in die voorafgaande twee hoofstukke uiteengesit is, moet as raamwerk dien waaraan die onderskeie Germaanse verskynsels (waarby die Afrikaanse verskynsel ingereken kan word) gemeet kan word.

Dit het die verskillende wetenskappe etlike eeue geneem om hul doel t.o.v. die Babelse taalverwarring wat daar geheers het, te bereik. Dit was om die verskillende volkere, en gevolglik ook taalgroepeerings, volgens tyd, ruimte en onderlinge betrekkings te orden.

Die Germaanse taalfamilie¹ (waarna daar al telkemale verwys is) verwys, tradisioneel en vanuit 'n nie-Suid-Afrikaanse oogpunt² beskou, na die volgende tale: Duits, Nederlands, Fries, Engels, Deens, Sweeds, Noorweegs, Yslands en Faröers. 'n Meer realistiese en uitgebreide indeling word deur Raidt (1976:2, soos aangepas) gegee. Hierdie indeling gee 'n geheelbeeld, en plaas Afrikaans in sy regmatige posisie (sien bylae 2(1) aan die einde van hierdie hoofstuk, p. 221, asook die tersaaklike endnote op p. 320).

Die tradisionele indeling in "Indo-Europees"³ (of "Indo-Germaans") verwys na dié taalfamilie wat teen ±1000 v.C. oor feitlik die hele Europa en in groot dele van die Suidweste en Suid-Asië gepraat is, en kan in die volgende volgorde (n.a.v. die ouderdom van hul oudste oorgelewerde tekste) uiteengesit word: Anatolies; Indo-Iraans (Aries); Grieks; Italies (Latyn); Germaans; Armeens; Togaars; Kelties; Balto-Slawies en Albanees.

Alhoewel hierdie indeling gewild is (of was), en oor die algemeen wye steun geniet, is dit nie te sê dat dit nie dalk aangepas of verander kan word nie. Dik (soos aangehaal in Van Caenegem, 1983) wys daarop

dat bg. nog verder onderverdeel kan word, en wel in satem- en centum-tale.⁴

Hierdie groepsamestelling word gegrond op die ooreenkomste tussen die betrokke tale, a.g.v. 'n historiese proses wat die oerverwantskap tussen hulle duidelik aantoon. Hierdie verwantskap is (afhangende van watter tale ter sprake is) baie eng. Die verwantskap (in 'n enger sin) kan dus verder uitgebrei word na die oorkoepelende Germaanse taalfamilie (sien bylae 2(2) aan die einde van hierdie hoofstuk, p. 222, asook die tersaaklike endnote op p. 230). Laasgenoemde sluit (verwante) tale in, elk met hul onderskeie groeperinge.

Volgens Dik (ibidem:531) het die ontdekking van die verwantskappe aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die histories-vergelykende taalwetenskap en kon so 'n hipotetiese voorstadium (nl. Oergermaans⁵) gerekonstrueer word. Gamkrelidze en Ivanov (soos aangehaal in Hayward, 1989:37 e.v.) het met hul grootse poging ook die moontlikheid van 'n verwyderde genetiese verband tussen 'n groot verskeidenheid tale ondersoek. Hulle het veral die verband tussen Indo-Europees, Kartveliaans en Semities ondersoek.

Alhoewel sulke ontwikkelings dalk moontlik was (so 'n verdeling kan selfs binne 'n vroeë Bybelse raamwerk of voorstadium geplaas word), is daar nog te veel onduidelikhede wat eers opgeklaar moet word voordat so 'n siening sonder meer aanvaar kan word. Die Germaanse taalgroepering het die "Europese ruimte" op 'n taamlik laat stadium binnegetrek. Dat daar egter wedersydse beïnvloeding was, kan nie weggeredeneer word nie. Dit kon egter later ingetree het.

Die volgende teoretiese basis is vir Afrikaans belangrik omdat die (al die voorafgaande) prosesse wat werkzaam was in die ontstaan en vestiging van die tale waaruit dit ontwikkel het, nog steeds in die taal werkzaam is en in die toekoms werkzaam sal wees. Al hierdie faktore het 'n geweldige rol in die vaslegging van die verskynsels en grammatikareëls in Afrikaans gespeel.

5.2 Teoretiese begronding

5.2.1 Die histories-geografiese taalmodel

Die aard en wese van 'n taal is van so 'n aard dat dit voortdurend ontwikkel, d.w.s. aanpas en groei. Hierdie ontwikkeling volg uit vernuwing wat op sigself wesentlike gevolge vir 'n taal kan hê, nl. ten eerste begin die taalspesifieke (-eie) kenmerke of -besonderhede van opeenvolgende geslagte binne 'n taalgroep of -familie van mekaar te verskil, veral hoe verder die geslagte van mekaar verwyder is of raak, d.w.s. binne 'n gegewe tydsfeer (of tydskontinuum). Voorts ontstaan nuwe verspreidingsgrense daar die vernuwing nie oor die hele spraakgebied uitbrei nie; dit het dus 'n geringe omvang. 'n Ongelyke netwerk ontstaan daardeur (die ruimtelike en dialektiese kontinuum (onafgebrokenheid) is hier ter sprake). Die gevolg is dat die taalkenmerke van taalgemeenskappe later só kan verskil, dat dit die verstaansproses kan bemoeilik of afsluit. Ten derde kan hierdie verskeidenhede deur sterker of meer gevestigde (d.w.s. streeksgebonde), sg. "überregionale Sprachen (Hochsprachen)" oorbrug word.

5.2.2 Die ontstaan van verskeidenhede

Tussen verwante taalkenmerke kan daar verskeidenhede bestaan wat op 'n natuurlike ontwikkeling berus, hetsy tydelik, ruimtelik of tydruimtelik van aard. Alhoewel die vergelyking gekompliseerd is, kan tale soos Duits en Nederlands met mekaar vergelyk word omdat hulle verskillende dele van dieselfde kontinuum verteenwoordig (in teenstelling met die ander tale van dieselfde taalfamilie waar daar groter verskille bestaan).

Omstandighede van buite kan ook 'n invloed daarop uitoefen. So kan daar 'n breuk in die ruimtelike kontinuum ontstaan, hetsy deur verhuising of die ondergang van tussenstadia, ens. Die kontak tussen die onderskeie dele van 'n taalgroepering kan verdwyn, en dan bewerkstellig vernuwing by slegs een van die dele 'n groter skeiding of breuk. 'n Situatie kan ook ontstaan dat die lede van 'n kontinuum weens

omstandighede teenoor mekaar te staan kom na 'n verskuiwing (of verhuising), en dat die taalkenmerke tussen die groepe in 'n toenemende mate begin verskil, alhoewel hulle mekaar tog nog kan verstaan. Vernuwing kan die "taalgrens" op 'n latere stadium weer oorbrug sodat nuwe gemeenskaplikhede of 'n sekondêre kontinuum kan ontstaan (bg. twee tale dien hier as sprekende voorbeeld).

Skeiding, alhoewel die kontak met die stamland behoue bly, kan ook 'n invloed uitoefen. Die taalkundige relevansie van hierdie kontak sal egter van deurslaggewende belang wees. Ris en Seebold (soos aangehaal in Althaus, 1980:564 en Van Caenegem, 1981:532) wys daarop dat verskeidenhede ook deur die onderskeide van of werking van substrate (die beïnvloeding a.g.v. die kontak met 'n taal van 'n onderworpe bevolkingsgroep of die wedersydse beïnvloeding van tale deur die inheemse bevolkingsgroepe tydens immigrasie) kan ontstaan, of deur superstrate (deur die tale van die veroweraars). Dit gaan gepaard met vreemde invloede of verskynsels wat daarin opgevang word. Laasgenoemde beïnvloeding het 'n rol gespeel toe die verskillende Germaanse tale uit 'n sg. Indo-Germaans ontwikkel het.

5.2.3 Taalkundige gemeenskaplikhede

Die resultaat van hierdie "taalkontak"-situasies - 'n algemene tendens wêreldwyd, en 'n groot bydraende faktor in Afrikaans - is dat gemeenskaplikhede verskillende herkomste kan hê. Dit is hier waar 'n derde aspek, dié van adstraatwerking⁶ (of ontlenings tussen naburige tale), ter sprake kom. So kan ons tussen die volgende onderskei:

- 1) Erfgoed wat uit 'n ongedifferensieerde moedertaal oorgeërf is, en menigmaal tot die bewaring daarvan (van ou verskynsels) lei.
- 2) Veranderinge of vernuwing wat nie oor die hele taalspektrum versprei het nie, maar tog tot die totstandkoming van 'n kontinuum bygedra het.
- 3) Veranderinge of vernuwing wat na verskuiwing in die kontinuum (of taalkontaksituasie) ontstaan het.⁷
- 4) Gemeenskaplikhede deur gelyksoortige vreemde invloede.

- 5) By die veranderinge of vernuwinge moet die moontlikheid van 'n onafhanklike, parallelle ontwikkeling ten slotte ook in aanmerking geneem word.

5.2.4 Praktiese implikasies

Wedersydse beïnvloeding, hetsy ooreenkomste of verskille, het sekere praktiese implikasies vir die taalgroeperinge wat in kontak verkeer.

So merk Sommerfelt (1962:255) byvoorbeeld op dat taalreste⁸ interessante onderzoekmateriaal is, maar menigmaal onder verdenking staan en nie vir een of ander saak gemanipuleer behoort te word nie. Waar die taal ter sprake nie self van Indo-Germaanse herkoms is (of was) nie, kan daar sg. Indo-Germaanse elemente of reste in 'n verskeidenheid ander tale bestaan nadat dit daarmee in aanraking gekom het. Baie van die kontaktaalgroeperinge (d.w.s. Indo-Germaanse) het self in die tussentyd verdwyn.

Indo-Germaans het, soos dit later duidelik behoort te blyk, self baie aan ander tale ontleen: by Grieks (as die "Wiege unserer Kultur") en Latyn (as die "Mutter Europas"), soos dit blyk uit Störig (1987:89 & 117). Hierdie invloede sluit o.a. die alfabet en talle ander taalaspekte in (dalk meer as wat ons tot dusver wou aanvaar).

5.3 Metodiese grondslag

5.3.1 Rangskikkingsmodel

Hierdie model dui die aard van die verwantskap tussen twee tale aan, d.w.s. nie net die graad van ooreenkomste nie, maar ook die motivering of staving van die gemeenskaplikhede deur buitetalige faktore (waarna hierbo verwys is). Die taalgeskiedkundige verwysings het aanvanklik d.m.v. die sg. "stamboomteorie" geskied om die onderlinge verband tussen die betrokke tale aan te toon (dié benaderingswyse toon die trapsgewyse afskeiding van groepe aan); later het die "golfteorie" gevolg (n.a.v. die golfagtige verspreiding van veranderinge of vernuwinge

vanaf 'n bepaalde punt, en wat dan op sigself weer 'n kontinuum vorm of ontwikkel)⁹ omdat hierdie verhoudinge in werklikheid glad nie so simplisties is nie. 'n Geskikte maar werkbare model van alle relevante aspekte word dus benodig om die onderlinge samehang van die hele Germaanse genealogie¹⁰ aan te dui, en dit behoort veel meer as net die taalkundige faktore of aspekte in te sluit.

5.3.2 Ontsluitingsmetode

Die ontsluiting van inligting moet op erkende en aanvaarbare taalkriteria steun, nl. om gemeenskaplikhede aan te toon. Daarom moet dit ook aan sekere voorwaardes voldoen. Daar die bevindinge somtyds bevraagteken kan word, hang die sukses van die ontsluiting van die sorgvuldigheid af waarmee die bevindinge beoordeel is.

5.4 Problematiek rondom 'n stamtaal

5.4.1 Algemeen

Dit is moeilik om vandag vas te stel of 'n onverdeelde Germaanse stamtaal (d.w.s. gemeen-Oergermaans) bestaan het of nie, of hoe dit saamgestel was. So ontstaan die vraag bv. of dié deel van die sg. Indo-Germaanse taalfamilie waaruit die Germaanse taalfamilie stam, werklik so onverdeeld was. Daar bestaan egter te veel vrae en onduidelikhede oor hierdie aspek. Alhoewel daar al heelwat daaroor geskryf is, berus veel daarvan op spekulاسie. Konkrete bewyse ontbreek menigmaal. Mondelinge oorlewering blyk ook menigmaal spekulatief en onbetroubaar te wees; daarom is 'n proses van ontmitologisering nodig om die waarheid te probeer vasstel.

Die Germaanse tale vind enersyds 'n aanknopingspunt met die Italiese en Keltiese tale, andersyds weer met die Baltiese en Slawiese tale. Daar moes dus 'n oergemeenskaplikheid bestaan het. Ander beskouinge groepeer weer sommige van die Germaanse tale saam met ander taalfamilies, en stel hulle teenoor die orige Germaanse tale en ander moontlik verwante tale. So bv. word Latyn en Noord-Germaans teenoor Goties/

Oud-Hoogduits en Oskies-Umbries gegroepeer. 'n Vraag ontstaan dus of 'n "alteuropäische Sprachgruppe"¹¹ nie as tussenskakel in die gemeen-Indo-Germaanse en latere individueel-Indo-Germaanse taalgroepering bestaan het nie? Verder kan ook gevra word of al die ooreenkomste, soos o.a. naamgewing, woordeskat en gedeeltelik die grammatika (ook t.o.v. die hulpmoment), nie eerder deur die tydelik-gradeerbare kontakeffekte tussen die betrokke taalgroepe opgelos kan word nie? 'n Moontlikheid is ook dat Germaans, a.g.v. sy trektogte, voortdurende kontak met ander taalgroeperinge, ens., sy hele taalwese verloor het, d.w.s. fonologies, sintakties, morfologies, ens. Die suiwerste vorme daarvan is dalk dit wat in Oos-Germaans bestaan het en dit wat in Noord-Germaans neerslag gevind het.

5.4.2 'n Moontlike oervorm

Opvallend vroeër was dat daar heelwat ooreenkomste is tussen Sanskrit¹² en verskeie Europese tale, aan die een kant veral Grieks en Latyn, maar aan die ander kant ook Germaans. Hierdie tale is só eng verwant dat hulle uit 'n gemeenskaplike bron sou kon spruit; dit is egter ook 'n feit wat nie onteenseglik as waar bewys kan word nie. Waarheidsmomente kan egter oral aanwesig wees.

Jones¹³ het die volgende oor Sanskrit te sê:

The Sanscrit language whatever may be its antiquity, is of a wonderful structure; more perfect than the Greek, more copious than the Latin, and more exquisitely refined than either; yet bearing to both of them a stronger affinity, both in the roots of verbs and in the forms of grammar, than could have been produced by accident; so strong that no philologer could examine all the three without believing them to have sprung from a common source which, perhaps, no longer exists.

Ons moet hierdie en ander beskouinge in die lig sien van die tydperk waarin dit afgespeel het, nl. die sg. "Romantiek". Metodes moes ontwikkel word om die verwantskap aan te toon. Baie van die sg. "ooreenkomste" is dalk blote fabrikasies, wat geskep moes word om by teorieë in te pas. Daar is egter buitetalige aspekte of faktore wat dit kan weerlê. 'n Groot geheim lê dus opgesluit agter die hele volksverhui-

sing soos wat ons dit ken of verstaan. Wat het hierdie geweldige volksverhuising veroorsaak? 'n Leemte of vakuum moes ontstaan het toe hulle weggetrek het. Iewers moet iets daarvan in die annale opgeteken staan of in mondelinge oorlewering bestaan van die omgewing waar hulle weggetrek het. Is dit nie moontlik dat hierdie volkere hierdie taal-gemeenskaplikheid net oorgeërf het nie? Dit waarop die taalkundiges tot dusver hulle hoop gevestig het, mag dalk net 'n halwe waarheid wees. Was ons nie tot dusver op 'n dwaalspoor nie?

5.5 Oergermaans

5.5.1 Inleiding

Die hele ontwikkeling of ontstaansgeskiedenis van die verskillende Germaanse tale uit 'n moontlike Indo-Germaanse stamtaal (soos ons hierbo kon sien) kan, afgesien van watter hipotetiese uitgangspunt gebruik word, as 'n omvormingsproses gesien word wat oor 'n lang tydperk afgespeel het.

Die vroegste ontlenings uit ander tale, óók die klassieke, en relikte uit die histories-bepaalde taalontwikkelingstrappe maak 'n chronologiese beskouing daarvan moontlik ('n proses wat vroeër slegs deur 'n vergelykende rekonstruksie vasgestel kon word), wat in hooftrekke neerkom op 'n tydelike dimensie met 'n ruimtelike betrekking.

So bv. kan trapsgewyse ontwikkeling, wat neerkom op "periodisering", in die Germaanse taalontwikkeling onderskei word en kan daar bv. onderskei word tussen 'n Voor- of Vroeë Germaanse en 'n Gemeen- of Laat Germaanse periode. Sekere kriteria¹⁴ was verantwoordelik vir hierdie indeling, of vir die hele oorgangsproses.

Alhoewel daar getrag word om die tydperk en geografiese area ter sprake te rekonstrueer, kan met sekerheid gesê word dat die hele ontwikkelingsproses oor etlike eeue moes (of kon) geskied het. Te min is nog oor die area of habitat¹⁵ bekend om met sekerheid die komplekse verwikkeldheid daarvan te ontrafel en bo alle twyfel vas te stel.

Taalkundige data verleen ook nie veel hulp daarmee nie, buiten dat terme t.o.v. voedselproduksie, werktuie en wapens (vgl. ook Störig, 1987:49) telkens opduik. Daar kon wel vasgestel word dat die middel-puntvliedende kragte in die taalgebruik van die verskillende groepe¹⁶ uiteindelik in nuwe, afsonderlike tale moes kulmineer.

Die Germaanse taalfamilie deel sekere gemeenskaplikhede. Meer ooglopend blyk 'n gemeenskaplike woordeskat te wees. Daarnaas is die fonetiese reëls ook van deurslaggewende belang, alhoewel dit nie bepalend is om verwantskap aan te dui nie. Lg. het veral die aandag op ooreenkomste in die Germaanse taalfamilie gevestig, nl. die ooreenkomste tussen Sanskrit "*ás-ti*", Latyns "*es-t*" en Goties "*is-t*" (die werkwoord "*is*").

Uit alle oorgelewerde data blyk dit dat daar meer inligting aangaande die fonologie en grammatika is as die woordeskat van die (oer)moedertaal. Klanke en grammatikale kategorieë verdwyn nie so maklik of ondergaan klaarblyklik nie soveel veranderinge in die onderskeie dogtertale dat die herkoms daarvan moeilik word om vas te stel nie.

T.o.v. die werkwoord is dit veral die skeiding tussen die sterk en swak werkwoorde en die reduksie van die werkwoordelike fleksie wat vir hierdie studie belangrik mag wees.

5.5.2 Historiese gegewe

5.5.2.1 Die groot trek

Fischer-Fabian (1975:9 e.v.) haal sekere interessantheide aan aangaande die historiese agtergrond van die Germane. Ook hy probeer om die mites wat rondom hierdie volk geweef is, deurdat inligting vir eie gewin gebruik of misbruik is, aan die lig te bring - ons eie sowel as dié van ons voorouers. Sy verwyt is dat die wetenskap nou maar eenmaal 'n taal van sy eie praat, en dat die meeste geskrifte van die verlede met sewe seëls verseël moet word. Dit in soverre die vertrouwe wat daarin gestel word.

Die Romeinse historikus, Tacitus (soos aangehaal in Fischer-Fabian, ibidem:8), laat hom as volg oor hierdie volk uit:

Nicht die Samniten, nicht die Karthager, nicht die Gallier, nicht die Spanier, nicht einmal die Parther haben uns so oft herausgefordert wie die Germanen; ja, gefährlicher noch als die Macht der Arsakiden ist dieses Volk mit seinem Freiheitswillen.

Gerugte het die stad Rome teen die jaar 113 v.C. bereik dat 'n groot volk in die noorde op trek is. Meer as 'n miljoen mense was op pad; volgens Mommsen (soos aangehaal in Fischer-Fabian, ibidem:12) was dit "ein wunderbaren Zug... ein ganzes Volk, das ... auszog, eine neue Heimat sich zu suchen." 'n Heimat in 'n reeds bewoonde Europa. Hierdie massa het vrees ingeboesem en gerugte oor hulle het soos 'n veldbrand begin versprei.

5.5.2.2 Barbare

Hierdie "Barbare" het 'n taal gepraat wat niemand kon verstaan nie ('n bewys dat die sg. ooreenkomste dalk nie bestaan het nie en dalk later eers aangeleer is). Van kultuur was daar volgens oorlewering ook geen sprake nie. Oor hulle is die volgende gesê: Hulle het "die Seele einer niedrigen, wohl begabten, aber ungereiften Menschheit; eine Seele, noch naturbefangen und regiert von jenen starken, wilden Kräften, deren Tugend, Pracht, Instinkte und Gefährlichkeit der Ethiker als Entladung bloßen 'Zorns' kennt".

5.5.2.3 Die "Indogermane", 'n volk wat uit die duisternis tree

Dit is asof hierdie volk uit die duisternis na vore getree het. Op al die vrae rondom hulle herkoms blyk daar geen duidelike antwoorde te wees nie. Tot dusver kon die antropoloë, argeoloë, geskiedkundiges, godsdiens- en regshistorici geen hond haaraf maak nie. Waarom nie? Het die taalkundiges beter gevaar? Dis te betwyfel.

In Europa het 'n volk ontwikkel wat die loop van die geskiedenis soos geen ander volk beïnvloed het nie (ibidem:68):

Schließlich wird jene Verschmelzung zur Regel, die in der Geschichte der Völker am dauerhaftesten gewesen ist: Der Eroberer freit die Eroberte. Allmählich, im Laufe einer Entwicklung, die sich über Jahrhunderte hinzieht, entsteht ein neues Volk mit einer neuen Kultur: die *Germanen*, oder, um möglichst präzise zu sein, die *Urgermanen*.

5.5.2.4 'n Naam

Die naam van 'n klein groepie invallers het mettertyd die naam van die hele volk geword, d.w.s. van 'n deel op die geheel, wat inpas in die mens se ordeningsprinsiep. Soos wat vasgestel kon word, is hierdie woord na alle waarskynlikheid van die Oudengelse (dalk eerder Gemeengermaanse) "*geormenleaf*" afgelei, 'n malvaplant met spits, getande, uitstaande blare. Hieruit is *"*germana*" afgelei, wat "prominent, groot" beteken. Daar is egter ook ander moontlikhede.

5.5.2.5 Oor hul herkoms

Iets het die Germane verenig, en dit is as 'n gemeenskaplike drang ervaar. Hierdie volk het geweet dat hulle 'n gemeenskaplike herkoms of afkoms het, en is hulle ook deur hulle godsdiens verenig (ibidem:78):

In alten Liedern, schreibt Tacitus, der einzigen Art geschichtlicher Überlieferung, die es dort gibt, feiern die Germanen einen erdentsprossenen Sohn Tuisto. Ihm schreiben sie einen Sohn Manus zu [Mann, Mensch], den sie als den Stammvater und Begründer ihres Volkes preisen. Dieser soll drei Söhne gehabt haben...

Daar is tot dusver vasgestel dat die inligting uit die sg. "ou liedere" of legendes altyd die een of ander historiese kern of waarheid insluit.

Daar was ook al baie bespiegeling oor 'n moontlike "heimat" of tuisland - waar 'n vakuum moes ontstaan het - van hierdie groot groep mense. Gamkrelidze en Ivanov (soos aangehaal in Hayward, 1989:37 e.v.) het hul ook in ruimte en tyd probeer plaas. Die naaste waaraan hulle kon kom, is die Nabye Ooste, ten suide van die Koukasus. Volgens hul-

le was daar in hierdie gebied kontak met Oer-Kartveliaans (Suid-Koukasus) en Oer-Semities.

Bomhard (1986:225 e.v.) sluit ook hierby aan. Hy verwys ook na verskeie pogings om die genetiese verband tussen Indo-Europees en Afro-Asiaties (Oer-Semities) te lê. Volgens hom het hierdie twee groepe se paadjies 'n paar millenia gelede geskei, lank voordat pogings weer aangewend sou word om d.m.v. direkte vergelyking van die onderskeie dogtertale gemeenskaplikhede te probeer herstel. Te veel tyd het in die tussentyd verloop. Dit is daarom dat dit feitlik onmoontlik sou wees om 'n gemeenskaplike oertaal te rekonstrueer.

5.5.2.6 Hul taal

Naas hulle godsdienst, was hul gemeenskaplike taal ook 'n saambindende faktor. Dit was die sg. Gemeengermaans, waarin dialekte ook 'n rol gespeel het.

Alhoewel die Indogermene probeer het om hulle taal op die plaaslike inwoners af te dwing, het lg. tog daarin geslaag om die taal van die veroweraars te beïnvloed. Hier dien die verskillende klankverskuiwings as voorbeeld (dit word nie hier behandel nie).

5.6 Germaanse indeling

5.6.1 Algemeen

Die vroeëre indeling en lokalisering van die verskillende Germaanse tale kon slegs onversoembare aspekte met mekaar vergelyk; taalkundige, historiese en argeologiese feite (dieselfde geld t.o.v. taalgrense) kan slegs op beperkte skaal met mekaar geïntegreer word. Dieselfde geld t.o.v. die gevolgtrekking wat gemaak is oor die hedendaagse dialektologiese of volkskundige grense wat op ou taalgrense gebaseer word. Dit los die probleem waarmee ons vandag nog sit nog geensins op nie.

5.6.2 Indelingsvoorstelle

Die gewildste indelingvoorstelle onderskei tussen Noord-, Wes- en Oos-Germaans. Afwykings van hierdie benadering hou verreikende gevolge vir enige indeling in. Die huidige opset, d.w.s. die uiteenlopendhede en onversoenbaarheid, veral t.o.v. die verskillende stamboomteorieë, skep geensins 'n goeie indruk nie en kan slegs tot nadeel van die vakgebied self wees.

'n Kontrasterende tipologie van die Germaanse taalfamilie bied nie net antwoorde op baie van die tergende vrae wat dit omhul nie, dit skep ook weer op sigself 'n duisternis vrae wat antwoorde soek. 'n Sintese tussen die sinchroniese en diachroniese benaderingswyses blyk dus die aangewese oplossing te wees.

5.7 Ontwikkelinge

Talle aanduidings wys daarop dat die verskillende dialekte van die moedertaal teen 2000 v.C. selfstandige taalgroepe begin vorm het. Die Encyclopædia Britannica (1986:606) vestig die aandag op enkele veranderinge oor die breë taalspektrum wat ingetree het.

5.7.1 Fonologie

Die opmerklikste is die korter woorde in die hedendaagse Germaanse taalfamilie (in vergelyking met Oergermaans) a.g.v. die verlies of reduksie van die eind- of onbeklemtoonde sillabes in enkele tale, of die verlies van sekere konsonante tussen vokale wat ook dikwels 'n verkorting van die voortspruitende vokaalreeks tot gevolg gehad het. Elke taal moet volgens sy eie klankwette benader word om vas te stel watter klankverskuiwings telkemale ter sprake is. Hierdie klankverskuiwings is die direkte gevolg of uitvloeisel van die Germaanse volksverhuising, 'n verskynsel wat vandag nog voortduur.

Bomhard (1986:226) is teen enige sodanige "Lautverschiebung" (soos vroeër algemeen aanvaar is) gekant. A.g.v. die resente ontwikkelinge

van die fonologiese teorie is nuwe perspektiewe op die verstaansproses van klankverandering geopen en plaas hy ou beskouinge eerder in 'n nuwe lig. Daarom verwys hy in sy artikel ook eerder na die verskeie hersienings van bestaande teorieë, veral dié wat op die fonologiese stelsels betrekking het. So verwys hy na die stelsel van Gamkrelidze en Ivanov, en sê dat hulle voorstelle tipologies beskou aanneemlik en histories beskou waarskynlik is.

Die vergelykings tussen Oer-Indo-Europees en Oer-Afro-Asiaties is uiters interessant en plaas hierdie hele aspek in 'n nuwe perspektief wat die verdere ondersoek daarvan genoodsaak. Dit sluit 'n herwaardeering van die hele fonologiese stelsel in.

5.7.2 Morfologie

Dieselfde verskynsel vind 'n mens hier, maar met verreikende grammatikale gevolge. Dit is omdat die markering van die Oergermaanse verbuigingsvorme (-kategorieë) in hierdie eindsillabes gefigureer het. Die werkwoord het aanvanklik oor meer tweesillabige woordeindes beskik; baie van die eindsillabes is egter later afgeskud, veral die persoonsaanduidende woordeindes.

Die werkwoordveranderinge was kompleks as dié van die naamwoord. Afgesien van die verlies van of die samesmelting van ou kategorieë, is verskeie nuwe vorms geskep terwyl nuwe waardes aan ou vorms toegeken is. 'n Nuwe toevoegsel tot die Germaanse werkwoord was die swak verledeetydsvorm¹⁷ (wat op 'n "t" of "d" eindig).

5.7.3 Woordeskat

Hierdie veranderinge, a.g.v. 'n wye verskeidenheid vreemde invloede (wat somtyds nog gerekonstrueer kan word), het 'n groter omvang gehad as dié van die klanke of grammatika. Dit is egter moeilik om die herkoms van al die vreemde invloede met sekerheid vas te stel.

Die meeste argumente wat ten gunste van 'n suidelik, bergagtige landskap van herkoms vir die Germane is, oortuig nie heeltemal volgens Gamkrelidze en Ivanov (Hayward, 1989:74) nie a.g.v. die bestaan van woorde soos "berg", "hoog", "hoogte" in hul woordeskat. Woorde soos "storm", "wolk", "sneeu", "winter", "hitte" en "warm" dui op 'n bergagtige landskap, maar sluit plekke soos Noord-Europa uit. Verwysings na fauna en flora, soos die eik, verwys ook na 'n suidelike tuisland met digte woude (alhoewel sommige rekonstruksies soos "leeu" bevraagteken kan word). Die bestaan van veeteelt, landbou en vervoer met wiele verwys in 'n breë sin na die Nabye Ooste, "... more specifically in a region extending from south of the Transcaucasus to northern Mesopotamia, in the V/IV millenium B.C.". Al dié verwysings kan egter ook die gevolg wees van verskeie kontaksituasies.

Interessant is die feit dat die nie-Germaanse tale dalk 'n merkwaardige invloed op die klanke en grammatika van die Germaanse tale kon gehad het¹⁸ (bv. veral godsdienstige invloede), en dat Afrikaans dit ook via sy stamtale kon oorgeërf het. Dieselfde verskynsel(s) het hom na alle waarskynlikheid ook t.o.v. Afrikaans herhaal, nl. die hulpmoment, werkwoordvorm, klankgebruik, ens.

5.8 Die Indo-Germaanse werkwoord

Ons uiteindelijke doelwit is die ondersoek aangaande die aard en wese van die hulpmoment in Afrikaans binne die opset van 'n Gemeengermaanse werkwoordstelsel.

5.8.1 Die Sanskrit-werkwoord

Volgens Störig (1987:55) het die werkwoorde in Sanskrit uit 'n kernbestanddeel bestaan. Die Europeër het dit 'n "wortel" genoem (n.a.v. 'n gebruiklike Hebreeuse begrip). Sekere afleidingsillabes kon dan aan hierdie wortel toegevoeg word; die eerste stap het gedien om die wortel in 'n stam te omskep, en die tweede om uit die stam 'n sekere vorm te skep.

Die vervoegingsstelsel van die werkwoord was uiters kompleks, dog "reich, differenziert, elastisch, nuancenreich...". Wat ons onder tyd verstaan, hier die presens, aoris en perfektum, het in die eerste plek uitgangsoorte (manier van verloop), d.w.s. aspekte, uitgedruk, en nie 'n tydrelasie nie. Vir die aard en wyse van 'n handeling (of moontlik, werklik, beoog, gebied, verbied) was daar verskillende modi. Verskeie Germaanse tale beskik in hierdie opsig nog net oor die indikatief en die konjunktief.

5.8.2 'n Germaanse oorsig

Die Encyclopædia Britannica (1986:604) verwys eerstens na die drie aspekte van belang op die gebied van die morfologie en die sintaksis binne die Oergermaanse werkwoordstelsel, nl. die imperfektief, perfektief en die statief¹⁹. Die werkwoordstam het hierdie toestand (t.o.v. eg. twee) uitgedruk. Sekere aspekmerkers kon hierdie basiese aspek egter omkeer.

Ten tweede kon die verboë vorm van die werkwoord modus (wys(e), goedstemming) uitdruk. Sodoende kon die spreker aandui of hy meedeel of navraag doen oor feitelike inhoude, voorspellings maak, gis, oor die toekoms wens of oor onwerklike maar denkbeeldige situasies; of selfs bevele gee.

Oergermaans het oor twee suffikse beskik om modus uit te druk, nl. "-e-" wat met "-o-" alterneer in die geval van die subjunktief. Dit korrespondeer in hoofsaak met die hulpmomente "saI" en "wiI" (Eng. "shall" en "will"). Daarteenoor alterneer "-yeH₁-" met "-iH₁-" in die geval van die optatief (wensende wys)²⁰, wat min of meer met die Engelse "should" en "would" korrespondeer. Werkwoorde sonder een van hierdie suffikse is deur hul persoonlike uitgang vir modus of tyd gemarkeer (nl. persoon en aantal t.o.v. die werkwoordelike subjek). 'n Interessante verskynsel by die Germaanse tale is juis die ontwikkeling of gebruik van die hulpmoment, 'n verskynsel wat die suffiksgebruik grootliks (afhangende van watter taal telkens ter sprake is) vervang het.

Die imperfektiewe en perfektiewe aspekte is deur twee soorte woordeindes uitgedruk, wat twee vorme (Eng. "voices"²¹) onderskei, nl. die bedrywende vorm en die "mediopassief" (Eng. "mediopassive"). Daar word dus tussen twee vorme onderskei. Die statiewe aspek het nie tussen vorme onderskei nie.

Om modus en tempus te markeer, het werkwoorde in die imperfektiewe aspek wat nie oor 'n modussuffiks beskik nie, oor drie versamelings persoonlike (woord)eindes in sowel die bedrywende as "mediopassiewe" beskik, nl. imperatief, primêr en sekondêr.²² Werkwoorde met imperatiewe eindes het tot die imperatiewe modus behoort; dié met primêre eindes is as 'n vorm van die nie-verlede in tempus gemarkeer, en as indikatief in modus. Werkwoorde met sekondêre eindes was ongemarkeer vir tempus en modus (en menigmaal as verlede-aantonend gebruik, en om leemtes in die imperatiewe paradigma te vul). Werkwoorde wat sonder 'n modussuffiks in die perfektiewe aspek optree, het nie met die primêre eindes opgetree nie. 'n Nie-verledetydsvorm van die indikatiwe tempus het ontbreek. Aanvanklik het 'n onderskeid tussen die primêre en sekondêre eindes van die werkwoorde in die statiewe aspek ontbreek.

Hayward (1989:60) het die volgende oor Indo-Germaans te sê: "... that IE was a language of the 'active/inactive' type which became a language of the 'nominative/accusative' type and... that IE had SOV word order". Gamkrelidze en Ivanov het heelwat oor die werkwoord self te sê gehad, asook verwante aspekte soos aspek, tempus, perfektief, "middle", en modus. Ons gaan egter nie verder hierop in nie.

5.8.3 Die Germaanse "hulpmoment"

5.8.3.1 Inleiding

'n Oorsigtelike beskouing van hierdie verskynsel in die genoemde tale, juis vanweë hulle historiese verbondenheid met Afrikaans, is vir hierdie ondersoek ook van kardinale belang. Dit is veral die diachroniese erfenis of neerslag van die ouer vorme wat ons aandag sal geniet en 'n verdere ondersoek van juis al hierdie verskynsels genoodsaak.

Van die aspekte wat terloops genoem is, is dat 'n taal nie deur lands- of ander grense begrens kan word nie, en dat veral naburige taalgroeperinge, gemeet aan tyd, mekaar wedersyds op die een of ander manier beïnvloed. Dit is vasstelbaar en kan aan die hand van 'n graadskaal gemeet word.

5.8.3.1.1 Oos-Germaanse taalfamilie

5.8.3.1.1.1 Inleiding

Van der Merwe (1965:v) wys daarop dat die studie van Goties vir ons belangrik is omdat dit die oudste vorm van geskrewe Germaans is wat ons het. Dit gee ons 'n beter begrip van die oervorm van Germaans, meer as wat van baie van die ander Germaanse tale (veral hul ouer vorme) afgelei kan word. Voorts wys hy ook uit dat die bestudering van Goties (as flekterende taal) naas Afrikaans ('n taal wat die verste gevorder het op die pad van defleksie) ons baie kan leer i.v.m. die prosesse wat taalverandering tot gevolg het.

5.8.3.1.1.2 Historiese gegewens

Goties (as taal) het vir ons behoue gebly d.m.v. enkele geskrewe oorblyfsels; dit is die enigste taal van die hele Oos-Germaanse taalfamilie²³ waarby ons met hierdie ondersoek sou kon aansluit. Histories beskou het hierdie groep 'n swerwersbestaan gevoer, wat dan ook uiteindelik tot hul val en uiteindelik opname in ander volkere gelei het. Volgens Van der Merwe (ibidem:5) moet Goties onder die Oudnoorse spraaklewe ingedeel word, veral n.a.v. sy woordgeografie, klank- en vormleer. Dié aanname volg omdat daar taamlik eenstemmigheid is oor die feit dat hierdie groep se herkoms iewers in Skandinawië was.

Lockwood (1979:113) wys daarop dat Krimgoties tot die 19de eeu gebesig is.

5.8.3.1.1.3 Die Gotiese werkwoord

5.8.3.1.1.3.1 Algemeen

Die Indo-Germaanse werkwoorde kon in twee groot klasse, nl. die atematiese en tematiese werkwoorde verdeel word. Eersgenoemde voeg die uitgang direk aan die wortel, terwyl lg. 'n tematiese vokaal ("e" of "o") tussen die wortel en die uitgang het. Om die oervorme beter te verstaan (of te kan rekonstrueer), is die ouer vorme van Germaans, en gedeeltelik ook Goties, baie belangrik. Wright (1981:133) wys bv. daarop dat die Indo-Germaanse verbale sisteem soveel radikale veranderinge ondergaan het, dat die bestudering van nie-Germaanse tale soos Sanskrit, Grieks en Latyn belangrik is om rekenskap te kan gee vir die veranderinge.

'n Verdere onderskeid in baie tale is die sterk en swak stamme waaroor dit beskik, veral Sanskrit en Grieks. Germaans, en veral Goties, beskik oor reste daarvan. Laasgenoemde se presens van die werkwoord "*wees(is)*" kan in "*im, is*" en "*ist*" teenoor die mv. "*sind*" gevind word.²⁴

Van der Merwe (1965:54) dui bv. daarop dat daar by die Germaanse/Gotiese werkwoorde (anders as by Idg.) 'n sterk en 'n swak klas²⁵ te vind is, afhangende van die vorm van die preteritum (verl. tyd). Naas hierdie twee klasse was daar egter ook nog ander kleiner groeperinge. Volgens die tradisionele beskouing word die sterk werkwoorde in ses klasse verdeel (met die sg. redupliserende werkwoord as sewende klas). Die swak werkwoord word in vier klasse verdeel. Die infinitief in Goties is bv. onveranderlik (d.w.s. onverboë), terwyl die deelwoord gewoonlik presentiese of perfektiewe krag het, soms met 'n futuristiese betekenis.

5.8.3.1.1.3.2 Die sterk werkwoord

By die sterk werkwoord word daar tussen die redupliserende en nie-redupliserende werkwoorde onderskei. Om die sterk werkwoorde te kan vervoeg, is die volgende vier stamme nodig, nl. die infinitief, die pret. 'ekv., die pret. mv. en die voltooide deelwoord. 'n Reëlmatige

verdeling word dus deurgaans gevolg. 'n Verdere verheldering van die onderskeie groepe, bv. die ses klasse, ens. is nie nou ter sprake nie en kan in Van der Merwe (asook Wright en ander werke) gevolg word.

5.8.3.1.1.3.3 Die swak werkwoord

Die meerderheid werkwoorde van hierdie klas is afleidinge. Die swak vervoeging self was 'n nuwigheid in Germaans. Oor die ontstaan daarvan is daar nie sekerheid nie. Daar word nie op 'n verdere uiteensetting van die vier klasse waarin dit kan vervoeg, ingegaan nie.

5.8.3.1.1.3.4 Verdere indelings

'n Verdere ondersoek bring nog indelings aan die lig. Ten eerste kan die sg. "preterito-presensia" onderskei word wat deels sterk en deels swak is. Op grond van die presensvorm word hierdie groep werkwoorde oor die ses klasse sterk werkwoorde verdeel, met een werkwoord behorende tot die redupliserende klas. Die atematiese werkwoorde (werkwoorde met "-mi") vorm die volgende groep. Van hierdie groep het net reste oorgebly, nl. die teenwoordige indikatief en subjunktief van die substantiewe werkwoord, en die werkwoord "sa7" (Eng. "will").

Wright (1981:164) wys daarop dat die teenwoordige tyd van hierdie werkwoord oorspronklik 'n optatiewe (subjunktiewe) vorm van die werkwoord met "-mi" was, wat alreeds vroeër in Germaans indikatiwies gebruik is. Daarby is in Goties 'n nuwe infinitief, teenwoordige deelwoord (of partisipium) en swak verledetydsvorm (of preteritum) gevorm. Die volgende vorms of indelings het gegeld:

		Teenwoordig					
Ekv.	1. wiljáu			Mv.	1. wileima		
	2. wileis				2. wilei[ɣ]		
	3. wili				3. wileina		
Tweel.	2. wileits			Deelwoord	wiljands		
Infin.	wiljan						
		Preteritum					
		Indikatief		Subjunktief			
Ekv.	1. wilda			wildēdjáu.			

5.8.3.1.1.3.5 Onafhanklike vorme

Wright (ibidem:134) lig die volgende onafhanklike werkwoordvorme van Goties uit wat belangrik is vir die bestudering van enige Germaanse taal (veral t.o.v. die diachroniese aspekte), nl. die aktief (bedrywende vorm) en die passief (die lydende vorm); drie getalle: enkel, tweeledig en meervoud; drie persone; twee tempusse: teenwoordig en preteritum; twee volledige modusse: indikatief en subjunktief (oorspronklik optatief), naas 'n imperatief wat slegs in die teenwoordige tyd van die aktief gebruik word; 'n teenwoordige infinitief wat 'n onverboë (fleksielose) verbale substantief is, 'n teenwoordige deelwoord met 'n aktiewe betekenis, en 'n verlede deelwoord met 'n passiewe betekenis.

5.8.3.1.2 Noord-Germaanse taalfamilie

5.8.3.1.2.1 Inleiding

Na regte sluit Skandinawië slegs Swede en Noorweë in. Vir kulturele en linguistiese kontinuïteit word Denemarke ook onder hierdie groep gereken (terwyl Finland vanweë sy taal uitgesluit word, maar tog deel uitmaak van "Norden", die oorhoofse konsep), aldus Haugen (1976:23 e.v.). Ander histories en linguisties-verwante "Skandinawiese" tale (alhoewel geïsoleerd) sluit Faroërs, Yslands en enkele ander dialekte (in 'n mindere mate die Deens van/of Groenlands) in. Al hierdie tale en/of dialekte het uit gemeen-Skandinawies ontwikkel (in teenstelling met Oudnoors, as gestandaardiseerde Oud Noorweegs/Yslands).

5.8.3.1.2.2 Historiese gegewens

Daar is geen enigheid oor hoe die afsonderlike tale ontwikkel het nie, d.w.s. hoe Oer-Skandinawies uit Oer-Germaans, of hoe lg. weer uit Oer-Indo-Europees ontwikkel het. Haugen (ibidem:92) wys bv. daarop dat die taal van die vroegste rune-inskripte daarop dui dat Oer-Skandinawies en Noord-Germaans, maar ook Wes-Germaans (insluitende Engels en Duits) oor dieselfde voorvaders beskik. Teen 550 n.C. het gemeen-Skandinawies as afsonderlike taal ontstaan; lg. het met die koms van

die Christendom verder ontwikkel. Handelskontakte, asook geografiese isolasie, het verdere ontwikkelings, soos Oos- en Wes-Skandinawies, tot gevolg gehad. Geweldige verwickelinge het tydens die Middeleeue plaasgevind; die werklike ontwikkeling van die verskillende dialekte het egter eers teen die einde van hierdie tydperk begin intree. Die uiteindelijke kulminasie in die onderskeie tale wat ons vandag ken (vgl. bylae 2 van hierdie hoofstuk, p. 222 e.v.), het eers na 1550 begin uitkristalliseer.

Invloede van buite, veral t.o.v. die woordeskat, ens., het geweldige veranderings teweeggebring, soos bv. Latyn wat as tegniese taal van die kerk gegeld het (hierdie invloed kan ook by die ander Germaanse tale waargeneem word). Haugen (ibidem:215) het die volgende hieroor te sê:

The gradual penetration of the Roman Catholic Church into Scandinavia between 850 and 1150 made great demands on the native languages, since the gap between Latin and them was far greater than in southern Europe. The fact that the other Gmc peoples had preceded the Scandinavians into the fold provided an important bridge.

5.8.3.1.2.3 Die Skandinawiese werkwoord

Haugen (ibidem:287) gee die verpligte kategorieë²⁶ van die werkwoord (as woordsoort) in gemeen-Skandinawies as volg aan:

	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)	(9)
werkwoord	-	(kasus)	getal	-	-	pers.	tempus	modus	diatense

(10)konjunksie; (11)woordorde.

5.8.3.1.2.3.1 Algemeen

Die gemeen-Skandinawiese kasus het oor verskeie sintaktiese funksies beskik, waaronder sekere verhoudings t.o.v. van die werkwoord. Die sg. enkelvoud-meervoud-onderskeid is vroeg reeds in Oud-Skandinawies afgeskeep, veral die vervanging van die meervoud deur die enkelvoud,

'n tendens wat selfs sy neerslag in die moderne dialekte gevind het, maar nie in die geïsoleerde eilandgroepe nie. Persoonsverwysing is hoofsaaklik deur die werkwoordsuffikse gemarkeer, met 'n ander merker as verdere opklaring; van dié suffikse het mettertyd verdwyn. Die spesiale vorms van die eerste pers. ekv. het al in Oud-Skandinawies verlore gegaan; die tweede pers. ekv. is by sekere werkwoorde gemarkeer. Haugen (ibidem:304) het die volgende oor die derde pers. te sê: "The 3. p. sg. (thus) prevailed in the sg., and the 3. p. pl. in the pl., thereby eliminating personal inflection in the verbs."

5.8.3.1.2.3.2 Tempus of tyd

Die Germaanse vorme wat teenwoordige en verlede tyd uitdruk, is feitlik net so deur gemeen-Skandinawies oorgeneem. Die sterk werkwoorde (ablaut) het as klas bly bestaan, alhoewel sommige daarvan deur die swakwerkwoordklas opgeneem is. Die tradisionele paradigmas is gehandhaaf, ten spyte van die aansienlike getal onreëlmatige afwisselinge wat hul tot gevolg het. Elke tempus het oor 'n verskeidenheid funksies beskik, bv. die ongemarkeerde vorm vir die verlede tyd (histories teenwoordige tyd), die tydlose teenwoordige tyd, en die toekomstige tyd. Vir meer presiese tydsverwysings is komplekse tempusvorme gebruik deur die medewerkwoorde in sameloop met die nie-finiëte werkwoordvorme, bv. die infinitief en die deelwoorde, te gebruik.

Deel van die tempuspatroon was die voltooid teenwoordige tyd ("*hafa/vera*" + voltooide deelwoord/supinum), voltooid verlede tyd ("*hafdi/var*" + voltooide deelwoord/supinum), toekomstige tyd ("*munu/skulu/vilja*" + infinitief), en die voltooid toekomstige tyd ("*munu/skulu/vilja*" + infinitief of "*hafa/vera*" + voltooide deelwoord/supinum). Al hierdie verskynsels het op die een of ander manier in die onderskeie tale en dialekte 'n neerslag gevorm; 'n diepteondersoek van al hierdie verskynsels sal veral vir Afrikaans van groot nut wees, daar veral die Skandinawiese tale (en hul gebruik van die medewerkwoord) groot ooreenkomste met Afrikaans vertoon.

Stelselmatig is 'n komplekse stel tempusvorme ontwikkel, anders as in die geval van die ander Germaanse tale.

5.8.3.1.2.3.3 **Modus**

Onder modus word 'n verskeidenheid verhoudings van die spreker gegroepeer, soos o.a. die imperatief, subjunktief (optatief), en dan veral die modale hulpwerkwoorde. Hierdie groep het met die eerste twee groepe "gekompeteer" waar wense en bevels uitgedruk word. Daar is bv. eerder modaliteite gebruik daar hulle meer eksplisiet is. Met verloop van tyd het feitlik die hele betekenisreeks van die modaliteite verander.

5.8.3.1.2.3.4 **Diatese**

Die uitvoerder van 'n aksie kan op verskillende maniere met die doel van sy aksie in verband gebring word. Verskeie grammatikale middele word daarvoor ingespan, bv. die aktief, passief en reflektief. Hierdie verskynsel het in die onderskeie tale ter sprake verskillend ontwikkel. So bv. word die medewerkwoord somtyds gebruik (i.p.v. die werkwoord).

5.8.3.1.2.3.5 **Woordorde**

Die woordorde van die algemene sin in gemeen-Skandinawies was SVO (d.w.s. subjek-werkwoord-objek), alhoewel inversie ook voorgekom het, bv. SV > VS. Die V het altyd in die eerste of tweede posisie opgetree, nooit in die derde posisie (d.w.s. SOV) nie.

Vir 'n diepte-ondersoek word hier nie voorsiening gemaak nie. Tog sou dit interessant wees om die ontwikkeling van o.a. Oud-Noors, en dan veral die uiteindelijke kulminasie in die onderskeie Skandinawiese tale, te ondersoek. Dan kan die onderskeie aspekte van bv. Sweeds, Noors, Deens, Yslands en Färoërs van naderby beskou word.

5.8.3.1.3 **Wes-Germaanse taalfamilie**

5.8.3.1.3.1 Inleiding

Die taalgroepering wat die grootste bydrae of die grootste invloed op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans as selfstandige taal gehad het, was juis die Wes-Germaanse taalgroepering. Die bewyse daarvan lê in die wese van die taal - die verskillende taalvorme self - vasgevang of is onlosmaaklik daarin vervleg; dit is ook 'n weerspieëling van die bevolkingsamestelling van destyds aan die Kaap.

Dit is Van Rensburg (1968:46) wat die ooglopende raakpunte tussen Afrikaans en Platduits raakgesien en uitgewys het. Tot dusver het hierdie Nederduitse gegewens selde die erkenning gekry wat dit eintlik verdien. Hy sê dat 'n ondersoek daarna "... moontlik ook relikvorme uit die Nederduitse taalgebiede (kan) blootlê wat selfs al in die Nederlands-sprekende gebiede kon verdwyn het...(of) dat uitsprake oor die nie-Germaanse herkoms van talle Afrikaanse woorde weer van nader beskou sal moet word".

In die "sprachlichen Verdrängungsprozeß" is 'n groot deel van die Nederlandse taal- en kultuurgebied afgestaan aan Hoogduitse uitbreidingsdrange, 'n gebied wat selfs sover as Keulen gestrek het. Interessant is ook die verwysing van Kempen (1968:31) na die krimpende invloedssfeer van Nederfrankies, wat die basis van Nederlands vorm:

Vor 1300 gehörte aber auch der Kölner Raum noch stark zum Niederfränkischen... (Die hele konsolidasieproses kon eers in die vorige eeu suksesvol afgerond word.) Die allmähliche Übergang von nieder- zu mittel- und schließlich hochdeutsche Sprachformen läßt sich anhand zahlreicher Dokumente aus vergangenen Jahrhunderten verfolgen.

Die Neder- en Middelduitse of Nederlandse en Hoogduitse taalstrominge het oor 'n baie lang tydperk mekaar wedersyds beïnvloed, 'n aspek wat belangrik is as die Kaapse bevolkingsamestelling van destyds ook in ag geneem word (vgl. bylae 3 van hfst. 6 op p. 307 e.v.).

Bogenoemde taalgroeperinge bied 'n groter perspektief of geheelbeeld op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, juis omdat hierdie tale 'n

blik kan bied op die oorspronklike vorm van Germaans, daar hul taalwe-
se nie so indringend verander het soos dié van die Wes-Germaanse taal-
groepering nie.

Dat daar grotendeels 'n verwantskap tussen al hierdie onderskeie taal-
groeperinge bestaan, word duidelik deur Lockwood (1979:150 e.v.) uit-
gewys. Hy het die "Germaanse" vorme van die Onse Vader (Matteus 6:9)
met mekaar vergelyk, en wel in die vorm van Goties en Oudengels; die
moderne Wes-Germaanse tale verteenwoordig, is Engels, Duits, Jiddisj,
Hollands, Afrikaans, Noordfries (dialek van Moring), Wesfries; en
Skandinawies deur Yslands, Faroërs, Noorweegs (Nynorsk en Bokmål),
Deens, Sweeds en Norn (Orkney en Shetland). Van die Engelse Kreool-
tale sluit Nieu-Melanesies, Krio en Sranan in.

Die twee Wes-Germaanse tale wat die grootste invloed op die ontstaan
van Afrikaans uitgeoefen het, alhoewel albei se bydrae nie op dieself-
de vlak of skaal was nie, was Duits en Nederlands (eerder die ouer
vorme daarvan). Daar veral Nederlands se bydrae van kardinale belang
was, en die impak van Duits nog nie ten volle ondersoek is nie, sal
veral eg. meer aandag geniet.

5.8.3.1.3.2 Nederlands

5.8.3.1.3.2.1 Inleiding

Dit is Van Loey (1954:xviii) wat 'n oorsigtelike beeld gee van die
ontwikkeling van moderne Nederlands. Alhoewel moderne Nederlands ook
belangrik vir hierdie ondersoek is, is dit eerder die ouer vorme van
hierdie taal wat ondersoek sal word (dieselfde geld t.o.v. Duits en
die ander taalgroeperinge wat alreeds ondersoek is).

Die ontwikkelingsgang of -patroon wat gevolg word, strek vanaf die
vroegste indeling van die Indo-Germaanse tale. Soos reeds gesien kon
word, is min aangaande Indo- of Oergermaans self bekend. Uit hierdie
oervorme het stelselmatig o.a. Oud-Germaans, Oud-Wes-Germaans,

Frankies, Saksies en Fries ontwikkel. Nederlands het veral uit Oud-nederfrankies (meer spesifiek Wes-Nederfrankies) ontwikkel; heelwat elemente van die ander taalgroeperinge is daarin opgeneem. Enkele fragmente van Nederfrankies het behoue gebly, so ook van Oud-OosNederfrankies (d.w.s. Nederlandse woorde in Latynse oorkondes, psalmfragmente, ens.). Oudnederfrankiese vorme (of Oud-Nederlands) is tussen die negende en elfde eeu gebruik, d.w.s. tot en met die Middeleeue. Vanaf die twaalfde eeu is Middelnederlands gebesig, wat weer op sigself deur Vlaams (Wes- en Oos-), asook Brabants, beïnvloed is. Die "Algemeen Beschaafd" wat in die suidelike Hollandse stede gebesig is, is ook sterk deur elemente van Fries en Saksies beïnvloed.

5.8.3.1.3.2.2 Middelnederlands

5.8.3.1.3.2.2.1 Inleiding

De Klerk (1982:6) wys daarop dat Middelnederlands eerder verskillende dialekte verteenwoordig as wat dit 'n eenheidstaal is. So het Wes-Vlaams, Wes-Brabants, Hollands en Limburgs as dialekte almal in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae gelewer tot die taal wat as voorganger gedien het vir Nieu-Nederlands en Afrikaans.

5.8.3.1.3.2.2.2 Die werkwoordstuk

In sy behandeling van die werkwoordstuk, lig De Klerk (ibidem:178) aan die hand van verskeie voorbeelde die twee hoofgroeperinge uit, nl. die hoofwerkwoorde en die medewerkwoorde.

5.8.3.1.3.2.2.2.1 Die hoofwerkwoord

Twee tipes hoofwerkwoorde word onderskei, nl. dié werkwoorde met nie-werkwoordelike deeltjies, en dié sonder die deeltjies. 'n Verdere indeling lig bv. die deeltjiewerkwoord, onoorganklike en oorganklike werkwoordstukke, werkwoorde met twee of dié met hegte voorwerpe,

voorsettselwerkwoorde, die koppelwerkwoord, wederkerende werkwoord en onpersoonlike werkwoord uit.

5.8.3.1.3.2.2.2.2 Die medewerkwoord

Dit is veral hierdie gedeelte wat vir hierdie ondersoek van groot belang is. Net soos in die geval van Afrikaans, tree die medewerkwoord in Middelnederlands ook as weglaatbare element in die werkwoordgroep op waarin daar 'n hoofwerkwoord as verpligte moment is. Die tipes werkwoord wat as medewerkwoord optree, is die sg. skakelwerkwoorde, modale hulpwerkwoorde en die hulpwerkwoorde van aspek.

5.8.3.1.3.2.2.2.2.1 Die skakelwerkwoord

Die verba (met voorbehoud²⁷) wat as skakelwerkwoorde gereken kan word, is "*beghinnen, doen, gaen, helpen, comen, laten*" en "*varen*" (as direkte skakelwerkwoorde) en "*ligghen, sitten*" en "*staen*" (as indirekte skakelwerkwoorde).

Die direkte skakelwerkwoord verbind direk met die hoofwerkwoord terwyl die indirekte skakelwerkwoord indirek deur middel van "*ende*" met die hoofwerkwoord verbind.

5.8.3.1.3.2.2.2.2.2 Die modale hulpwerkwoord

Die modale hulpwerkwoorde word gebruik om nie-feitelikhede of nie-bestaande toestande uit te druk, bv. waarskynlikheid, noodsaaklikheid, plig, ens. Voorbeelde hiervan is "*dorren, hebben te, kunnen, moeten, moghen, sullen*" en "*willen*".

5.8.3.1.3.2.2.2.2.3 Die hulpwerkwoord van aspek

"*Hebben*" en "*sijn*" is die twee medewerkwoorde wat gebruik word om die perfektum en die plusquamperfektum te vorm.

5.8.3.1.3.2.2.2.2.4 Ander aspekte

Van die ander aspekte wat De Klerk (ibidem:188) aansny, is o.a. die woordvolgorde in die werkwoordstuk, die aspektiese werkwoord, en die modale hulpwerkwoord en sy posisie teenoor die hoofwerkwoord.

Belangrik is ook om te weet dat daar oor die basiese volgorde van die Middelnederlandse stelsin nie eenstemmigheid is nie. Dit is omdat daar sowel SOV- as SVO-volgordes kan voorkom, sowel vir die hoof- as bysin.

Ook Le Roux (1977) skets die raamwerk waarbinne hierdie taal gelees moet word. Hy wys bv. uit (ibidem:144) dat bitter min van die vroeë ryk Germaanse werkwoordvorme in Middelnederlands oorgebly het. So bv. het een vorm, nl. die aktief, behoue gebly. Die passief is d.m.v. die hulpwerkwoord uitgedruk. Twee tye het behoue gebly, nl. die presens (teenwoordige tyd) en die preteritum (verlede tyd). Wat die vorm betref, is die preteritum 'n perfektum en geen imperfektum nie. Albei tye besit twee wyses, nl. die indikatief en die konjunktief (subjunktief). Laasgenoemde is eintlik 'n optatief waarmee die konjunktief in vorm saamgeval het. Die imperatief is beperk tot die 2de pers. ekv. en mv. presens. In altwee tye is daar ook twee getalle, nl. ekv. en mv. (met drie persone in elkeen). Die drie verbaalnomina sluit die infinitief, teenwoordige en verlede deelwoord in. Die ontbrekende tydsvorme word d.m.v. die sg. hulpwerkwoorde, of soms deur die ander tydsvorme uitgedruk.

Verdere aspekte wat nader belig word, sluit die uitgange van die presens en preteritum, asook klasse van die sterk werkwoord, reduplise-rende werkwoorde, ablaut by die sterk werkwoord, die swak werkwoord, preteritum en verlede deelwoord, werkwoorde sonder 'n tussenklinker in die preteritum en verlede deelwoord, die preterito-presentia, en enkele ander werkwoorde in. Voorts word die oorgang van die sterk na die swak klas (en omgekeerd) ook behandel.

5.8.3.1.3.2.3 Sewentiende-eeuse Nederlands

5.8.3.1.3.2.3.1 Inleiding

Tot dusver was die algemene opvatting dat Afrikaans hoofsaaklik uit "17de-eeuse Nederlands" ontwikkel het, 'n opvatting wat baie water hou, maar tog ook nie die volle waarheid is nie. Baie van hierdie aspekte het wel neerslag in Afrikaans gevind (en is gewoonlik duidelik te bespeur). Die probleem lê egter by dié verskynsels wat moeilik vasstelbaar is, en gevolglik nie in die standaardgrammatikas, ens. voorkom nie. Alhoewel baie meer oor hierdie taal gesê behoort te word, word hier volstaan met die "taalkundige hulp" van Weijnen (s.a.:9 e.v.).

Hy merk tereg op dat sewentiende-eeus (alhoewel in 'n mindere mate as Middelnederlands) regionaal gedifferensieerd is, en dat "... de afstand tussen beschaafd en boeren-Hollands in het begin der 17e eeuw nog klein was". Om die hele situasie te verstaan, behoort 'n mens veel wyer as die sosiale en kulturele aspekte te kyk. Hierdie differensiasie het alles omsluit, asook die politieke. Staatskundig was Europa in 'n kookpot, nog besig om te ontwaak. Hierdie situasie moes 'n beduidende invloed gehad het op diegene wat na die Kaap gestuur is, asook die taalgebruik wat aldaar gebesig is. 'n Eenheidsbewussyn moes nog ontwaak.

5.8.3.1.3.2.3.2 Die werkwoord

Verskeie van die werkwoorde wat in die sewentiende eeu swak was, is in moderne Nederlands sterk, en omgekeerd. Ook Weijnen (ibidem:38) maak baie van voorbeelde gebruik om sy betoog te steun, o.a. om die verskillende tye wat gebruik is, te demonstreer. Dat daar geen eenvormige standaard (d.w.s. 'n grammatika) was wat riglyne kon bied nie, blyk duidelik.

5.8.3.1.3.2.3.2.1 Indeling

5.8.3.1.3.2.3.2.1.1 "Groepen van een werkwoord"

Weijnen (ibidem:73) volg 'n eie patroon as hy tussen die verskillende werkwoorde onderskei. So byvoorbeeld dui hy dié werkwoorde aan wat

alleen optree, nl. die "groepen van een werkwoord" (d.w.s. die sg. hoofwerkwoord). Hier onderskei hy tussen die werkwoorde wat met "betekenloos het" (as onderwerp) optree, en dié wat diskongruent met die onderwerp optree. By lg. kan bv. twee predikaatsverba in 'n sin optree (onderskeidelik as ekv. en mv.) a.g.v. meer as een subjek in 'n sin. 'n Verdere indeling onderskei ook tussen werkwoorde wat "persoonlik/onpersoonlik, wederkerend/niet wederkerend" gebruik word (waar baie werkwoorde se betekenisveld ruimer is as wat tans die geval is); dieselfde geld t.o.v. die koppelwerkwoorde wat bv. "*gaan, komen, liggen, raken, staan, vallen*", ens. ingesluit het. Weijnen (ibidem:75) verwys bv. na die infinitief in die naamwoordelike deel van die gesegde wat deur "*te*" voorafgegaan word: "*daer is het te roepen ende tieren op de henne*". Daar was voorts ook dié werkwoorde wat (vir ons altans) "vreemd" optree, d.w.s. in vreemde kombinasies met bepalings en voorwerpe. So bv. was daar werkwoorde wat in die sewentiende eeu oorganklik, asook ander wat weer onoorganklik was. By sommige het die reksie verskil, of was dit moeilik vasstelbaar by ander werkwoorde of dit die datief of akkusatief regeer het. Somtyds was die gebruik van die voltooidede deelwoord ook eienaardig. Waar die infinitiefgebruik tans in moderne Nederlands geld, het die newegesikte gebruik van die werkwoord, d.w.s. die sg. hendiadis, vroeër opgetree om 'n nuwe eenheid te vorm.

5.8.3.1.3.2.3.2.1.2 Die hulpwerkwoord

Die Afrikaanse medewerkwoord het sy ontstaan in hoofsaak aan hierdie verskynsel te danke. Mettertyd sou enkele ander aanpassings ook volg.

Weijnen (ibidem:80) merk op dat die hulpwerkwoordgebruik in die sewentiende eeu verskil van die gebruik in moderne Nederlands, veral waar die voltooidede tyd aangedui word. "*Hebben*" en "*zijn*" se betekenis het so verander, asook dié van "*zijn, blijven, blijken, vallen, vallen, loopen*" en "*beginnen*" wat dikwels met "*hebben*" vervoeg is, en "*gaan*" as dit deur 'n imperatief gevolg is. Soms het daar naas die voltooidede tyd ook nog 'n voltooidede deelwoord opgetree, bv. "*gehad*" vir die aktief of "*geweest*" vir die passief: "*gesteld ghehadt hebbende*;

gevonden is geweest". In dié opsig was daar geen eenvormige gebruik van die medewerkwoord nie, soos bv. gevalle waar die gebruik totaal en al oorbodig is, om bv. modaliteit uit te druk, of om 'n ander hulp- of koppelwerkwoord te vervang.

'n Groot verskeidenheid ander gebruike het bv. ook voorgekom. Die werkwoord "*zijn*" kan met 'n teenwoordige deelwoord die duratiewe aspek uitdruk, terwyl "*worden*" daarmee die inchoatiewe aspek uitdruk.

"*Staan + te*" voor die onbepaalde wyse het "op het punt zijn, weldra zullen" beteken. Die deelwoord "*geworden*" tree somtyds in die voltooide tyd van passiewe sinne op. Vondel se eienaardige gebruik van die imperatief (in sy "*Pascha*", soos aangehaal) word soos volg uitgedruk: "die hierin bestaan dat de imperatief van een werkwoord van beweging met een volgende imperatief zonder pauze verbonden wordt en zijn concrete betekenis verliest: *komt dwaet ons tranich oog; Gaet bootschapt Pharao wie dat u is verschenen*". Ook opvallend is die konstruksie "*doen, gaen, leeren*" + "*te*" + infinitief. "*Blijven*" is somtyds met 'n teenwoordige deelwoord verbind, en nie met die gebruiklike infinitief nie. Verskeie groeperinge was ook moontlik, bv. naas "*staande houden*" kon ook "*houden staan*" voorkom. Waar die infinitief gebruik word, is soms 'n werkwoordsvorm met die "*ge*"-prefiks gebruik, en is dit gevolglik onduidelik of 'n deelwoord of 'n infinitief daarmee bedoel word. Die werkwoorde "*loopen, gaan, zitten*" en "*komen*" is ook soms sonder die gebruiklike "*te*" gebruik as infinitief; die deelwoord kon ook daarin voorkom.

Meer spesifieke betekenisse het o.a. die volgende ingesluit. "*Mogen*" het deurgaans "*kunnen*" beteken. Somtyds het dit 'n modale betekenis gehad wat met "*zullen*" of "*moeten*" vertaal kon word. In sekere gevalle het dit inderdaad "*moeten*" of "*zullen*" beteken. "*Wil*" kan ook "*moge (zou)*" beteken. "*Wilt*" + infinitief het ter versagting van die imperatief gedien waar die verhouding nie te intiem was nie. "*Durven*" kon onderskeidelik "*moed hebben; mogen (kunnen)*" en "*behoeven*" ("met een negatie") beteken. "*Moeten*" het ook "*mogen*" beteken. "*Passen*" kan "*ervoor sorgen*" beteken, as imperatief of bloot omskrywend. "*Ma-ken*" het dieselfde funksie. "*Hebben te*" kan 'n suiwer omskrywende

funksie hê, bv. van wat gedoen word. "*Komen te*" kan weer "toeval", noodlot of voorwaarde uitdruk, maar is ook soms sonder sin of betekenis. "*Laten, mogen, moeten*" en "*willen*" het ook dikwels dieselfde betekenis as die konjunktief gehad.

Weijnen (ibidem:82) brei ook nog verder uit oor die gebruik van deelwoorde by werkwoorde "die baten, passen of het tegendeel beteken", en die gebruik van die infinitief sonder die "*te*".

Die moontlike invloed wat Hollands en van die ander dialekte soos Fries en Vlaams op Afrikaans sou kon gehad het, word nie verder ondersoek nie. Lockwood (1979:122) skets die historiese perspektief kortliks.

5.8.3.1.3.3 Duits

5.8.3.1.3.3.1 Inleiding

Die invloed wat die ouer vorme van Duits (en veral waar daar raakpunte met Nederlands bestaan, soos verskeie dialekte) op Afrikaans gehad het, is 'n aspek wat nog altyd verwaarloos is.

Lockwood (ibidem:114) plaas die verhouding tussen die vroeë Duitse en Nederlandse dialekte²⁸ (d.w.s. tot en met die begin van die twaalfde eeu) in perspektief:

Innerhalb dieser (frühgermanischen) Sprachen unterscheiden wir zwei Gruppen: das Altniederdeutsche im Norden, das das Sächsische und das Niederfränkische umfaßt, und das Althochdeutsche, das im Zentrum in das Oberfränkische und im Süden das Alemannische, das Bairische und das Langobardische zerfällt.

Middelhoogduits het deur sterk uitbreidingsdrange geweldig veld gewen en stelselmatig die algemene taalnorm van "Duitsland" geword. Daarteenoor het die oorwegend Saksiese dialekte Middelnederduits gevorm, wat mettertyd in Nederfrankies en Middelnederlands ontwikkel het. Dit is nadat Nederduits geweldig veld begin verloor het teenoor Hoogduits.

Sowinski (1974:115) skets kortliks die Duitse taalontwikkeling. Hy begin dan ook by die Oudhoogduitse en die dialekverskeidenheid wat destyds bestaan het. Aan die beurt kom bv. die sg. klankverskuiwing en ontwikkeling van analitiese taalvorme. Afgesien van Oudsaksies en Middelnederduits, het Middelhoogduits die posisie tussen Oudhoogduits en dit wat daarna gevolg het, nl. "Frühneuhochdeutsch" en "Neuhochdeutsch", beklee.

5.8.3.1.3.3.2 Die werkwoord

Paul et al. (1975:184) gee 'n volledige oorsig van die werkwoord. So wys hy bv. daarop dat die oorspronklike rykdom aan vorme by die werkwoord alreeds saamgesmelt het; hierdie vereenvoudiging is later nog verder gevoer deur 'n proses van gelykmaking. "Anderseits steht neben den ererbten synthetischen Formen (Verbalstamm + Flexionsendung) eine Fülle von analytischen und periphrastischen Bildungen (mit Hilfsverben)." Dit is veral hierdie aspek wat deegliker ondersoek moet word.

Die werkwoord self is in twee hoofklasse verdeel, nl. die sterk en die swak werkwoorde, veral om die preteritum uit te druk. By eg. klas is die ablaut of verandering van die wortelvokaal die eindresultaat.

Die Middelhoogduitse werkwoord beskik ook oor 'n ryke skakering van uitdrukkingsmoontlikhede, net soos in die geval van Middelnederlands, ens. Daar vanuit 'n Afrikaanse perspektief baie min belangstelling in hierdie moontlike aanknopingspunt bestaan, en weinig navorsing oor hierdie aspek gedoen is, word vir eers volstaan met hierdie kort samevatting.

5.8.3.1.3.4 Engels

Lockwood (1979:126) wys daarop dat die Germaanse invallers teen 600 n.C. die Keltiese inwoners van Engeland feitlik geheel en al verdring en verdryf het. "Englisc" het die taal van "Englaland (die land van die Angele)" geword na die samesmelting tussen die onderskeie groepe,

in hoofsaak die Angele en die Sakkers. Aanvanklik is na hulle taal as Angelsaksies verwys, maar dit is mettertyd deur Oudengels vervang.

Alhoewel baie te leer is uit die ouer vorme van Engels, en dit baie ooreenkomste met die Germaanse dialekte en tale van veral Nederland en Noord-Duitsland vertoon, word die diachroniese aspek en implikasies wat dit selfs vir Afrikaans ingehou het (direk of indirek), nie nou hier verder ondersoek nie.

5.8.3.1.3.5 Jiddisj

Ook Jiddisj het geen direkte impak op Afrikaans gehad nie. Tog is daar sekere aspekte wat tog van belang mag wees, bv. dié aspekte wat van Duits oorgeneem is en verwantskap vertoon met Afrikaans.

Wexler (1991:9) deel Jiddisj as die vyftiende Slawiese taal in. Hy het bevind dat Jiddisj 'n verskuiwing ondergaan het, nl. van Judeo-Sorbies na Duits. Oor die geldigheid al dan nie van so 'n uitspraak sal daar nie nou ingegaan word nie. Die gevolgtrekking waartoe hy kom (ibidem:100, met kursivering van Wexler; 'n alterasie van Weinreich), lui soos volg:


It is safe to say that no event was more decisive in the development of **Judeo-Sorbian** than its **incorporation** into a **German** environment and its withdrawal from the reach of **Sorbian** norms. It was under **German** influence, above all, that aspects of the grammatical system were restructured and that the 'normal' genetic relation of Yiddish to **Sorbian** was weakened... Large numbers of new communities were founded in the new environment and existing communities speaking **Judeo-Slavic**... **became partly Germanized**.

'n Deeglike studie van die leksikon, fonologie en morfosintaksis is nodig om al die relevante konsekwensies bloot te lê. By die voltooië verlede tyd wat in Pole gebruik word, iets wat ook sporadies in Roemenië en Bessarabië voorkom, skei die isoglos die medewerkwoord ("auxiliary") "*iz gehot*" ('het (gehad)' + deelwoord; "'had' + participle") van die medewerkwoord "*iz geven*" wat in Wes-Pole, asook gedeeltes in Wit-Rusland, gebruik word; dié verskynsel is egter raar in die Jiddisj

wat in Litaue gebesig word. In Sorbies word die voltooide verlede tyd met die medewerkwoord "wees ('be') " gevorm.

5.9 Slotsom

Die uiteindelijke doel met hierdie hoofstuk is, net soos in die geval met die vorige hoofstukke, om ons stelselmatig vir die sesde hoofstuk wat spesifiek oor die medewerkwoord in Afrikaans handel, voor te berei. Ook hierdie hoofstuk dien gevolglik 'n tweeledige doel. Eersyds verleen dit aan ons 'n breë teoretiese basis waarteen ons uiteindelik die hulpmoment kan meet en wat as afspringplek kan dien vir ons uiteindelijke doelwit, andersyds ook as raamwerk waarbinne ons kan werk, nl. om die weg voor te berei vir die toepassing van alle inligting of kennis hier ter sprake op die verskynsel soos wat dit in Afrikaans figureer.



BYLAE 2(2)


INDOGERMAANSE TALE³²

TAK	GROEP	TAAL EN ANDER BELANGRIKE DIALEKTE			
		antiek	Middeleeus	modern	vindplek
Germaans	Oos	?	Goties		Oos-Europa
	Noord	?	Oudnoors	Yslands Faroërs Noors Sweeds Deens	Ysland F.-eilandgr. Noorweë Swede Denemarke
	Wes	?	Oudhoogduits Middelhoog- duits Oudsaksies Middellaag- duits Middelneder- lands Middelvlaams Oudfries Oudengels Middelengels	Duits Jiddisj Nederlands Afrikaans Vlaams Fries Engels	Duitsl., Oos- tenr., Swits. Duitsland, Oos-Europa Noord- Duitsland Nederland Suid-Afrika België Ndl., Duitsl. Engeland


ANDER TAKKE:


Daar is alreeds na die ander takke of taalfamilies (bladsy een van hierdie hfst. verwys). Naas hierdie taalgroeperinge was daar ook 'n aantal kleiner taalgroeperinge (of tale) waarvan sommige uitgestorwe en swak gedokumenteer (alhoewel Indo-Germaans) is, ander weer te betwyfel of hulle Indo-Germaans was.

Interessante indelings is dié van Gamkrelidze en Ivanov (in Hayward, 1989:70) en Benveniste (1973).



Hierdie model onderskei sewe stadiums, nl. van die ongedifferensieerde Indo-Europees (stadium 1) tot (linguisties en geografies beskou) die distinktiwe dialekte (stadium 7). Stadium 2: A verteenwoordig Anatolies, Togaars, Italies-Kelties-Illiries en B Germaans-Balties-Slawies en Aries-Grieks-Armeens (met kontak tussen die twee groepe).





ENDNOTE

1. Volgens Van Caenegem (1983:406) dui taalfamilie op "een groep onderling verwante talen die historisch terugvoerbaar zijn op een gemeenschappelijk voorstadium". In Störig (1987:60) word daar na 'n "Sprachfamilie" of 'n "Sprachstamm" verwys. Daaruit spruit die verskillende vertakkinge (of taalgroeperinge).
2. Althaus, 1980:564.
3. 'n Ander skool (Anon., 1986:600) verwys na Indo-Hetities. Alhoewel die woordeskat van Hetities sterk afwyk, word dit as Indo-Germaanse taal gereken.
4. In Van Caenegem (1981:532) en in Odendal (1985:127 & 943) val die Indo-Germaanse tale in satemtale (waarin die palatale eksplosiewe tot palatale en alveolêre frikatiewe geword het) en centumtale (waarin die palatale eksplosiewe tot velêre eksplosiewe geword het) uiteen: eg. sluit Indo-Iraans, Armeens, Albanees en Balties-Slawies in, lg. Grieks, Italies (Latyn), Germaans en Kelties.
5. Van Caenegem, 1983:406. "Een dergelijk gereconstrueerd voorstadium (volgens die historiese rekonstruksie) noemt men een proto-taal." Germaans kan dus teruggevoer word na Oergermaans, of "Proto-Germaans". Net so "worden... de *Indo-europese talen op het Proto-Indo-europees [teruggevoerd]". Daar word ook na die oervorm as "Oer-indogermaans" of "Proto-indo-europees" verwys. Störig (1987:52) verwys ook na "indogermanisch" of "indoeuropäisch". Alhoewel so 'n indeling gemaak is, kan dit slegs gebaseer word op talige faktore, m.a.w. dat die taalsprekers sekere inligting uitgeruil het (vgl. hierdie hfst.). Ander aspekte, soos en veral die genetiese (die koderingsaspek wat wetenskaplikes poog te ontrafel), moet eers weerlê word om so 'n indeling te regverdig.
6. Dik (soos aangehaal in Van Caenegem, 1981:532).
7. Althaus (soos aangehaal in Van Caenegem, ibidem:565) wys daarop dat die teoretiese beoordeling van hiêrdie soort veranderinge of vernuwinge nie bevredigend is nie:
 Man spricht beim ungebrochenen Kontinuum von ‚Ausbreitung‘, bei verwandten Sprachen von ‚Entlehnung‘ - die Ausbreitung in einem gebrochenen Kontinuum (‚Entlehnung in verwandte

Sprachen') nimmt aber in mehreren Punkten eine Zwischenstellung ein (z.B. können Lautwandel verhältnismäßig leicht übernommen werden, was bei unverwandten Sprachen nur unter besonderen Umständen möglich ist).

8. Net soos baie van die inheemse taalgroepe aan Indo-Germaans ontleen het, kon (of het) Indo-Germaans dalk net so baie by hierdie kontaktale geleen het.
9. Dié verwysing (ibidem:565 en Van Caenegem, 1981:532) sluit die sg. "Stammbaumtheorie" en "Wellentheorie" in.
10. Wahrig, 1969:167. 'n Evolusionêre geskiedenis, waarna Lewin (1987:1232) ook indirek verwys, kan ook op die Germaanse toegepas word. Hy verwys egter na 'n groter samehang van tale (globaal beskou):

As far as genetic data go at the moment, there appears to be some support for these roots. Linguists occasionally attempt to infer the length of separation of two related languages, by measuring the degree of difference between some of the important, stable words. Known as glottochronology, the technique assumes a rather steady rate of change with time, just as some molecular biologists take accumulated mutations as a molecular clock.

Hierdie tegniek is nog nie vervolmaak nie.

11. Van Caenegem, 1981:566.
12. Net soos Latyn is Sanskrit 'n dooie taal wat gebruik is vir godsdienst, wetenskap en digkuns (dit bestaan nie meer as algemene omgangstaal nie).
13. Soos aangehaal in Störig (1987:51).
14. Die presiese aard en omvang van hierdie hele proses is nie vir hierdie ondersoek van belang nie. Daar is heelwat oor hierdie aspek geskryf.
15. Sommerfelt (1962:252) probeer om lig te werp op 'n sg. "Indo-Germaanse" habitat of tuiste. Oor hierdie aspek kan daar net gespekuleer word.
16. Oergermaans het geleidelik in verskeie dialekte ontwikkel, wat elkeen op sigself in nuwe dogtertale ontwikkel het (Anon., 1986:606). Ons kan onself afvra of hierdie gemeenskaplike oertaal nie te ver of te veel van die "Indo-" of Indiese gedeelte afwyk as om deel daarvan te kon gewees het nie? Kontak met hierdie groep beteken tog nie dat hulle eens op 'n tyd een groep gevorm het nie! Die religieuse of geloofsaspek is maar een aspek wat eerder die teendeel voorstaan.

17. Die sterk verlede tydsvorming is 'n oorblyfsel van die Oergermaanse statiewe aspek.
18. Anon., ibidem:607.
19. Aspek verwys na die aard van 'n gegewe aksie (vanuit die perspektief van die spreker). Die imperfektiewe aspek (teenwoordig) het herhaalde aksies of prosesse of toestande wat voortduur aangedui; die perfektiewe aspek (aoris) druk 'n enkele, afgehandelde gebeurtenis van 'n aksie of proses uit. Die statiewe aspek (perfektum) beskryf die staat of toestand waarin die subjek verkeer.
20. Anon., ibidem:605.
21. Anon., ibidem:605. "Voice indicates the relationship of the action expressed by the verb to the subject of the statement."
22. Raadpleeg Anon. (ibidem:605) vir voorbeelde.
23. Volgens Van der Merwe (1965:6) het die Bastarniërs en Skiriërs die eintlike Oos-Germaanse volksgroep saamgestel. Later verdellings het gevolg, nl. die Gepide, Herulers, Krimgote, Vandale, Rugiërs, Boergondiërs en die Gote. Lg. sou later verder verdeel in die Oos- en die Wes-Gote.
24. Die "i"-klinker by die eerste drie vorme stel die vol klinker (Idg. "e") voor, en die afwesigheid van die klinker voor "s" stel die swak trap voor (die verdwyning daarvan stel die reduksietrap voor).
25. Die sterk klas word gekenmerk deur die verandering van die wortelklinker in die pret. en die vorme daarvan gevorm, wat ook as ablaut bekendstaan, sonder enige toevoeginge daaraan, behalwe waar die uitgange ter sprake is. Die swak klas daarenteen word deur 'n toevoegsel in die pret. en samehangende vorme gekenmerk, sonder verandering van die wortelklinker, d.w.s. sonder ablaut.
26. Die afsonderlike kategorieë is: (1)geslag: manlik, vroulik, onsydig; (2)kasus: nominatief, akkusatief, datief, genetief; (3)getal: enkelvoud, meervoud; (4)bepaling: bepaald, onbepaald; (5)vergelyking: "pos.(?meaning)", vergrotende trap, superlatief; (6)persoon: 1., 2., 3. persoon; (7)tempus: teenwoordig, verlede tyd; (8)modus: imperatief, subjunktief, indikatief; (9)diatese: aktief, passief, refleksief; (10)konjunksie: koördinasie, subordinasie; (11)woordorde: normaal, omgekeerd.

27. Die werkwoorde wat uitgesonder kan word, is "*laten*" en "*doen*".

"*Laten*" kan ook as oorganklike werkwoord optree:

Beede man ende wijf *lieten* den aermen keytijf(...).

"*Doen*" het homonieme wat in hulle funksies verskil (as vervangende hulpwerkwoord, koppelwerkwoord met adjektiewiese aanvulling, as hulpwerkwoord om tyd aan te gee, as oorganklike werkwoord en in die betekenis van "*laat*").

28. Vergelyk ook Raidt (1976) in hierdie verband.

29. Bronne geraadpleeg: Raidt (1976); Wahrig (1969); Van Caenegem (1981); en De Groot (1968).

30. Vgl. bylae 2(2) op p. 222 waar voorsiening gemaak word vir Vlaams.

31. Vgl. bylae 2(2) op p. 222 waar voorsiening gemaak word vir Faröers.

32. Gove (1961:1153) verwys na Indo-Europees. Ander bronne geraadpleeg: Van Caenegem (1981); Benveniste (1973); en Barber (1972).

HOOFSTUK 6

6 DIE MEDEWERKWOORD IN AFRIKAANS

6.1 Inleiding

Die ontstaansgeskiedenis en die uiteindelijke kulminasie van Afrikaans as histories-verwante spraakvorm van hoofsaaklik die Germaanse tale - m.a.w. alle vorme daarvan, verlede, hede en toekoms - herinner sterk aan of vertoon baie ooreenkomste met die ontstaansgeskiedenis(se) van baie van die (oer- of stam-) tale waaruit dit ontwikkel het. Baie min diepgaande navorsing, veral in hierdie verband (nl. soos in die vorige hfst. behandel), is al oor hierdie hoogs interessante, dog uiters komplekse proses(se) geloods. Dit kan aan baie faktore toegeskryf word. Miskien bevind ons ons vandag in 'n beter posisie om te kan oordeel en 'n sintese oor die ontstaans- of ontwikkelingsgeskiedenis daarvan te kan formuleer, wat gebaseer is op 'n rekonstruksiemodel van werklike gebeure, ontdaan van enige persoonlike gevoelens of subjektiewe uitsprake van die individu of enige gegewe groep waarin eie belange geldien word.

Verskeie taalkundiges (soos o.a. H.G.W. du Plessis en T. du Plessis, 1987) beywer hulle byvoorbeeld vandag daarvoor om die mites rondom die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans - 'n moet in enige taal - op te spoor en in die regte perspektief te stel. Hierdie ontmitologisering kan egter die skaal weer na die ander kant laat oorhel, wat dan die teendeel weer kan verhef tot nuwe mite. As hierdie aspek tot sy volle konsekwensies deurgevoer word, dan moet die oervorme van Afrikaans ook dalk weer aan bod kom. Alhoewel die vroeë taalkundiges dalk beter insig in hierdie ouer vorme (veral t.o.v. detail) gehad het, beskik ons dalk vandag oor 'n beter globale oorsig en kan ons van die hele romantiek waarin die wetenskap op sigself verweef of vasgevang is, ontslae raak.

Afrikaans, wat as een van die modernste tale van die Germaanse taalfamilie beskou (kan) word (vgl. ook Noors, en die ontwikkeling van

Nynorsk/Landsmål en Riksmål/Bokmål daaruit, en pogings om Samnorsk ingestel te kry om die middelpuntvliedende taalgroeperinge weer byeen te bring), en die enigste Germaanse taal wat in Afrika ontwikkel het, bestaan n.a.v. al die historiese prosesse uit 'n superkonsentraat van inligting wat oorgeërf is, maar nog nie (naastenby) ten volle ontgin is nie. Dit is dus dwaas om Afrikaans (die hele aard en wese daarvan, asook al die verwante aspekte) in isolasie te wil beskou of te bestuur. Om hierdie geweldige netwerk in sy geheel bloot te lê, het die mens - maar veral die taalkundige - 'n geskikte hulpmiddel¹ nodig. Uit die praktyk lyk dit egter asof hy nie oor so 'n model beskik nie, of eerder dat hy dit nie doeltreffend kan beheer nie.

Die voorgeskiedenis van "Afrikaans" (d.w.s. globaal beskou) is ver verwyderd van die bodem waar dit ontstaan het. Vanuit 'n taalkundige perspektief lig Pfeiffer (1979:6) bv. uit dat die taal en letterkunde vóór die helfte van die 17de eeu gemeenskaplike besit is; nog verder terug word dit gemeen-Germaanse besit.

Hierdie voorgeskiedenis sluit die somtotaal van gebeure in wat die ontstaansgeskiedenis daarvan voorafgegaan het. Die verskyning uit die niet, tydperk van vestiging, opbloei op verskeie terreine, maar ook die onmin wat sy kop uitgesteek het. Dit kan toegeskryf word aan verskeie kragte wat meegehelp het om die gesig van Europa te verander. Vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief beskou het 'n diaspora² ontstaan wat uiteindelik sou kulmineer in die geboorte - 'n samevloeiing - van 'n nuwe taal en kultuur.

6.2 Die ontstaansgeskiedenis van "Afrikaans"

6.2.1 Historiese oorsig

'n Subjektiewe beeld kan dalk geskets word wanneer Afrikaans se ontstaansgeskiedenis met dié van ander tale vergelyk word.

Kotzé (1991:1) se diachronies-tipologiese klassifikasie is so 'n poging tot "rasionalisasie en begripsverheldering", veral waar dit gaan

oor gelaaiide begrippe soos "kreool", "semi-kreool" of "post-kreool" in die taalontwikkeling van Afrikaans, en waar dit eerder lyk asof sosiale faktore i.p.v. geïsoleerde linguistiese kenmerke vir die veranderinge verantwoordelik was. Uit sy betoog lyk dit dan ook of hy eerder 'n voorstander van "koineïsering" is, d.w.s. dat geen drastiese reduksie die taalwese van Kaaps-Hollands of vroeë Afrikaans, as ontwikkeling uit 17de-eeuse ABN, aangetas het nie.

Volgens Siegel (soos aangehaal in Kotzé, ibidem:3) is daar drie vereistes vir hierdie verskynsel, nl.

- a) 'n koine is die resultaat van vermenging tussen taalsubstelsme wat óf onderling verstaanbaar is, óf dieselfde gesuperponeerde standaardtaal deel;
- b) koineïsering, anders as pidginisering, is tipies 'n stadige en geleidelike proses; en
- c) die sosiale korrelaat van koine-ontwikkeling is volgehoue intensiewe kontak en geleidelike assimilasië van sosiale groepe.

Die feitelike situasie van vroeë Afrikaans kan soos volg opgesom word. Die stedelike Nederlands van die hoër klas in die Hollandse stede Amsterdam en Den Haag het tot 1795 as norm vir Kaap-Hollands gedien. Die normgewende komponent van die taalgemeenskap kon nog steeds in 'n situasie van dialektiese diglossie 17de-eeuse ABN en dialekties geskaakte variëteite van Nederlands en Nederduits onderling vir hulle alledaagse kommunikatiewe behoeftes gebruik.

Vir die bevolkingsamestelling, en veral van die nedersettingsgroep, kan bylae 2 op p. 222, soos aangehaal in Colenbrander (1902), asook die kaart wat daarby ingesluit is, (aan die einde van hierdie hfst., op p. 307, na die endnote) dalk interessante inligting bied. Daaruit sou 'n mens kon aflei ('n logiese gevolgtrekking) dat só 'n samestelling - waar homogeniteit glad nie ter sprake is nie - die hele aard en wese van die 17de-eeuse ABN sou moes aantass, en dat die wedersydse beïnvloeding van die betrokke taalgemeenskappe op mekaar, hetsy polities, sosiaal, ens., na alle waarskynlikheid 'n groter rol gespeel het en invloed uitgeoefen het op die ontstaan van Afrikaans as wat tot

dusver aanvaar of erken is. Dit is 'n aspek wat nog in diepte ondersoek moet word.

Daar is ook geen uitsluitel oor die feit of die taalveranderinge oornag of geleidelik plaasgevind het nie. Beide standpunte geniet steun. Op die vlak van die sosio- of idiolek kon die veranderinge, afhangende van die groep ter sprake, oornag plaasgevind het. Omstandighede was destyds van so 'n aard dat geen samehorigheid of eenvormigheid moontlik was nie, dit maak nie saak watter lewensterrein ter sprake is nie.

Alhoewel assimilasie volgens Kotzé (ibidem:3) 'n deurslaggewende rol aan die Kaap gespeel het, bly dit nog steeds 'n saak wat eers deeglik ondersoek moet word. Dit is 'n onbetwisbare feit dat minderheidsgroepe binne 'n kort bestek linguisties en sosiaal geassimileer geraak het a.g.v. 'n uitgesproke beleid van die amptenary. Maar dan moet die getalleverhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe, bv. tussen Nederlanders en Nederduitse³ enersyds, en die vermenging met sprekers van die Nederlands onverwante tale andersyds, ook in berekening gebring word.

Hieroor laat Pfeiffer (1979:8) hom soos volg uit: "The contact with other languages (eerder taalgroepe) at the Cape is well known - the Khoi language of the local tribes, Malayo-Portuguese amongst the slave population, some French (temporarily) spoken by the Refugees, some German (or Low-German) spoken by the considerable proportion of Germans which the garrison always seemed to contain... But out of this, ... no mixture emerged." Vervolgens wys hy dan ook daarop dat vroeë Afrikaans in wese sy Germaanse karaktertrekke behou het.

Baie is al oor al hierdie aspekte uitgewei, bv. die taalgebruik van die slawekinders, of van kinders oor die algemeen, veral in die tydperk toe Afrikaans in sy kinderskoene was. Die laaste is egter nog nie oor dié hoogs kontroversiële aspekte gesê nie, veral namate meer diachroniese gegewens aan die lig kom en 'n groter openheid deur die navorsers aan die dag gelê word.

Coetsee (1933:69 e.v.) lig enkele aspekte uit wat daarop dui dat kindertaal sekere wysiginge in die algemene taalgebruik teweeg kan bring, of 'n versterkende invloed daarop kan hê. Die onderliggende hooforsaak is die fisiologiese probleme wat 'n kind aanvanklik teëkom, iets waaroor hy eers later volkome beheer verkry, n.a.v. die aanvanklike maar bewuste napraat van dit wat aan hom voorgesê word, en die latere uitkristallisering van die betekenis binne breër verband.

Kindertaal kán dus wel 'n wysigende invloed uitoefen; dit moet egter nie as onlosmaaklik of verwyderd van dié van die ouer beskou word nie. Deeglike navorsing behoort egter onomwonde vas te stel of dergelike wysiginge wel toegeskryf kan word aan kindertaalinvloed (of in welke mate dit wel daaraan toegeskryf kan word). In Afrikaans kon beïnvloeding veral op die volgende vlakke plaasgevind het: klankwysiging (wat baie wisselvorme tot gevolg kan hê); woordwysiging; en sintaksiswysiging.

Onder laasgenoemde kom die werkwoordwysiging dan ook aan bod. Coetsee (ibidem:83) lig enkele van die kenmerkende eienskappe van die Afrikaanse werkwoord uit: invloed op die infinitief-gebruik (die verlies van die infinitiefuitgang); imperatiefgebruik; die verwarring t.o.v. die persoonsvorme van die "hulpwerkwoord" het heel vroeg aan die Kaap voorgekom. Hierdie vereenvoudiging, waar "*het*" en "*is*" vir alle persone gebruik is, is aan die begin van die 18de eeu in 'n hoë mate voltrek. Dieselfde geld t.o.v. die gebruik van die hoofvorme van die werkwoord, en die verlies van die "-*en*"-uitgang van die werkwoorde.

Voorts wys hy dat op die gebied van die vereenvoudiging van die werkwoordstelsel (tye en persoonsvorm), daar 'n merkwaardige ooreenkoms tussen Afrikaans, die Nederlandse kindertaal, Nederlandse en Nederduitse dialekte, en Maleis (-Portugees) is.

Uit hierdie gegewens lyk dit dus ook of die invloed van verandering by die Nederlandse en Nederduitse dialekte ontstaan het (die verwarring wat ontstaan het, het die vermenging van die dialekte en ander tale

tot gevolg gehad). Daarna het die kindertaal sy invloed laat geld. 'n Neiging tot vereenvoudiging (of gelykmaking) kon ook ontstaan het.

Die diachroniese gegewe kan slegs bevredigend binne 'n sosiale konteks gegee word. Kotzé (1991:6) dui aan dat 'n klassifikasiematriks bg. aspek (nl. assimilasie) in berekening behoort te bring. Waar die genealogiese model dan tekortsiet, kan makrolinguistiese maatstawwe die diachronies-tipologiese klassifikasie van 'n taal medebepaal, sonder dat mikrolinguistiese kriteria vir die sinchronies-tipologiese klassifikasie of as aanvullende bewysmateriaal vir diachroniese prosesse uitgesluit word.

Pheiffer (1979:5; soos vele ander ook al aangetoon het) gee 'n blik op die talige situasie ter lande, wat deur duisende argiefstukke (o.a. "Aan de Kaap" van Changuion) geboekstaaf kan word: "... tonen dat de gewone man over 't algemeen sinds de helft van de achttiende eeuw het Nederlands alleen nog in naam en als Bijbeltaal kende...". 'n Eiesoortige "Kaapsche uitspraak" ('n "crom Kaapsch spreken" of "plat Kaapsch", ook "Afrikaans-Hollands" ens. genoem) het mettertyd ontwikkel.

Malherbe (in Nienaber, 1965:39 e.v.) het dit in sy studie ook oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Daarin probeer hy dan ook om die kompleksiteit rondom die talige situasie in die land te verklaar. Fundamentele foute kom egter daarin voor wat slegs toegeskryf kan word aan die feit dat diepgaande insig op daardie tydstip oor 'n breë spektrum ontbreek het.

Hy wys ook daarop dat daar in die spreekwoordeskat van Afrikaans dalk meer aanrakingspunte met die Duitse invloed (Duitse sowel as Platduitse) skuil as wat tot dusver erken is.

Dié inligting wat direk met die medewerkwoord verband hou, sal ter geleger tydstip weer in diepte ondersoek moet word. 'n Voledige ondersoek van hierdie verskynsel (met bogenoemde altyd in gedagte), sal veral t.o.v. van alle historiese tekste geloods moet word. Dekker

(1980) noem enkele van hierdie belangrike tekste, bv. die Nederlandse geskrifte wat ter plaatse geskryf is, die *Daghregister van Jan van Riebeeck*, reisverhale, die *Dagregister van Adam Tas*, talle Voortrekker-geskrifte, die *Dagboek van L. Trichardt*, die *Dagboek van Erasmus Smit*, die *Joernaal van Sarel Cilliers*, *Scheepers se Dagboek*, ens. Van die vroegste geskrifte in "Afrikaans" is net so belangrik, bv. dié van Teenstra, Boniface, Kaatjie Kekkelbek, Meurant, ens.

6.2.2 Die situasie vandag

Die nuwe beskouinge aangaande die ontstaansgeskiedenis is nie in hierdie ondersoek ten volle betrek nie. Daar is heelwat "alternatiewe" beskouings wat ook met groot vrug ondersoek kan word, nl. dié van M.C.J. van Rensburg, H.G.W. du Plessis, en vele ander.

Dit is Kloss (1977) wat 'n interessante oorsig gee oor hoe Afrikaans ontwikkel het in 'n onafhanklike, selfstandige taal wat sy man kan staan in 'n Germaanse, Afrika- of wêreldkonteks. Dit is gevolglik 'n taal wat homself kan handhaaf in die rangordes van die wêreldtale, 'n taal met eie en duidelike wesenstrekke.⁴

Hierdie ontwikkeling het op verskillende vlakke of dimensies geskied, en het uiteindelik in 'n standaardtaal gekulmineer wat op alle lewensvlakke gebruik word, waarvan universiteitsvlak as die hoogste beskou word. Interessant is dat feitlik alle tale wat dié status of vlak bereik het, hul oorsprong in Europa of Asië gehad het.

Die verskillende vlakke van ontwikkeling sit Kloss (ibidem:3) soos volg uiteen: "We have first the vertical three levels of popular, refined, and learned prose, and then we have the three dimensions of community oriented topics, next humanities, and then science and technology."

Die grootste skat vir enige taal is egter sy sprekers, m.a.w. daardie mense wat hulle tuis voel in die betrokke taal. Op hierdie gebied is Afrikaans gelukkig daar dit 'n taaltuiste vir 'n groot groep mense

skep, sonder dat dit per se uitgebuit word vir die een of ander selfsugtige rede, van watter aard dit ook al mag wees.

Vervolgens kom 'n kernraakpunt aan bod wat die hele problematiek wat rondom die onderwerp van hierdie ondersoek verweef is, behoort aan te spreek, kernagtig saamgevat deur enkele van die taal- en ander navorsers wat hulle daarmee besig gehou het.

6.3 Die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel

6.3.1 Historiese oorsig

6.3.1.1 Inleiding

'n Globale oorsig word deur Scholtz (1958:61 e.v.) gegee. Hy het in hoofsaak 'n versameling, klassifikasie en interpretasie van alle relevante vroeë Kaapse materiaal (veral Van Oordt se *Die Kaapse Taalargief*) gemaak. Ongelukkig is feitlik geen geskrif van voor 1825 doelbewus in die Kaaps- of Afrikaans-Hollands van die koloniste of Kompanjiesamptenare gestel nie. Dit bemoeilik ons taak of poging om die ware toedrag van sake (veral die gesproke taal van die koloniste) te kan rekonstrueer.

Vir iedereen sou die relatiewe frekwensie van die Afrikaanse vorme gedurende die verskillende tydperke van groot belang wees. Scholtz dui bv. daarop dat die werkwoordelike vormkategorieë van die 17de- en 18de-eeuse Hollandse kringtale waaruit Afrikaans in hoofsaak ontwikkel het, in breë trekke met die ABH van destyds ooreengekom het.

Die Afrikaanse werkwoordelike stelsel het op enkele uitsonderings na slegs twee morfologiese kategorieë, nl. vorme sonder "ge-" en dieselfde vorme met "ge-". Dié met "ge-" behoort tot die sg. voltooidedeelwoord. Daarenteen word in die ABN tussen infinitiefvorme, persoonsvorme, getalsvorme, imperfektumvorme en voltooidedeelwoordsvorme, ens. onderskei. Dié indeling sluit die imperatiefvorme en die versteende reste van ander kategorieë, bv. die konjunktief, uit. Die morfolo-

giese onderskeiding tussen die eerste drie kategorieë is dus by Afrikaans opgeruim: die imperfekta het in onbruik geraak, terwyl die morfologiese struktuur van die voltooide deelwoord in 'n hoë mate eenvoudig is.

Scholtz (ibidem:64) probeer gevolglik om die algemene verskynsels of tendense in sekere groeperinge in te deel. Die enigste medewerkwoord wat hy behandel, is die verskynsel van die Nederlandse "*hebben*". Sy verklaring lui: "Hierdie ww. staan in Afr. apart deurdat die inf. van die finiete vorm verskil: "*hê*" teenoor "*het*" (behalwe in verbindings soos "sou gewerk *het*"; vgl. Ndl. "zou gewerkt *hebben*"; in Afr. het hier dus 'n morfologiese splitsing gekom tussen hulpww. en selfst. ww.). "*Het*" is in oorsprong 'n vorm van die 3de pers. ekv.; "*hê*" het via "*hewwe*" uit "*hebbe*" ontstaan."

Hy verwys ook na stukke in *Die Kaapse Taalargief* (tussen 1750 en 1787) waarin werkwoorde (afgesien van "*hebben*") in die 3de pers. ekv. voorkom, met of sonder die "*t*" na 'n stemlose konsonant. By Wikar ontbreek hierdie "*t*" ook dikwels. Voorts wys hy ook daarop dat imperfekta van die tipe "*moest*" en "*mocht*" baie maal daarsonder geskryf word, terwyl in die 1ste pers. ekv. en in die 1ste en 3de pers. mv. van die presens 'n "hiperkorrekte" "*t*" enkele kere aangetref word. Scholtz (ibidem:68) wys daarop dat voorbeelde van apokopee (soos bv. by die voltooide deelwoord, maar ook buite werkwoordvorme) veral in die taal van Duitsgeborenes voorkom.

Hy (ibidem:87) merk op dat ons dalk meer as enigiets anders by die studie van die wording van Afrikaans 'n helder en omvattende beskrywing van die gebruik van werkwoordelike vorme en konstruksies vir die uitdrukking van die verlede tye en verskillende aspekte in Hollands ("beskaafde" en "volkstaal"), van die middel van die 17de eeu deurlopend tot in die 20ste eeu, mis. Dieselfde geld dalk ook van die ander taalgroeperinge. Hy merk voorts ook op: "Afgesien van die vloeibaarheid en gekompliseerdheid van die toestande in Ndl. (en Afr.) is daar nog die onbeholpenheid en gebrekkigheid van die skryfstyl in ons ver naamste Kaapse bronne..., wat die interpretasie van ons gegewens en

die nagaan van die een stelsel uit 'n ander erg bemoeilik." Die grootste probleem blyk veral die "foutiewe" vorme te wees. 'n Globale of geheelindruk van alle relevante invloede en of probleme behoort 'n oplossing daarvoor te bied.

6.3.1.2 Vormlike kenmerke

Alhoewel van die vormlike kenmerke reeds in hfst. 2 (2.8, p. 114) handel is, lig Scholtz (ibidem:70 e.v.) dié kenmerke aan die hand van voorbeelde toe.

6.3.1.2.1. Getal en persoon

Die kategorieë getal en persoon is kenmerkend van die Nederlandse werkwoordstelsel. Dit tree egter nie orals op nie. Van hierdie vormkategorieë het in Afrikaans niks oorgebly nie. Die bestudering van hierdie verskynsels soos wat dit in die onderskeie stamtale (met die dialekte daarby inbegrepe) voorgekom het, kan baie lig werp op die voorkoms daarvan in Afrikaans, veral t.o.v. die voorkoms daarvan by die medewerkwoord.

Scholtz wys daarop dat die onderskeidende kenmerk van meervoudigheid by die werkwoord in Hollands die uitgang "-e" (geskrywe "-en") is. So bv. kom met "*jullie*" vorme voor wat nie met dié "*je*" verskil nie, bv. "*jullie kan of kunt, zal of zult, mag of moogt, wil of wilt*". By die reëlmatige imperfekta bestaan daar in die Hollandse spreektaal in al drie persone eenvormigheid tussen enkelvoud en meervoud. 'n Werkwoord soos "*zijn*" neem 'n "-n" as meervoudskenmerk (die enkelvoudsvorme van die presens "*ik ben*" en "*hij is*" is van ander stamme as "*zijn*" afkomstig).

In die imperfektum van Hollands bestaan daar op enkele uitsonderings na geen persoonsverskil in die enkelvoud of meervoud nie; dieselfde geld t.o.v. die presens meervoud (wel by die enkelvoud). By die medewoorde "*kunnen, zullen, mogen*" en "*willen*" is die persoonsvorme aan mekaar gelyk: "*ik, je, hij kan, zal, mag, wil*" (afgesien van 'n

moontlike "je *kunt, zult, moogt, wilt*", en die inversie "*kun je*", ens.). Die opvallendste teenstellings in persoonsvorme kom by die werkwoorde "*hebben*" en "*zijn*" voor: "ik *heb*, je *hebt*, hij *heeft*; ik *ben*, je *bent*, hij *is*"; by inversie is die vorm van die 2de persoon weer gelyk aan dié van die 1ste, nl. "*heb je*" en "*ben je*".

Uit die gegewens van *Die Kaapse Taalargief* (die inligting word deurgaans uit Scholtz (1958) aangehaal) blyk dit asof die uitdrukking van getalsverskil in die werkwoord na alle waarskynlikheid omstreeks 1750 alreeds uit die Kaapse taal verdwyn het.

Die konsekwente gebruik van imperfekta sonder "-e(n)" (by meervoudsaanduiding) word gevolg, en is die gebruik van "*kan*" en "*sa1*" (Ndl. "*kunnen*" en "*zullen*"), afgesien van enkele briewe, vaste reël:

"die mense... heef ik weer gekommandeert maar kruger verstaat niet dat seij reide *sa1*"; "als dat soo gaat dan *sa1* weij genoot saak wees..."; "Den gemelde stols... segt... dat se woone *can* waer se wille".

Van vroeg af word 'n verskeidenheid enkelvoudsvorme van "*hebben*" gebruik, veral "*heef*":

"Soo *heef* myn kinders..."; "den 8(sten) *heef* myn kinde(rs) de schip gevon(den)"; "Sij luij *heeft* ons in de krael gebragt"; "weij *heef* het nu soo overlijt dat...".

Goeie bewys van voor 1750 vir hierdie verskynsel kan in die vorme van "*zijn*" gevind word. Tussen 1750 en 1812 is hoofsaaklik "*is*" gebruik, naas "*bin*" of "*ben*":

"dat mijn kinders inde duijnen gereeden *is* om vlees te schieten"; "daar *is* mense op een plank aan de Strant gekoomen"; "toen wij aen de Moras ravier gekoomen *is*".

Die sterkste bewyse dat persoonsverskil omstreeks 1750 reeds by die

werkwoord verdwyn het, kan in die gebruik van die vorme van "hebben" en "zijn" gesien word. Van vroeg af oorheers "heef(t)", terwyl "het" taamlik gewoon is; "heb(be)" (as 1ste pers. ekv.) kom ook dikwels voor:

"voor die botter naa brede ravier *het* ick hem Een Leijijer voor gegeeve"; "voor de brande Weijn *het* ick hem Geldt in zijn huijs gestuert"; "ik hep gen volk, ik *het*...".

Die gebruiklikste vorm in die 3de persoon is "heef(t)", terwyl "heb" en "het" vanaf 1770 gebruik word:

"Ick... bekenne als dat broer joseph vorie meijn Gestuert *het*..."; "Ik... bekennen... als dat Dempers nooijt zijn Broot op de plaas *het* kannen wennen".

Scholtz (ibidem:75; hy haal Franken, Mentzel e.a. aan) lig enkele voorbeelde van voor 1750 uit:

"weij *wil* hoopen"; "als dat ik hem *het* wille slaan"; "toe *heef* weij hem weer een snelle loesing gegeeve"; "hij *het* hem selfs om hals gebrog"; "Onz *heeft* geen Bibel".

Alhoewel baie van hierdie verskynsels uit die Hollandse volkstaal (veral dialektiese taal), "vreemdelinge-Hollands", ens. verklaar kan word, berus baie van die bevindinge nog op spekulasie. Hierdie aspek (soos in die geval met die ander) moet dus met groot omsigtigheid hanteer word.

6.3.1.2.2 Die infinitief

Net soos bg. aspekte, gaan dit ook hier nie net bloot oor die infinitief-verskynsel nie (soos alreeds in hfst. 2 aangeraak), maar oor die verband wat daar tussen dié verskynsel en die medewerkwoord gelê kan word.

Op enkele uitsonderings na is daar in Afrikaans geen verskil tussen die infinitief en die "finiete vorm" (werkwoord in die persoonsvorm) nie. Die uitsonderings (met die medeww.) sluit die volgende in: a) die inf. "*hê*" teenoor die finiete vorm "*het*" (by die hulpww. "*het*" bestaan hierdie verskil nie: "sou gewerk het", Ndl. "gewerkt zou hebben"); die inf. "*wees*" teenoor die finiete vorm "*is*", ens.:

"..[heeft hy] niet gedaen als eet en drink en slaep"; "seyn kleeer moest ik laet was..."; "totdat ieij mijn kan bewijs"; "ik kan mijn nog daar vertoon"; "ieij moet sorgt draa dat...".

Uit die verskillende stukke lyk dit asof die huidige Afrikaanse toestand teen 1800 reeds bereik was. Infinitiewe sonder "-e(n)" kom in 'n verskeidenheid verbindings voor, soos bv. "selfstandig", met "modale" hulpwerkwoorde, ná "*te*" of "*om te*", en in die plek van 'n voltooide deelwoord. Waar twee infinitiewe op mekaar volg (soos "*te kunnen vechten*"; "*zou willen komen*"; "*heb laten wachten*"; "*is komen klagen*"), staan die tweede infinitief dikwels met die "-e(n)"-uitgang en die eerste nie (verskynsels met beide daarsonder is van vroeg af bekend: "ons kan *begrijp*", alhoewel geensins volop nie). Die posisie waarin die vorme voorkom (eerder as frekwensie), nl. voor 'n tweede inf. gee dalk eerder die deurslag vir so 'n verskynsel: "*te kan vegten*"; "*moest... help af snyden*"; "*heb laat aantekenen*"; "*sal... wil uijt breken*"; na "*te*": "*dat daar geen water te kreij is...*"; na "*kan*": "*dan betuijge wij Dat ras mus geen drie paarde ken hauw...*".

Die infinitief "*hê*" (via "*hewwe*" uit "*hebbe*") het eers laat aan die lig gekom, en wel in 1848, nl. "*hae*"; dieselfde geld t.o.v. die infinitiewe "*het*" (in oorsprong 'n finiete vorm) van die hulpwerkwoord, rondom 1850.

6.3.1.2.3 Die voltooide deelwoord

Alle Nederlandse werkwoorde, uitgesonderd die onskeibaar saamgesteldes en dié met sekere prefikse, kry 'n "*ge-*" in die voltooide deelwoord. Die Afrikaanse werkwoord (die volt. dw.) neem in dié gevalle (saam met

dié wwe. sonder die hoofklem op die eerste lettergreep) ook 'n "ge-". Conradie (1979a) handel oor die diachronie van die Afrikaanse voltooi-de deelwoord.

Van die onreëlmatige volt. dwe. is bv. "gehad" by "hebben". Die vorming van die voltooi-de deelwoord in Afrikaans is dus radikaal vereenvoudig. Dit verskil van die finiete en infiniete vorm van die werkwoord net deur die voorvoegsel "ge-" waar dié optree, met bv. "gehad" as uitsondering.

Dit is ook hier moeilik om presies vas te stel wat die ware toedrag van sake was toe dié verskynsel ontwikkel het.

6.3.1.2.4 Die verdringing van die imperfektumvorme

Die funksies van hierdie verskynsel (sowel as die plusquamperfektum) in Nederlands was nie so sterk afgebaken nie; 'n verskynsel wat van die Middeleeue af al bestaan het. Wybenga (1983) laat hom sterk uit oor hierdie aspek.

Die vroeë imperfektumvorme is in die Kaapse taal verdring. Tog leef enkele van hierdie vorme (as medeww.) nog voort, nl. "kon (die wisselvorm "kos" is heeltemal verdring) moes, sou, wou" en "was"; "dag" (met die wisselvorm "dog") in bepaalde konstruksies; "wis" vertoon 'n argaistiese of dialektiese tint; dieselfde geld in 'n sterker graad van "had" en "mog"; verouderde vorme is bv. "brag" (met die wisselvorm "brog"), "kog" en "begon" (met die wisselvorm "begos"). Voorts is die imperfektumvorme in die Kaapsgekleurde bronne van die 18de en die eerste helfte van die 19de eeu nog volop.

Van die "tydsvorme" in Afrikaans verskil dus van dié van Nederlands, veral waar die "presens" op "het" (of "is") saam met die voltooi-de deelwoord optree in beskrywings van handeling en toestande uit 'n verlede tyd. Net so is die "imperfektum" deur die sg. "historiese presens" in Afrikaans vervang, veral in verbinding met "toe" (reeds teen 1830). Dié verskynsel kan egter nie as slegs kenmerkend van

Afrikaans bestempel word nie. Die veelvuldige verskyning van die presensvorme in bysinne in verbinding met hoofsinne met 'n werkwoord in die verlede tyd is ook opvallend. Scholtz (ibidem:89) lê nie veel klem op die verskil in aard van die sinne in die presensvorm nie; hy verwys egter veral na die bysinne met die "modale werkwoorde" "*kan, moet, sal*" en "*wil*" en dié met "*is*" of "*het*", omdat lg. voorbeelde apart staan en die frekwentste is:

"hij heeft het bij zijn levens tijd gesijt als dat ik het... houden *moet*"; "soo gaf hij mijn ten antwoord dat hij onder den wagtmeester niet staan *wilt*"; "met Eens sloeg hey leng en regt al dat hey *kan*"; "toen heef hij mijn gefraagt of hij zijn paarden hier *ken* houden tot na de middag dan *sal* hij de paarde weg bringen. toen heef ik aan hem gezijt dat hy het *moet* en de stal bringen en daar *is* voer"; "ik meende wel dat seij na uw *sal* kome"; "medeens kwam... ik een wijnig wagten *moet*, dad... beesten daar *heb*, dad hy die ook aan mij geefen *sal*".

Verskillende interpretasies sou vir die uitdrukking van bg. modaliteite gegee kon word.

Dit sal egter moeilik vasstelbaar wees om te bepaal watter historiese vorm(e) die grondslag vorm van die Afrikaanse werkwoord, hetsy die hoof- of die medewerkwoord. Alhoewel Nederlands noodwendig die basis daarvan vorm, moet die invloede van die ander taalgroeperinge daarop nie genegeer word nie. Dat daar 'n vereenvoudiging van die onderskeie werkwoordelike vormstelsels ingetree het, kan nie ontken word nie. Scholtz (ibidem:96) verwys na Sapir se "drift" in die rigting van vereenvoudiging, van gelykmaking, en van die uitskakeling van onreëlmatighede en "onnodige" vormonderskeidings. Verder lê hy (ibidem:93) klem op die feit dat die bewyskrag van die Afrikaanse inslag in die Kaapse bronne dalk onderskat kan word, en dat dit selfs by benadering nie die spreektaal van die tyd juis weerspieël nie.

6.3.1.3 Historiese ontwikkeling van die medewerkwoord

6.3.1.3.1 Inleiding

Vir 'n volledige ontleding van al die historiese prosesse ter sprake by die medewerkwoordontwikkeling, behoort 'n deeglike ondersoek (soos wat volg, alhoewel tot enkele voorbeelde beperk) van al die medewerkwoordverskynsels in Afrikaans geloods te word. Conradie (1977 en 1979b) se ondersoek is hoofsaaklik tot die modale hulpwerkwoord en die hulpwerkwoord "*het*" binne die Afrikaanse werkwoordgroep beperk.

6.3.1.3.2 Die modale hulpwerkwoord

6.3.1.3.2.1 Inleiding

Verskeie teorieë wat gewig dra probeer om 'n verband te lê tussen vermoë, verpligting, toestemming, ens. of die ander stelle sentrale betekenismente waarvandaan daar uitgegaan word.

Conradie (1979b:38) lê eerder klem op die semantiese verskuiwings wat in die geskiedenis van 'n paar tale plaasgevind het, omdat hierdie betekenisveranderings baie sistematies verloop het. Hy het egter nie die universele karakter daarvan ondersoek nie.

Uit verskeie bronne kan 'n mens agterkom dat die modale hulpwerkwoord uit 'n nie-modale sfeer stam. Conradie (ibidem:39) dui op enkele van die historiese prosesse wat woorde soos "*weet, ken, moet, sal, hoef, wil*", ens. tot gevolg gehad het. Hierdie ontwikkeling kan vanaf vroeë Middelnederlands tot moderne Nederlands, tot uiteindelik Afrikaans deurgetrek word. Enkele verskynsels kan selfs tot Goties, Latyn en Indo-Germaans deurgetrek word.

Van Es en Van Caspel (soos aangehaal in Conradie, ibidem:42) het die volgende te sê: "Zullen is van alle in dit verband behandelde werkwoorden wellicht het meest consequent hulpwerkwoord geworden." Volgens De Villiers (soos aangehaal in Conradie, ibidem:42) kom hierdie woord ook die naaste aan wat hy "grammatikalisasie", d.w.s. die abstrak word van woorde, noem.

6.3.1.3.2.2 Conradie (ibidem:43) vat die belangrikste ontwikkelings in die volgende tabel saam:


Indo-Europees na Nederlands

SENTRALE BETEKENIS	DIACHRONIESE ONTWIKKELINGS
"gesien het"	Ide. <u>*voida</u> ↓
"weet, ken, geestelik in staat wees"	Got. <u>wait</u> Ide. <u>*gen-</u> , ens.; Got. <u>kunnan</u> Ndl. <u>weten</u> ↓
"(fisies) in staat/by magte wees, die vermoë/bekwaamheid hê"	Ndl. <u>weten</u> Mnl. <u>connen</u> ----- Nnl. <u>kunnen</u> ↓ Ide. <u>*magh-</u> Got. <u>magan</u> Mnl. <u>moehen</u> ↓
1. "die vryheid/geleentheid/toestemming (verlof) hê"	Nnl. <u>mogen</u> Nnl. <u>kunnen</u> -----
2. wens (optatief) - by <u>mogen</u> en <u>moeten</u>	Mnl. <u>moeten</u> ↓
"onderneem, verplig/noodwendig/noodsaaklik wees"	Nnl. <u>moeten</u> ----- Ide. <u>*(s)kel-</u> (oorspr. ook "ver-skuldig wees", soos Lat. <u>debere</u> t.o. It. <u>dovere</u> , Fr. <u>devoir</u>) Mnl. <u>sullen</u> ↓
toekomende tyd	Nnl. <u>zullen</u>

Die gekartelde pyltjies dui aan dat b 'n betekenisuitbreiding van a is. Met hierdie tabel kom Conradie (ibidem:43) tot die gevolgtrekking dat die belangrikste modale hulpwerkwoorde in die loop van die geskiedenis 'n betekenisverandering ondergaan het (dié opvatting kan ook na die ander medewerkwoorde deurgetrek word). In meer as een geval is 'n modale hulpwerkwoord se sentrale betekenismoment met dié van 'n ander modale hulpwerkwoord vervang. Dit lyk ook asof die vorme in 'n bepaalde rigting oor die modale semantiese veld skuif; die teenoorgestelde beweging is nie gevind nie en soms het meer as een vorm dieselfde betekenisverandering ondergaan.

Bogenoemde gegewens suggereer dat die modale hulpwerkwoorde van oorsprong nie-modaal kan wees en as eindpunt grammatikalisasie kan hê.

Ter opsomming (nadat hy verskeie tale met mekaar vergelyk het) wys Conradie (ibidem:45) daarop dat betekenisverskuiwings langs die volgende linie plaasgevind het:



Devaluasie sowel as inflasie van woordbetekenis (van watter aard ook al) vind dus plaas.

6.3.1.3.2.3 Conradie (1982:27) wys ook daarop dat die modale hulpwerkwoorde sedert Middelnederlands almal belangrike veranderings in hulle grondbetekenisse deurgemaak het (die betekenisverskuiwing was veral op die semanties-funksionele vlak).

Om aan te sluit by bg. raamwerk, stel Conradie (ibidem:32) 'n betekenisketting daar (vergelyk die tabel oor oorvleueling hier onder) om o.a. die diachroniese betekenisverskuiwing aan te toon, maar ook dat daar 'n vorm van semantiese aansluiting of skakeling tussen die betrokke modale hulpwerkwoorde is, dat oorvleueling in die gebruik daarvan voorkom, en dat 'n meganisme (of meganismes) vir so 'n verskuiwing verantwoordelik gehou sou kon word.

	<i>kan</i>	<i>mag</i>	<i>moet</i>	<i>sal</i>	<i>wil</i>				
vermoë	<table><tr><td>+</td><td>-</td></tr><tr><td>+</td><td>-</td></tr></table>	+	-	+	-				
+		-							
+	-								
geleentheid									

(vervolg op volgende bladsy)

	<i>kan</i>	<i>mag</i>	<i>moet</i>	<i>sal</i>	<i>wil</i>	
toestemming, gevra vryheid, gegee	+ - + -	+ - + -	+ - -	+ -		- ek (nie)..? Jy - (nie)..
moontlikheid geweier						
wens		+	+			- jy...! Jy -...
verpligting versoek, opdrag, suggestie	+ - +		+ - +	+ - +	+ -	- Jy (nie).? Jy - nie...
voorneme, aanbod belofte, voorstel wil	+ - +		+ -	+ - +	+ -	- ek (nie)..? Ek - (nie)..
toekoms				+ - +		

6.3.1.3.2.4 Diachroniese betekenisverskuiwing

Onderstaande definiëerings en aanhalings kom uit Conradie (1982).

6.3.1.3.2.4.1 Kan

"*Connen*" slaan in Middelnerlands nog nie op toestemming nie. In Afrikaans beteken "*kan*" volgens WAT: "*Die reg hê tot; in staat wees tot iets deurdat dit toegestaan, veroorloof is; mag, waarnaas of in plaas waarvan dit dikwels gebruik word.*" In die moderne Nederlands skyn die toestemmingsbetekenis ook vaer te wees, en dus nog nie heeltemal voltrek is nie: "*Meermalen grenst de betekenis van kunnen in*

modaal gebruik aan die van mogen. Vergelyk: Je kunt wel gaan,..."
 Vir Engels: "... *have the right to; be permitted to*".

6.3.1.3.2.4.2 **Mag**

"*Mag*" slaan in Afrikaans (soos in Nederlands) - benewens sy epistemiese en wensende waardes - hoofsaaklik op die toestemming of die vryheid om iets te doen, waar die modaliteitsbron "*een 'hoger wezen',... een godheid of een outoriteit, een bestuurspersoon, een regering, een chef, een vader of moeder... een voorschrift, een bepaling... een etiquette, een zedelijke norm,...*" kan wees. Die Middelnederlandse woordeboek wys eksplisiet daarop dat "*mogen*" in Middelnederlands nog nie die gewone woord is vir vergunning, toestemming, ens. nie, ofskoon enkele gevalle aangewys kan word. As onderdeel van die "uitdrukking van 'n moontlikheid", was "die geleentheid hê, in die geleentheid wees": "*Here Cantecleer nu moghedi (=mag u) wel vorwaertmeer van mi sonder hoede leven*"; "Nu *moechdi* hoeren sine tale!"

6.3.1.3.2.4.3 **Moet**

"*Moet*" ontwikkel van vryheid/toestemming tot verpligting. "*Moeten*" word in Middelnederlands in albei betekenis aangetref, tog is daar aanduidings dat eg. die oudste is. In dié geval is dit moontlik dat die ontkennende sinne 'n sleutelrol in die betekenisverskuiwing gespeel het, soos in baie Middelnederlandse voorbeelde te sien is. "*Moet*" (as "*mag*") tree soos volg op: "Hi en begheerde gheen ander goet, /Dan hi den camp vechten *moet*"; die gedeeltelike vervanging van "*moet*" deur "*mag*" om 'n wens uit te druk: "Dus *moete* God onse saken/Vor onse doet te goede maken (Afr.: *Mag* God my siel genadig wees. *Mag* hy U vrede kry. *Mag* hy rus. Gee vir hom U vrede, Heer,...)."; "So *moeti* in miere gheleide sijn: In deser deemster nacht (Afr.: U moet my beskerm in hierdie donker nag)."

6.3.1.3.2.4.4 **Moet en sal**

Conradie (ibidem:38) wys daarop dat die wil van die spreker ondubbel-sinnig die modaliteitsbron van die "sal"-bevel is. Die aanmatigheid daarvan is daarin geleë dat "sal" 'n sterk element van noodsaaklikheid, noodwendigheid of sekerheid bevat. Die "moet"-bevel of versoek doen 'n beroep.

6.3.1.3.2.4.5 Sal en wil

"Sal" kom voor in uitings wat versekering, onderneming en belofte uitdruk. Dit stam alreeds van die Middelnederlands: "Ende daer binnen (=intussen) so sal ic al/Den volcke mine biechte conden"; "Ic sal hem wesen al mijn leven/Ghestade vrient na mine macht"; "Nu sal ic u doden beide,: Elegast, u ende u paert." Die oorspronklike betekenis van "sullen" is "skuldig wees" (maar is selfs nie meer eie aan Middelnederlands nie, en moet eerder as "moet" gesien word): "Nu helpe mi god/... Ic sal eene vaert bestaan (=onderneem)/Di mi doet zwaer in minen moet." 'n Onderneming of belofte deur "willen": "Edele Reynaert, soe te neve,/Also langhe als ic sal leven/Willic hu daer omme minen."

Van Middelnederlands (en vroeër) tot by die Afrikaans en Nederlands van vandag kan daar wel 'n sistematiese betekenisverskuiwing by die modale hulpwerkwoorde waargeneem word. Die semantiese verskuiwing het egter nog nie in 'n gegewe taalstadium vir elke modale hulpwerkwoord ewe ver gevorder nie.

6.3.2 'n Logiese basis

6.3.2.1 Algemeen

Hoofstukke drie en vier sou alreeds as afspringplek kon dien om 'n logiese basis vir die werkwoord en hulpmoment oor die algemeen daar te stel. Alhoewel die hooftrekke van hierdie basis 'n vreemde of buite-talige oorsprong t.o.v. Afrikaans het, is baie alreeds gedoen t.o.v. dié aspek, ook in Afrikaans.

Botha (1978) gee juis so 'n sistematiese inleiding in die Generatiewe taalondersoek. Alhoewel baie van die aspekte wat tot dusver ondersoek is ook binne hierdie raamwerk sou kon inpas (en opnuut hier ondersoek sou kon word t.o.v. hul relevantheid vir Afrikaans), word slegs die belangrikste aspekte vervolgens kernagtig saamgevat en dan spesifiek m.b.t. die verhouding daarvan t.o.v. die hulpmoment.

Naas die aspekte wat alreeds ondersoek is, soos "klassifiseer", ens., kan veral die toepassing van die Afrikaanse gegewe d.m.v. sy middele van simbolisering (ibidem:84, soos aangepas) ook in dié ondersoek van groot hulp wees. 'n Deeglike herevaluering daarvan het dalk weer nodig geword.

soort middel	voorbeelde
uitdrukkings uit natuurlike tale	"sin", "uiting", "nominaal", "is"
spesiale simbole	"S", "NP", "VP", "AUX", "*" .
diagramme	
tabelle	...

Baie van hierdie simbole is die breinkind van Chomsky n.a.v. die aan-voorwerk wat hy gedoen het in sy taalondersoek. Die uiteindelijke kulminasie daarvan was sy X-balk-konvensie, 'n notasiekonvensie waarmee die basisreëls vir die NP's, VP's en AP's, ens. saamgevat word. 'n Hele reëlskema van basisreëls is rondom sy bevindinge opgebou, iets wat ook voortdurend aangepas word. Daarmee word daar dus gepoog om 'n logiese skema daar te stel vir sekere taalspesifieke ontdekkings.

Bach (soos aangehaal in Botha, 1978:135) het die volgende basisreëls vir Engels geformuleer (indien aangepas kan dié reëls ook op Afrikaans toegepas word):

(a) $S \rightarrow (\text{Sentence-Adverb}) \text{ NP AUX VP } (\text{Location}) (\text{Time})$

(b) $VP \rightarrow \left\{ \begin{array}{l} V \text{ NP NP Adverb} \\ \text{Copula Predicate} \end{array} \right\}$

(c) $\text{Predicate} \rightarrow \left\{ \begin{array}{l} \text{NP} \\ \text{Adjective} \quad ((\text{NP} \quad)) \\ \text{Location} \quad \{ \quad \} \\ \text{Time} \quad \{ \# \text{ S } \# \} \end{array} \right\}$

(d) $NP \rightarrow \left\{ \begin{array}{l} \text{NP } \# \text{ S } \# \\ (\text{Det}) \text{ N } (\# \text{ S } \#) \end{array} \right\}$

Grammatikale beskrywing op sigself kan verskeie vorme aanneem. Hierdie leksikalistiese grammatika is opgebou uit verskeie grammatikale begrippe soos "sin" ("S"), "verbale konstituent" ("VP"), "auxiliarium" ("Aux"), ens.

Die begrippe word ingespan om verskeie grammatikareëls te formuleer, nl. die basisreëls, sintaktiese transformasies, fonologiese reëls en semantiese interpretasiereëls. 'n Grammatika bestaan dus uit 'n sintaktiese komponent wat sentraal staan, en uit 'n fonologiese en 'n semantiese komponent wat interpretatief van aard is.

6.3.2.2 'n Afrikaanse basis

6.3.2.2.1 Die sintaktiese komponent

Die aanvoorwerk vir 'n Afrikaanse toepassing van hierdie model of raamwerk is gedoen deur Van Rensburg et al. (1974) en ander taalkun-

diges. Dit het mettertyd in 'n uitgebreide teorie ontwikkel (dit sal egter nie verder behandel word nie). Van belang is slegs dié toepassings wat alreeds behandel is.

Sonder om weer na die sintaktiese komponent of in diepte na die oppervlakte- en dieptestrukture te gaan kyk, is daar tog enkele aspekte van die stukbougrammatika en herskryfreëls waarna ons weer kan gaan kyk.

Ons menslike intuïsie wil na alle waarskynlikheid hê dat sinne in onmiddellike stukke verdeel moet word, en dat daar gevolglik sekere verbande tussen die komponente bestaan. Ons intuïtiewe kennis wys verder daarop dat werkwoorde soms die belangrikste komponente in sinne uitmaak. Die onderlinge verhouding word egter deur die hiërargiese ordening vasgestel.

Hulle (ibidem:12) wys bv. op die herskryfreëls wat vir Afrikaans geld (van belang vir hierdie ondersoek is slegs dit wat t.o.v. die werkwoord en die hulpmoment gesê is):

$$1. S \rightarrow (Vgw) \left(\begin{array}{c} \{ Rndw \} \\ \{ Vsg \} \end{array} \right) [S] S^I$$

$$3. S^I \rightarrow (\pm Ontk) \left(\begin{array}{c} \{ Inv vrgs \} \\ \{ Bevels \} \\ \{ W-vrgs \} \end{array} \right) S^{II}$$

$$4. S^{II} \rightarrow NS + WS$$

$$5. WS \rightarrow (Mw) HM (Bep)$$

$$6. HM \rightarrow W \left(\begin{array}{c} \{ D1 \} \\ \{ S \} \end{array} \right) \left(\begin{array}{c} \{ Nmd1 \} \\ \{ Vsg \} \\ \{ Aanv \} \end{array} \right) \left(\begin{array}{c} \{ Nmd1 \} \\ \{ Vsg \} \end{array} \right) (deur + Lyd vorm)$$

(vervolg op volgende bladsy)

8. $W \rightarrow \Delta / N \dots\dots\dots N$
9. $Mw \rightarrow \text{Mod Hw (te) + het (ge) + Skw (en)}$
10. $\text{Mod, Hw, Skw} \rightarrow \Delta \dots\dots\dots (\text{sal, behoort (te); gaan, sit en....})$
- 11.
- $$\text{Bep} \rightarrow \begin{Bmatrix} \text{Bw} \\ \text{Vsg} \end{Bmatrix} (S) - \text{Mod} + \begin{Bmatrix} \text{Bw} \\ \text{Vsg} \\ \text{NS} \end{Bmatrix} - \text{Tyd} + \begin{Bmatrix} \text{Bw} \\ \text{Vsg} \\ \text{Adj} \end{Bmatrix}$$
- $$- \text{Wyse} + \begin{Bmatrix} \text{Bw} \\ \text{Vsg} \end{Bmatrix} - \text{Plek}$$

Van hierdie herskryfreëls kan in gegewe kontekste aangepas word, en moet nie as onveranderlik of finaal beskou word nie.

Naas hierdie herskryfreëls kom daar in die basiskomponent ook herskryfreëls voor wat op kategoriale simbole (oftewel "woordsoorte", bv. die werkwoorde, ens.) van toepassing is. Dit staan bekend as subkategoriseringsreëls.

Waar die naamwoorde verbandvry gesubkategoriseer word, word die werkwoorde weer verbandgevoelig gesubkategoriseer. Hulle verskyn m.a.w. met verwysing na die konteks waarin hulle verskyn. Die streng subkategoriseringsreëls is reëls wat segmente i.t.v. hulle kategoriale konteks analiseer. Dit spesifiseer die moontlike (kategoriale) omgewings waarin 'n segment kan voorkom. Die seleksiereëls is reëls waarvolgens werkwoorde gesubkategoriseer word i.t.v. die sintaktiese kenmerke van naamwoorde wat in sintaktiese verband daarmee staan. Dié reëls probeer om ongrammatiese sinne te voorkom.

'n Verdere indeling word gemaak wanneer leksikale items (of leksikon-items), bv. werkwoorde, in 'n leksikon opgeneem word, gespesifiseer volgens hul sintaktiese, semantiese en fonologiese kenmerke. Terwyl die onvoorspelbare kenmerke opgeneem word, word die voorspelbare gegewens later deur die oortolligheidsreëls aangevul.

Die reëls wat op woordvorming, morfologie, transformasies, ens. betrekking het, word nie hier verder behandel nie. Van Rensburg et al. (ibidem:29) wys daarop dat hierdie model (of manier van taalbeskrywing) die doeltreffendste is waarbinne 'n taalbeskrywing gedoen kan word.


6.3.2.2.2 Die generatiewe semantiek

As uitbreiding op bg. benadering moes die semantiese universele kenmerke - in 'n model - ook betrek word, omdat die aanvanklike reëls te abstrak en te universeel was (die vyf kategorieë, nl. S, NS, WS, N en W; alle ander kategorieë, bv. die verlede deelwoorde op NS'e, Adj'e op W'e, hulpmomente op W, ens. kan daarop terugvoerbaar wees).

Steyn (soos aangehaal in Van Rensburg et al., ibidem:111) wys daarop dat een en dieselfde woord vir verskillende sake of kategorieë van sake in die werklikheid bruikbaar is. So kan veral werkwoorde bv. na tallose sake uitwys.

In konteks geplaas, is die generatiewe komponent in die standaardteorie die basiskomponent van die sintaktiese teorie. Hierdie basiskomponent lewer weer die toevoer tot die semantiese komponent. Die semantiese komponent moet weer die rye leksikale items, tesame met seker sintaktiese informasie wat daarmee vereenselwig word, interpreteer.

Heel eenvoudig voorgestel, sien dit soos volg uit (ibidem:118, soos aangepas):




Vir 'n semantiese interpretasie moet al die verskillende sintaktiese kenmerke semantiese spesifikasies kry. Gevolglik ontstaan semantiese kenmerke. Dit sluit aspekte soos semantiese merkers, onderskeiers en seleksiebeperkinge in. So 'n komponent- of kenmerkanalise by elke leksikoninskrywing in 'n woordeboek behoort so volledig moontlik te wees. Daarna kan die projeksiereëls toegepas word.

6.3.2.2.3 Die generatiewe fonologie

Vir 'n volledige studie aangaande die werkwoord en die hulpmoment is die bestudering van die foneemteorie egter ook nodig, veral gesien in die lig van die fonologiese distinktiwe kenmerke wat hulle van mekaar onderskei. Interessant sou wees 'n volledige diepte-ondersoek aangaande die onderliggende morfofonologie (diachronies sowel as sinchronies beskou) daarvan - van al die verskillende vorme in die verlede sowel as die hede.


Die verskillende vlakke van morfofonemiese representasies (binne die strukturalisme, as strukturele fonologie) word soos volg deur Van Wyk (soos aangehaal in Van Rensburg et al., ibidem:51) uiteen gesit:



Vir elke leksikonitem sou 'n volledige uiteensetting van die volgende aspekte ook wenslik wees: universele kenmerke; fonologiese en fonetiese kenmerke; segmente; en universele fonetiese reëls wat op elkeen van

toepassing mag wees. 'n Groot verskeidenheid fonologiese reëls sou dan uiteindelik op elkeen toegepas kon word (sien ibidem:67 e.v.).

Die volledige struktuur (of model) van 'n TG-grammatika sien as volg daar uit (ibidem:59):



Hierdie benaderingswyse(s) sou by dié van Gitt ((1990) die verbandlegging met die Bybel wat alreeds genoem is, maar ook in die laaste hoofstuk weer aandag sal geniet) kon aansluit. Alhoewel dit nie pertinent genoem word nie, is ook hulle besig om die kodes wat in 'n taal (algemeen of spesifiek) vasgelê is, te ontrafel en in 'n meer aanvaarbare patroon deur te gee.

6.3.3 'n Unieke werkwoordelike verskynsel

Grayson (1962:79) probeer hierdie hele verskynsel in perspektief plaas:

While the tenses and their significance in Afr. offer nothing that is particularly strange for a Germanic language, the verbal forms themselves are so few in number that the usual categories are not entirely applicable... In Afr., however, although these terms may be employed with respect to function, they can seldom be used with respect to form. To speak of the Afr. infin., impv. and pres. indic. is... actually to speak of one and the same verbal form.

Wybenga (1983:1) verwys na die hele problematiek rondom die grammatikale vergestaltung van tyd in Afrikaans, n.a.v. 'n vraag wat Antonissen vroeër gestel het:

Het die agterstand van die Afrikaanse roman nie óók iets te make met sekere wesenstrekke van die Afrikaanse taaleie nie, - ek bedoel in die besonder: met die verbale uitdrukkingsmoontlikhede van die verlede-tydsbegrip?

Het ons hier met 'n vraag sonder antwoord (so deur Wybenga gestel) te make, of het Afrikaans 'n unieke metode - 'n meer vaartbelynde metode - van uitdrukking vir 'n verskynsel gevind of ontwikkel waardeur hy hierdie probleem aangespreek het? Het die taalmakers nie lank mank geloop a.g.v. dit wat hy van Europa oorgeërf het nie?

Hier duik weer iets op wat al telkemale in hierdie werk genoem is, maar nog geensins bevredigend opgelos is (of dat daar 'n bewuste poging was om dit hier te doen) nie.

Wybenga haal De Villiers aan wat die kern van dié leemte of tekortkoming toeskryf aan die feit dat 'n standpunt sedert die Middeleeue gehuldig is dat Grieks, maar veral Latyn⁵ (alhoewel eg. lg. moontlik kon beïnvloed het), struktureel meerderwaardig is teenoor alle ander tale. De Villiers self huldig die standpunt dat die tydsbeeld in elke taal volgens elkeen se sisteem sal verskil en dat geen kategorie van die een taal presies met die naaste kategorie in 'n ander taal sal ooreenstem nie of sonder meer vergelyk kan word nie.

Volgens Wybenga (ibidem:2) lê die probleem by die taalkundiges wat Latyn as model vir alle tale wil voorhou (hetsy bewustelik of onbewustelik, iets wat veral vroeër 'n groot rol by die daarstel van grammatikamodelle gespeel het). Dat tydsuitdrukking kwansuis 'n werkwoorde-like kategorie moet wees, lê volgens hom aan die wortel van die hele probleem. Dit is die Latynse ban waarmee Afrikaans nog altyd opgesaai is of was.

'n Vraag wat nog nie ten volle beantwoord is nie, is of Afrikaans werklik met 'n agterstand sit en of die Afrikaanse taaleie nie dalk té gevorderd vir sy taalgebruiker geword het nie? Lê ons persepsie daarvan nie op 'n verkeerde vlak nie, of is dit nie dalk in 'n verkeerde model ingebed nie? Die taalskeppers van "Afrikaans" het 'n wye keuse gehad uit die uiters ryk en suksesvolle taalgroepeerings of "taalmodelle" waaruit die hele samelewing destyds saamgestel was. Sou Afrikaans nie nog uit die verlede kon ontleen indien daar werklik 'n leemte in die taaleie blyk te wees nie, of was daar ander buitetalige faktore wat die ontwikkelingsproses daarvan (veral met die oog op tydsuitdrukking in gedagte) iewers gekniehalter het?

6.3.3.1 Grammatikale tydsuitdrukking

Die grootste probleme word klaarblyklik met die tydsuitdrukking van die verlede tyd in Afrikaans ondervind, veral omdat lg. gewoonlik met die uitdrukkingwyse van verskeie ander tale (veral Germaanse tale) vergelyk word. Die wyse waarop Afrikaans die verlede verbaal uitdruk, blyk 'n unieke verskynsel te wees. Terwyl Afrikaans werkwoordelik die verlede tyd op 'n enkele manier uitdruk, gebruik die meeste ander tale meer strukturele moontlikhede om hul werkwoorde uit te druk. Deur die verskillende stelsels te vergelyk, behoort ons iets aangaande die aard en verskille tussen hulle agter te kom. Uit ondersoekes het dit al geblyk dat elke taal geskik is om enige wensbare styl weer te gee.

In sy poging om agter die kruks van die saak of problematiek te kom, kom Wybenga (1983:6) agter dat die probleem dalk elders lê, en nie in die strukturele wyse waarop die verlede tyd uitgedruk word of in die feit dat die Afrikaanse taalgebruikers nie hul eie taal kan beheers nie. Self het hy die aanvanklike vraagstelling omskryf: "Waarom bestaan grammatikale tydsuitdrukking in Afrikaanse geskrewe vertellings (die impak daarvan op die hele taalkader kan nie hier geïgnoreer word nie)?"

6.3.3.2 Die hele problematiek

Wybenga (ibidem:8) kom tot die gevolgtrekking dat die laaste sê oor hierdie aspek nog nie gesê is nie. Die invloed van Latyn bly 'n probleem, kwansuis omdat tydsuitdrukking juis in die werkwoord of minstens in die modifisering van die werkwoord deur ander woorde lê. Hierdie verskynsel staan egter ook nie los van die ander verwante verskynsels nie.

Hoe stel 'n mens vas wat tydsuitdrukking werklik is? In die verlede is die gebruik daarvan statisties ontleed, m.a.w. daar is by die struktuur begin en deurgewerk na die funksies. Verskeie metodes van ondersoek word deesdae gevolg; 'n vereiste is egter dat elkeen moet bydra tot die verbreiding van kennis van taal.

Vir Wybenga (ibidem:15) lê die oplossing in 'n funksionele en kommunikatiewe benadering tot taal wat die verwaarloosde aspekte in die kommunikasieproses kan uitlig. Dit verskil van die tradisionele morfologiese en/of sintaktiese benaderings; eg. het die vormlike verskille by die werkwoord uitgelig terwyl lg. die werkwoord se samehang met die ander woordsoorte uitgelig het.

6.3.3.3 Studies tot dusver

Wybenga (ibidem:17 e.v.) gee 'n baie kernagtige samevatting van studies wat handel oor die grammatika van tyd en die ander verwante aspekte soos wat dit in Afrikaans voorkom.

6.3.3.3.1 Die ban van Latyn

Dit is eers teen die einde van die Middeleeue dat verskeie volkstale (wat nie as kultuurtale beskou is nie) in Europa al hoe meer veld begin wen het as skryftaal van besondere gemeenskappe. Latyn is nog altyd as dié kultuurtaal beskou, en gevolglik het die Latynse voorbeeld die opkomende tale se skryfwyse en grammatikabeskrywing beïnvloed.⁶ So bv. is die eerste Nederlandse grammatika (van Spieghel) ook op Latynse lees geskoei. Die noodwendige gevolg sou wees dat vreemde vorme waarvoor daar geen ekwivalent in die betrokke taal of

tale ter sprake bestaan het nie, hul pad na hierdie grammatika gevind het, of dat ander vorme (wat nie in Latyn voorgekom het nie) eenvoudig moes verdwyn. Baie van hierdie "vreemde" vorme het dalk op so 'n indirekte manier neerslag gevind in die Afrikaanse grammatikas.

6.3.3.3.2 Tyd, tempus, aktionsart en deiksis

Werkwoorde is nog altyd gesien as dié woord wat handeling en/of tyd uitdruk, of dat handeling in tyd uitgedruk word (wat wel waar is t.o.v. Latyn).⁷ In die "Indo-Europese" dogtertale word slegs aspek of aspek én tyd met dieselfde vormlike elemente van die werkwoord uitgedruk. Tydsuitdrukking m.b.v. die werkwoord was 'n ontwikkeling wat ná die aspektiese uitdrukking voorgekom het. Ondersoeke na die ouer tale daarvan boekstaaf hierdie beskouing.⁸ Dit lyk dus asof hierdie tale deur die Latynse voorbeeld verlei is, sodat 'n Babelse verwarring heers in hierdie tale t.o.v. veral die terme wat hierbo genoem is. Dat elkeen van hulle raakpunte met tyd vertoon, kan nie geignoreer word nie.

6.3.3.3.2.1 Tyd en deiksis

Dit is dalk wel waar dat alle tale op die een of ander wyse, al is dit metasintakties, tyd móét uitdruk. Soos met die ander terme mag ons ook t.o.v. hierdie begrip nie in filosofiese diskussies verval nie, veral nie in hierdie ondersoek nie.

Stoker (1948:47 e.v.) dui enkele aspekte aan wat tog vir hierdie ondersoek belangrik is. Een daarvan is sy tydsteorie (soos sy verwysing na ander belangrike tyds(vorm)teorieë). In hooftrekke⁹ onderskei hy dan tussen:

4. Tyd as *Totaliteit*;
3. Tyd as *Verlede, Toekoms, Hede*;
- 2(2). Tyd as *Volgorde, Ritme, Sukсессie*;
- 2(1). Tyd as *Voortduurte, Duurte*;
1. Tyd as *Verbygaandheid*.

Sy uitspraak (ibidem:60) is dan ook dat alle vakwetenskappe wat met 'n tydsbegrip funksioneer, oor die tersaaklike tydsvorme en hul samehang helderheid moet verkry. Soos wat hierdie ondersoek poog om uit te wys dat 'n taal - alhoewel uiters gekompliseerd - leef, doen Stoker (ibidem:52) dieselfde t.o.v. tyd. Ook daarin lê 'n waarheid en orde ingebed wat alle verstand te bowe gaan, "... wat saam met die orige skepping heenwys na Hom wat wonderlik is (die Skepper daarvan)".


T.o.v. tyd is daar wel sprake van egosentriese of fatiese tyd, deiktiese kategorie, of ruimtelike gestrektheid.¹⁰ Taalmatige tydsuitdrukking berus by die naïewe voorwetenskaplike belewenis van die taal-maker/gebruiker.

Wybenga (1983:20) beweer dat tyd egosentries en ruimtelik belewe word en gevolglik 'n deiktiese kategorie is. Elke uiting wat gemaak word, word vanuit of ten aansien van 'n spesifieke tyd- en ruimtelike punt gemaak. Daarom moet tyd in elke uiting ingebed wees, implisiet indien daar van die deiktiese sentrum as oriëntering uitgegaan word en eksplisiet as daar van 'n ander tydsverwysingspunt gebruik gemaak word. Daarom is dit belangrik om te onthou dat nie net werkwoorde in 'n uiting tyd sal uitdruk nie, maar dat elke gedeelte van die uiting tot die weergawe van die spesifieke tyd- en ruimtelike plasing of oriëntering van die uiting bydra. Die spesifieke aard van die gegewe sentrum(s) of oriënteringspunte (van bv. 'n diskoers) gaan of kan van uiting tot uiting verskil.

Die tradisionele opvatting het tyd drieledig verdeel:

- (1) tyd wat teenwoordig is;
- (2) tyd wat wegbeweeg; en
- (3) tyd wat na die spreker beweeg.

Die diagrammatiese voorstelling¹¹ daarvan (uit 'n deiktiese vertrekpunt) lyk soos volg:



Volgens Wybenga (ibidem:26) word tyd voorwetenskaplik as die bewegende faktor gesien, en nie die spreker se posisie op die tyd as nie.

6.3.3.3.2.2 Tempus

Tempus het 'n dubbelslagtige term geword wat aspek en tempus insluit. Ponelis¹² sien tempus as die sistematiese tydverskille wat deur die werkwoord uitgedruk word, 'n siening wat nou aansluit by die tradisionele opvatting van die werkwoord. Dit is egter geen universele kenmerk van tale nie.¹³

Daar alle tydgekoppelde werkwoordelike vorme as tempus gesien word, kan Afrikaans se tempusstelsel gesien word in die onderskeid tussen die gemerkte en ongemerkte vorme¹⁴ van die werkwoord of in die tradisionele terminologie "presens" en "preteritum".

Ponelis (soos aangehaal in Wybenga, ibidem:27) verwys na die "werkwoordpatroon" daar tempus in Afrikaans nie net vir die tydkatgorieë van die werkwoord gereserveer kan word nie. Die werkwoordpatroon dui nie sonder meer tyd aan nie. Elemente soos die tydsadjunkte word gebruik om die tydoriënteringspunte aan te dui. Afrikaans het dus geen tempusstelsel in die klassieke sin van dié woord nie, en is gevolglik tydvry.


6.3.3.3.2.3 Aktionsart en aspek

Verwarring heers in Afrikaans oor waar hierdie terme gebruik moet word, of wat presies daarmee bedoel word. Wybenga (ibidem:29) wys daarop dat beide terme oorspronklik gedui het op 'n verskynsel wat in

Slawies morfologies uitgedruk word. Mettertyd is verskillende inhoude daaraan gekoppel.

Hy beskou die indeling wat Labuschagne¹⁵ maak, en afgesien van die onortodokse taalkunde daarvan, as 'n definitiewe wins. Die skeiding van die twee terme maak 'n eenvoudiger indeling van aspek moontlik. So byvoorbeeld word daar tussen inhoudelike aspek (of aktionsart) en eksterne aspek (as aspek beskou) onderskei, 'n indeling wat twee totaal verskillende fasette van die werkwoord in 'n sin verteenwoordig.

Vereenvoudig sluit aktionsart in sy studie¹⁶ die verbindbaarheid (die argumente wat vir die werkwoord geld) en die aspektiese kenmerke van 'n werkwoord in wat deel is van 'n spesifieke werkwoord se betekenis-komponente. Aspek slaan weer op die verloop van 'n handeling¹⁷, die wyse waarop 'n handeling of toestand in die tyd of daarbuite voltrek word ten opsigte van 'n spesifieke tydsoriënteringspunt wat ook die deiktiese sentrum kan wees, en kan skematies soos volg voorgestel word:



Wybenga (ibidem:32) onderskei tussen die volgende aspekte, nl. ingressiewe, inchoatiewe, imperfektiewe, okklussiewe en perfektiewe.

6.3.3.3 Grammatikabeskouings, beskrywende studies en verwysings

Die historiese grammatici van Afrikaans het menigmaal dinge oor die taal kwytergemaak wat eenvoudig net nie waar was nie. Volgens Wybenga (ibidem:37) kan die vernaamste werke oor die Afrikaanse grammatika na

1905 verdeel word in beskrywende Taalkundige bronne en in voorskrywende bronne. Hy gee slegs 'n algemene beeld daarvan.

Baie van die ouer werke het hoofsaaklik gehandel oor die verlies van sekere vorme wat wel vroeër in Nederlands bestaan het, en wel vormverlies en vormverandering. Tydsvergestalting self het feitlik glad nie gefigureer nie, en is heel eensydig histories hanteer.

Dit is J.J. le Roux¹⁸ wat die eerste keer iets oor die aspektiese aard van sekere Afrikaanse werkwoordelike patrone uitgewei het. Hy sien tydsuitdrukking dus nie as 'n werkwoordelike vorm nie, maar eerder dat dit m.b.v. tydsbepalings geskied - so bestaan daar slegs drie tye; elkeen daarvan mag weer op sigself verskillende "aspekte" hê. 'n Behoeftes wat hy ingesien het, is dat daar 'n behoefte in Afrikaans bestaan vir 'n beskrywing van die vorm van die werkwoord en verder ook vir die betekenis wat daardeur uitgedruk word.

Met hierdie benadering het hy probeer om die wanopvatting(s) wat t.o.v. die werkwoord bestaan het, op te klaar. Ander baanbrekers op hierdie gebied sluit byvoorbeeld Scholtz en De Villiers in.

Scholtz¹⁹ het vir die eerste keer 'n Afrikaanse ontleding van aspek gegee deur dit aan plek en nie aan tyd nie te koppel. De Villiers²⁰ wou weer tot die wese van die Afrikaanse tydsuitdrukking deurdring. Desnieteenstaande sekere verwarrings wat in sy studie voorkom, lewer hy 'n waardevolle bydrae oor die verskillende aspekte wat reeds genoem is. Verdere bydraes sluit die aspektiese funksie van skakelwerkwoorde en modaliteit in; lg. sluit die funksie van die Afrikaanse modale hulpwerkwoorde en al die skakerings daarvan in.

Oor tydsuitdrukking het hy die volgende te sê:

Dié drie tye wat ons genoem het, Hede Verlede, Toekoms, het dus geen vaste grense nie, en dit hang van onself af hoe wyd ons die grense van tyd vorentoe en agtertoe skuif.²¹

Hy sien tyd dus as 'n deiktiese kategorie, 'n kategorie wat afhang van die spreker se blik daarop.

Loubser²² behandel in sy studie die ontwikkeling van die saamgestelde verbale vorm van Nederlands tot Afrikaans. Dit is veral die vorm- en funksieveranderinge²³ wat hier aan bod kom, 'n aspek wat van belang is vir enige ondersoek t.o.v. tyd as sodanig.

Labuschagne²⁴ verwys na "'n baie markante aspekstelsel" wat tyd in Afrikaans uitdruk, as vervanging van die tempusstelsel van die moedertaal waaruit dit ontwikkel het. Hy verwys egter net na die sintaktiese middele om hierdie doelwit te bereik. Alhoewel hy noem dat tyd "gelokaliseer" word, verwys hy geensins na die deiktiese aard daarvan nie.

Van der Vijver²⁵ se proefskrif gee vir die eerste keer 'n sistematiese vergelyking van Afrikaans met 'n ander taal, nl. in die gebruike van die werkwoordelike tydkatgorieë tussen Afrikaans en Duits.

Bowmer²⁶ se generatiewe semantiese benadering koppel die Afrikaanse tydsuitdrukking te alle tye aan die werkwoord. Alle middele wat tyd uitdruk, word as onderliggende werkwoord ontleed d.m.v. 'n gepaste dieptestruktuur. Gevolglik is tempus vir hom 'n aanvaarde kategorie in Afrikaans. Só 'n siening dui gevolglik nie die funksie van die verskillende werkwoordpatrone aan nie.

Ponelis²⁷ se bydrae oor hierdie aspek draai rondom tyd en tempus, sonder dat aspek genoem word. Tyd self word as deiktiese verskynsel gesien (dié gedeelte sal aangeroe word as die onderskeid tussen die hoof- en medewerkwoord getref word, veral waar voorbeelde gegee word).

6.3.3.3.4 Voorskrywende bronne

Wybenga (ibidem:55) se ondersoek oor tydsuitdrukking het ook grammatikahandleidings vir skole en spraakkunste vir volwassenes ingesluit.

Malherbe²⁸ se bydrae oor tydsuitdrukking het rondom bruikbare riglyne gedraai wat die basiese tye en die aspekte daarvan ingesluit het.

Bouman en Pienaar²⁹ se spraakkuns het tydsuitdrukking as 'n basiese kenmerk van die werkwoord gesien; alhoewel hulle erken dat Afrikaans arm aan vorme is, het hulle dit aan die hand van die Latynse model verduidelik.

Afgesien daarvan dat Potgieter³⁰ tussen agt verskillende tydsvorme onderskei, was sy grootste bydrae dat hy tyd as 'n saak sien wat uit die verband blyk.

Langenhoven en Pienaar³¹ se handleiding werp bv. meer lig op die unieke aard van die vorm wat tydsuitdrukking in Afrikaans aanneem. Alhoewel die klem op een verskynsel geplaas word, kan dit na die hele korpus deurgetrek word:

Dus het Afrikaans 'n tydvorm geskep wat 'n idiomatiese eienaardigheid is, 'n allerkragtigste middel om sprekende lewendigheid van voorstelling aan 'n verhaaltrant mee te deel sonder die vervelinge eentonigheid wat onafskeidbaar sou wees van 'n aanhoudende historiese praesens. Dis een van die baie psigologiese kenmerke van ons taal wat byna nie vir logiese uitleg vatbaar is nie.

Met Van der Merwe³² is daar begin om die reëls t.o.v. tydsuitdrukking meer rigied voor te stel.

In die jonger handleidings is daar minder voorskrifte gegee, en het 'n afskaling of vervlakking van veral hiërdie aspek ingetree. Dit is veral die voorskrywende grammatikas wat 'n geweldige impak op die algemene taalgebruiker en die gebruik van die Afrikaanse tydsuitdrukking sou hê, nl. dat dit 'n werkwoordelike kategorie is, desnieteenstaande die vordering wat op die gebied van die beskrywende taalkunde gemaak is.

Na bestudering van die verskeie werke vat Wybenga (ibidem:60) die kern van dit wat reeds genoem is, saam. Dat tydsuitdrukking dus 'n kategorie van die werkwoord is, word afgewys as 'n historisisme. Die

Afrikaanse werkwoordpatrone is eerder tydsvry, alhoewel hulle dikwels met 'n spesifieke tyd geassosieer word. Gevolglik kan aanvaar word dat dit 'n deiktiese kategorie is. Grammatikale tydsuitdrukking (in Afrikaanse vertellings (ibidem:204)) berus eerder op die samehang as op die werkwoord.

'n Deeglike bestudering van al hierdie onderhawige werke asook dié wat sedertdien verskyn het, sal meer lig werp op die hele veld wat die Afrikaanse hulpmoment dek. Wanneer hierdie verskynsel en ander verwante aspekte hierna aan bod kom, sal dit nie voorskrywend wees nie, maar eerder 'n kompilasie wees van dit wat alreeds in Afrikaans en oor Afrikaans verskyn het of geskryf is. Dan behoort ons weer te kyk na die gevolgtrekking waartoe Wybenga (ibidem:205 e.v.) kom as hy tydsuitdrukking in die algemeen ontleed soos wat dit in Afrikaans bestaan. Ander aspekte wat ook aangeraak sal word is tydloosheid, teenwoordige, verlede en toekomstige tyd, aspek en aktionsart.

Alhoewel die laaste woord oor die werkwoord of die hulpmoment nog nie gespreek is nie, kan ons die verskillende verskynsels vervolgens self van naderby betrag en in oënskyn neem.

6.4 Die Afrikaanse werkwoord

6.4.1 Inleiding


Alhoewel monumentale baanbrekerswerk gedoen is deur De Villiers e.a., is dit veral die bydrae van Ponelis (1979:185 e.v.) wat gepoog het om meer struktuur en groter geloofwaardigheid aan 'n logiese uiteensetting van dié verskynsel in Afrikaans te verleen, deurdat hy dit op 'n geordende basis of fondament plaas.

Alhoewel al baie oor die werkwoord geskryf is, veral t.o.v. die universele aspekte daarvan, is Ponelis se bydrae tog van kardinale belang daar dit handel oor dié verskynsel soos wat dit in Afrikaans figureer - as uitvloeisel van sekere historiese gebeure, en as proses wat nog steeds onafgehandel blyk te wees. Vir eers word die indeling van

Ponelis (met weinig veranderings) net so oorgeneem soos wat hy dit uiteengesit het. Ons kan met dié gedeelte afsluit, daar dit die algemene tendens of gevoel van die taalgebruiker en taalkundige weerspieël. Hierdie gedeelte behoort in breë trekke 'n verklaring te bied of uiteensetting te gee van dit wat die aanvanklike doelwit van hierdie ondersoek was, nl. 'n linguistiese onderskeid tussen die hoof- en medewerkwoorde. Dié gedeelte behoort gevolglik ook 'n wetenskaplike basis vir vir die onderskeidings daar te stel.

Ponelis (ibidem:187) verwys ten eerste na die werkwoord as daardie element wat as spil (in die spil-posisie) in die sin kan optree, d.w.s. die posisie direk na die onderwerp.

Hy handhaaf die tradisionele verdeling van die clause (klous) wat gevolg word, nl. dat twee onmiddellike stukke, die onderwerp en gesegde (of werkwoordstuk), deel daarvan uitmaak. Dit is die werkwoordstuk wat die werkwoordstuk-kern, medewerkwoorde en adjunkte omvat.



6.4.1.1 Werkwoordelike optrede

6.4.1.1.1 Werkwoordpredikate en werkwoordoperateurs

Terwyl die hoofwerkwoorde die semantiese predikaat van die sin vergestalt, kan die medewerkwoorde³³ as werkwoordelike operateurs beskou word waarmee hoofsaaklik sekere algemene grammatikale bewerkings op predikate gedoen word. Ponelis verduidelik dat 'n medewerkwoord/werkwoordelike operateur van 'n werkwoordelike predikaat/hoofwerkwoord onderskei word o.a. a.g.v. die vryheid van kombinasie aan die kant van

die medewerkwoord teenoor die gebondenhede van die hoofwerkwoord. Dit is maar een beskouing van dié verskynsel. Verskeie ander standpunte is ook al met verloop van tyd aangehaal en behandel.

Ponelis (ibidem:188) wys voorts ook daarop dat hoofwerkwoorde daartoe neig om heel spesifieke leksikale betekenis te hê, terwyl medewerkwoorde neig tot die uitdrukking van heel algemene grammatikale waardes. Lg. se verbondenhede t.o.v. die hoofwerkwoord is egter neutraal.

6.4.1.1.2 Gemerkte en ongemerkte werkwoordpatrone

Sonder om enige sinstatus in te boet, kan die hoofwerkwoorde in sinne as onontbeerlike elemente beskou word terwyl die medewerkwoorde as ontbeerlike elemente daarin beskou kan word. Dit het tot gevolg dat werkwoordpatrone met hoofwerkwoorde ongemerk is, terwyl werkwoordpatrone wat medewerkwoorde bevat gemerk, is. Die ongemerkte vorm is die vorm wat ook die wydste spreiding toon.

Ponelis (ibidem:189) dui bv. die optrede van hierdie verskynsels in sekere omstandighede aan, veral t.o.v. waar vervanging plaasvind by tydsverwysing: hy vestig die aandag slegs op drie verskynsels, nl. preteritale neutralisasie, neutralisasie van toekomsverwysing en die neutralisasie van "moet".

6.4.1.1.3 Werkwoordfleksie

6.4.1.1.3.1 Inleiding

Alhoewel nie volledig nie, is daar al oor hierdie aspek in Afrikaans geskryf. So verwys Malherbe (in Nienaber, 1965:45) na die "ineenstorting van die verbaalsisteem in Afrikaans" ('n proses wat hom oor 'n tydperk voltrek het). Dit is algemene kennis dat verbaalfleksie eie aan die verskillende dialekte was. Die rede vir die verandering van omstandighede skryf hy dan toe aan die dialekvermenging en isolasie wat hierdie gelykmaking kon bevorder, nl. waardeur binne bepaalde grense een vorm oor verskeie ander die botoon voer, of deureenmenging

van ablaatsklasse of oorgange van sterk na swak werkwoorde ontstaan. Nog veranderinge kom voor by die verdwyning van die imperfektum en sterk voltooide deelwoord met die verdere reduksie van vormonderskeiding, feitlik tot verbaalstam en deelwoord.

Fleksie self (in sy oorspronklike of tradisionele vorm, bv. in Europese konteks) kom feitlik nie voor nie, buiten die produktiewe fleksievorm wat tot die gebruik van "ge-" beperk is. Ponelis (1979:190) dui veral die hoofvorme van die resklas werkwoorde met fleksie aan:

Presens	Preteritum	"Voltooide deelwoord"	"Infinitief"
het	had	gehad	hê
is	was	gewees	wees.
kan	kon		
mag	mog		
moet	moes		
sal	sou		
wil	wou		

Uit die gebruikte terminologie (en dan veral met die gedeelte van Wybenga in gedagte) kan 'n mens agterkom dat daar nog groot onenigheid is oor watter terme gebruik moet word, of watter beskrywing gevolg moet word waar daar na spesifieke verskynsels verwys word. Dit het dalk tyd geword dat tyd opsy gesit word sodat hierdie probleme aangespreek en eenvormigheid bereik kan word; 'n algemeen aanvaarde spraak-kuns lê na so 'n stap dalk net om die draai.

Ponelis (ibidem:190 e.v.) wys op die voorkoms of verspreiding van dié verskynsels in Afrikaans:

6.4.1.1.3.2 Die infinitief

Die "infinitiefsvorm" is die vorm wat in die sentrumgrens saam met 'n medewerkwoord optree:

Hy wil dit *hê*.

6.4.1.1.3.3 Die voltooide deelwoord

Die "voltooidedeelwoordsvorm" verskyn saam met die hulpwerkwoord "*het*" of die omskrywingswerkwoorde "*word*" en "*wees*":

Hy het dit *gehad*.
Hy is/word *gevra*.

Die preteritale vorm "*had*" van die hoofwerkwoord "*hê*" (en nie die tydshulpwerkwoord "*het*" nie - dié bly onveranderlik "*het*") kom in die standaardtaal hoofsaaklik net as skryfdialektiese vorm voor:

Die groot parlementariërs *had* egter nie veel bewondering vir die Senaat se instelling nie.
Ander redes *had* hy ook.

Sommige sprekers vervang die "infinitiefsvorm" "*hê*" deur "*het*":

Ek moet dit *het*.

"*Mog*" is aan die uitsterf en wyk voor "*mag het*":

Niemand *mog* hom iets vra nie.
Niemand *mag* hom iets gevra *het* nie.

"*Dag/Dog*" (uit "*dink*") is preteritopresentia, d.w.s. werkwoorde waarvan die preteritale vorm presentiese betekenis verkry het:

Ons *dog/dag* jy's weg.

Die vorme "*dog/dag*" is werkwoorde (of vorme van dieselfde werkwoord) in eie reg naas "*dink*".

"*Wis*" (uit "*weet*") voer 'n bestaan op die rand van preteritale status, sodat dit nog in verbande voorkom waar dit gelyk is aan "het gewee":

Niemand *wis* iets van hom nie.

Vir 'n volledige ondersoek van die voltooide deelwoord, is die bestudering van Conradie se proefskrif (1979a) van kardinale belang.

6.4.1.1.3.4 "GE-" by die "voltooide deelwoord"

"Ge-" tree by die voltooidedeelwoordsvorm op in verbinding met die tydshulpwoord "*het*" en die omskrywingswerkwoorde "*word*" en "*wees*". Ponelis (1979:191) dui dan enkele van die belangrikste voorwaardes vir die gebruik of toepassing van "*ge-*" aan:

6.4.1.1.3.4.1 "*Ge-*" verskyn voor (i) eensillabige of (ii) beginbeklemtoonde voltooidedeelwoordsvorme:

(i)	(ii)
het <i>gegaan</i>	het <i>genéúrie</i>
is <i>gehuur</i>	is <i>gewáársku</i>
word <i>gevra</i>	word <i>genáder</i> .

By meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent tree "*ge-*" in die standaardtaal nie op nie:

het *ontbind*
is *aanváár*
word *veráfsku*.

In die omgangstaal word "*ge-*" egter wel soms hier gehoor:

Hy is *gebegráwe*.
Hulle het dit *geaanváár*.

Veral by eindbeklemtoonde werkwoorde met "-*éér*" is die wisseling tussen "*ge-*"vorme en "*ge-*"lose vorme groot:

het *regéér/gereregéér*
het *floréér/gefloréér*.

By baie van hierdie werkwoorde is die "*ge-*"vorm die gebruiklikste.

6.4.1.1.3.4.2 By kombinasies van skakel- en hoofwerkwoorde kan die skakelwoord "*ge-*" neem:

het *gebly* praat
het *gesit* en kyk.

"*Ge-*" kan egter ook hier ontbreek:

het *bly* praat
het *sit* en kyk.

Dit is veral Menkveld (1978:1 e.v.) wat hom uitlaat het oor die faktore wat betrokke is by die optrede van hierdie verledetydsvoorvoegsel by die deelwoord. So onderskei hy tussen 'n passiefvoorvoegsel "*ge-*",

waar die resultaat 'n passiewe deelwoord is, en die verledetydsvoorvoegsel "ge-", waar die resultaat 'n verlede deelwoord is, soos deur die volgende sinne verteenwoordig:

Die hond word geslaan.
 Sy het opgestaan en gehuil.

Menkveld se ondersoek het 'n groot deel van die taalomgewing as faktor gedek, die diachroniese sowel as die sinchroniese. So bv. is die linguistiese optredereëls ondersoek van die werkwoorde op "-eer", dié met voorvoegsels, samegestelde werkwoorde, en werkwoordgroepe. Lg. sluit die skakelwerkwoorde, hoofwerkwoorde en die verbale hendiadis in.

Baie van die verskynsels wat hierbo genoem is, is alreeds deur verskeie taalkundiges in besondere detail ondersoek. Dit mag dalk raadzaam wees om die betrokke bronne dan as kruisverwysing te raadpleeg. So byvoorbeeld het Grayson (1962:78 e.v.) verskeie fleksiereste in sy studie probeer uitlig, en het hy die volgende oor hierdie aspek te sê:

As compared with the Du. verb, the Afr. verb shows a drastic reduction with respect to the number of forms. Personal endings have been discarded and, except in the cases subsequently noted, strong verbs have become weak. All tenses and moods, apart from the pres. indic. and the impv., are regularly expressed by means of auxiliaries...

Survivals of an older verbal system are encountered, although they are by no means abundant. While, indeed, some are found only in idiomatic expressions, others actually constitute the normal grammatical forms of the language...

Sommige verskynsels sal ter gelegener tyd die nadere verwysing of verdere ondersoek van die onderskeie aspekte regverdig.

6.4.2 Die hoofwerkwoord

Die hoofwerkwoorde³⁴ omvat o.a. die volgende tipes, nl. oorganklike werkwoorde, onoorganklike werkwoorde, voorsetselwerkwoorde, koppelwerkwoorde/kopulas, wederkerende werkwoorde en deeltjiewerkwoorde. Van hierdie werkwoorde mag dalk in die vervolg ingespan word waar dit in kombinasie met die medewerkwoord optree. Dit sal egter vanuit die

perspektief van die medewerkwoord belig word, en tree dan nie meer op sigself as selfstandige vorm op nie.

Vervolgens word die verskynsel wat ons as "medewerkwoorde" leer ken het (vgl. hier ook die ander beskrywings of terme), veral vanuit die perspektief van Ponelis (1979:239 e.v.), deeglik ondersoek. Nadere toeligting deur ander taalkundiges sal as aanvulling dien.

6.4.3 Die medewerkwoord

Deur na die plasing van dié verskynsel in die Afrikaanse sin te kyk, wys Ponelis (ibidem:241 e.v.) daarop dat daar twee hooftypes medewerkwoorde posisioneel (en tradisioneel beskou) onderskei kan word, veral ten aansien van hulle plasing in die sentrumgrens, nl. die hulpwerkwoorde en die skakelwerkwoorde.

Hulpwerkwoorde	Skakelwerkwoorde	Hoofwerkwoorde
sal	bly	beweeg
kan	gaan	werk
moet	kom	reën
mag	laat	opsê.

Die skakelwerkwoorde volg op die hulpwerkwoorde. Die Afrikaanse terme - soos wat dit inderdaad gebruik word - is of was nog altyd 'n poging om die funksie-omskrywing van die verskillende verskynsels op 'n eenvoudige maar raak manier te beskryf. Of hierdie indeling nog geldig is of enige substansie het, is 'n aspek wat later weer ondersoek behoort te word.

6.4.3.1 Die skakelwerkwoorde

Ponelis (1967:7) het aanvanklik binne die klas medewerkwoorde tussen die hulpwerkwoorde en die "kettingwerkwoorde" (skakel-) onderskei. Volgens die tradisionele indeling is daar tussen direkte en indirekte skakelwerkwoorde te onderskei.

6.4.3.1.1 Die indirekte skakelwerkwoorde

Afrikaans het vier indirekte skakelwerkwoorde, nl. "*lê*, *loop*, *sit*" en "*staan*", wat die betekenis "liggaamshouding" uitdruk. Hulle verbind via die bindpartikel "*en*" met die hoofwerkwoord:

Hy *lê* na die golwe *en* kyk.
Jy kan hier *sit en* lees.

Die bindpartikel "*te*" tree in 'n beperkte mate in Afrikaans op:

Onder slap ooglede *lê* Attie net nog 'n oomblik *te* kyk.

Heelparty sprekers hef die onderskeid tussen die indirekte en direkte skakelwerkwoorde op deur die "*en*" weg te laat:

Hy kon so sedig aan tafel *sit* anderpad *kyk*.

Die betekenis wat die "liggaamshouding" in 'n sin tot gevolg het, bring geen semantiese verskil tussen die indirekte skakelwerkwoorde en hulle hoofwerkwoordkorrelate tot stand nie. Die sintaktiese verskil is egter aansienlik. "*Loop*" en "*staan*" ondergaan as medewerkwoorde semantiese verskuiwings:

Wie het dit *loop* (= "aanhou") en vertel?
Soos gewoonlik het hulle alles vir soetkoek *staan* (= "negatiewe affek") en opeet.

Du Plessis (1990:73) verwys na die moontlikheid van skakelwerkwoordsa-mesmelting in Afrikaans. Ook interessant is die feit dat dit is asof werkwoorde soos "*loop*" en "*kom*" sintakties en semanties gesproke al in Afrikaans ver by die bewegingswerkwoord verby gebruik word ("*loop*" selfs verby die gebruik van die verbale hendiadis).

Die hele problematiek rondom die skakelwerkwoord is nog nie opgelos nie. Uit hierdie hele betoog van hom kom 'n mens agter dat dit hier nie net gaan oor die aanduiding van skakelwerkwoorde as *synde* + of - nie, maar dat die indeling nie sonder 'n graderingskaal gemaak kan word nie. Dit is iets wat in gedagte gehou moet word wanneer die medewerkwoordindeling in Afrikaans gedoen word (iets wat al telkemale in hierdie ondersoek na vore gekom het).

'n Skaal vir "loop" (ibidem:71) kan soos volg voorgestel word:

Hoofwerkwoord	X (die man loop)
Indirekte	
skakelwerkwoord	X (die man loop en speel)
Direkte	
skakelwerkwoord	X (die man loop speel)
Hulpwerkwoord	X (die man het loop gespeel)
'Adjunk'	X (loop speel tog!)

Letterlike	Figuurlike
bewegings-	houdings-
betekenis	uitdrukking

6.4.3.1.1.1 Die indirekte skakelwerkwoorde en neweskikking

Konstruksies met die indirekte skakelwerkwoord verskil van dié met neweskikking:

Neweskikking	Skakelwerkwoord
(1)Hy lê en hy kyk na die golwe *Hy lê na die golwe en kyk	(1a)Hy lê na die golwe en kyk.
(2)Hy lê. Hy kyk na die golwe	(2a)*Hy lê na die golwe. Hy kyk.
(3)Hy lê <i>of/maar</i> hy kyk na die golwe	(3a)*Hy lê na die golwe <i>of/maar</i> kyk. ³⁵

6.4.3.1.2 Die direkte skakelwerkwoorde

Anders as bg. groep, verbind hierdie medewerkwoorde sonder die bind-partikel met die hoofwerkwoord. Ponelis (1979:242) wys daarop dat hierdie klas taamlik heterogeen is en die volgende werkwoorde omvat: "*basta, beter; laat, begin, aanhou, bly, ophou; gaan, kom, loop; help, leer*" en "*probeer*".

In konstruksies word "*basta*" as 'n negatiewe hortatief gebruik ('n medewerkwoord met die waarde van "*moenie*"; Ponelis (ibidem:389) wys daarop dat die spreker d.m.v. die hortatiewe konstruksie³⁶ 'n optrede aan die hand doen waaraan hy self ook gaan deelneem.):

Basta so treurig wees.

"*Beter*" is ook 'n hortatief (uit Engels "*had better*, '*d better*"):

Jy *beter* jou sokkies optrek.

"*Laat*" word in kousatiewe en in versoekskonstruksies gebruik. Kousatief is:

Die nattigheid *laat* die ruite aanslaan.

In hierdie betekenis is "*laat*" parafraseerbaar deur "*maak/veroorsoak*":

Die nattigheid *maak/veroorsoak* dat die ruite aanslaan.

As versoek geld:

Laat hy die leer hier opslaan.³⁷

"*Aanhou*, *begin*, *help*" en "*ophou*" het hoofwerkwoordvariante wat voorsetselwerkwoorde is:

Skakel- werkwoord	Hoofww. met MET	Hoofww. voor lang infinitief; DAARMEE weggelaat
aanhou reën	aanhou met reën	aanhou -- om te reën
begin loop		begin -- om te loop
help kyk		help -- om te kyk
ophou lees	ophou met lees	ophou -- om te lees.

"*Begin*" kan ook met die partikel "*te*" verbind:

begin *te* twyfel.

Daar is sinne waarin "*leer*" en "*probeer*" met oorganklike hoofwerkwoorde korreleer wat met 'n infinitiefsin as voorwerp verbind:

Skakelwerkwoord	Hoofwerkwoord
daarna <i>leer</i> luister	<i>leer</i> om daarna te luister
op die stoel <i>probeer</i> sit	<i>probeer</i> om op die stoel te sit.

Naas bg. het "*aanhou, begin, bly*" en "*ophou*" ook aspektiese waarde omdat hul op die aanvang ("*begin*"), afloop ("*ophou*") of voortgang/herhaling ("*aanhou, bly*") van die werkwoord se betekenisprofiel dui:

Dinge *begin/bly* lelik lyk.
Moenie *aanhou/bly* torring nie.
Hou op skree.

"*Kom*" en (in 'n hoër mate) "*gaan*" word weer toekomsverwysend gebruik:

Dit *kom* reën.
Ons *gaan* ondersoek instel.

"*Gaan*" is sterker feitelik as "*sal*" en kan geparafraseer word deur "*sal beslis*":

Sy toestand *gaan* binnekort verbeter.
= Sy toestand *sal* binnekort beslis verbeter.

6.4.3.2 Die samesmelting van skakelwerkwoorde met hoofwerkwoorde

Sowel die direkte as indirekte skakelwerkwoorde kan met hoofwerkwoorde saamsmelt. Hierdie verskynsel, wat skakelwerkwoordsamesmelting genoem word, kan duidelik by inversie gesien word:

Met samesmelting

Direkte skakelwerkwoorde

Kom kuier julle nie?
Gaan draf Hansie elke aand.

Sonder samesmelting

Kom julle nie *kuier* nie?
Gaan Hansie elke aand *draf*.

Dieselfde kan van ander kombinasies soos "*bly leef, laat hoor, laat val*", ens. gesê word:

Indirekte skakelwerkwoorde

Lê en lees jy tog nie in die skemer nie?

Lê jy tog nie in die skemer *en lees* nie?

Soortgelyke kombinasies, soos "*sit en kyk*", tree so op.

In die spilposisie tree net een werkwoord op (ook waar meer as een in 'n sin optree). In die volgende sin tree "*sal*" in die spilposisie op en "*lewe*" in die sentrumgrens, alhoewel hulle langs mekaar staan:

Ek sal lewe.

Dit behoort duidelik te blyk deur inversie (waar "sa?" in die spilposisie optree; dus kan net "sa?" betrokke wees by inversie), maar ook waar die plasing van adjunkte dit duidelik laat blyk:

Sa? ek lewe?
Ek sal nog lank lewe.

Die adjunk "nog lank" staan tussen die spil "sa?" en die sentrumgrens "lewe".

Die feit dat die skakelwerkwoord en die hoofwerkwoord in die eerste sinne van hierdie afdeling saam inversie kan ondergaan, dui daarop dat die betrokke skakelwerkwoorde sterk op pad is na samesmelting met die hoofwerkwoorde. Die resultaat daarvan is dalk een werkwoord iewers in die toekoms, veral as 'n mens na verskeie van die historiese prosesse kyk.

Hierdie samesmeltingsproses is nog allesbehalwe afgeloop. Dit blyk duidelik uit die sinne waar geen samesmelting plaasvind nie, vandaar dan ook die wisseling tussen die versmelte en die (beslis formeler) nie-versmelte vorme. Ponelis (ibidem:245) wys daarop dat dit lyk asof "laat" op die voorpunt van hierdie proses staan, omdat die onversmelte konstruksies hier onder in die omgangstaal maar skaars is, teenoor die versmelte vorme wat meer volop blyk te wees:

Met samesmelting
Laat val die ding.
Laat staan my.

Sonder samesmelting
Laat die ding *val*.
Laat my *staan*.

In die volgende sin is die verbinding tussen "gaan" en die hoofwerkwoord "haal" ook besonder sterk en word die twee in die omgangstaal nie verbreek nie:

Gaan haal jy haar?
Gaan jy haar *haal*?

Laasgenoemde sin is meer formeel.

Nog voorbeelde van skakelwerkwoordsamesmelting kan hieronder gesien word; die tweede kolom wys uit dat hierdie hulpwerkwoorde nie samesmelting toelaat nie.

Met samesmelting

Sy *leer ken* ons tuinblomme.
Hy *laat sak* die strokiesprent.

Sonder samesmelting

*Sy *sal ken* ons tuinblomme.
*Hy *moet lees* die strokiesprent.

6.4.3.3 Die hulpwerkwoorde

Tradisioneel word daar in Afrikaans tussen twee soorte hulpwerkwoorde onderskei, nl. die die modale hulpwerkwoorde en die hulpwerkwoord van tyd. Na plasing in die sentrumgrens kan hulle duidelik onderskei word deurdat die modale hulpwerkwoorde die hoofwerkwoord voorafgaan en die hulpwerkwoord van tyd daarop volg:

MOD	HW	TYD
sou	gevra	het
moes	gekom	het
kon	bereken	het.

Ponelis (1967:8) dui in 'n paradigma die verskil in struktuur tussen die verskillende hulpwerkwoorde aan, telkens waar die onderskeie vorme in die beginstuk of eindstuk van die sin optree:

het	gevra		
	gevra		het
mag	vra		
	vra		
is	gevra		
	gevra	is	
was	gevra	gewees	
	gevra	gewees	het
mag	gevra	wees	
	gevra mag	wees.	

So kon hy, op grond van spreiding, drie subkategorieë onderskei, nl. tussen die "*mag*"-, "*het*"- en "*wees*"-hulpwerkwoorde. Hierdie afbakening deel die "*mag*"-hulpwerkwoorde af as die modale, die "*het*"-hulpwerkwoorde as hulpwerkwoorde van aspek en die "*wees*"-hulpwerkwoorde as die hulpwerkwoorde van die passief. Die plasingsverskil gaan onder

bepaalde voorwaardes gepaard met 'n morfologiese verskil by die selfstandige werkwoord.

Oor die moontlike verband wat daar tussen die hulpwerkwoorde en die omskrywingswerkwoorde bestaan, sal meer duidelikheid verkry moet word. Daar sal nie veel oor die hulpwerkwoord van tyd gesê word nie. Oor die hiërargie van die onderskeie medewerkwoorde wei Botha (1976 en 1987) meer uit.

6.4.3.3.1 Die modale hulpwerkwoorde

Vier hoofipes modalehulpwerkwoordsvorme kan onderskei word:

"*durf, kan, ...;*
behoort, hoef;
te (as modale partikel);
blyk, ... (as resgroep)".

6.4.3.3.1.1 *Durf, kan, mag, moet, sal* en *wil* verbind direk, dit wil sê sonder die bemiddeling van die modale partikel "*te*", met die hoofwerkwoord:

durf/kan/mag/moet weggaan.

Almal (afgesien van "*durf*") het preteritale fleksie: "*kan, kon; moet, moes; sal, sou; wil*" en "*wou*". "*Mog*" is ongebruiklik naas "*mag*".

Hierdie preteritale vorme het temporele (verledetydsverwysende) en hipotetiese waarde:

Temporeel

Toe ek jonger was, *kon* ek die myl onder vyf minute draf.
 Niemand *wou* luister nie.

Hipoteties

As ek jou *kon* help, *sou* ek.
 Enigiets *kon* gebeur het, maar gelukkig het alles goed afgeloop.

In hierdie gevalle is die preteritale vorme teenfeitelik.

Die preteritale vorme word in die volgende gevalle ter wille van groter omsigtigheid³⁸ aangewend:

Sal jy my kan help?
Sou jy my *kon* help?

Die tweede sin in hierdie (en soortgelyke) voorbeeld is omsigtiger as die eerste gestel.

6.4.3.3.1.2 "*Behoort*" en "*hoef*" verbind met "*te*":

behoort *te* weet
 hoef niks *te* doen nie.

6.4.3.3.1.3 Die modale partikel "*te*" tree net in die sentrumgrens op en nooit as spil nie. Verder tree "*te*" op in verbinding met "*behoort*" en "*hoef*" en in infinitiefsinne met en sonder "*om*".

6.4.3.3.1.3.1 Infinitiefsin sonder "*om*":

Die "*te*" saam met "*behoort*" en "*hoef*" is die modale partikel van 'n eertydse infinitiefsin wat deur sinsvereniging in die hoër sin geabsorbeer is³⁹.

Die "*te*"-infinitief⁴⁰ kan van die volgende voorbeelde afgelei word:

te hope
 Dit is *te* verwagte dat enigiets kan gebeur.
te verstane

6.4.3.3.1.3.2 Infinitiefsin met "*om*":

My hande jeuk *om te* werk.
 Dit is noodsaaklik *om sy veiligheid te handhaaf*.

"*Te*" kan inderdaad as 'n modale element beskou word, veral as die volgende parafrases van nader beskou word, waar die modale partikel telkens met 'n modale hulpwerkwoord korreleer:

Dit is *te* begrype dat...
 'n Mens *kan* dit begryp dat...

Die plan was om later *te* kom.
 Die plan was dat ons later *sou* kom.

Die plasing van die modale partikel ten opsigte van ander elemente in die sentrumgrens speel wel 'n belangrike rol. Veël eerder kan die aandag aan die plasing van die werkwoordelike elemente gewy word.

Ponelis wy 'n hele afdeling aan plasing; belangrik is egter die plasing van die verskillende werkwoorde in die verskillende sinsposisies. So byvoorbeeld wys hy (ibidem:516) die verskillende posisies van die werkwoordelike elemente in die sentrumgrens uit. Alhoewel interessante inligting, kan nie tyd of plek afgestaan word vir die bestudering van elke verskynsel nie.

Ponelis (1967) se ondersoek na die "*om te*"-groep in Afrikaans mag ook hier waardevolle inligting verskaf.

6.4.3.3.1.4 "*Blyk, skyn, dien, meen*" en "*wens*" verskyn ook in taamlik plegtige styl as modaalagtige werkwoorde:

Dit sal ons niks verbaas as laasgenoemde alternatief die korrekte *blyk* te wees nie.

Die skema *skyn* aansienlike voordele te bied.

Hierdie konstruksies is die resultaat van sinsvereniging⁴¹; "*dien*" in die volgende konstruksie val in dié opsig daarbuite:

Hy *dien* geluk gewens te word (= 'n Mens *behoort* hom geluk te wens).

"*Blyk*" en "*skyn*" is volgens Ponelis (1979:224) die afvoer van onderwerpsverhoging en sinsvereniging. Wanneer die predikaatsin by "*blyk*" 'n koppelwerkwoordkonstruksie met "*wees*" is, kan die onderwerp van die predikaatsin bevorder word tot onderwerp van die matrikssin, terwyl die predikaatsin gereduseer word tot 'n "*te*"-infinitiefsin. By "*skyn*" is die sinsverenigingsproses meer algemeen omdat lg. reduksie toelaat by meer as die koppelwerkwoordkonstruksie.

6.4.3.3.2 Die gebruike van die modale hulpwerkwoorde

Die "modale" van "*modale hulpwerkwoorde*" slaan daarop dat dié hulpwerkwoorde gebruik word in sinne waarin modaliteite, d.w.s.

nie-werklikhede of nie-feitelikhede soos moontlikheid, waarskynlikheid, noodsaaklikheid en verpligting uitgedruk word:

Werklikheid/Feitelikheid

Riaan lees nou die nuus.

Modaliteite

Riaan *moet* nou die nuus lees (verpligting).

Riaan *mag* nou die nuus lees (toestemming).

Riaan *sal* nou die nuus lees (toekomsverwysing).

Die sinne met die modale hulpwerkwoorde slaan nie op 'n stand van sake wat voorhande is nie, maar op stande van sake wat nog verwerklik moet word.

Voorts moet daar onderskei word tussen die epistemiese en deontiese (gebruike van die) modale hulpwerkwoorde.

6.4.3.3.2.1 Epistemiese en deontiese modale hulpwerkwoorde

Die epistemiese modale hulpwerkwoorde het veral te doen met die spreker se onderneming ten opsigte van die stelligheid van 'n proposisie (Ponelis (ibidem:390 e.v.) het dit hier oor sinskleur), terwyl die deontiese modale hulpwerkwoorde nie betrekking het op die proposisie wat deur 'n sin vergestalt word nie, maar op die gebeure, handeling of toestand wat daardeur uitgebeeld word. Vergelyk die volgende twee groepe met mekaar.

Epistemies

As hulle geen teëspoed kry nie, *behoort* hulle so teen vieruur terug te wees.

Maar 'n kort bespreking *hoef* tog nie so vol teenstrydighede te wees nie.

Deonties

Hiervoor *behoort* jy eintlik meer te betaal.

Tog *hoef* u dit nie alles te eet nie.

Dieselfde geld bv. ook vir "*kan*, *moet*, *mag*" en "*sal*".

Die epistemiese modale hulpwerkwoorde het die hele proposisie wat deur die sin uitgedruk word, in bestek. Die voorbeelde met die epistemiese modale kan geparafraseer word deur:

	behoort so te wees	
Dit	hoef nie so te wees nie	dat S.
	kan/mag/moet/sal wees	

Epistemiese modale hulpwerkwoorde kan verder ook geparafraseer word deur hoër epistemiese predikate soos "*moontlik*" en "*waarskynlik*".

Terwyl die epistemiese modale hulpwerkwoorde gekarakteriseer kan word as spreker- en proposisiebetrokke, kan die deontiese modale bestempel word as onderwerps- en gebeure- of toestandbetrokke. Die deontiese modale "*behoort*, *hoef*" en "*moet*" druk bv. 'n spesifieke graad van verpligting uit wat op die onderwerp rus om die betrokke handeling uit te voer. Die deontiese "*kan*" (bv. in "Die koor *kan* in sowat vyftien tale sing") dui daarop dat die onderwerp oor die vermoë beskik om die betrokke handeling uit te voer, terwyl die deontiese "*sal*" (in "Ons *sal* heelwat betaal vir 'n beter huis as hierdie kasarm") aantoon dat die onderwerp 'n voorneme het om 'n handeling uit te voer.

Die epistemiese modale hulpwerkwoorde word ook algemeen gebruik by deduksie of konkludering:

Hierdie klimaat *moet* sleg wees vir hulle borste, want hulle kry vreeslik kroep.

Preteritale assimilasië kan by epistemiese modale hulpwerkwoorde uitbly:

<i>kan</i> omgekom het	NAAS	<i>kan</i> omgekom het
<i>sal</i> gebeur het	NAAS	<i>sou</i> gebeur het.

Tot die epistemiese modale hulpwerkwoorde moet ook die kwalifiserende gebruik van "*sou*" gereken word om aan te dui dat die proposisie aan iemand anders, 'n ander bron, toegeskryf word en dat dit nie die spreker se mening is nie:

Van dié dag af het daar stories die ronde gedoen oor die vreemde man. Hy *sou* 'n verdoemde seeman wees...

6.4.3.3.2.2 Gebruike van die deontiese modale hulpwerkwoorde

Daar is 'n wye verskeidenheid van gebruike van hierdie verskynsel. Die deontiese modale hulpwerkwoorde kan naas hul individuele gebruike ook somtyds in groepe (alhoewel nie almal nie) optree. Hulle tree dus ook in 'n verskeidenheid sintakties-semantiese stelsels op.

So dien "saʔ" se individuele gebruik (as voorneme) as voorbeeld:

Vir jou saʔ ek niks doen nie.

"Kan" druk in dieselfde konteks vermoë uit terwyl "durf" op waagmoed dui.

Die belangrikste stelsels waarbinne modale hulpwerkwoorde fungeer, is bv.:

6.4.3.3.2.2.1 Bevele of versoeke

Die sentrale en ongemarkeerde of neutrale modale hulpwerkwoord by bevele of versoeke is "*moet*". Dit verskyn veral as verpligte element by die negatiewe bevele of versoeke:

Positief

Vat die goed hier weg.

Negatief

Moenie die goed hier wegvat nie.

"*Moet*" is die enigste modale hulpwerkwoord wat in negatiewe bevele of versoeke soos die bostaandes optree.

Verder kom "*moet*" ook na vore in ingelyfde positiewe bevele of versoeke:

Onafhanklike bevel/versoek

Doen dit asseblieftog.

Ingelyfde bevel/versoek

Ons vra *dat jy dit asseblieftog MOET doen*.

In bevele of versoeke waarin die aangesprokene gemerk word (deur "*jy*", "*u*" en "*julle*"), kan 'n groot verskeidenheid modale hulpwerkwoorde met

verskillende skakerings van nadruklikheid optree (vgl. Ponelis (ibidem:252)).

Dieselfde kom ook na vore by nuansering (veral waar versoeke ter sprake is).

6.4.3.3.2.2.2 Toekomsverwysing

Modaliteit en toekomsverwysing is ook nou verbonde. So bv. verwys die modale hulpwerkwoorde na ongerealiseerde stande van sake (of modaliteite), en is hulle dus by implikasie toekomsverwysend. Dit is egter in die besonder "*sal*" en ook "*wil*" (van alle deontiese modale hulpwerkwoorde) wat in sekere verbande (veral met nie-lewende en/of nie-eerstepersoonsonderwerpe) so na betekenis verbleek het dat hulle suiwer toekomsverwysend gebruik word:

Die uitverkoping *sal* op die twintigste begin.
Pas op, die kar *wil* gaan staan.

Meer oor hierdie aspek kom na vore by werkwoordelike tydsverwysing (Ponelis (ibidem:263 e.v.)).

6.4.3.3.2.2.3 Gewoonte

Piet *sal/kan* sommer sit en niks doen.

6.4.3.3.2.2.4 Begeerte of wens

Ag, as dit maar net *wil* ophou reën.
Mag jy hierdie jaar voorspoedig wees.

6.4.3.3.2.2.5 Toestemming

U *kan/mag* maar hier bly.

Retief (1982:163) het meer uitgebrei oor die modaliteitsuitinge. 'n Belangrike opmerking, veral vir 'n ondersoek van hierdie aard, is dat die toevallige waarde van 'n uiting direk deur die grammatiese struktuur van die uiting bepaal word. Die werklike betekeniswaarde van 'n

uiting word deur die spreker se bedoeling daarmee bepaal. Die hoorder begryp dus eers die illokusie daarvan wanneer hy die bedoeling van die spreker herken.

6.4.3.3.3 Die hulpwerkwoord van tyd

Conradie (1977:56 e.v.) werp meer lig op "*het*" as hulpwerkwoord binne die Afrikaanse werkwoordgroep. Hy probeer veral bepaal wat die grammatiese verhouding van "*het*" as hulpwerkwoord is tot ander (nie-modale) hulpwerkwoorde. Hy lê ook verbande tussen die hulpwerkwoorde en die ander dele van die werkwoordgroep. Volgens hom kan die Afrikaanse hulpwerkwoordgroep die beste beskryf word d.m.v. die uitsegmentering van abstrakte kenmerkkomplekse. Dit doen hy dan ook aan die hand van die uitsegmenteringsreëls.

6.4.3.4 Omskrywingswerkwoorde

Die omskrywingswerkwoorde tree volgens Ponelis (ibidem:253) in onpersoonlike en lydende of passief-konstruksies soos die volgende op:

Jan *word/is* gekies.
Daar *word/is* gewerk.

Hierdie werkwoorde is aan die een kant verwant aan hoofwerkwoorde en aan die ander kant weer aan medewerkwoorde, en dit is waarom die klassifisering of kategorisering daarvan somtyds probleme veroorsaak.

6.4.3.4.1 As hoofwerkwoorde

Terwyl die medewerkwoorde ontbeerlik is, kan die omskrywingswerkwoorde in die volgende gevalle nie weggelaat word nie:

Jan <i>sa</i> l môre kom.	Jan <i>word</i> gekies.
Jan kom môre.	*Jan gekies.

Die omskrywingswerkwoorde is ook na verwant aan 'n subkategorie van die hoofwerkwoorde, naamlik die koppelwerkwoorde (in kopulakonstruksies en lydende vorme).

Konstruksies met omskrywingswerkwoorde kan as ongemerkte patrone (met die wydste spreiding, en kan somtyds in die plek van die gemerkte vorm optree) funksioneer:

Gemerkte patroon

Die span *sal* môre *gekies word*.

Ongemerkte patroon

Die span *word* môre gekies.

6.4.3.4.2 As hulpwerkwoord

Die omskrywingswerkwoorde is aan die ander kant verwant aan die hulpwerkwoord "*het*" in dié opsig dat hulle ook "*ge-*" aan die werkwoord determineer:

Jan *het gekies*.
Jan *is gekies*.

6.4.3.4.3 Dubbelsinnige plasing

Die plasing van die omskrywingswerkwoorde is somtyds dubbelsinnig. Hulle word in die sentrumgrens geplaas ná die vorme waarmee hulle verbonde is. So word "*is*" en "*het*" bv. na "*gekies*" geplaas in:

dat Jan gekies *is*
dat Jan gekies *het*.

In hierdie opsig lyk "*is*" (as omskrywingswerkwoord) op die medewerkwoord "*het*".

Hierdie plasing van die omskrywingswerkwoorde kan ook gesien word in die lig van hulle verwantskap met koppelwerkwoorde, wat hoofwerkwoorde is en in die sentrumgrens na hulle aanvullings te staan kom:

dat Jan GEKIES *is* (omskrywingswerkwoord)
dat Jan GAAF *is* (koppelwerkwoord).

'n Uitvoeriger omskrywing van hierdie verskynsel word ook deur Ponelis (ibidem:407) gegee. Vir 'n volledige bestudering van die medewerkwoord mag hierdie gedeelte nie uit die oog gelaat word nie.

'n Belangrike aspek hier is dat omskrywing om die tematiese struktuur van die sin sentreer. Hierdie tipe konstruksies het ook 'n gemeen-

skaplike grammatiese funksie, nl. tematiese verskuiwing, asook gemeenskaplike vormlike kenmerke.

6.4.3.5 Sinsvereniging en die ontstaan van medewerkwoorde

Volgens Ponelis (ibidem:254) ontwikkel medewerkwoorde deur verskillende soorte sinsvereniging uit hoofwerkwoorde (hierdie aspek is reeds in hfste. drie en vier bespreek). Deur hierdie proses is die hulpwerkwoorde oor 'n lang tydperk tot medewerkwoorde omvorm, terwyl skakelwerkwoorde soos "*aanhou, begin, help, ophou, leer*" en "*probeer*" tans nog van hoofwerkwoorde tot medewerkwoorde aan die verander is. Hoe meer volkome sinsvereniging voltrek is (soos by die hulpwerkwoorde), hoe beter is die betrokke medewerkwoord geïntegreer as medewerkwoord.

Die heel algemeenste verband vir die ontwikkeling van hoofwerkwoorde tot medewerkwoorde is die volgende: (oorganklike) hoofwerkwoord + (voorwerps-) infinitiefsin:

	Hoofww.	Infinitiefsin
Jan	probeer	om hom te keer.

6.4.3.5.1 Sinsvereniging

Deur sinsvereniging verloor die infinitiefsin (S^2 hier onder) sy sinstatus en word hy binne die matrikssin S^1 geabsorbeer:

$$\left(\underset{S^1}{\text{Jan}} \quad \underset{S^2}{\text{(probeer om hom te keer)}} \right) \underset{S^2}{\quad} \underset{S^1}{\quad}$$

$$\left(\underset{S^1}{\text{Jan}} \quad \text{probeer hom keer} \right) \underset{S^1}{\quad} \quad \text{Sinsvereniging.}$$

6.4.3.5.2 Afgradering van die matrikswerkwoord en opgradering van die bysinswerkwoord

Ná sinsvereniging word die ou matrikswerkwoord ("*probeer*" in S^1 bo) afgegradeer, en die ou bysinswerkwoord ("*keer*" in S^2 bo) ontwikkel tot die nuwe hoofwerkwoord van die verenigde sin (waardeur dit dus opgegradeer word).

Die afgradering van die matrikswerkwoord lei daartoe dat dit die eienskappe van 'n werkwoordelike operateur verkry (vergelyk 6.4.1.1.1, p. 270). Die hulpwerkwoorde en skakelwerkwoorde soos "*bly*, *kom*, *laat*, *loop*" en "*staan*" is baie duidelik operateurs volgens hierdie kriteria.

Hierdie afgradering gaan gepaard met semantiese verskuiwing, waardeur 'n spesifieke leksikale betekenis tot 'n algemene grammatiese waarde kan ontwikkel. So bv. kan die volgende korrespondensies tussen medewerkwoorde en homofone hoofwerkwoorde vergelyk word:

Medewerkwoord

Piet *gaan* ("toekomsverysing) vir Sarie ontmoet.

Hoofwerkwoord

Piet *gaan* ("vertrek, reis") om vir Sarie te ontmoet.

Hieruit kan duidelik gesien word dat bykans alle medewerkwoorde sintaktiese spore van (eertydse) hoofwerkwoordstatus en (daaropvolgende) sinsvereniging toon.

6.4.3.5.2.1 Alle medewerkwoorde kan determineer dat die werkwoorde waarmee hulle verbind in die sentrumgrens verskyn:

		Sentrumgrens	
Ons	begin	bome	<i>snoei</i> .
	bly		
	gaan		
	help		
	probeer		
	sal		
	wil		

Die feit dat die verbonde werkwoord (soos "*snoei*" hierbo) in die sentrumgrens verskyn, is 'n relik van ou bysinsaard: in bysinne staan die werkwoord in die sentrumgrens:

(_{S1} Ons sal	(_{S2} die bome <i>snoei</i>)	_{S2} _{S1}	
(_{S1} Ons sal	die bome <i>snoei</i>)	_{S1}	<i>Sinsvereniging.</i>

6.4.3.5.2.2 Medewerkwoorde soos "*durf*" en "*hoef*" kombineer nog met die "*te*", die modale partikel van 'n eertydse infinitiefsin:

Hy *durf/hoef* dit nie *te* doen nie.

6.4.3.5.2.3 By "*aanhou*, *begin*, *help*, *leer*, *ophou*" en "*probeer*" is daar nog wisseling tussen verenigde en onverenigde konstruksies:

	Onverenig		
	begin		
	help		
Ons	hou aan/op	om die papiere te seek.	
	probeer		
	Verenig		
	begin	die papiere	
	help	die papiere	
Ons	hou	die papiere	aan/op seek.
	probeer	die papiere	

Hierdie werkwoorde huiwer dus nog op die grens tussen hoof- en mede-werkwoorde.

6.4.3.6 Medewerkwoorde en ander operateurs

Ponelis (ibidem:257) lig volledigheidshalwe ook 'n klompie nie-mede-werkwoordelike operateurs, veral predikate (werkwoorde en adjektiewe) in verbinding met lang infinitiefsinne, uit wat nie sinsvereniging ondergaan het nie.

6.4.3.6.1 "*Dreig*" en "*op die punt staan*" het die waarde van "onmiddellike-toekomsverwysing":

- (1) Die besem *dreig* om te val.
- (2) Die besem *staan op die punt* om te val.

"*Dreig*" verskil in hierdie verband semanties heeltemal van "*dreig*", nl. as "dreigemente uitspreek", soos in:

- (3) Jan het *gedreig* dat hy vir Sannie sal verlaat.
- (4) Jan het *gedreig* om vir Sannie te verlaat.

Die "*dreig*" van die laaste twee sinne (3 en 4) is beperk tot menslike onderwerpe en kan sowel 'n "*dat*"-bysin, soos in (3), as 'n infinitiefsin, soos in (4), as voorwerp neem. In teenstelling hiermee laat die operateur "*dreig*" soos in die eerste sin nie-menslike onderwerpe vrylik toe en verbind dit net met infinitiefsinne, nie met "*dat*"-sinne nie.

6.4.3.6.2 "*Beloof*" in die volgende sin is 'n operateur met die waarde van "sterk moontlikheid":

Die lugvertoning *beloof* om 'n groot sukses te wees.

Tussen hierdie operateur "*beloof*" en sy teenhanger "*beloof*" (= "beloftes maak") bestaan verskille van dieselfde aard as tussen die twee werkwoorde "*dreig*" hier bo.

Die operateur "*dreig*" kan geparafraseer word deur die hulpwerkwoord "*wil*", in die betekenis "onmiddellike-toekomsverwysing":

Die Oranje *dreig* om oor sy walle te stoot.
Die Oranje *wil* oor sy walle stoot.

"*Beloof*" as operateur is parafraseerbaar deur "*sal*" (*moontlik*):

Dit *beloof* om 'n lekker dag te wees.
Dit *sal* (*moontlik*) 'n lekker dag wees.

"*Dreig*" en "*beloof*" is in alle opsigte soos medewerkwoorde, behalwe dat die infinitiefsin waarmee hulle verbind, nie deur sinsvereniging vormlik gereduseer is nie.

6.4.3.6.3 "*Verseg*, *versuim*" en "*nalaat*" is negatiewe operateurs:

Hy *verseg* om te antwoord.
= Hy *wil nie* antwoord nie.

Jy het *versuim/nagelaat* om die sleutels te bêre.
= Jy het *nie* die sleutels gebêre nie.

6.4.3.6.4 Die voorsetseladjektief "*besig*" (met NS) is 'n progressiewe operateur:

(1) Die wêreld is *besig* om te verander.
(2) Ons is *besig* om die fout te soek.

Die operateurstatus van "*besig*" spreek uit die ontbeerlikheid daarvan, dit wil sê die parafraseerbaarheid (vgl. die gedeelte van J.P. Botha (1976) hierna) van (1) en (2) deur (3) en (4) onderskeidelik:

- (3) Die wêreld verander.
- (4) Ons soek die fout.

Die koppelwerkwoordkonstruksie met "*wees*" + "*aan die*" (vroeër behandel) is ewe produktief as progressiewe konstruksie:

- Die wêreld verander :: Die wêreld is aan die verander.
- Die reën val :: Die reën is aan die val.

6.4.3.6.5 Naas "*besig*" is daar ook 'n verskeidenheid adjektiewe en adjektiwiese voorsetselgroepe wat vas met infinitiefsinne verbind en operateurstatus het, soos die parafrasering van hierdie konstruksies deur konstruksies met medewerkwoorde getuig:

Wat is jy *bereid/geneë/gewillig/lus* om te vra?
Wat *wil* jy vra?

Niemand is *by magte/in staat* om om sy koers te verander nie.
Niemand *kan* sy koers verander nie.

Ons is *voornemens/van voorneme* om vroeër te vertrek.
Ons *sal/gaan* vroeër vertrek.

Die Britte was *verplig* om van hul tradisies te laat vaar.
Die Britte *moes* van hul tradisies laat vaar.

Die verdere uitbreiding van die predikate in vaste verbinding met naamwoordsinne is nie hier nodig nie.

6.4.3.7 Tyd en tempus

Ponelis (1979:259 e.v.) se verwysing na tyd en tempus is vir hierdie ondersoek slegs belangrik in soverre die medewerkwoordgebruik daardeur duidelik aangetoon word. Daar word egter volstaan met die gedagtes wat Wybenga oor hierdie aspekte uitgewys het.

Deur middel van tyd word daar verwys na die verlede, die hede en die toekoms - óf werkwoordelik (deur medewerkwoorde soos "*sal, gaan*" en "*het*") óf adjunkties (deur tydsadjunkte soos "*nou*" en "*gister*"). Die

sistematiese tydsverskille soos dit deur die werkwoord uitgedruk word, heet tempus soos vroeër reeds uitgewys is.

Afhangende van die konteks waarbinne hulle gelees moet word, kan sinne atemporeel wees (m.a.w. dan is hulle nie presenties (in die teenwoordige tyd)) nie omdat die werkwoordpatroon ongemerk is, d.w.s. dat die hoofwerkwoord alleen is.

Voorts kan tyd ook as deikties beskou word, m.a.w. aan die gespreksituasie geanker, en met die uitingstyd as sentrum: hede = uitingstyd, verlede = tyd voor uitingstyd en toekoms = tyd na uitingstyd.

6.4.3.7.1 Werkwoordelike tydsverwysing

6.4.3.7.1.1 Toekomsverwysing

Lyons⁴² wys daarop dat toekomsverwysing glad nie so reëlmatig en deургegrammatiseer is as die onderskeid tussen die presens (die teenwoordige tyd) en die preteritum (die verlede tyd) nie.

In Afrikaans is werkwoordelike toekomsverwysing heel heterogeen, en word konstruksies met die volgende aspekte toekomsverwysend ingespan: (a) die ongemerkte patroon; (b) modale hulpwerkwoorde, veral met "sa7"; (c) skakelwerkwoorde en verwante vorme. Origens is toekomsverwysing modaal of nie-feitlik. Die presens en die preteritum daarenteen is albei feitlik, want hierdie sinne kan op uitingstyd waar of vals wees. Die toekomende tyd is nie-feitlik omdat dit op uitingstyd net 'n moontlikheid is en gevolglik nie op uitingstyd waar of vals kan wees nie.

6.4.3.7.1.2 Tempus

'n Sistematiese werkwoordelike tydskategorie of tempusstelsel bestaan in Afrikaans in die onderskeid tussen die presens en die preteritum:

Presens

gee
is gewillig

Preteritum

het gegee
was gewillig.

Vir die presens word die ongemerkte patroon gebruik, terwyl die gemerkte patroon met "*het*" by die oorweldigende meerderheid werkwoorde vir die preteritum gebruik word.

Tempus in Afrikaans word hoofsaaklik analities aangedui, met ander woorde deur die kontras tussen 'n enkele werkwoord, soos "*gee*", en 'n werkwoordkombinasie, soos "*het gegee*". In Duits, Nederlands en Engels is tempus in hoofsaak weer 'n sintetiese kategorie (oftewel 'n fleksiekategorie) wat deur die werkwoordvorm gemerk word:

gebe	gab
geef	gaf
give	gave.

Ponelis (ibidem:264) wys daarop dat die gemerkte patroon "*het*" + werkwoord ("*het aanvaar*") 'n ou perfektum is (en wat aspekties ter aanduiding van voltooide handeling gebruik is). Met defleksie, toe die geflekteerde preteritum in Afrikaans padgegee het, het dié perfektum die waarde van die ou preteritum (nl. "verledetydsverwysing") oorge neem. In Engels, Standaardduits en Nederlands staan die geflekteerde preteritum nog sterk, terwyl dit in die Duitse en Franse omgangstaal en in van die Nederlandse en Duitse dialekte, soos in Afrikaans, opgeruim is.

6.4.3.7.1.2.1 Die presens

Die ongemerkte patroon (slegs die hoofwerkwoord) word vir die presens (verwysing na die uitingstyd) gebruik. In die omskrywingspatroon dui die werkwoord "*word*" die presens aan (egter ook vir toekomsverwysing en vir die preteritum). Verskillende kombinasies kom in die algemene omgangstaal voor, iets waarop daar nie nou nog verder ingegaan sal word nie.

Die ongemerkte vorm kan ook atemporeel gebruik word.

6.4.3.7.1.2.2 Die preteritum

By die oorweldigende meerderheid werkwoorde word die preteritum (wat verwys na die tyd voor uitingstyd) gevorm deur "*het*" + werkwoord, bv. "*het geloop*". Naas hierdie reëlmatige patroon bestaan daar ook ander subpatrone, alhoewel uiters beperk. Die preteritum kan egter ook deur die ongemerkte patroon uitgedruk word.

6.4.3.7.1.2.2.1 "Het"

Die hulpwerkwoord van tyd "*het*" is onveranderlik na vorm en verskyn sowel in die spilposisie as in die sentrumgrens as "*het*". In die sentrumgrens staan dit ná die hoofwerkwoord. Die omstandighede waaronder "*ge-*" deur "*het*" gedetermineer word, word ook volledig deur Ponelis uiteengesit. Hy wys ook daarop dat die atipiese preteritumpatrone (vorme met "*wees*" en "*was*", of met die modale hulpwerkwoorde) aan die wyk is voor vorme met die oorheersende "*het*".

6.4.3.7.1.2.2.2 "Wees"

Die preteritale "*wees*" is 'n relik van 'n vroeër toestand toe dit algemeen in plaas van "*het*" by "verandering van toestand" gebruik is, soos nog in Nederlands te bespeur is. By hierdie verskynsel is daar 'n verskeidenheid van vorme moontlik, soos o.a. by die omskrywingsvorme, waar in hoofsaak afwisselend gebruik gemaak word van die preteritale vorm van "*wees*", nl. "*is*" (teenoor die presensvorm "*word*"), en in 'n beperkte mate "*was*".

6.4.3.7.1.2.2.3 Preteritale fleksievorme

Preteritale fleksie kom nog net by 'n paar werkwoorde voor, waaronder die koppelwerkwoord "*wees*" en 'n klompie modale hulpwerkwoorde. So bv. is daar sprake van tempus in kopulakonstruksies met "*wees*", asook by die modale hulpwerkwoorde. Ponelis laat hom meer breedvoerig oor die onderskeie moontlikhede uit.

6.4.3.7.1.2.2.4 Preteritale assimilasie


Preteritale assimilasie doen hom voor by modale hulpwerkwoorde, by splitsing en by bysinne.

Daar bestaan 'n magdom moontlikhede van al hierdie verskynsels in alledaagse Gebruiksafrikaans, soveel so dat die besonderhede nie hier ter sprake is nie.

6.4.3.8 Die onderskeid tussen die hoof- en medewerkwoorde

6.4.3.8.1 Die hiërargie van medewerkwoorde

Om die hiërargie (of volgorde van die werkwoordelike elemente) en die klassifikasie van die medewerkwoord⁴⁴ in Afrikaans uit te wys, gebruik Botha (1976:32/1987:81) die volgende sinspatroon:



D.m.v. 'n baie kunsmatige en uitgebreide sin word die sintagmatiese verhouding tussen die hoofwerkwoord en die ander werkwoordelike momente in die WS, asook die verhoudings tussen bykomende werkwoordelike momente, uitgelig:

Hy sa
a | die kêrel moet behoort te kan wil gaan begin roep.
b

Uit hierdie sin kan verskeie dinge afgelei word. Posisie a word deur die verbindwerkwoord ingeneem (dié werkwoord vorm die verbinding tussen die onderwerp en die predikaat) en word die spilposisie genoem (die posisie van die eerste werkwoord in die sin). Hierdie posisie kan nie leeggelaat word nie, en moet altyd deur 'n werkwoord gevul word. Al die elemente wat met 'n b aangedui is, kan wegval. Die sin bly nog steeds grammatikaal. Ook kan één, of enige kombinasie van

elemente weggelaat word, sonder dat die sin ongrammaties word. Die volgende kombinasies is bv. moontlik:

Hy	sal	die kêrel	moet	behoort	te	kan	wil	gaan	begin	roep.
Hy	sal	die kêrel	moet			kan	wil	gaan		roep.
Hy	sal	die kêrel		behoort	te		wil	gaan		roep.
Hy	sal	die kêrel	moet							roep.
Hy	sal	die kêrel					wil			roep.

Hierdie werkwoordelike elemente kan nie plekke uitruil nie. Die volgorde wat hulle inneem, is betreklik vas. Die verbindwerkwoordposisie kan telkemale deur die werkwoordelike element regs van die voorwerp (en dan ook op die ry af van links na regs, soos die pyltjies hieronder aandui) vervang word indien dit om een of ander rede sou wegval. Botha praat hier van 'n "uitrygproses" van werkwoordelike elemente:

Hy sal die kêrel moet behoort te kan wil gaan begin roep.

Hierdie feite, asook die funksionele indeling wat Labuschagne volg by sy klassifikasie of indeling van die werkwoordelike elemente, behoort opnuut 'n hulpmiddel te wees wanneer 'n ondersoek weer ingestel sou word om die unieke eienskappe van hierdie verskynsel bloot te lê, of om die grense daarvan vas te stel, of om te herbesin oor wat die aard en wese daarvan werklik inhou (en waarin die besware wat uit dié ondersoek blyk, aangespreek word).

Die verbindwerkwoordposisie word ook telkens deur een item gevul (bv. in die geval van 'n deeltjiewerkwoord vul die werkwoordgedeelte dié posisie).

In hierdie sin kan al die medewerkwoorde uitgeryg word, totdat die hoofwerkwoord (dié werkwoord wat die spilposisie inneem) oorbly. Indien dié proses omgekeer sou word, neem die hoofwerkwoord weer die finale posisie (die laaste posisie wat deur 'n werkwoord ingeneem kan word) in die sin in. Uit hierdie proses lyk dit dus asof daar 'n

vaste hiërargie tussen die medewerkwoorde bestaan, en asof die hiërargiese volgordeëls eerbiedig moet word.

6.4.3.8.2 Klassifikasie van medewerkwoorde

In 'n daaropvolgende toets gebruik Botha (1976:36) die hulpwerkwoord "het" en die verledetydsvoorvoegsel "ge-" om hierdie klas werkwoorde van mekaar te onderskei. Alhoewel "het" in die volgende sin na die hoofwerkwoord voorkom, kan hy ook uitgeryg word, en gevolglik as medewerkwoord geklassifiseer word:

Hy *sou* die spinasie *moet leer eet het*.
Hy *sou* die spinasie *moet geleer eet het*.

Die "ge-" tree by een van die medewerkwoorde op, en nie by die hoofwerkwoord nie. Die medewerkwoord(e) wat tussen die ander medewerkwoord(e) en die hoofwerkwoord staan, en met "ge-" verbind as "het" in die sin optree, word 'n skakelwerkwoord genoem omdat dit as "skakel" optree tussen die hoofwerkwoord en die voorafgaande medewerkwoord(e).

6.4.3.8.2.1 Skakelwerkwoorde

Alhoewel die skakelwerkwoord die "ge-" in 'n sin kan neem, kan dit in sommige gevalle weggelaat word. De skakelwerkwoord self kan ook dikwels as hoofwerkwoord in sinne optree:

Hulle *sou* die man wou gehelp werk het.
Hulle *sal* die man help werk.
Hulle *sal* die man help.

Die skakelwerkwoord kan ook in kombinasie met ander skakelwerkwoorde optree. In dié proses moet die skakelwerkwoorde se eie hiërargiese volgordeëls eerbiedig word:

Hy *sal* die bal kom probeer begin aanhou staan en slaan.
(Hy *sou* die bal (ge)kom probeer begin aanhou staan en slaan het.)

Alhoewel die skakelwerkwoord nie te alle tye die "ge-" hoef te neem nie, sal 'n sin ongrammatikaal voorkom indien dit op die verkeerde plek optree.

6.4.3.8.2.2 Hulpwerkwoorde

Alle medewerkwoorde wat nie as skakelwerkwoorde in 'n sin optree nie, is hulpwerkwoorde. Een van dié hulpwerkwoorde is "*het*", en verwys na die verlede tyd. Dit staan ook as die hulpwerkwoord van tyd bekend. Die oorblywende hulpwerkwoorde word die modale hulpwerkwoorde genoem (vroeër reeds behandel). Voordat die skakelwerkwoorde in 'n sin uitgeryg kan word, moet die hulpwerkwoorde eers uitgeryg word.

Botha (ibidem:40) gebruik die volgende hipotetiese sin om die moontlike volgorde van die medewerkwoorde in sinne aan te dui:

Ons sou die All Blacks moet behoort te mag kon wou bly probeer begin aanhou staan en klop het.

Hiërargies lyk dit dus asof die volgende paradigmas bestaan:

1 sal sou	2 moet moes	3 behoort te hoef te durf te	4 mag	5 kan kon	6 wil wou	7 kom gaan bly
8 probeer	9 begin	10 aanhou ophou	11 staan en loop en sit en lê en	12 het.		

6.4.3.9 Gebruiksafrikaans

In 'n benadering soos wat hier gevolg is, kan die hele korpus van gebruiksvoorbeelde soos wat dit teoreties in Afrikaans voorkom of moontlik is, of soos wat dit inderdaad in die praktyk in Gebruiksafrikaans voorkom, nie aangehaal of bygewerk word nie. Dit sou vir die doeleinde van hierdie ondersoek prakties onmoontlik wees, en is dit inderdaad ook nie die doelwit van hierdie ondersoek nie. Daar word dus volstaan met die enkele voorbeelde wat Ponelis ter staving van sy betoog gebruik het. Vir uitgebreide kennis aangaande die ander skakelings moet navorsingsmateriaal oor die sg. "dialekte" ondersoek word, nl. Griekwa-, Oranjerivier-, Buys-, Swart- en Kaapse Afrikaans, die Johannesburgse en Pretoriase omgangstaal, ens.

6.4.4 Indeling per se

Indien 'n mens die grammatikas van die onderskeie Europese tale ("Einzelsprachen") met dié van Afrikaans sou vergelyk, sou dit grootliks ooreenstem. Opvallend is tog die indeling wat soms t.o.v. spesifieke aspekte, bv. die werkwoordindeling, medewerkwoordbeskouing, ens. (omdat dit hier relevant is), gemaak word. Alhoewel daar baie ooreenkomste is, is daar net so baie wat weer verskil, en dit terwyl baie van die verskynsels (of aspekte daarvan) groot ooreenkomste met dié van Afrikaans vertoon. 'n Gebrek aan samewerking tussen die onderskeie groepe (d.w.s. taalkundiges en ander belangegroepe) verhoed dat eenvormigheid of eenstemmigheid bereik kan word. Dit lyk veral die geval te wees in Suid-Afrika.

Die oorgrote meerderheid grammatikas, ens. volg die indeling van die tradisionele grammatikas, waarvan dié van Ponelis 'n goeie voorbeeld is. Vir 'n volledige oorsig sou die indelings van taalkundiges soos J.L. van Schoor (1983), M. de Villiers (1948), J.P. Botha (1987), H.G.W. du Plessis (1982), ens. ook ondersoek moet word om vas te stel of daar in die Afrikaanse sintaksis eenstemmigheid is oor hierdie aspek. Daarna behoort die indeling van die ouer garde taalkundiges, bv. F.J. Labuschagne (1969), ens. ook weer onder die loep te kom sodat 'n vergelyk getref kan word. Die hele korpus Afrikaanse grammatikas kan weer indringend ondersoek word.

6.5 Samevatting

Die doel van hierdie ondersoek was van die begin af gewees om 'n kompilasie weer te gee van dit wat alreeds oor die medewerkwoord en ander verwante aspekte in Afrikaans en die stamtale waaruit dit ontwikkel het (veral die Germaanse), gepubliseer is, veral omdat 'n "grammatika van die Afrikaanse hulpwerkwoord" nog geskryf moet word. Daar is verder probeer om antwoorde op sommige van die talle tergende vrae rondom hierdie aspek te vind. Dit val egter nie binne die raamwerk van hierdie ondersoek om uitsluitel oor al die bevindinge te gee nie.

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom nadat jy al die verskillende definisies en teorieë, ens. deurgewerk het, is dat dit dalk tyd geword het dat elke Afrikaanse hoof- en medewerkwoord aan die vereistes (van die uitsprake, definisies, ens.) getoets moet word. Uit al die inligting wat genoem is, blyk dit duidelik dat ons hier voorwaar met 'n unieke verskynsel te make het. Is dit 'n woord, werkwoord, hoof- of medewerkwoord, of hulpmoment, of het ons hier met 'n ander verskynsel te make?

'n Objektiewe buitestaander sou ook kon sê dat die terminologie wat Afrikaans saam met die onderskeie verskynsels of aspekte oorgeërf het, slegs verwarring kan veroorsaak - wat dit dan ook inderdaad doen. Die Afrikaanse grammatici het dalk al te veel kers probeer opsteek by die nie-suiwer Germaanse tale, wat te verstane is, maar wat dalk tot die nadeel van Afrikaans self strek. Alhoewel in vergelyking met die suiwerder Germaanse tale daar fenomenaal baie in Engels gepubliseer word, ondersoek baie van die taalkundiges ("jonger garde") eerder hierdie verskynsels daar hulle feitlik geen ander Germaanse taal magtig is nie. Dit dui slegs 'n leemte aan, en is glad nie as kritiek bedoel nie.

Uit die talle bevindinge lyk dit asof die werkwoord op sigself (die uiterlike verskynsel of vorm, d.w.s. die wese daarvan self), alhoewel daar baie in opgesluit is en dit as die draer optree, nie die middel self is wat tot veel in staat is nie. Dit is bv. nie die werkwoord self wat tyd, ens. uitdruk nie; daarvoor beskik die taal self oor 'n magdom ander middele om dit (of die ander aspekte self) te modifiseer, hetsy deur vervoeging of verbuiging, sodat dit vir die taalgebruiker bruikbaar kan wees. Laasgenoemde moet egter oor die vermoë beskik om dit te kan doen.

Dalk sal hierdie ondersoek ons (of iemand in die besonder wat hom of haar geroepe voel) noop om weer indringend ondersoek in te stel na die aard en wese van die medewerkwoord in Afrikaans self. Dit het dalk weer tyd geword in die lig van verskeie bevindinge om weer te gaan kyk na die klassifikasie of indeling van hierdie fenomeen of verskynsel.

Dit lyk uit talle aspekte wat hier genoem of aangehaal is, asof die wetenskaplike gemeenskap en dit waarmee hy hom besig hou, al te lank steun op inligting (hetsy foutief of nie) wat van geslag tot geslag oorgelewer word. Van hierdie inligting word nooit bevraagteken nie. Hulle sal die eerste stap moet neem om die perspektief of werksomstandighede waarbinne hulle opereer, te herstel. Dit sal nie maklik wees om aan die greep van 'n eeue-oue tradisie te ontkom nie, maar dan eerder vroegtydig, terwyl daar nog tyd is en eer dit te laat is.

Die Stammväter der BUREN und ihre Urheimat.

Die Kreuze bezeichnen die Geburtsorte der Stammväter. Bei dicht aneinander liegenden Orten u. solchen, welche mehr als 10 Stammväter hatten, ist die Zahl derselben angegeben.
Es entfallen außerdem noch mit Ursangabe auf

Frankreich oder Schweiz	Deutschland	Russland u. Fennland	Schwed. Norm. Dänemark	übrig Länder
47	4	13	33	16

ohne Ortsangabe auf

Frankreich	Deutschland	Niederlande	Dänem., Norm.	Engl., Schwiz
31	38	77	6	2

DARSTELLUNG der von 1657-1795 eingewanderten STAMM-VÄTER.

Reichs-Deutsch	Summa
829.	1553.

STAMM-MÜTTER.

Kinder	Mütter	Summa
276	330	611.


Verf.: Prof. Dr. D. Sch. Norw. - Danen, Schwed., Norm. U. - Östergöt. etc. u. Verh.

→ Die Kreuze bezeichnen die Geburtsorte der Stammväter.
Bei dicht aneinander liegenden Orten u. solchen, welche mehr als 10
Stammväter haben, ist die Zahl derselben angegeben.

Es entfallen außerdem noch

mit Ortsangabe auf				
Frankreich u. Schweiz	Deutschland	Russland u. Färing	Schwed. Norm. Island	übr. Länder
47	4	13	33	16
ohne Ortsangabe auf				
Frankreich	Deutschland	Niederlande	Dänem. Norm.	Engl. Schweiz
31	38	77	6	2

DARSTELLUNG



BYLAE 3(2)

Die volgende inligting is net so uit Colenbrander (1902) oorgeneem. Dié inligting sal verder verwerk moet word, in samehang met die ander verwante aspekte wat alreeds verskeie male aangeroei is, voordat 'n mens enige taalkundige data daaruit sou kon aflei. Die herinterpretasie van al die tersaaklike inligting het dalk weer nodig geword.

(A.- Stamvaders van Kaapsche familiën, 1657-1795)¹⁾

	1657- 1675.	1675- 1700.	1700- 1725.	1725- 1750.	1750- 1775.	1775- 1795.	To- taal.
Duitschers.....	6	32	83	172	254	198	745
Nederlanders...	32	48	97	69	82	106	434
Franschen.....	1	50	10	1	2	8	72
Zwitzers.....	-	1	7	2	9	15	34
Denen.....	1	1	4	2	13	8	29
Zweden.....	3	-	2	3	6	13	27
Belgen.....	1	1	6	1	5	9	23
Noren.....	-	-	3	3	1	2	9
Russen.....	-	1	-	1	4	2	8
Engelschen.....	-	-	1	1	-	1	3
Portugeezen....	-	-	1	-	-	1	2
Oostenrijkers..	-	-	-	1	1	-	2
Pool.....	-	-	-	-	-	1	1
Italiaan.....	-	-	-	-	-	1	1
Hongaar.....	-	-	-	-	-	1	1
Onbekend.....	2	20	49	16	23	25	135
Totaal..	46	154	263	272	400	391	1526

1) ...

BYLAE 3(3)

C. Verhouding der kinderen in onderscheiden tijdperken gewonnen door:

Tijdperken	1657- 1687	1688- 1717	1718- 1747	1748- 1777	1778- 1807	To- talen
Vermenigvuldiger	16	8 ¹)	4	2	1	
Nederlanders	252½ 4040	602½ 4820	465 1860	447 894	487½	2.254½ 12.101½
Duitschers	50½ 808	228½ 1828	438½ 1754	766 1532	503½	1987 6.425½
Franschen	15 240	386½ 3865	34½ 138	16 32	13½	465½ 4.288½
Denen	3 48	12 96	6½ 26	68 136	10½	100 316½
Zweden	7½ 120	8½ 68	15 60	26½ 53	22	79½ 323
Noren	- -	8½ 68	8½ 34	- -	11	28 113
D.-Zwitsers	2 32	3½ 28	2½ 10	15 30	12½	35½ 112½
Fr.-Zwitsers	- -	- -	3½ 14	- -	6½	10 20½
Vlamingen	13½ 216	13 104	1½ 6	2½ 5	14½	45 345½
Walen	- -	- -	3 12	½ 1	-	3½ 13
Engelschen	- -	3 24	½ 2	- -	5	8½ 31
Amerikanen	- -	- -	3 12	- -	-	3 12
Russen	- -	2 16	- -	- -	-	2 16
Polen	- -	- -	- -	- -	2	2 2
Bohemers	- -	- -	- -	2½ 5	-	2½ 5
Corsicanen	- -	- -	- -	½ 1	-	½ 1
Italianen	- -	- -	- -	- -	2	2 2
Portugezen	- -	- -	5 20	- -	1½	6½ 21½
Luxemburgers	- -	- -	- -	- -	1½	1½ 1½

(Slavinnen... volg)

Slavinnen	3½	½	-	21	11½	36½
	56	4	-	42		113½
Kaffervrouwen	-	-	-	-	1½	1½
	-	-	-	-		1½
Onbekend	10½	16½	18	30	15	90
	168	132	72	60		447
Totalen	358	1.285	1.005	1.395½	1.121½	5.165
	5.728	11.253	4.020	2.791		24.913½

1) Voor de Franschen: 10.

BYLAE 3(4)

D. Ouders buiten de Kaap geboren, 1657 - 1807.

	1657 - 1687.			1688 - 1717.			1718 - 1747.			1748 - 1777.			1778 - 1807.			Totaal.		
	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.
Nederlanders	70	64	134	130	126	256	105	88	193	99	68	167	125	67	192	529	413	942
Duitschers	18	2	20	97	7	104	178	10	188	330	26	356	218	50	268	842	95	936
Franschen	4	3	7	66	57	123	3	3	6	4	4	8	9	1	10	86	68	154
Denen	1	-	1	3	-	3	5	-	5	18	-	18	12	-	12	39	-	39
Zweden	3	-	3	3	-	3	6	1	7	11	1	12	13	1	14	36	3	39
Noren	-	-	-	3	-	3	3	-	3	-	-	-	5	-	5	11	-	11
D.-Zwitsers	1	-	1	2	-	2	1	-	1	4	-	4	6	-	6	14	-	14
Fr.-Zwitsers	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	7	-	7	8	-	8
Vlamingen	3	1	4	5	3	8	-	-	-	2	-	2	4	-	4	14	4	18
Walen	-	-	-	-	-	-	-	1	1	1	-	1	-	-	-	1	1	2
Engelschen	-	-	-	1	-	1	-	1	1	-	-	-	1	2	3	2	3	5
Amerikanen	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	1	-	1
Russen	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1
Polen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Bohemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	-	-	-	1	1
Corsicanen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	1	-	1
Italianen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Portugeezen	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	1	-	1	2	-	2
Levantijnen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	-	-	-	1	1
Luxemburgers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Slavinnen	-	1	1	-	1	1	-	-	-	-	9	9	-	7	7	-	18	18
Kaffervrouwen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	1
Onbekend	-	9	9	2	7	9	2	7	9	-	20	20	-	9	9	4	52	56
Totaal.....	100	80	180	313	201	514	306	111	417	470	130	600	404	138	542	1593	660	2253

BYLAE 3(5)

E. Ouders buiten de Kaap geboren, 1657 - 1795.

	1657 - 1675.			1676 - 1700.			1701 - 1725.			1726 - 1750.			1751 - 1775.			1776 - 1795.			Totaal.		
	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.	M.	V.	T.
Nederlanders	38	42	80	71	69	140	128	106	234	73	63	136	84	64	148	113	46	159	507	390	897
Duitschers	7	1	8	41	3	44	101	7	108	177	10	187	270	22	292	233	33	266	829	76	905
Franschen	1	-	1	59	53	112	11	7	18	2	3	5	3	4	7	10	1	11	86	68	154
Denen	1	-	1	1	-	1	3	-	3	6	-	6	14	-	14	10	-	10	35	-	35
Zweden	3	-	3	2	-	2	4	1	5	3	-	3	10	1	11	13	-	13	35	2	37
Noren	-	-	-	1	-	1	2	-	2	3	-	3	-	-	-	4	-	4	10	-	10
D.-Zwitsers	-	-	-	1	-	1	3	-	3	-	-	-	4	-	4	6	-	6	14	-	14
Fr.-Zwitsers	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	7	-	7	8	-	8
Vlamingen	3	1	4	1	1	2	4	2	6	-	-	-	1	-	1	5	-	5	14	4	18
Walen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	2	-	-	-	-	-	-	1	1	2
Engelschen	-	-	-	-	-	-	1	1	2	-	-	-	-	-	-	1	-	1	2	1	3
Amerikanen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	1	-	1
Russen	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1
Polen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Bohemers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	1
Corsicanen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	1	-	1
Italianen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Portugeezen	-	-	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	1	-	1	2	-	2
Levantijnen	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	-	-	-	1	1
Luxemburgers	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1	-	1
Slavinnen	-	1	1	-	-	-	-	1	1	-	-	-	-	8	8	-	7	7	-	17	17
Onbekend	-	6	6	1	7	8	1	7	8	2	4	6	-	17	17	-	9	9	4	50	54
Totaal.....	53	51	104	179	133	312	260	132	392	268	81	349	387	117	504	406	97	503	1553	611	2164

ENDNOTE

1. 'n Model, eerder op die ergonomie (of biotegnologie, d.w.s. mensgesentreerd, of vanuit die mens) gebaseer, is dalk ons enigste oplossing. Die taalkundige mag wel ander modelle, soos bv. die sibernetika, ens. bestudeer, of kers probeer opsteek op ander terreine indien hy geen vergelykingsraamwerk in sy eie vakgebied vind nie, maar dit mag geen werklike verwysingsraamwerk of plaasvervanger daarstel nie. Die mens se komplekse samestelling kan of mag nie gelykgestel word (of vergelyk word met) aan 'n telefoonsentrale, rekenaar of dergelike nie. Indien hy dit sou doen, word die wonder aangaande die hele menslike wese geweldig verskraal, en word ons kennis daaromtrent beperk.
2. 'n Gees van verandering, d.w.s. die eb en vloed van politieke en ekonomiese faktore, het veroorsaak dat die stigters van hierdie nuwe taal ('n geboorte uit nood) uit Europa (of die oerstamlande) verdryf is. Miljoene van hul geesgenote het in die hele proses gesterf. Die Kaap die Goeie Hoop het die tuiste van etlike van hierdie hawelose vlugtelinge geword. Die uiteindelijke gevolg was dat orde kon seëvier na die "Babelse verwarring" wat geheers het.
3. Vergelyk die historiese gegewe in Kotzé (1991:3) en Raidt (1976). Die historiese vergelyking tussen Middelnederduits en Afrikaans is 'n gebied wat dalk verdere ondersoek verg.
4. Malherbe, soos aangehaal in Nienaber (1965:39).
5. Kotzé (1991:4) dui bv. op die rol wat Latyn, alhoewel 'n tipologies onverwante standaardtaal, as lingua franca-skryftaal in Lübeck (soos in die hele destyds bekende wêreld) diens gedoen het. Dit is hiér waar Latyn sy invloed dalk kon laat geld het.
6. Schönfeld, soos aangehaal in Wybenga (1983:17).
7. Lyons, Labuschagne en Broos, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:18).
8. Kiparsky, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:19).
9. Stoker (1948:50 e.v.) poog o.a. om tyd in 'n teorie in te bed wat vir die mens oor die algemeen meer verstaanbaar sal wees.
10. De Villiers, Lyons en Labuschagne, soos aangehaal in Wybenga (1983:20).

11. De Villiers, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:25).
12. Ponelis, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:26).
13. Lyons, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:25).
14. Wybenga (ibidem:27) sien die ongemerkte patroon as die stamvorm, en die gemerkte patroon as óf die vorme met "het" en deelwoord óf die sekondêre vorme van die hulpwerkwoord, koppelwerkwoord en omskrywingswerkwoorde.
15. Labuschagne, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:30).
16. Ponelis, Labuschagne en Lyons, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:31).
17. Wybenga, ibidem:32.
18. J.J. le Roux, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:39).
19. Scholtz, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:41).
20. De Villiers, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:41).
21. Soos aangehaal in Wybenga (ibidem:42;44 en 45). Die lg. twee aanhalings sit hy as volg uiteen:

Weerskante van die Hede lê Verlede en Toekoms: die voltooide gewete-elemente wat ons Verlede noem, en die ongewete, vormlose wat ons die Toekoms noem. Dit is die basiese ervarings... As ons die bestaande voorbeelde noukeurig beskou, merk ons dat die spreker se standpunt ten opsigte van die tyd uitgedruk word...
... het ons die subjektiewe en egosentriese tydsbegrip wat waarskynlik vir alle tale die basis is. 'Nou', die oomblik waarop iemand spreek, is die nulpunt. 'Vandag', 'gister', 'môre' kan alleen bepaal word deur uit te gaan van die spreekoomblik, en net so 'Teenwoordige (d.w.s. aanwesige) Tyd, Verlede (d.w.s. verbygegane) Tyd, Toekomende (d.w.s. na die spreker komende) Tyd'.
22. Loubser, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:47).
23. Alhoewel hierdie aspekte belangrik vir hierdie ondersoek is, word daar nie nou daarop ingegaan nie.
24. Labuschagne, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:51).
25. Van der Vijver, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:52).
26. Bowmer, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:52).
27. Ponelis, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:53).
28. Malherbe, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:55).
29. Bouman en Pienaar, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:57).
30. Potgieter, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:57).
31. Langenhoven en Pienaar, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:57).

32. Van der Merwe, soos aangehaal in Wybenga (ibidem:58).
33. Ponelis, 1979:187.
34. Ponelis, ibidem:187.
35. Ponelis (ibidem:242) lig die volgende betekenisonderskeid tussen die sinne uit, nl. dat die eerste sin uit twee neweskikkende klouse bestaan; sin (1a) daarteenoor bestaan uit een klous, met "kyk" as hoofwerkwoord; in sin twee is dit nie "lê" wat met "na die golwe" verbind nie, maar "kyk". (3a) laat die verskil blyk tussen die neweskikker "en", wat vervang kan word deur die ander neweskikkers "of" en "maar", en die bindpartikel "en", wat dit nie toelaat nie.
36. "Laat" (as ww.) het so 'n optrede tot gevolg:
 Laat ons (ow.) 'n slag goed kyk na die voordele.
 "Kom" was van oorsprong 'n afsonderlike bevelsin (vgl. eerste sin); tog is dit besig om as hortatiewe ww. gegrammatikaliseer te raak (vgl. tweede sin):
 Kom, ons sit hier.
 Kom ons sit hier.
 'n Sin soos die volgende is 'n versoek en nie 'n hortatief nie:
 Laat iemand anders maar besluit.
37. Die onderwerpsvorm van die persoonlike voornaamwoord word in die omgangstaal hier gebruik, nl. "ek, jy, hy" en "sy". Die onderwerpsvorm ("my/jou", ens.) is uiters formeel:
 Laat my/hom/haar dit sien.
 Ponelis (ibidem:243) wys daarop dat die skakelwerkwoord "laat (lat)" homofoon is met die gemeensame voegwoord "lat (dat)". Die stigmasering van die voegwoord "lat" en die druk om dit deur "dat" te vervang, word deur hiperkorreksie oorveralgemeen tot die hortatiewe "laat". Na "moenie" word gevolglik nou baie wydverbreid "dat" i.p.v. "lat (laat)" gevind:
 Moenie dat (= laat) ek jou steur nie.
38. Die konteks of situasie waarbinne die sin gebruik word (ook sinskleur genoem) speel 'n groot rol by die gebruik van die onderskeie vorme.
39. Die verskynsel wat hier ter sprake is, is die sg. versamelingsadjunkte.

40. Die deeglike bestudering van hierdie verskynsel is nie vir hierdie ondersoek van kardinale belang nie.
41. Ponelis (ibidem:223) wys daarop dat die uiteinde van sinsvereniging is om die onderwerp van die predikaatsin te bevorder tot onderwerp van die hoër sin en om die predikaatsin te reduceer en/of in die hoër sin te absorbeer.
42. Soos aangehaal deur Ponelis (ibidem:263).
43. In hierdie sin tree "*hy*" as onderwerp (0) op en "*die kêrel*" as voorwerp. Die res van die items, nl. 1, 2 en 3, is werkwoordelik van aard en tree in 'n sekere volgorde op.
44. Die medewerkwoorde wat Botha hier behandel, tree slegs in sinne op met oorganklike hoofwerkwoorde.

HOOFSTUK 7

7 SLOTSOM

"Die hemel en aarde sal vergaan, maar my woorde nooit."
Matteus 24:35

7.1 Inleiding

Wat is die antwoord op al hierdie tergende vrae wat ons tot dusver teëgekom het? Sal ons ooit 'n sintese met al ons vrae kan bereik? Waarin lê die oplossing vir ons opgesluit indien so 'n staat vir ons onmoontlik is, of buite ons bereik bly?

'n Posing is aangewend om antwoorde op sommige van die tergende vrae te vind, veral t.o.v. die taalkundige aspek daaraan verbonde. Desnieteenstaande al hierdie pogings voel 'n mens nog steeds magteloos, en bevind jy jou nog steeds in 'n geweldige doolhof.

Waarom wend ons pogings aan om 'n saak tot op die been te probeer oopvlek, al is dit net om één aspek van taal te probeer opklaar? Dit is tog die opdrag waarmee die taalkundige opgesaal is, of opgesaal word. Waarom bly ons gees soekend, ondersoekend? Waarom kan ons (of wil ons) nie aanvaar dat ons kennis beperk is en dat dit so sal bly nie? Dit in elk geval vir die hede. Waarom kan ons nie berus by hierdie wete nie? Daar is soveel vrae wat op 'n antwoord wag.

'n Moontlike opskrif vir hiërdie hoofstuk (in aansluiting by die betekenisgedeeltes in hoofstuk een en twee) sou "die verborge semantiek van die woord" (of die ware, oorspronklike betekenis) kon wees, omdat dit hier oor 'n gedeelte gaan waaraan feitlik niemand dink as hy gaan sit om sy bevindinge op skrif te stel nie, selfs nie die tradisionele Christen nie. Die ganse Skepping van God, en dit sluit ook taal en die woord (ook die medewerkwoord) in, is aan sy wetmatighede ondergeskik. Dit is dalk die enigste oplossing vir al ons vraagstukke, ook aangaande die talle antwoorde wat ons in hierdie ondersoek ontwyk. Waarin is hierdie antwoorde geleë? Hierdie ondersoek probeer dus om

opnuut 'n bewustheid van hierdie taalwetmatighede onder almal, maar veral die taalkundige, se aandag te bring. Dit is omdat ons kennis aangaande die woordeboekbetekenis, of ons beperkte menslike begrip daarvan (soos ook in hierdie ondersoek telkemale uitgewys is), ontoereikend is. Om die mens te help, het hy weer 'n Lewende Betekenis nodig wat weer sin aan die lewe kan gee.

7.2 Ons lewens- en wêreldbeskouing¹

In die eerste hoofstukke is probeer om tot die aard en wese van taal, en in die besonder tot dié van die woord, deur te dring. Daarna moes al hierdie inligting op die werkwoord en die medewerkwoord toegepas word. Teen watter agtergrond moet hierdie bevindinge egter beskou word, veral nou dat 'n oorsig van die teoretiese agtergrond rondom die probleemstelling gegee is?

Stoker (1948:47), net soos Labuschagne, raak 'n gevoelige dog lewensbelangrike en waar aspek aan as hy daarop wys dat 'n mens se opvatting van die wêreld en van die mens (implisiet of eksplisiet) afhanklik is van sy opvatting van God (waarna hy ook verwys as "die Absolute of "Archê" van alle dinge) en van die ewigheid soos dit deur Hom bepaal is, "... die algenoegsame ewigheid Gods, 'n ewigheid sonder oorsprong en opheffing, 'n ewigheid soos God bo alle wet verhewe...". Dit is een aspek waaraan niemand kan ontsnap nie, ook nie iemand wat homself as 'n wetenskaplike beskou nie.

Met bg. as vertrekpunt kan die volgende gedeelte die mens dalk weer noop om vir hom 'n vaste fondament - met stewige pilare - te vind waarop hy sy bevindinge kan baseer. Deur die eeue heen het die mens getrag om vir homself modelle te ontwerp of te ontwikkel (om verskeie redes, maar in hoofsaak omdat hy God, sy Skepping en dit wat dit omhul, nooit verstaan het nie); dit is 'n proses of gegewe wat nog steeds voortduur. Dit is omdat die mens hom in 'n onpersoonlike natuur bevind, iets wat sy hele denkpatroon beïnvloed.

Die realiteit is dat die meerderheid van hierdie modelle reeds vanuit die staanspoor gedoem was. Die blote ignorering van hierdie fundamentele waarheid - in teenstelling met die ingesteldheid van verskeie kwasiewetenskappe (teenoor die algemeen erkende wetenskappe) daarteenoor - is myns insiens al te lank verwaarloos.

Western culture is marked at the present moment by a distinct slowing of momentum, or perhaps, more accurately, by a decline in purposefulness and an increase in cultural introspection. This temporary lull, this vacuum in thought and effective action, has been created by the convergence of three cultural trends, each emphasizing a loss of direction. The first is the erosion of the Christian basis of Western culture, an erosion with deep historical causes and clearly visible results. The second is the failure of optimistic humanism to provide an effective alternative in the leadership of the post-Christian culture. And the third is the failure of our generation's counter culture to demonstrate a credible alternative to either of the other two - Western Christianity and humanism.²

Guinness (1973:4) beweer voorts ook dat 'n alternatief baie dringend vir hierdie dilemma gesoek moet word. Inherente swakhede het onvermydelik tot die mislukking van bg. mensgemaakte "ideologieë" bygedra, en lê die tragiek ook daarin opgesluit dat dit sy neerslag vind in alle uitvloeisels daarvan op die samelewing. Die keuses wat vandag uitgeoefen of gefabriseer word, word by die dag onaanvaarbaarder; hulle is van die staanspoor af gedoem tot mislukking. So bv. het die tydperke van die rasionalisme en die eksistensialisme gekom en gegaan, of dit is besig om in die niet te verdwyn.

'n Moontlike oplossing lê vir hom op 'n ander weg; dit³ "... (it) holds the promise of realism without despair, involvement without frustration, hope without romanticism. It combines a concern for humanness with intellectual integrity, a love of truth with a love of beauty, conviction with compassion and deep spirituality".⁴

Dit is om hierdie redes dat 'n eienaardige vertrekpunt vir hierdie ondersoek ingeslaan is, veral vir die navorser wat die tradisionele weg volg. 'n Weg moes gebaan word vir 'n aanvaarbare taakbeskrywing (vir die outeur), of modelinkleding, met die minimum wêreldse beïnvloeding.

7.3 Moontlike modelinbedding of unieke modelinkleding

Soos in hoofstuk een uiteengesit is, het die Here aan ons, elkeen op sy eie vakgebied, 'n opdrag ('n Godgegewe taak) gegee om te vervul, asook 'n weg of manier waarop dit gedoen moet word. Só 'n werkwyse - wat slegs as persoonlike versterking behoort te dien - sal uit die aard van die saak nie almal se goedkeuring wegdra nie, juis vanweë die uniekheid en diversiteit van die mens as skepsel van God. Tog kan dit aan ons dié oplossing bied waarna die mensdom nog altyd seek - gebaseer op doelgerigte riglyne en vaste norme - iets waarvoor ons nog altyd net blind was. God se fondament was nog altyd daar. Indien ons alle geskrifte (die mens se pennevrug) vandag sou deurgaans, kan ons onself die vraag afvra hoeveel daarvan aan God se vereistes (sy lewensopdrag) voldoen? Hoeveel daarvan is aan God opgedra, of dien as vrug omdat God die bewuste inspirasie daarvan is?

Swanepoel (1990:viii) dui op 'n standpunt van die empiristiese epistemologie in die positiwisme (en dit geld veel wyer). nl. die uitgangspunt dat alle wetenskaplike kennis gebaseer is op empiries-waarneembare indrukke en ook getoets en geverifieer móet word aan die hand van empiriese ervaring⁵. Uit die voorafgaande (in 'n breër konteks beskou), en dit wat nog volg, is dit egter duidelik dat so 'n benaderingswyse onhoudbare gevolge kan hê.

Een ding wat God my deur hierdie ondersoek geleer het, is dat hy mense (en hierby is die wetenskaplike inbegrepe) seek wat hul hele lewe (bv. die werk wat hy doen, of die wetenskap wat hy beoefen) aan Hom sal wy, en Hom die eer daarvoor sal gee, d.w.s. dat Hy (en nie die eie ek nie) die eer daarvoor sal ontvang. Alhoewel ons nooit tot die volle waarheid of kennis van ons aardse bestaan sal deurdring nie, beweeg ons 'n stappie nader daaraan as ons Hom toelaat om ons te lei.

7.4 'n Taalbenadering

Ook die taalkundige, net soos enige ander wetenskaplike, steek op die een of ander tyd die grens oor om 'n meerdimensionele perspektief aan

sy vakspesifieke benadering of navorsing te verleen. Dit is dan wanneer hy nie net empiries-ontledend te werk gaan nie, maar ook filosofies-beredenerend, vak-ondersoekend, en is die resultate van sy ondersoek ingebed in een of ander geestelike raamwerk. Dit is hierdie waardes wat onveranderlik en ewig is en wat die werklike geloofwaardigheid daaraan verleen.

Die geestelike raamwerk ter sprake, is dit waarna Gitt (1989:55) verwys, nl. dat dit in hoofsaak oor die moontlike skepping of evolusie van die heelal gaan (daar dit hier gaan oor die aard en wese van die lewe sigself, en dat daar altyd 'n onoplosbare opposisie tussen die twee sal bestaan, waarvan die oorsake in die onderskeie basisreëls van die twee modelle self geleë is. In hoofsaak word alle navorsing vandag vanuit een van hiërdie twee perspektiewe benader en afgehandel. Vir hom (1980) is daar en kan daar geen versoening of kompromieë tussen die twee wees nie, omdat skepping die woord (logos) en evolusie (die klassieke weergawe) chaos verteenwoordig.

Ook Roberts (1966:48) verwys na die twee wette waarvolgens die mens in hierdie wêreld sy lewe (in)rig, nl. "... the law of faith and the law of compromise":

We are called upon to compromise and reject the Bible teaching that God has held up as a standard for us to live by in this twentieth century.

Alles wat die mens doen, doen hy deur kompromie of deur geloof. Daarna volg die toets wat substansie daaraan verleen, of dit laat kelder. Dieselfde toets geld vir die mens (en sy werke). Romeine 1:21 sê die volgende in dié opsig: "Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie." Dit is die enigste maatstaf wat geld en as direkte opdrag vir die mens dien.

Enige taalbenadering sou 'n indirekte aanknopingspunt by die Informatika kon vind (veral waar daar in die verlede by talle (skyn- of kwassie-) wetenskappe aangesluit is), dinge wat vir die taalkunde relevant

is. Dit is omdat tot die sentrale kenmerk van alle lewende wesens of skepsels daardie informasie behoort wat 'n integrerende deel daarvan uitmaak, en wat verantwoordelik is vir hul bedryfsfunksionering. Die lewe sluit in sigself die voortdurende oordrag van inligting in; dié inligtingsoordragverskynsel speel 'n fundamentele rol by almal of in alles wat leef. En dit is hier waar die mens 'n sentrale posisie inneem, nl. as die komplekse inligtingsverwerkende sisteem (eerder God-geskepe wese) wat bestaan. En dit is hier waar ons met hierdie navorsing ook kan aansluit, anders sal ons in 'n doodloopstraat daarmee beland. Enige ander perspektief of benadering sou ons net in die duisterte laat.

7.5 Die Woord

Met bg. in ag genome kan 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat die lewe net uit 'n doelgerigte skeppingsproses kan (of kon) spruit. Dit het georden, d.w.s. wetmatig geskied, sonder enige "toeval", ondergeskik aan God se Raadsplan. Die Woord (of Bybel) berig aangaande of oor hierdie grondbeginsel, nl. "In die begin het God (Elohim) die hemel en die aarde geskep."⁶

Sy woord(e) beskik oor lewe, krag en gees, en verskil wesentlik van die mens se woord(e) wat uiters beperk is (alhoewel kennis uitbrei, staan die mens magteloos; die rede kan wees omdat die samelewing weinig geleentheid vir besinning of diep denke bied, sonder dat die mens homself kan vind). Daarom lyk dit asof die krag van ons woord(e) besig is om te kwyn, selfs te verdwyn. Ons hoef net na die groot omhaal van woorde te kyk wat ons gebruik (om vaaghede te verdoesel), of na die evolusionêre ontwikkeling van die medewerkwoord self, omdat die oorspronklike krag wat in die taal aanwesig was, besig is om te taan.

Met sy woord(e) (God spreek 'n eenvoudige woord: "... met 'n enkelvoudige woord" (Psalm 107)) kon Hy skep, beveel, verander, ens. Ons sou kon aflei dat dit 'n werkwoord moes gewees het (dalk met die medewerkwoord daarby inbegrepe). Dit is iets wat binne almal se bereik is, dinge wat die mens ook mag doen a.g.v. die opdrag wat hy van God

ontvang het. Die mens behoort met sy tong ook skeppend te sê, d.w.s. daarmee te skep en nie te vernietig nie. Dit moet gepaard gaan met 'n daad (die wil om dit te wil doen). Volgens 'n Afrikaanse spreekwoord leef die ('n) woord.⁷ Dieselfde kan van die medewerkwoord (in taal/binne konteks) gesê word. Buite konteks beskik dit oor weinig selfstandige betekenis (of krag).

In Hebreërs 4:12 lees ons die volgende aangaande Gods woord(e):

Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees...


Die oorspronklike beskouing aangaande taal of die woord hou nog iets van hierdie wonder of misterie in. Dit bly 'n raaisel waarom die mens, en dan in die besonder die taalkundige, nie (of selde) die Bybel - dié oerbron aan ons oorgelewer oor geslagte heen - raadpleeg nie? Dit is die enigste oorgelewerde geskrif waarin volmaaktheid opgesluit lê (as die mens bereid is om volgens die wil van God te soek, sou hy alle antwoorde op alle lewensvrae daarin kon vind), of waarin God se watermerk verseël is; die enigste geldende maatstawwe of wette wat daarin opgesluit lê, is kosmies of Goddelik van aard, en nie menslik en gevolglik feilbaar nie.

Die krag wat in 'n taal of woord opgesluit lê (wysheid en insig is vir die mens aanvaarbare begrippe), het vir hom merendeels of grootliks verdwyn. Dit lê op 'n vlak (of dimensie) wat vir die mens moeilik verstaanbaar of begryplik is, en wat selfs bo taal, of hoër as taal verhef is.

1 Korintiërs 15:44 leer ons dat die mens oor 'n natuurlike en 'n geestelike liggaam beskik. Die mens is dus saamgestel uit liggaam, siel en gees. Ook 1 Tessalonisense 5:23 verwys daarna: "... na gees, siel en liggaam...".⁸ Dit sluit aan by die leer van die sielkunde (of psigologie), nl. dat daar verskillende bewussynsvlakke is. As (pseudo-?) wetenskap (tensy hulle die bestaan van God erken) is hulle korrek dat daar sprake van 'n bewussyns- en 'n onderbewussynsvlak is. Dié kennis (soos wel deur God aan die mens in sy woord geopenbaar) is vir die

mens genoeg. Om verder op dié saak in te gaan (om dieper te probeer delf), is lewensgevaarlik daar die mens dan (bewus of onbewus) met 'n dimensie in aanraking kom wat van die skepping af vir hom verbode terrein was, en hom in direkte konflik met God bring.

Gitt (1990:169) skets die hele opset soos volg:



Ons sou dié vlakke ook kon koppel aan die aard en wese van taal en dié van die woord self, en dan veral in die verstaansproses daarvan. So 'n beskouing koppel 'n meerdimensionaliteit aan die taal- en woordaspekte, d.w.s. dat daar verskillende uitgangspunte is waarvolgens ons hierdie aspekte⁹ kan benader. Daar is die fisies ervaarbare (die uiterlik waarneembare vorm van die woord of spraak) self, die vlak van die siel (ons beperkte verstandelike kennis aangaande 'n betrokke woord, ens.) en die geestelike vlak (die verstaansproses in die hart self). Labuschagne se "vergeestenis" verwys ook na hierdie aspek. Dit is hiérdie vlak wat gewoonlik geïgnoreer of ontken word, nl. die vlak van skakeling (of die gebrek daaraan, of gebrekkige kennis daarvan) tussen Skepper (God) en skepsel (mens) soos dit aanvanklik - in sy onaangetaste vorm - bestaan het.

Die Bybelse idioom (die verhaal of vertelling) bly vir baie van sy lesers onverstaanbaar (d.w.s. 'n geslote boek). Dieper en essensiëler

waarhede (as bloot die letterlike betekenis daarvan) is daarin opgesluit.

Die mens staan hom blind teen die (uiterlike) Skrifwoord; God daarenteen wil hê dat die kern of wese (=siel) daarvan tot hom moet deuring.

7.6 Die medewerkwoord of hulpmoment

Waar pas die medewerkwoord in hierdie hele raamwerk in? Hoe kan ons meer kredietwaardigheid aan hierdie woordjie verleen wat self oor geen selfstandige betekenis of waarde blyk te beskik nie? As ons bg. in ag neem, lyk dit asof die medewerkwoord juis op hierdie vlak fungeer - of ons neem slegs iets daarvan waar. Op fisiese vlak beskik dit feitlik oor geen outonome betekenis nie.

Die ontstaan van hierdie verskynsel getuig self sterk van die (taal-) erosie wat plaasvind.

Die wonder lê dalk daarin opgesluit dat God juis (of dalk by uitstek) hiêrdie woord(jie) vandag gebruik om met die mens te praat, en waar die menslike hart verhard is, te probeer.

Die diepte van die medewerkwoord self is moeilik te peil, of glad nie vasstelbaar nie. Die psalmis vra die vraag af: "Wie kan die magtige dade van die Here onder woorde bring (Psalm 106)?" Die mens is nie daartoe in staat nie. Dieselfde geld t.o.v. die medewerkwoord. Ons het hier met 'n woord te make wat oor weinig selfstandige betekenis beskik. Die betekenis daarvan kan selfs moeilik deur die semantiek blootgelê word, daar dit op 'n ander vlak lê as die gewone woord wat na 'n spesifieke saak, ens. verwys. Hierdie verskynsel se betekenis is eerder uit die konteks self afleibaar - 'n groter dimensie word daardeur betrek, 'n dimensie wat nou by die geestelike vlak (die menslike sowel as Goddelike) aansluit.

Die ware betekenis van (veral) die medewerkwoord lê dalk op hierdie vlak, die sg. rhema-vlak, geleë. Dié betekenis dring eers werklik tot die mens deur wanneer hy werklik die stem van die Here hoor. Die toets (van hierdie betekenis) is veral geleë in God se bevele, gebooie, voorskrifte, bepalings, beloftes, ens. (en nie dit wat die mens daaronder verstaan nie): "Jy *moet* jou naaste liefê soos jouself" (Gal. 5:14). Dieselfde geld t.o.v. die gebooie wat God in Eks. 20 aangekondig het: "Ek is die Here jou God... Jy *mag* naas My geen ander gode hê nie...", ens. (eie kursivering). Die mens koppel sy eie betekenis (of dit wat hy daaronder verstaan) daaraan.

Die medewerkwoord kan dalk as simbool (of teken) gesien word van die verval wat die woord oor die algemeen ondergaan het. Net die "leë dop" (van die oorspronklike betekenis) het oorgebly.

God deel aan sy kinders verskillende gawes uit, volgens 1 Kor. 12. Aan die een word die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat (wysheid dui hier nie na dit wat die wêreld daaronder verstaan nie), aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees, ens. 'n Geestelike dimensie kan gevolglik aan hierdie aspek gekoppel word.

Met hierdie ondersoek is daar probeer om meer lig daarop te werp, maar omdat ons so weinig daarvan verstaan, blyk dit 'n feitlik onbegonne taak te wees; min daarvan het werklik aan die lig gekom.

7.7 'n Skepper en sy skepping

Die mens verstaan nie die natuur van God nie. God het aan die mens van die begin van die skepping af 'n vrye wil gegee (Hy het plek vir geweldige vryheid in sy Raadsplan ingeruim), alhoewel Hy daaraan 'n waarskuwing en grense ('n beperking) gekoppel het. Dit is 'n bewys dat Hy geen tiran of despoot is wat wil manipuleer nie. Die mens daarenteen oefen sy vrye wil uit na gelang soos hy goed dink - die verantwoordelikheid berus by die mens, die individu, self - of weens 'n gebrek daaraan. As hy God se wet of woord oortree, is hy skuldig (of sondig in Bybelse terme). Alhoewel Hy volgens die Bybel 'n

genadige God is, en die mens nie wil straf nie, is Hy regverdig en moet Hy die oortreding straf. Dit gebeur wanneer die mens ongehoorsaam is; dit is iets wat die mens nie kan of wil verstaan nie. En selfs dán is dit net tydelik van aard vir diegene wat Hóm wêrklik ahang: "Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word" (1 Petr. 1:6).

Die taal, en die woord, is 'n gawe van God aan die mens sodat God verheerlik kan word. Ons kan die medewerkwoord ook in hierdie lig sien (die mens ignoreer egter die direkte betekenis daarvan, of omskep dit in 'n geleentheid om dit in die ontkeningsvorm te omskep). Slegs dán sou die woord oor ware betekenis beskik (of maak die Bybel sin). As die mens uit eie krag probeer optree, bly dit gewoonlik 'n leë geskal waardeur die oorspronklike betekenis van dit wat hy wil sê, slegs af en toe waarneembaar word.

Dieselfde kan gesê word van die toepassing daarvan op ons vakgebied. Ons het gesien dat God gesê het dat sy woorde nooit sal vergaan nie. Dit is 'n belofte. Matteus 24:35 sê: "Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit." 1 Petr. 1:25 lui ook: "... maar die woord van die Here, dít bly vir ewig". Kan ons dieselfde van ons pennevrug sê?

Ons moet (of behoort) die woord se betekenis te koppel aan dit soos God dit aan ons deurgee, maar slegs dan wanneer die mens se hart oop en ontvanklik daarvoor is. Indien nie, bly die woord leeg en sonder betekenis, swart letters op 'n wit blad. Het dít dan nog sin? Volgens Hebr. 5:12 moet ons dalk weer in die grondwaarhede van die woord van God onderrig word. Daarsonder staan die mens (as enkeling, of kollektief) alleen.

Miskien het dit tyd geword dat 'n diepteondersoek geloods word na die oorspronklike betekenis van die medewerkwoord soos wat dit uitdrukking vind in die Ou en Nuwe Testament. Die gesag of toestemming om dié woord te mag gebruik, kom direk van God.

Hiér sal veral 'n ondersoek van die ware betekenis van die tien geboorte baie help daar dit 'n opdrag van God self aan die mens is. Jesus Christus het ook pertinente opdragte gehad. Die werkwoord self (hoofwerkwoord en medewerkwoord) speel daarin 'n kardinale rol om die oorspronklike betekenis daarvan (en waaraan die mens niks kan verander nie) aan die mens te openbaar.

Só 'n benadering kan nie deur almal onderneem word nie, omdat dié aspek buite die begripsveld van diegene val wat nie aan die woord van God glo nie. Tog kan die feit nie weggeredeneer word dat die Bybel dalk 'n geweldige invloed op ons woordbetekenis uitgeoefen het nie, 'n aspek wat ook dalk weer ondersoek moet word. Die invloed van Hebreeus en oud-Grieks op die vroeëre vorme van verskeie tale (soos o.a. die Germaanse), via die Bybel of die Christelike godsdiensoefening, sou ook lig kon werp op baie van ons taalkundige verskynsels.

Waarom ervaar die mens nie meer die krag of betekenis wat in die woord opgesluit is nie? Dalk het die mens al 'n stadium bereik dat hy afgestomp geraak het vir die dinge wat om hom gebeur, soos bv. vir die wonder wat in 'n eenvoudige woord opgesluit lê, of vir die wonderwerke wat daagliks plaasvind. Soek die mens nog steeds 'n teken? Moet daar 'n natuurlike verklaring vir alles wees? Só 'n benaderingswyse sou egter ook onwetenskaplik wees. Verskeie wetenskaplikes stel hul bereid om feitlik alles te ondersoek, te glo - net nie die Bybel nie!

Wanneer die mens voor baie lewensvrae te staan kom, is dit dalk raadsaam om die volgende uitspraak van Gitt (1990:115) te onthou:

Wer glaubt, muß weder auf seinen Verstand noch auf seine Forschungsarbeit verzichten. Im Gegenteil, vieles wird klarer und einleuchtender, wenn man es aus biblischer Sicht betrachtet. Selbst auf wissenschaftliche Arbeit kann sich das positiv auswirken.

Terwyl diegene wat die lewensraaisels aan die hand van die Bybel ontsluit groot sukses daarmee behaal (die bewyslewing lê ter hande, maar word gerieflikheidshalwe geïgnoreer), lyk dit asof die res (veral

die aanhangers van die evolusieleer (met sy velerlei gedaantes) wel vordering maak, maar nie genoeg stawende bewyse (indien enige) vir hulle bevindinge het nie.

Sou 'n mens dan nie kon beweer dat eersgenoemde groep wetenskaplik optree (of dalk die naaste daaraan kom), daar hulle hul bevindinge op bewyslewing kan baseer, terwyl laasgenoemde groep onwetenskaplik te werk gaan, daar hulle nog na bewyse soek nie?

Die Here sê self die volgende aangaande sy woord: "So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het (Jesaja 55:11)."

ENDNOTE

1. So 'n ingesteldheid (of perspektief) spoel onvermydelik, dog vanselfsprekend oor in 'n mens se taalbeskouing.
2. Guinness, 1973:3.
3. Guinness verwys na 'n sg. "Third Way", d.w.s 'n nuwe en verlewendigende lewensingesteldheid, as alternatief of plaasvervanger van die mens se breinkind (alhoewel somtyds "vernuwend", bly dit vanwee sy wese of aard destruktiewe humanisme en "teenkultuur"). Die sekulêre humanisme en wêreldse ateïsme kon nog geen oplossing vir die wêreld se probleme bied nie.
4. Guinness, ibidem:4.
5. Swanepoel (1990:ix) verwys wel na die uitgangspunt dat alle wetenskappe m.b.v. die instrumente van die logika en langs die weg van logiese analise inhoudelik gestruktureer en gerestruktureer moet word. Laasgenoemde onderlê dan die logiese betekenisteorie en empiristiese kennisteorieë van waaruit konsepte, konsepstelsels en die definiëring daarvan tradisioneel benader word. Dit is egter nog vas te stel of die woord, werkwoord of die hulpmoment langs hierdie weg vas te pen is.
6. Die Bybel, 1984:11. In Ross (1983:25) lui die vertaling van dié grondteks: "In die begin het God (Elohiym: die Godheid; die Opperwese; die Ware God; die magtige en getroue een; implisiet die Drie-eenheid) die hemel en die aarde geskape." Dit is dan ook die fondament waarop hoofstuk een berus.
7. Kritzinger, 1981:466.
8. Brown, 1986:163.
9. In hoofstuk een is daar ook na hierdie aspekte verwys. Saam vorm al hierdie aspekte 'n sintese, en kan orde bestaan.

BIBLIOGRAFIE

AITCHISON, J. 1984. The articulate mammal: an introduction to psycholinguistics. London : Hutchinson.

ALLWOOD, J. 1987. Logic in linguistics. Cambridge : Cambridge University Press.

ALTHAUS, H.P. 1980. Lexikon der germanistischen Linguistik. 2., vollständig neu bearbeitete und erweiterte Auflage. Studienausgabe II. Tübingen : Max Niemeyer.

ANDERSON, J. 1990. On the status of auxiliaries in notional grammar. *Journal of linguistics*, 26(2):341-362.

ANON. 1961. The Oxford English dictionary. Volume XII, V - Z. Oxford : Clarendon University Press.

ANON. 1977. Webster's new collegiate dictionary. Springfield, Mass. : G. & C. Merriam.

ANON. 1986. Indo-European languages. (*In* The new encyclopædia Britannica, 22:600-607.)

AU, T.K-F. 1986. A verb is worth a thousand words: the causes and consequences of interpersonal events implicit in language. *Journal of memory and language*, 25(1):104-122.

AUSTIN, J.L. 1986. How to do things with words. Second edition. S.l. : Guernsey Press.

BARBER, C.L. 1972. The story of language. London : Pan Books.

BEETS, A. 1912. Woordenboek der Nederlandsche Taal. Zesde deel, HARST - IZEGRIM. 's-Gravenhage/Leiden : Nijhoff en Sijthoff.

- BEHREND, D.A. 1988. An examination of the initial mapping of verb meanings. *Papers and reports on child language development*, 27:23-30.
- BENVENISTE, E. 1973. Indo-European language and society. London : Faber.
- BOHUSCH, O. 1972. Lexikon der grammatischen Terminologie. Donauwörth : Ludwig Auer.
- BOMHARD, A.R. 1986. Common Indo-European/Afroasiatic roots: supplement 1. *General Linguistics*, 26(4):225-257.
- BOSHOF, S.P.E. 1965. Etimologie. *Taalfasette*, 1:7-19.
- BOTHA, J.P. 1976. Die onderskeid tussen hoof- en medewerkwoorde. *Taalfasette*, 21:32-40.
- BOTHA, J.P. 1987. Afrikaanse sintaksis vir voorgraadse studente. Johannesburg : Lexicon.
- BOTHA, R.P. 1978. Generatiewe taalondersoek: 'n sistematiese inleiding. Goodwood : HAUM.
- BROWN, R. 1986. He came to set the captives free. Chino : Chick Publications.
- BUßMANN, H. 1983. Lexikon der Sprachwissenschaft. Stuttgart : Alfred Kröner.
- BYBEL. 1923. Sifre Habrit Hachadashah: di Bicher fon nei'en Bund: Ny'es Testament, nei iberzetzt. Berlin : Britische und Oyslendische Biblegezellschaft.
- BYBEL. 1964. Bibelen: den Hellige skrifts Kanoniske bøger samt de Apokryfiske bøger. København : Danske Bibelselskab.

BYBEL. 1965. Bíblía: tad er Halgabók. Keypmannahavn : det Danske Bibelselskab.

BYBEL. 1966. Bibelen: eller den Hellige skrift. Oslo : det Norske Bibelselskaps Forlag.

BYBEL. 1967. Nyja Testamented. Reykjavik : hid Islenska Biblíufélag.

BYBEL. 1974. Bibeln: eller den Heliga skrift. Stockholm : Svenska Kyrkans Diakonistyrelses Bokförlag.

BYBEL. 1978. Bibel. Boxtel : Amsterdam.

BYBEL. 1978. Die Bibel: oder die ganze heilige Schrift des alten und neuen Testaments mit Apokryphen. Stuttgart : Deutsche Bibelstiftung.

BYBEL. 1981. New Testament: the New Testament in Hebrew and English. The society for distributing the Holy scriptures to the Jews. Middlesex : Middlesex University Press.

BYBEL. 1982. Bijbel. Haarlem : Nederlands Bijbelgenootschap.

BYBEL. 1983. Die Lewende Bybel. Roodepoort : Christelike Uitgewersmaatskappy.

BYBEL. 1983. Good News Bible: today's English version. Cape Town : Bible Society of South Africa.

BYBEL. 1984. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMARATA, S.M. & LEONARD, L.B. 1985. Young children pronounce nouns more accurately than verbs: evidence for a semantic-phonological interaction. *Papers and reports on child language development*, 24:38-45.

CHOMSKY, C. 1969. The acquisition of syntax in children from 5 - 10. Cambridge, Mass. : MIT Press.

CLUVER, A.D. de V., *samest.* 1989. Terminografiewoordeboek. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

COENEN, L. 1967. Theologisches Begriffs zum neuen Testament. Studien-Ausgabe. Bd. 1., Abraham - Glaube. Wuppertal : Brockhaus.

COENEN, L. 1971. Theologisches Begriffs zum neuen Testament. Studien-Ausgabe. Bd. 2, Jerusalem - Zweifel. Wuppertal : Brockhaus.

COETSEE, J.A. 1933. Invloed van die kindertaal op die ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 12:69-88.

COLENBRANDER, H.T. 1902. De afkomst der Boeren. Het algemeen Nederlandsch verbond.

CONRADIE, C.J. 1977. Die hulpwerkwoord HET binne die Afrikaanse werkwoordgroep. *Taalfasette*, 22(1):56-72.

CONRADIE, C.J. 1979a. Die diachronie van die Afrikaanse voltooid deelwoord. Johannesburg. 525p. (Proefskrif (D. Phil.) - WITS.)

CONRADIE, C.J. 1979b. Die modale hulpwerkwoord: sinchroniese teorieë en diachroniese ontwikkeling. *Taalfasette*, 26(1):38-47.

CONRADIE, C.J. 1982. Hoe om die kind nie by sy naam te noem nie. (*In* Van Jaarsveld, G.J., red. Wat sê jy: studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : Mc Graw-Hill. p. 25-43.)

CRYSTAL, D. 1980. A first dictionary of linguistics and phonetics. London : André Deutsch.

DE BOOR, W. 1971. Das Evangelium des Johannes. 1. Teil. Wuppertal : Brockhaus.

DE BRUYN, P.S. 1980. Enkele faktore by betekenis. *Taalfasette*, 27(1):30-39.

DE GROOT, A.W. 1968. Inleiding tot de algemene taalwetenskap. Ongewijzigde derde druk. Groningen : Wolters-Noordhoff.

DEKKER, G. 1980. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Goodwood : Nasou.

DE KLERK, G.J. 1971. Enkele gedagtes oor die probleme en uitkomste van kindertaalstudie. *Taalfasette*, 15:67-87.

DE KLERK, G.J. 1982. Middelnerlands : 'n eerste kennismaking. Pretoria : Van Schaik.

DE KLERK, W.J. & PONELIS, F.A. 1976. Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria : Van Schaik.

DE STADLER, L.G. 1976. 'n Kritiese beskouing van kasusgrammatika vir Afrikaans. *Taalfasette*, 20(4):33-54.

DE VILLIERS, M. 1948. Woordsoorte, werkwoorde en tye. Kaapstad : Nasionale Pers.

DE VOOYS, C.G.N. 1933. De studie van de woordbetekenis. Groningen : J.B. Wolters.

DU PLESSIS, H.G.W. 1985. Sintaksis. Pretoria/Kaapstad : Academica.

DU PLESSIS, H.G.W. & DU PLESSIS, T., reds. 1987. Afrikaans en taalpolitiek: vyftien opstelle. Pretoria : HAUM.

DU PLESSIS, H.G.W. 1990. Die skakelwerkwoorde *loop* en *kom*. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 8(2):69-74.

ENCYCLOPÆDIA BRITANNICA

kyk

ANON. 1986.

FISHER-FABIAN, S. 1975. Die ersten Deutschen : der Bericht über das rätselhafte Volk der Germanen. München : Knaur.

FUNK, C.E., *ed.* 1960a. Brittanica world language dictionary. Vol. 1., A - P. New York : Funk & Wagnalls.

FUNK, C.E., *ed.* 1960b. Brittanica world language dictionary. Vol. 2., Q - Z. New York : Funk & Wagnalls.

GAZDAR, G. 1982. Auxiliaries and related phenomena in a restrictive theory of grammar. *Language*, 58(3):591-638.

GEERTS, G. & HEESTERMANS, H. 1984a. Van Dale: groot woordenboek der Nederlandse taal. Elfde, herziene druk. Eerste deel, A - I. Utrecht/Antwerpen : Van Dale Lexicografie.

GEERTS, G. & HEESTERMANS, H. 1984b. Van Dale: groot woordenboek der Nederlandse taal. Elfde, herziene druk. Tweede deel, J - R. Utrecht/Antwerpen : Van Dale Lexicografie.

GEERTS, G. & HEESTERMANS, H. 1984c. Van Dale: groot woordenboek der Nederlandse taal. Elfde, herziene druk. Derde deel, S - Z. Utrecht/Antwerpen : Van Dale Lexicografie.

GITT, W. 1980. Logos oder Chaos: Aussagen und Einwände zur Evolutionslehre sowie eine tragfähige Alternative. Wort und Wissen, Bd. 5. 2. Aufl. Stuttgart : Hänssler.

GITT, W. 1986. Energie: optimal durch Information. Wissen und Leben, Bd. 8. Stuttgart : Hänssler.

GITT, W. 1989. Fragen. Bielefeld : Christliche Literatur-Verbreitung.

GITT, W. 1990. Das biblische Zeugnis der Schöpfung. 3. Aufl. Stuttgart : Hänssler.

GITT, W. & VANHEIDEN, K.H. 1990. Wenn Tiere reden könnten. Bielefeld : Christliche Literatur-Verbreitung.

GITT, W. 1992. Wozu gibt es Sterne? Lesing gehou by die Stadtmission. Pretoria. (Kassetopname in besit van outeur.)

GOVE, P.B., *ed.* 1961. Webster's third new international dictionary of the English language unabridged. Springfield, Mass. : G & C Merriam.

GRAESSER, A.C., HOPKINSON, P.L. & SCHMID, C. 1987. Differences in interconcept organization between nouns and verbs. *Journal of memory and language*, 26(2):242-253.

GRAYSON, J.D. 1962. The remains of inflexion in Afrikaans. New York. 106p. (Dissertation (Ph.D.) - NY Univ.)

GREEN, J.P., *ed.* 1990. Pocket interlinear New Testament. Michigan : Baker Book House..

GRIMM, J. & GRIMM, W. 1877. Deutsches Wörterbuch. 4. Bde., Zweite Abt. Leipzig : S. Hirzel.

GRIMM, J. & GRIMM, W. 1956. Deutsches Wörterbuch. Fünfzehnter Bd, Z - ZMASCHE. Leipzig : S. Hirzel.

GRIMM, J. & GRIMM, W. 1960. Deutsches Wörterbuch. Vierzehnter Bd. II. Abt., WILB - YSOP. Leipzig : S. Hirzel.

GROTE WINKLER PRINS

kyk

VAN CAENEGEM, R.C., *red.*

GUINNESS, O. 1973. The dust of death: a critique of the counter culture. Leicester : Inter-Varsity.

HARRIS, M. & RAMAT, P., *eds.* 1987. Historical development of auxiliaries. Trends in linguistics: studies and monographs, 35. Berlin/New York/Amsterdam : Mouton de Gruyter.

HARTMANN, R.R.K. & STORK, F.C. 1972. Dictionary of language and linguistics. London : Applied Science Publishers.

HAT

kyk

ODENDAL, F.F., *red.*

HAUGEN, E. 1976. The Scandinavian languages: an introduction to their history. London : Faber and Faber.

HAUGEN, E. 1982. Scandinavian language structures: a comparative historical survey. Tübingen : Niemeyer.

HAYWARD, K.M. 1989. The Indo-European language and the history of its speakers: the theories of Gamkrelidze and Ivanof. Review article. *Lingua*, 78(1):37-86.

HENRY, M. 1966. Genesis to Revelation: commentary on the whole Bible. New one volume edition. Michigan : Zondervan Publishing House.

HENY, F. & RICHARDS, B., *eds.* 1983. Linguistic categories: auxiliaries and related puzzles. Vol. one. Dordrecht/Boston/Lancaster : D. Reidel.

JACOBS, P.J. 1951. Die woord en woordgroep in Afrikaans. Pretoria. 154p. (Verhandeling (M.A.) - UNISA.)

- JESPERSEN, O. 1962. The role of the verb. Selected writings. London : George Allen & Unwin. p. 355-360.
- KEMPEN, J. 1968. Zum niederländisch-deutschen Sprachenkampf am Niederrhein. *Taalfasette*, 7:31-34.
- KLAPPENBACH, R. & STEINITZ, W. 1969. Wörterbuch der deutschen Gegenwartssprache. 6. Bd., Väterlich - Zytologie. Berlin : Akademie.
- KLOSS, H. 1977. The unfolding of Afrikaans in its Germanic, African and World context. Pietersburg : University of the North.
- KOENEN, M.J. & DREWES, J.B. 1986. Wolters woordenboek: eentijds Nederlands. Groningen : Wolters-Noordhoff.
- KÖNIG, F. 1985. ... Der uns den Sieg gibt. Hückeswagen : Christliche Schriftenverbreitung.
- KÖSTER, R., Hrsg. 1969. Lexicon der deutschen Sprache. S.n. : Ullstein.
- KOTZÉ, E. 1991. Afsonderlik ontwikkel deur verbastering? - Afrikaans en Middelnerduits in die Kreoolse konteks. (Kongresreferaat gelewer op 4 Julie 1991 tydens die LVSA-Kongres: UNISA.) Pretoria. 6 p. (Ongepubliseer.)
- KRITZINGER, M.S.B. & N.G. SABBAGHA. (Samest.) 1981. Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings met die Engelse ekwivalent. Een-en-twintigste uitgawe. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.
- LABUSCHAGNE, F.J. 1948. Nog: „Toe" - los of vas. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 8:10-33.
- LABUSCHAGNE, F.J. 1957. Die oorsprong en wese van taal, funksioneel gesien. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 17(2):68-109.

- LABUSCHAGNE, F.J. 1966. Enkele aspekte van die funksionele woordbeskouing. *Taalfasette*, 2:95-130.
- LABUSCHAGNE, F.J. 1968. Iets oor aspek: lingologies gesien. *Taalfasette*, 6:17-26.
- LABUSCHAGNE, F.J. 1969. Die funksielingemaat in Afrikaans: 'n lingologiese benadering. Potchefstroom. 192 p. (Proefskrif (D.Litt.) PU vir CHO.)
- LE ROUX, T.H. & LE ROUX, J.J. 1977. Middelnederlandse grammatika. Van Schaik : Pretoria.
- LEWANDOWSKI, T. 1984. Linguistisches Wörterbuch 1. 4., neu bearbeitete Auflage. Heidelberg : Quelle & Meyer.
- LEWANDOWSKI, T. 1985a. Linguistisches Wörterbuch 2. 4., neu bearbeitete Auflage. Heidelberg : Quelle & Meyer.
- LEWANDOWSKI, T. 1985b. Linguistisches Wörterbuch 3. 4., neu bearbeitete Auflage. Heidelberg : Quelle & Meyer.
- LEWIN, R. 1987. Speaking in many tongues. *Science*, 238(4831):1232.
- LOCKWOOD, W.B. 1979. Überblick über die indogermanischen Sprachen. Tübinger Beiträge zur Linguistik 100. Tübingen : Gunter Narr.
- LOUBSER, J.E. 1965. Oor woordidentiteit. *Taalfasette*, 1:96-100.
- LYONS, J. 1971. Introduction to theoretical linguistics. Cambridge : Cambridge University Press.
- LYONS, J. 1986. Language and linguistics: an introduction. Cambridge : Cambridge University Press.

- MAARTENS, J. 1980. Nuwe ontwikkelings binne Chomsky se teorie van kerngrammatika. *SPIL PLUS* 1:1-78.
- MACKENSEN, L. 1986. Deutsches Wörterbuch. 12., völlig neu bearbeitete und stark erweiterte Auflage. München : Südwest.
- MAKKAI, A. & LOCKWOOD, D.G., eds. 1973. Readings in stratificational linguistics. Alabama : Alabama University Press.
- MALHERBE, D.F. 1965. Oor die ontstaan van Afrikaans. (*In* Nienaber, P.J. Taalkundige opstelle. Kaapstad : Balkema. p. 39-53.)
- MENKVELD, H. 1978. Faktore betrokke by die optrede van die verlede-tydsvoorvoegsel GE-. *Taalfasette*, 24(1):1-24.
- MENTZ, W., samest. 1982. Logos & Rhema. *S.A. Vernuwing/S.A. Renewal*:10-11, Mei.
- MEYER, R.S. 1970. Taal en denke. *Taalfasette*, 11:64-67.
- MURRAY, J.A.H., BRADLEY, H., CRAIGIE, W.A. & ONIONS, C.T. 1961a. The Oxford English dictionary. Vol. I, A - B. Oxford : Clarendon Press.
- MURRAY, J.A.H., BRADLEY, H., CRAIGIE, W.A. & ONIONS, C.T. 1961b. The Oxford English dictionary. Vol. XVII, V - Z. Oxford : Clarendon Press.
- ODENDAL, F.F., red. 1984. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.
- PALMER, F.R. 1979. Why auxiliaries are not main verbs. *Lingua*, 47:1-25.
- PAUL, H., MOSER, H. & SCHRÖBLER, I. 1975. Mittelhochdeutsche Grammatik. Max Niemeyer : Tübingen.

- PEI, M.A. & GAYNOR, F. 1954. A dictionary of linguistics. New York : Philosophical Library.
- PEI, M. 1966. Glossary of linguistic terminology. New York : Columbia University.
- PHEIFFER, R.H. 1979. 150 Jaar gelede : Nederlands, Afrikaans, Engels aan die Kaap. Kaapstad : Universiteit. p. 1-17. (Intreerede. Nuwe reeks, no.62.)
- PINKSTER, H. 1987. The strategy and chronology of the development of future and perfect tense auxiliaries in Latin.
(In HARRIS, M. & RAMAT, P., eds. Historical development of auxiliaries. Trends in linguistics: studies and monographs, 35. Berlin/New York/Amsterdam : Mouton de Gruyter. p. 193-223.)
- PLATT, R.M. 1976. The i-opener: an introduction to philosophy. New Jersey : Prentice-Hall.
- PONELIS, F.A. 1967a. Die hulpwerkwoord in Afrikaans. *Taalfasette*, 4:7-11.
- PONELIS, F.A. 1967b. Sintaktiese teorie en die om te-groep in Afrikaans. Port Elizabeth. 111 p. (Verhandeling (M.A.) - UPE.)
- PONELIS, F.A. 1968. Die groep. *Taalfasette*, 6:27-34.
- PONELIS, F.A. 1976. Groepering. *Taalfasette*, 20(1):1-22.
- PONELIS, F.A. 1977. Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
- PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
- POSTHUMUS, M.J. 1968. Sillabeprominensie en woordbegrensing in die konstruksie bepaling-kern in Afrikaans. *Taalfasette*, 6:35-45.

PULLUM, G. & WILSON, D. 1977. Autonomous syntax and the analysis of auxiliaries. *Language*, 53:741-788.

RAIDT, E.H. 1976. Afrikaans en sy Europese verlede: van Tacitus tot Van Wyk. Elsie'srivier : Nasou.

RAMAT, P. 1987. Introductory paper.

(In HARRIS, M. & RAMAT, P., eds. Historical development of auxiliaries. Trends in linguistics: studies and monographs, 35. Berlin/New York/Amsterdam : Mouton de Gruyter. p. 3-19.)

REICHLING, A. 1967. Het woord: een studie omtrent de grondslag van taal en taalgebruik. Tweede, onveranderde uitgawe. Zwolle : W.E.J. Tjeenk Willink.

RETIEF, R. 1982. Ek aanvaar/verag/objekteer/blameer... maar *moet* verskil!

(In VAN JAARSVELD, G.J., red. Wat sê jy: studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : Mc Graw-Hill. p. 179-199.)

RIS, R. & SEEBOLD, E. 1980. Lexikon der germanistischen Linguistik: deutsche Sprache und germanische Sprachen. Tübingen : Max Niemeyer.

ROBERTS, O. 1966. The drama of the end-time. S.n. : Tulsa, Okla.

ROSS, H. 1983. Genesis een: 'n wetenskaplike perspektief. Walkerville : Africa Centre for World Mission.

SAPIR, E. 1949. Wat is taal? Amsterdam : Noord-Hollandse Uitgevers Maatschappij.

SASTRI, M.I. 1966. Complements and verbs. *Linguistics*, 28:97-105.

SCHOLTZ, J. DU P. 1958. Die ontstaan van die Afrikaanse werkwoorde-like vormstelsel. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 18:61-99.

- SCHOONEES, P.C., *red.* 1961. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Vierde deel. H - I. Pretoria : Staatsdrukker.
- SHAPIRO, L.P., ZURIF, E. & GRIMSHAW, J. 1987. Sentence processing and the mental representation of verbs. *Cognition*, 27(3):219-246.
- SNIJMAN, F.J. 1966. Struktuur van die woordbetekenis. *Taalfasette*, 2:18-26.
- SOMMERFELDT, K-E. 1988. Zur Wortklassifikation des Deutschen - Untersuchungen zur Wortartzugehörigkeit partizipialer Bildungen. *Zeitschrift für Phonetik, Sprachwissenschaft und Kommunikationsforschung*, 41(2):221-229.
- SOMMERFELT, A. 1962. Some remarks on the problem of the original Indo-European habitat: diachronic and synchronic aspects of language. (Selected articles.) 's-Gravenhage : Mouton. p. 252-255.
- SOWINSKI, B. 1974. Grundlagen des Studiums der Germanistik. Teil 1: Sprachwissenschaft. 2., überarbeitete Auflage. Böhlau : Köln/Wien.
- STEELE, S. et al. 1981. An encyclopedia of AUX: a study in cross-linguistic equivalence. Cambridge, Ma. : MIT Press.
- STEWART, M.F. 1975. A logical basis for nouns, adjectives, and verbs. Natural language studies, no. 12. Michigan : Michigan University.
- STEYN, J.C. 1968. Enkele sintaktiese kenmerke van sommige woordklasse van Afrikaans. Port Elizabeth. 406p. (Proefskrif (D. Litt.) - UPE.)
- STEYN, J. 1969. Semantiese klasse. *Taalfasette*, 8:19-28.
- STOKER, H.G. 1948. Die problematologie van die tydsvorme. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 8:47-61.

STÖRIG, H.J. 1987. Abenteuer Sprache: ein Streifzug durch die Sprachen der Erde. Berlin : Langenscheidt.

STREITBERG, W. 1919. Die gotische Bibel. Erster Teil. Zweite verbesserte Auflage. Heidelberg : Carl Winter's Universitätsbuchhandlung.

SWANEPOEL, P. 1990. Definisies in vakkommunikasie. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

VAN CAENEGEM, R.C., *red.* 1981. Grote Winkler Prins. Deel II, hees - inju. Achste geheel nieuwe druk. Amsterdam : Elsevier.

VAN CAENEGEM, R.C., *red.* 1983. Grote Winkler Prins. Deel 21, sovj - teuni. Achste geheel nieuwe druk. Amsterdam : Elsevier.

VAN DER AUWERA, J. 1987. Verb second phenomena in Germanic languages. (Book review.) *Linguistics*, 25(4):785-788.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1965. Goties: kommentaar en annotasies. Pretoria : UNISA.

VAN GORP, H., *red.* 1984. Lexicon van literaire termen. Tweede, herziene en vermeerderde druk. Groningen : Wolters-Noordhoff.

VAN HEERDEN, C. 1965. Die plek van die semantiek in die taalwetenskap. *Taalfasette*, 1:32-44.

VAN HEERDEN, C. 1977. Betekenis en saak. *Taalfasette*, 22(3):10-19.

VAN JAARSVELD, G.J., *red.* 1982. Wat sê jy: studies oor taalhandelinge in Afrikaans. Johannesburg : Mc Graw-Hill.

VAN LOEY, A. 1954. Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands. Vijfde druk. Zuthpen : W.J. Thieme.

VAN OORDT, L.C. 1947-1948. Die Kaapse taalargief. No. 1-4. Oorgedruk uit *Die tydskrif vir wetenskap en kuns*.

VAN OORDT, L.C. 1950-1956. Die Kaapse taalargief. No. 5-10. Oorgedruk uit *Die tydskrif vir wetenskap en kuns*.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1968. Ooglopende raakpunte tussen Afrikaans en Platduits. *Taalfasette*, 7:46-47.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1973. Oor die huidige taalwetenskap. *Taalfasette*, 16:31-42.

VAN RENSBURG, M.C.J., VAN WYK, E.B. & STEYN, J.C. 1974. TGG: 'n eerste oorsig. (Taalseminaar 1973.) Johannesburg : Mc Graw-Hill.

VAN SCHOOR, J.L. 1983. Die grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad : Lex Patria.

VAN WIJK, N. 1949. Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandse taal. 's-Gravenhage : Martinus Nijhoff.

VAN WYK, E.B. 1968a. Die probleem van woordidentifikasie, I: woordidentifikasie en woordskeiding. *Taalfasette*, 5:7-16.

VAN WYK, E.B. 1968b. Die probleem van woordidentifikasie, II: metodologiese oorwegings. *Taalfasette*, 6:55-67.

VAN WYK, E.B. 1969. Die bestaan van die woord, I: bewyse gegrond op taalgebruik en taalgevoel. *Taalfasette*, 8:29-40.

VAN WYK, E.B. 1973. Die morfologie op nuwe weë: 'n ontleding van Lyons se morfeemteorie. *Taalfasette*, 16:10-20.

VAN ZYL, A.J. 1960. Van die konkrete na die abstrakte. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 20:45-52.

VICTOR PEARCE, E.K.V. 1987. Who was Adam? Walkerville : Africa Centre for World Mission.

VON GLASERSFELD, E. 1972. Semantic analysis of verbs in terms of conceptual situations. *Linguistics*, 94:90-107.

WAHRIG, G. 1969. Brockhaus Enzyklopädie. Siebenter Band, GEC - GZ. Wiesbaden : Brockhaus.

WAHRIG, G. 1981. Brockhaus Wahrig deutsches Wörterbuch. Dritter Band, G - JZ. Stuttgart : Deutsche Verlags-Anstalt.

WAHRIG, G. 1982. Brockhaus Wahrig deutsches Wörterbuch. Vierter Band, K - OZ. Stuttgart : Deutsche Verlags-Anstalt.

WAHRIG, G. 1984. Deutsches Wörterbuch. Sechster Band, STE - ZZ. Stuttgart : Deutsche Verlags-Anstalt.

WAHRIG, G. 1987. „Deutsches Wörterbuch mit einem Lexicon der deutschen Sprachlehre.“ München : Mosaik.

WAT

kyk

SCHOONEES, P.C., *red.*

WEBB, V. 1978. Die woord in die fleksiemorfologie. *Taalfasette*, 23(2):1-56.

WEIJNEN, A. s.a. Zeventiende-eeuwse taal. Vijfde druk. Zuthpen : W.J. Thieme.

WEXLER, P. 1991. Yiddish - the fifteenth Slavic language: a study of partial language shift from Judeo-Sorbian to German. *International journal of the sociology of language*, 91:9-150.

WRIGHT. J. 1981. Grammar of the Gothic language. Oxford : Oxford University Press.

WYBENGA, D.M. 1983. Grammatiese tydvergestalting in Afrikaans: 'n linguistiese ondersoek aan die hand van enkele kortverhale. Potchefstroom. 270 p. (Proefskrif (D. Litt.) - PU vir CHO.)